WERKERS EN WERK IN DIE KLASSIEKE ROMEINSE REG

deur

BAREND CHRISTOFFEL STOOP

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

DOCTOR LEGUM

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF Ph J THOMAS
MEDE-PROMOTOR : PROF W J HOSTEN

JUNIE 1994

IHOBA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1995-04-21
Class 340.541 STOO
01576458

AAN

LEONIE HELENA EN RENATE

SPES ET PATIENTIA VINCUNT

VOORWOORD

Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur 'n Beurs vir Buitelandse Navorsing wat ek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang het, 'n toekenning deur die Universiteit van Suid-Afrika en geldelike hulp van die Italiaanse *Ministero degli Affari Esteri* wat my in staat gestel het om in 1987/88 'n periode van 3 maande in Duitsland (aan die *Universität zu Köln*) en 8 maande in Italië (aan die *Università Italiana per Stranieri*, Perugia en die *Università degli Studi Bologna*) te spandeer. My opregte dank hiermee aan al die gemelde instansies wat sodoende dit vir my moontlik gemaak het om waardevolle materiaal te kon versamel en om noodsaaklike akademiese vorming en skoling te kon opdoen.

Ek wil ook hiermee vir Professor Dr A Wacke (*Direktor: Institut für römisches Recht der Universität zu Köln*) asook Professor Dr R Bonini (*Preside della Facoltà di Giurisprudenza: Università degli Studi Bologna*) bedank vir die feit dat ek vrye toegang tot alle moontlike fasiliteite gebied is. Hulle hulp en leiding op 'n vroeë stadium van my navorsing word dankbaar erken.

Die studie het ontstaan as gevolg van 'n aanbeveling deur Professor Dr R Zimmerman (voorheen *WP Schreiner Professor of Roman and Comparative Law, University of Cape Town* en tans *Professor für Privatrecht, Römisches Recht und Historische Rechtsvergleichung, Universität Regensburg*). Daarvoor, en vir sy aanvanklike betrokkenheid by die navorsing, wil ek my waardering uitspreek. My dank gaan ook hiermee aan my promotor Professor WJ Hosten en mede-promotor Professor Dr Ph J Thomas, vir hulle geduld en talle nuttige gesprekke wat 'n onbetwyfelbare stempel op die eindresultaat afgedruk het.

Op 'n persoonlike noot bedank ek graag my vader wat my in talle opsigte bygestaan het en dan natuurlik ook my gesin wat die slagoffers was van die ure se afsondering wat die skryf van die proefskrif meegebring het. Aan my kollega Mevrou Rena van Oosten wat teen die einde haar hulp aangebied het met die proeflees: *pro labore gratias*!

Ek wil die hoop uitspreek dat die resultate van die navorsing daartoe sal bydra om die aktualiteit en ook relevansie van regshistoriese navorsing te bevestig. Dit spreek vanself dat die menings waartoe geraak is, my eie is en nie die van dié Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Pretoria

Junie 1994

OPSOMMING

Reeds in argaïese Rome het werkers en werk 'n belangrike rol gespeel. Alhoewel die *Lex Duodecim Tabularum* 'n bewys lewer van die bestaan van huurverhoudings teen die 5de eeu vC, kom daar geen verwysing in die *Lex* voor na arbeidsverhoudings nie. *Tabula* 4 2 van die *Lex* spreek nie die geval aan waar die *pater familias* sy seun verkoop of sy arbeidskragte tot beskikking van 'n derde stel nie. Hierdie bepaling van die *Lex* is gemik teen die *pater familias* wat sy seun prostitueer.

Die migrasie vanaf die platteland gedurende die 2de en 3de eeue vC kan verklaar word aan die hand van die beter lewensomstandighede en werksgeleenthede wat daar in Rome bestaan het. Die literêre bronne sowel as argeologiese en epigrafiese getuienis dui op die bestaan van 'n groot aantal beroepe te Rome en illustreer die belang van werkers en werk gedurende die klassieke periode. Ten einde hulle voortbestaan te kon verseker, moes die *plebs urbana* hulle arbeidskrag of vaardighede teen vergoeding beskikbaar stel. Daar steek geen waarheid in die opvatting dat die *plebs urbana* as parasitiese element slegs geleef het van die aalmoese wat deur die staat verskaf is nie.

Die sluiting van 'n kontrak van *locatio conductio operarum* het nie die werker se privaatregtelike status geraak nie en die *liber homo qui operas suas diurnas nocturnasque locat* in P Sent 2 18 1, verwys moontlik na 'n *mercennarius* wat *loco servorum* in diens van 'n werkgewer was.

Die gebrek aan verwysings wat daar in die *Digesta* bestaan na *locatio conductio operarum*, kan moontlik toegeskryf word aan die Romeinse juriste se siening dat die *locator operarum* slegs verplig was tot die lewering van fisiese arbeid en nie deskundige diens soos wat die geval was met *locatio conductio operis* nie.

Of 'n bepaalde aktiwiteit in die kader van *locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum* uitgeoefen sou word, sou normaalweg van die bedoeling van die partye afgehang het. Ook die sogenaamde *artes liberales* kon, afhangende van die sosiale stand van die beoefenaar van die beroep, in terme van *locatio conductio* uitgeoefen word.

SUMMARY

In archaic Rome workers and work already played an important role. Despite the fact that the *Lex Duodecim Tabularum* proves the existence of relationships based on letting and hiring during the fifth century BC, there is no provision in the *Lex* for labour relations. *Tabula* 4 2 of the *Lex* does not refer to the situation where the *pater familias* sells his son or makes his labour available to a third person but aimed at preventing the *pater familias* from prostituting his son.

The migration from the rural areas to Rome during the 2nd and 3rd centuries BC can be explained by the improved living conditions in Rome and the availability of more job opportunities. Literary, archaeological and epigraphical evidence prove the existence of a large number of professions and illustrate the importance of workers and work during the classical period. The survival of the *plebs urbana* depended on income generated by them by making their labour or skills available. There is no truth in the view that the *plebs urbana* constituted a parasitical element of society that lived on the dole and were contemptuous of working for a living.

The conclusion of a contract of *locatio conductio operarum* did not affect the private law status of a worker. The *liber homo qui operas suas diurnas nocturnasque locat* in P Sent 2 18 1, may refer to a *mercennarius* who was employed *loco servorum*.

The few references to *locatio conductio operarum* in the *Digesta* may be explained by the fact that, according to the definition of the contract, the *locator operarum* was only obliged to do physical labour and not to render specialist services as was the case with *locatio conductio operis*.

Normally the intention of the parties determined whether a particular activity fell into the category of *locatio conductio operis* or *locatio conductio operarum*. The so-called

artes liberales could also, depending on the social status of the practitioner of the profession, be exercised in terms of *locatio conductio*.

Key Terms:

Roman Law; Legal history; Ancient Rome; Labour; Occupations; Slave labour; Economic and social conditions of the *plebs urbana*; *Locatio conductio operis*; *Locatio conductio operarum*; *Mercennarii*; *Artes liberales*.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD iii

OPSOMMING v

SUMMARY vi

ALGEMENE INLEIDING 1

1 **ARBEIDSVERHOUDINGS IN ARGAÏESE ROME** 9

1.1 INLEIDING 9

1.2 VANAF DIE VROEGSTE TYE TOT EN MET DIE KHARTAAGSE OORLOË 15

1.2.1 Ekonomiese en sosiale agtergrond 15

1.2.2 Die bestaan van arbeidsverhoudings 18

(i) Pottebakkery 30

(ii) Smede 32

(iii) Bouers 35

(iv) Ander beroepe 37

1.2.3 Die *Lex Duodecim Tabularum* (450 vC) 43

1.3 SAMEVATTING 61

2 **ARBEIDSVERHOUDINGS *CIRCA* 150 VC - 250 NC** 64

2.1 INLEIDING 64

2.2 EKONOMIESE EN SOSIALE AGTERGROND 66

2.3 SLAWE 80

2.4 *LIBERTI* 95

2.5 DIE *PLEBS URBANA* 99

2.5.1 Armoede en skuldlas 99

2.5.2 Behuisingsnood 103

2.5.3 Staatshulp en ander vorms van sosiale ondersteuning 108
(i) Grondverdeling en werkverskaffing 108
(ii) Koringvoorsiening en ander direkte vorms van hulpverlening 114
(iii) Die *collegia* 121
2.5.4 Slotopmerkings 122
2.5.5 Die noodwendigheid van arbeidsverhoudings vir die *plebs urbana* 126
(i) Vergoeding en sosiale mobiliteit van werkers 128
(ii) Professionele opleiding van werkers 133
(iii) Verskillende beroepe of aktiwiteite wat teen vergoeding verrig kon word 135
(a) Landbou en voedsel 139
(b) Metaalwerk 147
(c) Kleding 149
(d) Terra-cotta en keramiek 153
(e) Vervoer 153
(f) Bouwerk 159
(g) Enkele ander beroepe of aktiwiteite . . 163
2.6 SAMEVATTING 164

3 DIE REGSPOSISIE VAN WERKERS IN DIE KLASSIEKE ROMEINSE REG 169
3.1 INLEIDING 169
3.2 DIE REGSTATUS VAN WERKERS 170
3.2.1 Inleiding 170
3.2.2 P Sent 2 18 1 170
3.2.3 *Mercennarii* en die *liber homo qui bona fide servit* . . 180
3.2.4 Konklusie 193
3.3 REGSBRONNE VIR DIE ONTSTAAN VAN ARBEIDS-VERHOUDINGS 195
3.4 DIE ONTSTAAN VAN *LOCATIO CONDUCTIO* 196

3.5 *LOCATIO CONDUCTIO* GEDURENDE DIE KLASSIEKE PERIODE: EEN- OF DRIELEDIGHEID VAN DIE KONTRAK 197

3.6 DIE ONDERSKEID TUSSEN *LOCATIO CONDUCTIO OPERARUM* EN ANDER VORMS VAN *LOCATIO CONDUCTIO* IN DIE KLASSIEKE ROMEINSE REG 202

3.6.1 *Locatio conductio rei* 202

3.6.2 *Locatio conductio operis* 204

(i) Inleiding 204

(ii) *Labeo plurima innovare instituit*: Die betekenis van *opere locato conducto* in Paulus D 50 16 5 1 209

(iii) Die *artes liberales* 220

3.7 SAMEVATTING 228

4 KONKLUSIE 231

BRONNELYS 234

WOORDREGISTER 251

ALGEMENE INLEIDING

Volgens 'n model voorgestel deur Max Weber,[1] word 'n stad van ander nedersettings onderskei deur die teenwoordigheid van 'n stedelike gemeenskap ("urban community"). Die bepalende faktor hiervoor is eenvoudig die vraag of die nedersetters in staat was om primêr van handel en nywerheid te kon voortbestaan. Slegs indien daar op 'n deurlopende basis en nie slegs sporadies nie, goedere en dienste uitgeruil kon word, kan daar sprake wees van die permanensie wat 'n voorvereiste is vir die bestaan van 'n stad.[2]

In die antieke sou bogemelde impliseer dat die nedersetting ook die volgende kenmerke moes vertoon: 'n fortifikasie, 'n mark, 'n regstelsel wat die inwoners se onderlinge verhoudinge reël en 'n mate van outonomiteit.

Volgens hierdie model van Weber, sou Rome alreeds sedert die 8ste eeu vC, tydens die periode van die Etruskiese oorheersing, as 'n antieke stad kon kwalifiseer. Voorts, indien Weber se model omgekeer word, volg dit dat daar uit die permanensie van die nedersetters op die *Palatium* sedert die 10de eeu vC, afgelei kan word dat daar op 'n permanente basis goedere en dienste teen vergoeding uitgeruil is. In die afwesigheid van grootskaalse inmenging deur 'n heerser of heersende groep, sou die voortbestaan en welvaart van die inwoners, en gevolglik ook van die stad, onder normale omstandighede bepaal word deur twee basiese voorwaardes, naamlik dié van vraag en aanbod. Anders gestel, die werker sou slegs werk doen indien hy daarvoor vergoed word, en hy sal slegs opdrag gegee word om sodanige werk te doen of diens te verrig indien die potensiële opdraggewer dit nie self sou kon doen of verrig nie. Sonder dat daar aan elk van hierdie basiese vereistes voldoen word, kan daar geen sprake wees van handel of van arbeidsverhoudings nie en dus ook nie van 'n stad nie.[3]

---

1 Weber M (Martindale D, G Neuwirth (reds)) *The City* Glencoe 1958 55.

2 Weber *The City* 66.

3 Vgl die volgende algemene stelling van Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 659: "Working with wool, leather, astringents and dyes, metal, clay, timber and straw, oil, wine, grain and fresh produce was not an accident of city life, an opportunity available to those who found themselves

In die geval van Rome, het die nedersetters, minstens sedert die Etruskiese oorheersing in die 8ste eeu vC, nie alleen uit *Latini* bestaan nie maar ook uit lede van vreemde stamme en volke. Laasgenoemde groep het die *plebs* daargestel en, aangesien hulle buite die stam- en kultusverbande van die *patricii* en hulle *clientes* gestaan het, was hulle ook van politieke deelname in die gemeenskap uitgesluit.[4] As lede van die arm klas van die samelewing[5] sou hulle nogtans *idealiter* in 'n staat van harmonie met die *patricii* kon leef as deel van 'n inter-afhanklike en organiese geheel: waar die *patricii* hulle posisie nie sou kon handhaaf sonder om van die *plebes* gebruik te kon maak nie en laasgenoemde (as vrye werkers) op hulle beurt kon voortbestaan deur hulle arbeidskragte of vaardighede teen vergoeding aan die *patricii* beskikbaar te kon stel.[6]

Gedurende die loop van die 3de eeu vC het daar egter faktore bygekom wat die handhawing van bogemelde delikate balans bemoeilik het. Nie alleen het die grootskaalse gebruikmaking van slawe 'n direkte bedreiging vir die vrye werkers ingehou nie, maar die vermoënde klasse het nie die wysheid gehad om die arbeidskragte van die armes produktief tot beide klasse se voordeel aan te wend nie.[7] As gevolg hiervan staan die einde van die Republiek in die teken van arbeidsonrus en 'n toenemende polarisasie tussen ryk en arm.

Dit is dus verbasend om op te merk hoe min aandag die Romeinse juriste aan arbeidsreg (in die vorm van *locatio conductio operarum*) spandeer het. Die Digesta-titel 19 2 (*Locati Conducti*) beslaan ongeveer 14 kolomme in die *Editio Stereotypa*.[8] Slegs vyf tekste betref moontlik *locatio conductio operarum* waar ongeskoolde werk

---

in city life, as a secondary thing; it was city life itself, the behaviour without which the city would not have been, except as a symbolic meeting-place of the elite."

4 Behrends O "Die Rechtsformen des römischen Handwerks" *Das Handwerk in vor- und frühgeschichtlicher Zeit* (Teil I) *Abhandlungen der Akademie der Wissenschaften Göttingen* Göttingen 1981 141 ev op 162. Vgl ook Weber *The City* 101 ev asook die bespreking op 15 en 19 hieronder.

5 Ook bekend as *proletarii*: vgl 28 hieronder.

6 Vgl Weber *The City* 66 ev.

7 Fustel de Coulanges ND *The Ancient City. A Study on the Religion, Laws, and Institutions of Greece and Rome* 1956 herdruk Baltimore 1980 328 ev.

8 Mommsen T, P Krüger *Corpus Iuris Civilis* Berlin 1965.

ter sprake kom[9]. Geskoolde arbeid, wat logies 'n kleiner gedeelte van die arbeidsmark sou raak, kry in verhouding hiermee heelwat meer aandag van die juriste.[10]

Ook in die Codex, onder die titel *De Locato Conducto*, handel slegs een van die 29 *constitutiones* wat daarin voorkom oor die huur van vry arbeid.[11]

Sedert die begin van die eeu het Romaniste bykans ononderbroke aandag gegee aan die bestudering van *locatio conductio* en, in verband met laasgenoemde, meer spesifiek *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum*.[12] Die algemene konsensus is dat daar 'n verbasende apatie aan die kant van die Romeinse juriste teenwoordig is insoverre dit *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* betref.[13] Hand aan hand hiermee bestaan die opvatting dat dit, wat losweg as 'Romeinse arbeidsreg'[14] beskryf kan word, 'n ondergeskikte rol gespeel het en beperk was tot 'n klein gedeelte van die arbeidsmark.[15]

---

9 Ulpianus D 19 2 19 9; Paulus D 19 2 38 pr; Javolenus D 19 2 51 1; Paulus D 10 1 4 1; Ulpianus D 9 2 7 8 en vgl Gummerus "Industrie und Handel" in Pauly W *Realencyclopädie der klassischen Altertumwissenschaft* Stuttgart 1852-1864 met supplemente deur Wissowa G, W Kroll, K Mittelhaus, K Ziegler Stuttgart 1884-1972 (hierna afgekort as *RE*) 9 1481.

10 Vgl bv Ulpianus D 19 2 11 3; Ulpianus D 19 2 13; Ulpianus D 19 2 15 6; Ulpianus D 19 2 19 7; Paulus D 19 2 22 1-2; Ulpianus D 19 2 24 pr; Gaius D 19 2 25 7-8; Alfenus D 19 2 31; Florentinus D 19 2 36; Javolenus D 19 2 37; Paulus D 19 2 38 1 (moontlik nie 'n geval van *locatio conductio* nie); Gaius D 19 2 40; Ulpianus D 19 2 41; Marcellus D 19 2 48 pr; Javolenus D 19 2 51 1; Labeo D 19 2 58 1; Javolenus D 19 2 59 ; Labeo D 19 2 60 2-4; Labeo D 19 2 60 8; Labeo D 19 2 62.

11 Diocletianus et Maximianus C 4 65 22 (293 nC).

12 Die opmerking deur Solazzi in sy intreerede "Il lavoro libero nel mondo romano" *Annuario dell'Università di Macerata* 1905-1906 herdruk in *Scritti di diritto romano* 1 Napoli 1955 141 ev op 141 geld steeds vandag; vgl die geselekteerde literatuur by Kaser M *Das Römische Privatrecht. Erster Abschnitt. Das Altrömische, Das Vorklassische und Klassische Recht* München 1971 562 n 1.

13 Vgl die algemene opmerkings deur Zimmerman R *The Law of Obligations. Roman Foundations of the Civilian Tradition* Cape Town 1990 387 ev; Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 141.

14 Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 384.

15 Möller C *Freiheit und Schutz im Arbeitsrecht. Das Fortwirken des römischen Rechts in der Rechtsprechung des Reichsgerichts* Göttingen 1990 3; Schulz F *Classical Roman Law* Oxford 1951 544; Zimmerman *Law of Obligations* 387. Kaser *Römisches Privatrecht* 1 568 en Van Zyl DH *History and Principles of Roman Private Law* Pretoria 1983 304 wys wel daarop dat die rol van vrye arbeiders nie onderskat moet word nie. Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 142 koppel die belang van vrye arbeid direk aan die hoeveelheid beskikbare slawe. Soos later aangetoon sal word, kan daar geen steun vir dié standpunt van Solazzi gevind word nie en in die lig van die feit dat slawe-arbeid, soos Keydell 'Sklaverei' *Kleine Pauly* noem, nie noodwendig goedkoper was as die arbeid van vry persone nie, sou ander faktore soos later uitgewys, waarskynlik die belang van vrye arbeid bepaal het. Die opmerking van Finley MI *The Ancient*

Die afsydigheid of stilswye van die juriste waar dit kom by arbeidsreg, is bykans sonder uitsondering verklaar aan die hand van die feit dat die Romeinse samelewing 'n slawe-gemeenskap was, in die sin dat die ekonomie gekenmerk was deur die grootskaalse gebruik van slawe. 'n Siening wat hiermee verband hou is dat die *plebs urbana* werksku was, en slegs geleef het van die aalmoese wat deur die keisers uitgedeel is. Die verdoemende uitsprake van Juvenalis[16] en Fronto[17] dat die massas slegs omgee vir *panem et circenses* het tesame met die opvatting dat werk veragtelik was en slegs deur slawe gedoen is,[18] hierdie persepsies versterk.

Verdere steun is aan bogemelde opvattings verleen deur die feit dat die juriste in verhouding heelwat meer aandag geskenk het aan werk gedoen deur *liberti* en deur slawe. Die Digesta-titel 38 1 (*De operis libertorum*) beslaan meer as ses kolomme en die Codex-titel 6 3 (*De operis libertorum*) effe meer as een kolom. Daar is ook in Digesta 7 7 'n kort titel *De operis servorum*.

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wat die belang was van werk en werkers in die geskiedenis van Rome vanaf die argaïese tyd tot aan die einde van die Klassieke Periode. Dit staan vas dat die Romeinse samelewing as 'n slawe-gemeenskap beskryf kan word en dat slawe-arbeid 'n belangrike komponent van die totale arbeidsmag uitgemaak het. In hierdie ondersoek sal daar dus noodwendig stilgestaan word by die rol en belang van slawe insoverre dit arbeidsverhoudings betref.

Werk gelewer deur *liberti* aan *patroni* het ook 'n deel van die spektrum van die arbeidsmark te Rome gedek. Hoewel die patronaatsverhouding wat by vrylating ontstaan het, ooreenkomste vertoon met die arbeidsverhouding wat in terme van

---

Economy London 1980 23 "to speak of a labour market is immediately to falsify the situation" is myns insiens oordrewe. Die feit dat die markmeganismes in die antieke minder gesofistikeerd of aan minder veranderlikes onderhewig was as wat vandag die geval is, kan tog nie veroorsaak dat dit om dié rede nou nie meer as 'n mark beskou kan word nie! Vgl egter Harris WV "Roman Terracotta Lamps: The Organization of an Industry" 1980 *JRS* 127 wat op die gevaar wys om 'n moderne begrip soos nywerheid te gebruik om die antieke bedrywe te beskryf.

16 Juvenalis *Saturae* 10 78-81.

17 Fronto *Principia Historiae* 17.

18 Vgl Cicero *De Officiis* 1 42 150.

locatio conductio tot stand gekom het,[19] ontbreek daar tog een van die belangrikste elemente wat die kontraktereg, en meer spesifiek *locatio conductio*, kenmerk, naamlik die element van *consensus* tussen die kontrakspartye. Die *libertus patronus*-verhouding word, as sogenaamde 'status-verhouding'[20] om die rede nie afsonderlik ondersoek nie.

By vrylating het die *libertus* burgerskap (*civitas*) verwerf[21] en kon hy onafhanklik van sy *patronus* aan die regsverkeer deelneem.[22] Ook slawe kon onder bepaalde omstandighede regsgeldige kontrakte sluit en byvoorbeeld by wyse van *locatio conductio* hulle dienste verhuur of werk aanneem.[23] Sodanige aktiwiteite van *liberti* en slawe sal ook deel van die ondersoek uitmaak.

Op hierdie wyse sal daar eerstens gepoog word om die vraag te beantwoord of dit moontlik was vir die *plebs urbana* om sonder enige arbeidsverhoudings bloot op aalmoese van die staat te kon oorleef.

Tweedens sal die regsposisie van die werkers asook die belang van *locatio conductio operarum* ondersoek word om te bepaal wat die moontlike rede kan wees vir die stilswye van die juriste insoverre dit hierdie vorm van arbeidsverhouding betref. Die

---

19 De Robertis FM *La organizzazione e la tecnica proddutiva. Le forze di lavoro e i salari nel mondo romano* Bari 1946 125 wys daarop dat die verskaffing van bv advies, lewensonderhoud edm deur 'n *patronus* in dié geval beskou kan word as vergoeding vir die dienste wat gelewer is deur sy vrygelatenes.

20 Zimmerman *Law of Obligations* 387.

21 Vgl Ulpianus D 38 2 1 pr .....*cum ex servitute ad civitatem Romanam perducuntur*. Dit was die posisie alreeds in die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum*: Waldstein W *Operae Libertorum. Untersuchungen zur Dienstpflicht Freigelassener Sklaven* Stuttgart 1986 50. Die kwessie is egter omstrede: Kaser *Römisches Privatrecht* 1 117.

22 Treggiari S *Roman Freedmen during the Late Republic* Oxford 1969 81; vgl ook Kaser *Römisches Privatrecht* 1 298 ev.

23 Kaser *Römisches Privatrecht* 1 64. Oor die vraag of 'n slaaf homself binne die kader van *locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum* kon verhuur, spreek Zimmerman *Law of Obligations* 384 n 2 hom nie uit nie. Myns insiens is daar geen rede om soos Mayer-Maly T "Römische Grundlagen des modernen Arbeitsrechts" 1967 *Recht der Arbeit* 285 die tekste waarin gemeld word dat die slaaf homself verhuur, as geïnterpoleer te beskou nie. Slawe kon wel 'n verbintenis aangaan en *naturaliter* gebonde gehou word en die kontrak kon moontlik binne die kader van die *actiones adiecticiae qualitatis* afgedwing word. Vgl Kaser *Römisches Privatrecht* 1 481, 605 ev; Thomas JAC "Locatio and operae" 1961 *BIDR* 232. Wat betref die *actiones adiecticiae qualitatis* vgl ook Zimmerman *Law of Obligations* 52 ev.

ondersoek sentreer om arbeidsverhoudinge wat by wyse van *locatio conductio* tot stand gekom het, aangesien dit die vernaamste bron van arbeidsverhoudings in die klassieke periode was, en dit ook hierdie gedeelte van die Romeinse privaatreg is wat op sinvolle wyse met die moderne arbeidsreg vergelyk sou kon word.[24]

Die moontlikheid dat die werknemer 'n vorm van *capitis deminutio* ondergaan het, die gronde waarop die juriste tussen *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* onderskei het, en ten slotte, welke aktiwiteite as *res quae locari non possint*, nie die voorwerp van *locatio conductio* sou kon uitmaak nie, sal ook ondersoek word.

Die *essentialia* van *locatio conductio*, kwessies soos die dra van die risiko (*periculum conductoris* en *periculum locatoris*) sowel as kontraktuele aanspreeklikheid, affekteer nie die prinsipiële vraagstukke wat in hierdie studie ondersoek word nie. Aangesien dit ook later aangetoon sal word[25] dat die tradisionele siening van die wyse waarop die Romeinse juriste tussen *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* onderskei het, foutief is, is dit duidelik dat alle tekste wat bogemelde aspekte aanraak *de novo* ondersoek sal moet word. Sodanige ondersoek val, soos pas opgemerk, buite die draagwydte van hierdie studie en sal ook, vanweë die ingrypende aard daarvan, nie hier onderneem kan word nie.

Net so min as wat die Romeinse staatstruktuur ondersoek kan word sonder dat die Romeinse samelewing onder die loep geneem word,[26] net so hopeloos is 'n studie van die Romeinse reg sonder dat behoorlik rekenskap gegee word van die samelewing wat daardeur geraak is en uit wie se behoeftes die regsreëls totstand gekom het.

---

24 Vgl Macqueron J *Le travail des hommes libres dans l'antiquite romaine* Aix-en-Provence 1955 1.

25 Vgl 197 ev hieronder.

26 MacMullen R *Roman Social Relations 50 BC to AD 284* London 1976 121 ev.

In 'n ondersoek na die Romeinse arbeidsreg moet daar dus rekening gehou word met die feit dat die reg as sosiale geskiedenis[27] nie in isolasie ondersoek kan word nie, maar gesien moet word as 'n onderdeel van die breëre historiese realiteit. Die Romanis moet die Romeinse reg beoordeel uit 'n sosiaal-historiese perspektief aangesien die reg as kultuurproduk op beslissende wyse deur die ander dissiplines soos die politiek, ekonomie en kultuur beïnvloed is.[28] 'n Ondersoek na die geskiedenis van werk en arbeidsverhoudings vereis dus ook 'n sosiologiese ondersoek. Waar die historiese feite tot die ontdekking van sosiologiese patrone of tendense kan lei, kan die sosiologie lei tot die korrekte vertolking van historiese probleme.[29]

Hier word die studie aansienlik bemoeilik deur 'n aantal belangrike faktore. Die vernaamste is moontlik die feit dat daar geen bewuste beskrywing van die Romeinse samelewing, beide tydens die Republiek sowel as tydens die Prinsipaat, oorgelewer is nie. Boonop geld die waarskuwing van Crook[30] ook op die gebied van die Romeinse arbeidsreg dat die Romeinse juriste '..pushed things to the limit of logic' met die gevolg dat dit, wat die sosiologiese aspek betref, tot 'n distorte beeld aanleiding kan gee. Inskripsies uit die Republikeinse tyd en die Prinsipaat is verder meestal te kort om werklike lig te werp op sosiale verhoudings; betroubare statistieke oor die

---

27 Vgl hieroor Timpe D "Alte Geschichte und die Fragestellung der Soziologie" 1971 *Historische Zeitschrift* 1 ev; Wehler H-U *Historische Sozialwissenschaft und Geschichtsschreibung* Göttingen 1980.

28 Vgl hieroor die opmerkings deur Wieacker F *Römische Rechtsgeschichte. Quellenkunde, Rechtsbildung, Jurisprudenz und Rechtsliteratur* Erster Abschnitt München 1988 28 (met literatuur in n 30) 49. Wat betref die metodiek van regshistoriese navorsing vgl Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 25 ev. Vgl ook Schneider H (red) *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte der römischen Kaiserzeit* Darmstadt 1981 19.

29 Vgl Timpe "Alte Geschichte und die Fragestellung der Soziologie" 12 : "Alt Historiker [kann] gar nichts anders, als die soziologische Intention in seinem Bereich als heuristisches Prinzip zu gebrauchen und an ihr seine Methoden zu schärfen." 'n Sosiologiese ondersoek word weliswaar met huiwering onderneem. Die ekonomiese en sosiale geskiedenis beskik oor 'n eie metodiek en bronne wat eers bemeester moet word en die regshistorikus word noodwendig verplig om die resultate van kundiges op daardie gebied te aanvaar: vgl Mayer-Maly T 1965 *ZSS* 407 (resensie van Kaufmann H *Die Altrömische Miete. Ihre Zussamenhänge mit Gesellschaft, Wirtschaft und staatlicher Vermögensverwaltung* Köln 1964). Vgl ook Veyne P *Bread and Circuses. Historical Sociology and Political Pluralism* (vertaling van *Le pain et le cirque*) London 1992 3; Mossé C *The Ancient World at Work* (vertaling van *Le Travail en Grèce et à Rome*) London 1969 10. Die begrip sosiologie word hier in dieselfde sin gebruik as wat Weber dit doen, naamlik as sinoniem vir die geesteswetenskappe; vgl Weber M *Wirtschaft und Gesellschaft. Grundriss der Verstehenden Soziologie* Tübingen 1972 *passim*; Kocka J (red) *Max Weber der Historiker* Göttingen 1986.

30 Crook JA *"Patria Potestas"* 1967 *CQ* 113-122 op 114.

bevolkingsamestelling bestaan nie en die literêre bronne (waarvan daar 'n substansiële *corpus* oorgelewer is) is geskryf deur 'n klein groepie van die samelewing wat slegs die persepsies van die hoogste stratum van die samelewing waartoe hulle behoort het, weergegee het.

Hierdie is enkele van die probleme wat 'n navorser in die gesig staar wat hom op die gebied van die sosiale geskiedenis en reg van Rome begewe[31] en soos Brunt[32] kon ek nie die versoeking weerstaan om Pope se verwoording van die student se ervaring ook vir myself toe te eien nie:

> Fired at first Sight with what the Muse imparts
> In feareless Youth we tempt the Heights of Arts
> While from the bounded Level of our Mind,
> Short Views we take, nor see the Lengths behind,
> But more advanc'd, behold with strange Surprise
> New, distant Scenes of endless Science rise!...
> Th' increasing Prospect tires out wandring Eyes,
> Hills peep o'er Hills, and Alps on Alps arise.

---

31 Vgl Garnsey P, R Saller *The Roman Empire. Economy, Society and Culture* Berkeley 1987 108. Die posisie is identies in die geval van Griekeland: Mossé *Ancient World at Work* 10.

32 Brunt PA *Italian Manpower 225 B.C.- A.D.14* Oxford 1971 vii.

1 ARBEIDSVERHOUDINGS IN ARGAÏESE ROME

1.1 INLEIDING

Alle regsinstellings ondergaan met die verloop van tyd veranderinge en in die meeste gevalle kan die regsposisie in latere tydsgewrigte slegs begryp word indien die ontstaan en ontwikkeling daarvan nagegaan word. Ook op die gebied van die Romeinse arbeidsreg is daar sprake van 'n geleidelike ontwikkeling vanaf die antieke oorspronge daarvan tot en met 565 nC wat as die eindpunt van die Romeinse tradisie beskou kan word.[33] Vir 'n behoorlike begrip van die klassieke juriste se opvattings rakende werkers en werk is, afgesien van die sosiologiese ondersoek waarna verwys is,[34] 'n studie van die oorsprong en ontwikkeling van arbeidsverhoudings onontbeerlik.[35]

Anders gestel, indien alle historiese gegewens nie in ag geneem word nie, kan daar, wat die Romeinse arbeidsreg betref, nie tot die korrekte insigte gekom word nie.[36] Arbeidsverhoudings was, en is steeds, nou verbonde aan die sosiale struktuur van 'n samelewing.[37] 'n Ondersoek van die geskiedenis van werkers en werk in die antieke is dus nodig om die vraag na die belang van arbeidsverhoudings vanaf die vroegste tye te kan beantwoord.

Dat bogemelde nie altyd so ingesien is nie, kan ter illustrasie gewys word op die uiteenlopende standpunte wat tot onlangs toe gehuldig is ten opsigte van die wesenlike kenmerke van die Romeinse ekonomie. Aan die een kant was daar die standpunt dat die vroeë Romeinse samelewing gekenmerk is deur 'n geslote

---

33 De Robertis FM *I rapporti di lavoro nel diritto romano* Milano 1946 3 en veral n 1 aldaar.

34 Vgl 7 hierbo.

35 Macqueron *Travail des hommes libres* 3. Dit sou uiteraard foutief wees om op hierdie vroeë stadium van *locatio conductio* te praat: Kaufmann *Altrömische Miete* 17 ev; Mayer-Maly 1965 *ZSS* 407.

36 So ook Mayer-Maly 1965 *ZSS* 409.

37 Vgl bv Meyer E "Die wirtschaftliche Entwicklung des Altertums" *Kleine Schriften* Halle 1924 1 79 ev. Vgl egter Mayer-Maly T *Locatio conductio. Eine Untersuchung zum klassischen römischen Recht* Wien 1956 15 wat, sonder om sy standpunt te motiveer, huurverhoudings as dié instelling beskryf wat aan buitengewoon diepgaande veranderinge onderworpe sou wees.

tuisekonomie.[38] In hierdie periode was daar, volgens voorstaanders van die siening, 'n beperkte aantal slawe en het die boer (*pater familias*) self, met die hulp van sy kinders, die boerdery behartig. Elke huishouding was in staat om self in hulle behoeftes te kon voorsien en goedere is ook uitsluitlik vir eie gebruik bestem.[39] Onder hierdie omstandighede sou daar kwalik 'n behoefte bestaan het aan die verkryging of verskaffing van dienste of werk teen vergoeding.[40] Die werk is deur slawe met die hulp van las- en trekdiere gedoen en, in uitsonderlike gevalle waar daar sodanige behoefte (byvoorbeeld wanneer die oes ingesamel moet word) bestaan het, het die een *pater familias* die slawe van 'n ander gehuur.[41]

Aan die ander kant was daar die mening dat die antieke ekonomie 'n spieëlbeeld van die moderne ekonomie is en dus ook in terme daarvan beskryf kan word.[42] Interessant genoeg het die teorie ontstaan in antwoord op die verwyt van Bücher[43] dat historici a-histories te werk gaan indien hulle moderne begrippe op die antieke

---

38 Vir 'n eenvoudige uiteensetting van die begrip vgl die bespreking in Macqueron *Travail des hommes libres* 4. Die groot voorstaander van hierdie siening is Karl Bücher *Die Entstehung der Volkswirtschaft. Vorträge und Versuche* Tübingen 1901 101-174. In die geslote tuisekonomie bestaan volgens hom "... der ganze Kreislauf der Wirtschaft von der Produktion bis zur Konsumption [...] im geschlossenen Kreise der Hauses". Uit hierdie siening van Bücher volg dit logies dat markgeorienteerde produksie, handel en ook vrye loonarbeid grootliks sal ontbreek; vgl die bespreking van Bücher se siening en ook die felle kritiek daarop in Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 1 ev. Bücher se teorie is grootliks deur Weber aanvaar maar met die voorbehoud dat die belang van vrye werkers op alle gebiede van die ekonomie deur Weber erken word; vgl Weber M *The Agrarian Sociology of Ancient Civilisations* (vertaling van *Agrärverhältnisse im Altertum*) London 1976 47.

39 Vgl Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 142; Rostovtzeff M *The Social and Economic History of the Roman Empire* Oxford 1957 13; Ciccotti E *Il tramonto della schiavitù nel mondo antico* 1940 herdruk Rome 1971 232; Louis P *Ancient Rome at Work* (vertaling van *Le Travail dans le Monde Romain* Parys 1912) London 1927 53.

40 Bücher *Entstehung der Volkswirtschaft* 108 ev. Vgl ook De Robertis *Rapporti di Lavoro* 4 wat 'n aantal redes aanvoer waarom werk sonder uitsondering in die kader van die *familia* uitgevoer is. Sy standpunt berus op *a priori* veronderstellings wat oortuigend deur Kaufmann *Altrömische Miete* weerlê is.

41 Kaufmann *Altrömische Miete* 20 ev.

42 Die siening het sy ontstaan te danke aan Meyer "Wirtschaftliche Entwicklung des Altertums" 79 en is algemeen aanvaar: Finley MI *Ancient Slavery and Modern Ideology* London 1980 45. Vgl die debatte oor die kenmerke van die antieke ekonomie in Finley MI "The Ancient City: From Fustel de Coulanges to Max Weber and Beyond" 1977 *Comparative Studies in Society and History* 305 315; Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 3 ev. 'n Skrywer wat sigbaar onder die invloed van Meyer se werke is, is Rostovtzeff *Social and Economic History* wat bv nie skroom om van fabrieke, kapitalistiese massaproduksie en fabriekswerk te praat nie; vgl Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 7; Perelli L *Il movimento popolare nell'ottimo secolo della repubblica* Rome 1982 7.

43 *Entstehung der Volkswirtschaft* 103.

afdwing en dat hulle op so 'n wyse onmoontlik die antieke ekonomie behoorlik sal kan begryp.

In sy omvangryke werk oor die Romeinse samelewing en ekonomie kom Jones[44] tot die slotsom dat hoewel die landbou die belangrikste komponent van die Romeinse ekonomie was,[45] handel en nywerheid wel ook 'n rol gespeel het maar volgens hom ernstig in die wiele gery is deur die probleme verbonde aan die vervoer van produkte en die geringe koopkrag van die stedelike massas. Volgens hom het die meeste stede self in hulle eie behoeftes voorsien.

Jones se siening word, breedweg gesien, deur die moderne historici aanvaar[46]. Hiervolgens word die antieke ekonomie gesien as 'n bestaansekonomie waar produksie vir eie gebruik die oorheersende kenmerk was en handel 'n ondergeskikte rol gespeel het.[47]

Daar het dus 'n mate van kentering ingetree tussen die radikaal uiteenlopende sienings van Meyer aan die een kant en Bücher aan die ander kant. Eksponente van die *sententia media* aanvaar steeds die feit dat die antieke ekonomie gesien moet word teen die agtergrond van 'n model of *idealtypus*.[48] Die volgende definisie van 'n model laat ook die noodsaaklikheid daarvan duidelik blyk:

> "[A] simplified structuring of reality which presents supposedly significant relationships in a generalized form. Models are highly subjective approximations

---

44 Jones AHM *The Later Roman Empire 284-602: A Social Economic and Administrative Survey* Oxford 1973 en ook in die reeks artikels posthuum saam gepubliseer deur Brunt PA (red) Jones AHM *The Roman Economy. Studies in Ancient Economy and Administrative History* Oxford 1974.

45 *Later Roman Empire* 769.

46 Vgl Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 11.

47 Vgl in die algemeen Finley *Ancient Economy* veral 177 ev.

48 Vgl Finley *Ancient Economy* 182; Thomas Ph J "Monopolies and Cartels in Roman Law" 1992 *De Jure* 340.

in that they do not include all associated observations of measurements, but as such they are valuable in obscuring incidental detail and in allowing fundamental aspects of reality to appear."[49]

Wat dus postuleer word, is 'n meta-fisiese *idealtypus* wat nie empiries vasgestel kan word nie en waarvan die taak van die (regs)historikus is om in elke individuele geval vas te stel tot welke mate hierdie model ooreenstem met of afwyk van die historiese gegewens.[50]

In sy ywer om weg te breek van 'n modernistiese siening van die antieke ekonomie, onderbeklemtoon die briljante Sir Moses Finley (as vernaamste eksponent van die heersende siening van die antieke ekonomie) die belang van handel en nywerheid (en dus ook arbeid) in die antieke.[51] Finley aanvaar as uitgangspunt dat Rome 'n verbruikerstad was. Rome het vir haar voedsel, metale, slawe en ander noodsaaklike items betaal met inkomste wat verkry is uit belastings, heffings, boetes, skenkings en bemakings afkomstig van die gebiede onder haar beheer.[52] Volgens hom kan die bydrae van die werkers in die stede grootliks buite rekening gelaat word, aangesien daar geen aansporing vir hulle bestaan het om meer te produseer as wat die onmiddellike behoefte van die stad se inwoners was nie.[53] Vervoer is volgens hom een konstante wat handel tussen stede inhibeer en dus voorkom het dat werkers in die stede hulle inkomste op hierdie wyse kon aanvul.[54]

Die nuutste navorsing toon aan dat daar sterk getuienis bestaan wat dui op 'n uitgebreide handel en nywerheid in die Romeinse antieke. Tuisbedrywe met

---

49 Chorley RJ, P Haggett (reds) *Socio-Economic Models in Geography* London 1968 22 soos aangehaal deur Finley *Ancient Economy* 182.

50 Winckelmann J (red) Weber M *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre* Tübingen 1982 soos aangehaal deur Finley *Ancient Economy* 182.

51 Vgl Herz P *Studien zur Römischen Wirtschaftsgesetzgebung. Die Lebensmittelversorgung* Stuttgart 1988 12 ev.

52 Vgl Finley *Ancient Economy* 139.

53 Finley *Ancient Economy* 140.

54 Finley *Ancient Economy* 126: "... individuals could not move bulky merchandise long distances by land as a normal activity, nor could any but the wealthiest and most powerful communities." Die maksimum afstand wat goedere normaalweg deur kleinhandelaars op land vervoer sou word, is volgens hom 4 tot 5 myl: *Ancient Economy* 127.

onafhanklike vakmanne en werkers asook kleinhandelaars het wel 'n beduidende rol in die ekonomie gespeel, beide as gevolg van die handelsverkeer tussen stede, asook die behoefte om aan die plaaslike aanvraag te voldoen.[55]

Dat die rol van vervoer oor land ook nie as 'n te groot struikelblok beskou moet word nie, blyk uit die talle verwysings na handel tussen stede in die antieke.[56] Skeptici wys gewoonlik daarop dat die prys van een standaard wa-vrag koring sou verdubbel nadat 'n afstand van 320 km afgelê is.[57] Hier moet egter in gedagte gehou word dat koring 'n swaar kommoditeit is en waarskynlik slegs in tye van skaarste oor lang afstande op land vervoer sou word.[58] As teenargument kan aangevoer word dat 'n baal wol byvoorbeeld oor 'n afstand van 100 myl vervoer kon word teen minder as 1% van die waarde daarvan.[59]

Vir die doel van hierdie studie sal daar aanvaar word dat daar uit die permanensie van die nedersetting op die *Mons Palatinus* afgelei kan word dat daar persone teenwoordig was wat anders as uit die landbou hulle voortbestaan moes verseker en dat daar dus ook 'n behoefte bestaan het aan die lewering van goedere, dienste en aan arbeid. Werk en werkers speel volgens die model 'n beduidende rol in die ekonomie van antieke Rome.

In die volgende gedeelte sal daar kortliks gekyk word na die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van Rome insoverre dit relevant kan wees ten opsigte van die bestaan van arbeidsverhoudings. Die Romeinse geskiedenis word vir hierdie doel breedweg in

---

55 Hopkins K "Economic Growth and Towns in Classical Antiquity" in Abrams P, EA Wrigley (reds) *Towns and Societies* Cambridge 1978 35 ev; D'Arms JH *Commerce and Social Standing in Ancient Rome* Harvard 1981 met verwysing na die handel en nywerheid te Pompeii. Vgl ook die sterk kritiek deur Frederiksen MW "Theory, Evidence and the Ancient Economy" 1975 *JRS* 164-171.

56 Vgl bv Loane HF *Industry and Commerce of the City of Rome 50 BC - 200 AD* Baltimore 1938 herdruk New York 1979 11 ev.

57 Thomas "Monopolies and Cartels" 1992 *De Jure* 341.

58 Finley *Ancient Economy* 126.

59 Jones AHM "The Cloth Industry under the Roman Empire" in Brunt *The Roman Economy* 355. Vgl ook Hopkins *Economic Growth* 44 wat daarop wys dat vervoerkoste in Rome nie beduidend meer was as in die meeste pre-industriële Europese lande nie. Arezzo was byvoorbeeld een van die voorste vervaardigers van gebakte kleipotte en was nie teen 'n rivier geleë nie. Vgl ook die gematigde siening van Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1453.

twee periodes ingedeel. In die eerste plek vanaf die vroegste tye tot en met die begin van die Khartaagse Oorloë (*circa* 1 000 vC - 264 vC). Die tweede periode strek dan vanaf daardie datum tot aan die einde van die Klassieke Periode.

Alvorens daar voortgegaan kan word, kan kortliks daarop gewys word dat die begrip "klassieke periode" die tydperk omvat wat saamval met die bestaan van die Prinsipaat (30/23 vC - 283 nC).[60] Die tydperk word as "klassiek" beskryf om uitdrukking te gee aan die feit dat die regswetenskap op daardie stadium 'n hoogtepunt bereik het en as voorbeeld gedien het vir die juriste in die latere periodes.[61]

Die jaar 264 vC word as die eerste afsnypunt geneem aangesien dit 'n ekonomiese en sosiale waterskeiding in die geskiedenis van Rome was. Tot op daardie stadium was Rome oorwegend 'n landelike gemeenskap en die verandering van die staatsbestel vanaf 'n Monargie na 'n Republiek het nie veel daaraan verander nie. Eers na die oorwinning oor Khartago het die gesig van die ekonomie verander en het die toenemende verstedeliking gelei tot 'n sosiale en maatskaplike omwenteling. Vanaf daardie datum vind daar 'n enorme groei in welvaart plaas en 'n snelle ontwikkeling op die gebied van die nywerhede. Die belang van arbeid sou logies dienooreenkomstig toegeneem het.

Sedert die tweede helfte van die Republikeinse periode en gedurende die Prinsipaat, was Rome 'n wêreldmag. Aangehelp deur oorlogsbuit verkry deur talle oorwinnings en belastings wat deur die verowerdes betaal is, het die ekonomie gebloei en in wese onveranderd gebly tot en met die opkoms van die na-klassieke dwangstaat. Die politieke krisisse teen die einde van die Republiek sowel as die verandering van konstitusionele bestel in 27 vC het (anders as wat die geval was na 264 vC) nie gelei tot radikale veranderinge op ekonomiese en sosiale gebied nie. Eers teen die einde

---

60 Oor die noodwendigheid van periodisering in regshistoriese navorsing vgl Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 19 ev. Wat die oorsprong van die begrip "Klassieke Romeinse reg" betref vgl Schulz F *Geschichte der Römischen Rechtswissenschaft* Weimar 1961 117.

61 Schulz *Geschichte* 117 ev; vgl egter Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 23 wat effe versigtiger is met die gebruik van die woord klassiek. Kenmerke van die klassieke regswetenskap ook by Kaser *Römisches Privatrecht* 1 181 ev.

van die klassieke periode (*circa* 250 nC) vind daar sodanige omwentelinge plaas dat daar 'n breuk met dit wat voorafgegaan het, intree:[62] *humiles sublimitate, sublimes humilitate mutantur* som Tertullianus[63] die posisie in 197 nC op.

Die ekonomiese toestande gedurende die na-klassieke periode sal nie in hierdie studie aangeraak word nie.[64]

1.2 VANAF DIE VROEGSTE TYE TOT EN MET DIE KHARTAAGSE OORLOË

1.2.1 Ekonomiese en sosiale agtergrond

Die eerste aanduidings van 'n nedersetting op die *Mons Palatinus*[65] dateer uit die 10de eeu vC.[66] Die eerste nedersetters, bekend as die *Latini,* het 'n bestaan gemaak as vee- en ook in 'n beperkte mate, saaiboere.[67] Geleidelik het die *Latini* met die

---

62 In kontras hiermee identifiseer Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 142 die volgende periodes as van belang by die geskiedenis van hande-arbeid in Rome: vanaf die Koningstydperk tot en met die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum*; die periode van Hellenisering; die Prinsipaat en ten slotte; die Dominaat. Myns insiens word die indeling van Behrends meer deur juridiese, filosofiese en konstitusionele faktore bepaal as deur sosiale en ekonomiese faktore wat immers die basis van arbeidsverhoudings daarstel. Alföldy G *The Social History of Rome* (vertaling van *Römische Sozialgeschichte*) London 1985 xi wys op die probleme wat bestaan ten opsigte van die periodisering van die Romeinse sosiale geskiedenis. Alföldy maak die volgende indeling: die argaïese periode; die Republiek vanaf die 4de eeu vC; die veranderinge gedurende die 2de eeu vC en die val van die Republiek; die vroeë Prinsipaat; die krisis van die derde eeu nC; die Dominaat. Louis *Ancient Rome at Work* asook Heitland WE *Agricola. A Study of Agriculture and Rustic Life in the Greco-Roman World from the Point of View of Labour* Cambridge 1921 131 se indeling stem min of meer met my indeling hierbo ooreen.

63 Tertullianus *Apologeticum* 20 2; vgl Alföldy *Social History* 176 ev.

64 Daar bestaan 'n magdom literatuur wat hierdie periode dek. Die werk van Jones *Later Roman Empire* is steeds gesaghebbend; vgl ook Rostovtzeff *Social and Economic History* 393 ev; De Martino F *Storia economica di Roma antica* Firenze 1980 357 ev. Ten opsigte van die arbeidsreg gedurende daardie periode kan De Robertis FM *Lavoro e Lavoratori nel Mondo Romano* Bari 1963 243 ev geraadpleeg word.

65 Vir besonderhede en moontlike rede waarom die plek (die middelste van Rome se 7 heuwels en normaalweg bekend as die *Palatium*) vir bewoning uitgekies is, vgl Platner SB, T Ashby *A Topographical Dictionary of Ancient Rome* 1929 herdruk Rome 1965 374.

66 Vgl Momigliano *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 52 ev; Alföldy *Social History* 2; Frank T *An Economic History of Rome* New York 1927 1 ev; Kaufmann *Altrömische Miete* 102.

67 Vgl oor die algemeen Gjerstad ER *Early Rome* 6 vols Lund 1953-1973 1 155-157 wat oortuigende argeologiese bewyse hiervoor aanvoer.

Sabini, die *Fabii*, *Aurelii* en die *Claudii* vermeng en teen die sesde eeu vC begin daar 'n verstedelikingsproses wat ontwikkel in die stadstaat Rome wat aansienlik uitgebrei is deur die inlywing van aangrensende nedersettings binne die *pomerium*.[68]

Rome se ekonomiese en sosiale geskiedenis sedert die einde van die sewende eeu vC moet noodwendig geskryf word in terme van die Etruskiese oorheersing van Latium en groot dele van die Italiaanse skiereiland.[69] Nie alleen kan die stigting van Rome as stadstaat aan die Etruskiese invloed toegeskryf word nie maar ook op die gebied van die godsdiens, staatsadministrasie, ekonomiese en sosiale lewe het die Etruskers 'n stempel afgedruk wat vir eeue daarna nog kenmerkend van die Romeinse samelewing sou wees.[70]

Vir Rome het die Etruskiese oorheersing 'n periode van groei ingelei. Die hardwerkende Etruskers het 'n hoë mate van tegniese vaardigheid gehad en was op kulturele gebied onmiskenbaar die meesters van die Romeine.[71] Die Etruskiese hegemonie oor Rome word gevolg deur 'n merkbare toename in bou-aktiwiteite en die vestiging en ontwikkeling van bedrywe soos koper en goudsmeewerk.[72] Vakmanne en werkers het vanuit ander dele van Latium na Rome gekom om daar te werk[73] en hulle word deur die Etruskiese konings, kort na die begin van die Etruskiese oorheersing, in *collegia* ingedeel.[74]

---

68 Die *pomerium* was, vir godsdienstige doeleindes, beskou as die buitenste grens van die stad. Vgl Varro *De Lingua Latina* 5 143: *Post ea qui flebat orbis, urbis principium, qui quod erat post murum, [pomerium] dictum...*; Festus *De Verborum significatu* sv "Posimirium": *pontificale pomoerium, ubi pontifices auspicabantur ambiebat praeter Aventinum...* : Platner SB, T Ashby *Topographical Dictionary of Ancient Rome* 1929 herdruk Rome 1965 392.

69 Oor die Etruskers bestaan daar 'n magdom literatuur. Hier kan bloot verwys word na Banti L *Die Welt der Etrusker* Stuttgart 1963; Pallottino M *Etruscologia* Milaan 1972; Bonfante L *Etruscan Life and Afterlife. A Handbook of Etruscan Studies* Detroit 1986; Heurgon J *Die Etrusker* (vertaling van *La vie quotidienne chez les Etrusques* Parys 1961) Stuttgart 1977.

70 Vgl Alföldy *Social History* 2 n 5 en die gesag aldaar.

71 Vgl bv Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 92 ev en veral die voorbeelde van Etruskiese juweliersware vanuit die sewende en sesde eeue vC waarin hulle tegniese vaardigheid blyk. 'n Goeie voorbeeld is die goue borsspeld gevind in die Regolini-Galassi Tombe te Cerveteri wat dateer tussen 670-650 vC ('n foto verskyn op 102).

72 Vgl Frank *Economic History* 32; Alföldy *Social History* 3; De Martino *Storia Economica* 8.

73 Vgl Livius *AUC* 1 56 1; Plinius *NH* 35 45 154; Alföldy *Social History* 9.

74 Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 154 ev; oor die *collegia* is die werk van Waltzing JP *Étude historique sur les corporations professionelles chez les romains depuis les origines jusqu'à la chuite de l'Empire d'Occident* 4 vols Louvain 1895-1900 onontbeerlik. Vgl

Uitgebreide handel met ander dele van Etrurië, die Griekse kolonies in die suide van Italië en Khartago[75] het die permanensie van die vakmanne en werkers te Rome verseker. Hierdie klas van die bevolking van Rome, wat onderskei moet word van die *clientes,* het later as die *plebs* bekend gestaan.[76]

Volgens tradisie het die Romeine die Etruskiese juk in *circa* 508 vC afgeskud en 'n Republiek gestig. Die staatsvorm het slegs teoreties verander, prakties was dit 'n oligargie met die oppergesag steeds in die hande van enkelinge, in talle gevalle van Etruskiese oorsprong.[77] Op ekonomiese gebied het die breuk met Etrurië rampspoedige gevolge gehad. De Martino[78]beskryf dit as 'n periode van krisis en ekonomiese probleme. Rome is aanvanklik uit die Latynse konfederasie geweer en het in 'n staat van vyandigheid met Etruria verkeer. Handel met ander volke en veral die invoer van grondstowwe soos yster vanaf die Etruskiese myne op die eiland Elba, kom tot 'n abrupte einde.[79] Die afwesigheid van goedere ingevoer vanuit Griekeland en die Ooste[80] sowel as die agteruitgang van die hawe te Ostia[81] gedurende die periode getuig van die ekonomiese resessie waarin Rome verkeer het.

Die jare wat volg op die stigting van die Republiek is gekenmerk deur epidemies, hongersnood,[82] interne sowel as eksterne konflik[83] en gevolglik armoede.[84] Talle

---

ook die bespreking op 27 ev hieronder.

75 Vgl bv die handelsverdrag met Khartago in 509-508 vC wat die bestaan van handelsbande bevestig: Polyblus 3 22 (vertaling verskyn in Frank T *Economic Survey of Ancient Rome* (5 vols) New Jersey 1959 1 34).

76 Die oorsprong of identiteit van die *plebs* en *clientes* het tot groot meningsverskille aanleiding gegee. Ek gaan akkoord met die uiteensetting daarvan deur Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 154 ev, maar ontken nie die moontlikheid van die bestaan van 'n *plebs rustica* nie; vgl Alföldy *Social History* 9; De Martino *Storia Economica* 15. Die hele kwessie betreffende die samestelling van die vroeë Romeinse gemeenskap bly nogtans spekulatief soos Kaufmann *Altrömische Miete* 130 n 645 self toegee. Vgl ook Kaufmann *Altrömische Miete* 129 n 644.

77 Alföldy *Social History* 4.

78 *Storia Economica* 13.

79 Vgl Frank *Economic History* 44; De Martino *Storia Economica* 13.

80 Uit die periode 500-450 vC is daar te Rome 145 argeologiese vondse van Griekse oorsprong, in die periode 450-420 vC neem dit af na 2 en in 420-400 vermeerder dit effe tot 7: De Martino *Storia Economica* 12.

81 Vgl Frank *Economic History* 44.

82 Vgl die herhaalde verwysings in Livius na hongersnood en 'n tekort aan graan alreeds gedurende dié periode: Livius *AUC* 2 9 6 (508 vC); Livius *AUC* 2 34 2-7 (492-1 vC); Livius *AUC* 2 51 2 (477 vC); Livius *AUC* 2 52 (476 vC); Livius *AUC* 3 31 1 (456 vC); Livius *AUC* 3 32 2 (453

pogings kom in die periode onmiddellik na die stigting van die Republiek voor om die arm bevolking van grond te voorsien en sodoende hulle lot te verbeter. Ongeveer 20 *leges agrariae* dateer uit die periode 486-367 vC.[85]

1.2.2 Die bestaan van arbeidsverhoudings

Die historiese ondersoek na arbeidsverhoudings voor die 2de eeu vC word bemoeilik deur die gebrek aan literatuur wat uit daardie tye dateer.[86] Uit die brokstukke wat wel oorgelewer is van die werke van die eerste Latynse outeur, Livius Andronicus,[87] blyk daar niks oor huur- of arbeidsverhoudings nie. Die vroeë geskiedskrywers (waarvan Q Fabius Pictor se naam uitstaan) moes meestal staatmaak op mondelinge oorlewering en die res invul met legendes.[88] Van Pictor se werke het daar niks behoue gebly nie; hy is as bron gebruik deur Dionysius van Halicarnassus en Livius wat hulle eie vertolking aan die inhoud van sy werk gegee het.

Uit dié gebrek, asook uit die feit dat daar geen noemenswaardige direkte skriftelike gegewens oorgelewer is van die tye vóór Andronicus nie, kan daar nou nie sonder meer konkludeer word dat daar geen individuele arbeidsverhoudings bestaan het nie. Die ondersoek word slegs gedwing op die gebied van die nie-literêre, om met behulp

---

vC); Livius *AUC* 4 12 6-11 (440 vC); Livius *AUC* 4 25 4 (433 vC); Livius *AUC* 4 30 7-11 (429 vC); Livius *AUC* 4 52 4-6 (411 vC); Livius *AUC* 5 31 5 (392 vC); Livius *AUC* 5 48 2 (390 vC).

83 De Martino *Storia Economica* 13 ev, 36 ev; Alföldy *Social History* 14.

84 Soos blyk uit die karige vondse in grafte wat uit die periode dateer asook die verbiedinge in die *Lex Duodecim Tabularum* teen die hou van uitspattige of duur begrafnisse (*Tabula* 10 3; *Tabula* 10 8): De Martino *Storia Economica* 14.

85 De Martino *Storia Economica* 16; vgl Rotondi G *Leges Publicae Populi Romanae. Elenco cronologico con una introduzione sull'attività legislativa dei comizi romani* Milano 1922 herdruk Hildesheim 1962 194-220.

86 Vgl Alföldy *Social History* 1; Frank *Economic Survey* 1 1; daar bestaan weinig literêre getuienis vanuit die periode van voor 280/240 vC. Wat die periode direk daarna betref is daar redelik betroubare gegewens beskikbaar in die werke van Livius, Polybius, Diodorus en Plutarchus.

87 *fl.* 240 vC (die presiese datums van sy aankoms in Rome is onseker). Vgl Fuhrman *Kleine Pauly* sv "Livius" B.I.

88 Vgl egter Frank *Economic History* 38 n 33 wat daarop wys dat daar moontlik wel 'n aantal verdrae, wette en ander dokumentêre gegewens as bronne kon dien.

van ander historiese gegewens die bestaan van arbeidsverhoudings te probeer navors.[89]

Die *Latini* wat, soos hierbo opgemerk, hulle moontlik so vroeg as die 10de eeu vC op die *Palatium* gevestig het, het met ander stamme (soos die *Sabini*) vermeng en teen die 6de eeu vC was die verstedeliking van Rome alreeds onderweg.[90] Soos reeds opgemerk,[91] kan die feit *per se* dien as bewys van die bestaan van arbeidsverhoudings. Hierby kom nog die feit dat nedersettings (as voorlopers van dorpe en latere stede) ook ontstaan as gevolg van die feit dat mense daartoe neig om in groepe saam te woon om sodoende hulle eie potensiaal te verwesenlik en om lewenskostes of energie so laag as moontlik te hou. Dit kan aanvaar word dat die vakman sou verkies om naby 'n potensiële klant te woon. Selfs in dié geval is dit duidelik dat verstedeliking in die finale instansie steeds deur ekonomiese motiewe gekenmerk word; sosiale behoeftes is sekondêr.[92]

Verstedeliking, ook in die beginstadium daarvan, sou in elk geval slegs moontlik wees indien daar op die gebied van die landbou meer goedere geproduseer sou word as wat streng gesproke nodig was vir huishoudelike gebruik deur die individuele boer en sy familie. Hierdie feit plaas 'n groot premie op die landbou wat op 'n konstante basis, by wyse van oor-produksie, sou moes verseker dat die nedersetting, as newe-produk van die surplus wat uit die grond verkry word, sou kon voortbestaan.

Die landbou sou wel in staat wees om in hierdie behoefte te kon voldoen. Uit die karige gegewens wat beskikbaar is, blyk dit dat Italië, vanaf die vroegste tye van haar geskiedenis, 'n relatiewe ryk landstreek was. Graan is op groot skaal in die suide van die skiereiland verbou. Sardinië, Sicilië asook Apulië was bekend vir die hoë gehalte wol wat daar geproduseer is en op industriële gebied het Campanië en Etrurië die

---

89 Iets wat in ieder geval, selfs al sou daar voldoende bronne-materiaal bestaan, essensieel sou wees. Vgl die opmerkings van Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 24; Alföldy *Social History* 1.

90 Alföldy *Social History* 2.

91 Vgl 1 hierbo.

92 Weber *The City* 66. Vgl egter Veyne *Bread and Circuses* 36 wat die sosiale sy sterk beklemtoon.

voortou geneem met pottebakkery en metaalwerk. Wyn en olywe was belangrike landbouprodukte van die Griekse stede in Suid-Italië en Sicilië.[93]

Of daar wel in die vroeë periode van die Romeinse geskiedenis (selfs voor verstedeliking[94] 'n realiteit geraak het) bepaalde aktiwiteite in die kader van huurverhoudings (met ander woorde waar werk of dienste teen vergoeding gedoen of verskaf word) sou kon plaasvind, sou eerstens van die samestelling en sosiale stratifikasie van die bevolking afhang,[95] en tweedens van die behoefte wat daar aan bepaalde vorms van werk of dienste sou bestaan.[96] Praktiese oorwegings lei eenvoudig tot die slotsom dat die ontstaan van afsonderlike beroepe,[97] los van die boerdery-aktiwiteite, sedert die vroegste tye bevorder sou word deur 'n aantal faktore soos die moeilikheidsgraad en belang van die werk of die skaarste van grondstowwe en instrumente wat moontlik nie deur alle segmente van die samelewing besit sou kon word nie.[98]

Ten opsigte van die latere geskiedenis van Rome kan daar met sekerheid gesê word dat daar wel huurverhoudings met werk of dienste as komponent daarvan kon bestaan. Wat die periode gedurende die eerste helfte van die eerste millennium vC betref moet daar op algemene gronde redeneer word. Dit sou in die eerste plek foutief wees om sonder meer te aanvaar dat die hele gemeenskap by die landbou betrokke was.[99] Die bevolking kon kwalik bestaan uit diegene wat landbou beoefen het en uit

---

93 Rostovtzeff *Social and Economic History* 9; De Martino *Storia Economica* 87 ev; Drummond *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 229 ev.

94 In die sin soos dit hierbo op 1 omskryf is.

95 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 120.

96 Vgl Weber *Wirtschaft und Gesellschaft* 86 ev, 199 ev.

97 Vgl hieroor ook die opmerking van Burford A *Craftsmen in Greek and Roman Society* London 1972 15: "Once society had moved on from the stage of hunting or food-gathering, once the community had evolved a lasting pattern of relationships and a regular economic give and take, there began to develop a place for the specialist craftsman who supplemented the production of the household or the cross-section of the community hitherto responsible (in the case of pottery manufacture, for example, the women of the community), and then gradually replaced it."

98 Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 143. Met Mayer-Maly 1965 *ZSS* 409 gee ek toe dat hier "*das welte Land der Hypothese*" betree word, maar die uitgangspunt kan as 'n fundamentele sosiologiese gegewe beskou word wat universeel geldend is. Vgl hieroor Weber *Wirtschaft und Gesellschaft* 86 ev 199 ev.

99 Soos wat Rostovtzeff *Social and Economic History* 13 doen.

die surplus opbrengs diegene gevoed het wat nie by die landbou betrokke was nie.[100]

Om voorts ook te aanvaar dat die gemeenskap moes bestaan uit dié wat geveg het en dié wat gewerk het, is naïef.[101] 'n Fyner indeling moes moontlik gewees het as gevolg van die feit dat mense se vermoëns verskil en dit 'n differensiasie in eiendom (roerend sowel as onroerend[102]), aansien en mag veroorsaak.

Ook moes daar 'n verskil bestaan het tussen die veeboere en die boere wat hoofsaaklik van saaiboerdery afhanklik was.[103] In laasgenoemde geval was die ononderbroke besit van 'n bepaalde stuk grond die voorwaarde vir oorlewing, in teenstelling met veeboere of jagters wat nomadies was. In elk van die gevalle word daar ander instrumente benodig om oorlewing te verseker wat ten opsigte van bepaalde items 'n groter aanvraag sou skep in die een samelewing as in die ander.

'n Verandering van gebied in die geval van nomadiese veeboere of blote oorlewing op een plek in die geval van saaiboere, is ondenkbaar sonder (militêre) leiers. Daar kan aanvaar word dat daar alreeds op 'n vroeë stadium individue was wat op ekonomiese of militêre gebied oor meer as gemiddelde mag beskik het wat slegs in toom gehou sou kon word deur konkurente in die stam of gemeenskap. Op hierdie basis sou die magtigste individu dan aan die hoof van die gemeenskap gestaan het (in 'n vorm van koningskap?) en sou waarskynlik van die ander onderskei word deur 'n groter as

---

100 'n Feit wat intuïtief deur Kaufmann *Altrömische Miete* 119 aangevoel word.

101 Vgl dié indeling van Auguste Comte soos aangehaal in Louis *Ancient Rome at Work* 37.

102 In die geval van onroerende eiendom kan daar op hierdie stadium kwalik gepraat word van eiendomsreg; dit sal waarskynlik meer korrek wees om te praat van individuele beheer: Kaufmann *Altrömische Miete* 111 en die gesag in n 558; Kaufmann se poging om deur middel van die etimologie en argeologiese getuienis te probeer bewys dat *heredium* alreeds teen 1500 vC vatbaar was vir individuele besit oortuig nie: Mayer-Maly 1965 *ZSS* 412. Etimologie kan normaalweg slegs vir die regshistorikus van nut wees indien daar aangetoon word dat die woord en die instelling wat daarmee in verband gebring word, gelyktydig ontstaan het. Vgl Watson A 1966 *TvR* 110 (resensie van Kaufmann *Altrömische Miete*).

103 Frank *Economic History* 2; Kaufmann *Altrömische Miete* 119.

gemiddelde huis en meer persoonlike besittings.[104] Logies sou hierdie 'leier' op die steun van 'n meerderheid aldus vermoënde families moes kon staatmaak.

Om dié heersende groepe in die gemeenskap as die adel (patrisiërs)[105] te beskryf sou nie foutief wees nie, so ook nie om te aanvaar dat die adel meer grond as die meerderheid van die bevolking sou besit of bewerk nie. As gevolg van militêre verpligtinge en die feit dat hulle waarskynlik meer bates en grond besit het as die res van die gemeenskap sou die adel nie altyd in staat gewees het om self hulle grond te bewerk nie. Indien hierdie uitgangspunt aanvaar word, volg dit dat dié werk aan buitestaanders oorgelaat sou moes word met as vergoeding 'n deel van die oes.[106]

Op die gebied van die landbou kan die bestaan van arbeidsverhoudings dus reeds op 'n vroeë tydstip aanvaar word.[107] In die eerste plek kan daar nie sonder meer aanvaar word dat daar deurgaans voldoende mannekrag op die plase beskikbaar sou wees nie en dat daar, op bepaalde tye wanneer 'n groot aantal werkers en of werktuie benut sou word (soos byvoorbeeld oestyd), nie 'n tekort aan arbeid sou wees nie.[108] Dit is onwaarskynlik dat die boer 'n groot aantal werkers sou aanhou bloot ter wille van die enkele gevalle waar hulle dienste benodig sou word. Dit kan aanvaar word dat die familie op hulle eie kragte staatgemaak het en wanneer dit nie voldoende was nie, die hulp van buitestaanders sou inroep. Persone wat nie self op sodanige tye oor grond om te bewerk, beskik het nie, sou in staat gewees het om die nodige arbeidskragte of implemente te verskaf.

---

104 Ter illustrasie kan verwys word na die persoon wat in 'n tombe op die *Esquilinus* begrawe is en wat dateer uit 650 vC. Die persoon het waarskynlik die status van 'n leier gehad. In die tombe is gedeeltes van 'n koets, 'n brons helm en skild met merke aangetref: Gjerstad ER *Legends and Facts of Early Roman History* Lund 1962 20. Leiers het ook moontlik groter hutte gehad: vgl die onlangse vonds van 'n groot hut (11,5m x 6,5m) te S Giovenale wat uit die 7de eeu vC dateer: Gjerstad *Legends and Facts of Early Roman History* 20.

105 Waaronder bloot die welvarende lede van die gemeenskap verstaan moet word: Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 240.

106 Finley *Ancient Economy* 66. Dat die vergoeding waarskynlik uit 'n deel van die oes sou bestaan volg uit die feit dat die *aes rude* (ru-koper) wat sedert 1 000 vC as betaling gegeld het, nie oraals aldus aanvaar is nie. Die *aes grave* (gemunte koper) verskyn eers teen ongeveer 300 vC op die toneel: Chantraine *Kleine Pauly* sv "Aes rude", "Münzwesen". Vgl ook n 263 hieronder.

107 De Robertis *Rapporti di Lavoro* 4; Kaufmann *Altrömische Miete* 119 ev.

108 Vgl Finley *Ancient Slavery* 68; De Robertis *Rapporti di Lavoro* 4.

Die vraag wat onwillekeurig hieruit voortvloei, is of daar wel in voldoende getalle persone teenwoordig kon wees wat op versoek, of deurlopend, hulle dienste tot die beskikking van ander sou kon stel. In 'n agrariese samelewing is 'n imperatief vir die aanvaarding van die moontlike bestaan van arbeidsverhoudings immers die teenwoordigheid van persone wat nie self as besitters van grond hulle voortbestaan sou kon verseker nie.[109]

Alhoewel daar met redelike sekerheid aanvaar kan word dat daar van vroeg af reeds slawe (of persone wat daarmee gelykgestaan het) teenwoordig was,[110] kan betwyfel word dat hulle 'n beduidende rol gespeel het. Die grondgebied van Rome het 'n klein area op die regter-oewer van die Tiber beslaan en dié feit op sigself het die gebruik van groot getalle slawe oorbodig gemaak.[111] Eers na die periode van Etruskiese oorheersing, met die uitbreiding van Rome se grondgebied, begin slawe 'n duideliker rol speel.[112]

Uiteraard sou ook diegene wat self nie oor grond beskik het nie, dus aangewend moes word om die werk te doen.[113] Dié grond- of besitloses was ook vir hulle

---

109 Vgl Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 234-5.

110 Vgl die opmerking van Fustel de Coulanges "[Slavery] was a primordial fact, contemporary with the origin of society" (aangehaal in Finley *Ancient Slavery* 67). Vgl ook Westermann WL *The Slave Systems of Greek and Roman Antiquity* Philadelphia 1955 1; Frank *Economic History* 41; Macqueron *Travail des hommes libres* 3. Hier kan moontlik ook na aanleiding van die praktyk van die volke in die midde-Ooste asook die Mediterreense streek, waar slawerny goed ingeburger was in die daaglikse lewe, aanvaar word dat dit heel waarskynlik ook deur die inwoners van die Italiaanse skiereiland toegepas is. Vgl Keydell *Kleine Pauly* sv "Sklaverei" vir 'n aanduiding van hoe wyd die praktyk in die antieke versprei was. De Martino *Storia Economica* 69 se stelling "In origine Roma non conosceva la schiavitú" is moontlik te radikaal.

111 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 232.

112 Frank *Economic Survey* 1 11 n 22.

113 Daar kan weinig twyfel bestaan dat daar wel persone sou wees wat nie self oor enige of voldoende grond beskik het nie: Kaufmann *Altrömische Miete* 121 n 603. Hierdie klas van die bevolking moet onderskei word van die *clientes*. Vir 'n bespreking van die onderskeid tussen dié historiese *quasi cliens-patronus* verhouding met dié van die Republikeinse periode vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 122. 'n Beter beskrywing vir die groep besitloses is waarskynlik *proletarii*. Oor die *proletarius*, wat dui op arm persone wat ryk is aan kinders, vgl Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Proletarii": *Proletarii dicti sunt plebei, qui nihil rei publicae exhibeant, sed tantum prolem sufficiant*; Cicero *De Republica* 2 22 40 ... *proletarius [Servius] nominavit, et ex iis quasi proles, id est quasi progeniis civitatis, expectari videtur.* Die *proletarii* moet onderskei word van die *clientes* wat in 'n bepaalde sakraalregtelike verhouding tot die *patronus* gestaan het soos blyk uit die *Lex Duodecim Tabularum* VIII 21: *Patronus si clienti fraudem fecerit, sacer esto.* Indien alle besitloses as *clientes* sou kon kwalifiseer, sou die

voortbestaan afhanklik van die opbrengste van die grond en sou dit logies kon bekom as teenprestasie vir die bewerking van die grond van ander, of die daarstelling van vervaardigde artikels (wapens, juwele, potte, bouwerke ensovoorts).

Dit is ook 'n historiese imperatief dat daar selfs in die primitiewe nedersetting in Latium sommige produkte vir die daaglikse lewe nodig was waarvan die vervaardiging 'n langer opleiding en 'n hoër mate van kundigheid of vaardigheid geverg het wat nóg deur 'n ieder en 'n elk, nóg deur die grondeienaar of sy familie bemeester sou kon word.[114] Persone wat oor sodànige kundigheid beskik het, sou waarskynlik hulle arbeid of dienste tot beskikking van ander gestel het en sodoende binne die trefwydte van arbeidsverhoudings geval het. In ruil daarvoor het die vakman die een of ander vorm van vergoeding ontvang.

Die wete dat vergoeding as 'n reël vir bepaalde werk ontvang sou kon word, kan as 'n onontbeerlike voorvereiste gesien word vir die bestaan van arbeids- of meer algemeen huurverhoudings.[115] Slegs waar die vakman of werker op 'n gereelde basis die geleentheid gebied word om 'n bepaalde produk te vervaardig of om sekere werk te doen, sou daar sprake wees van 'n gespesialiseerde kennis of vaardigheid wat kon ontwikkel.[116]

As gevolg van die suiwer ekonomiese motiewe en die (normaalweg) tydelike aard daarvan, kan verwag word dat daar 'n sakraal-regtelike basis moes bestaan het[117] wat die verhouding tussen die partye sou reël. Die feit dat daar ten opsigte van die vroeë tyd aanvaar kan word dat die werker (as die ekonomies swakkere) geheel en

---

reël onbegryplik wees: Kaufmann *Altrömische Miete* 123 ev; Jones *Cambridge Ancient History* 7 420 ev. Ook die prosesregtelike reël dat die *proletarii* nie 'n *assiduus* as *vindex* benodig nie, asook die feit dat die *pater familias* sy kind kon 'verkoop' - iets wat kwalik moontlik sou kon wees indien die *pater familias* in 'n sakraalregtelike verhouding soos dié tussen *patronus* en *cliens*, gestaan het, is aanduidings van die feit dat *proletarii* 'n aparte klas daargestel het. Vgl ook Alföldy *Social History* 17.

114 Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 142.

115 Contra: Kaufmann *Altrömische Miete* 130.

116 Vgl Herskovits MJ *Cultural Anthropology* 1966 140-1 (aangehaal in Burford *Craftsmen* 15 n 10).

117 Vgl Zlinsky J "Arbeit im archaischen Rom" 1989 *RIDA* 433. Contra: Kaufmann *Altrömische Miete* 130.

al aan die mag van die adel uitgelewer sou word en moontlik sonder uitsondering die werk op die grond van laasgenoemde sou verrig, maak so 'n aanname noodsaaklik.

Daar is sprake dat daar alreeds vanaf die vroegste tye aan bogemelde vereistes voldoen is en dat hierdie verhoudings ook daarop gemik sou wees om voedsel of grond teen die verrigting van dienste of werk te ontvang. Hierin kan die oorsprong van latere arbeidsverhoudings moontlik geleë wees. Gedurende die neolitiese tydperk was Italië deel van die opkomende Europese kultuur.[118] Sommige wapens en handwerktuie wat later in die ryk in omloop was, was alreeds bekend en daar bestaan aanduidings dat daar spesialisering op die gebied van die vervaardiging daarvan kon bestaan. Soos in die res van Europa,[119] gee die gebruik van brons en yster sedert 800 vC vir die eerste maal aanleiding tot die ontwikkeling van gespesialiseerde beroepe naas die geslote tuis-ekonomie wat op daardie stadium bykans die enigste vorm van ekonomiese aktiwiteit was.[120]

In die meer as 100 grafte in die omgewing van Rome (waarvan die vroegste uit die 10de eeu vC dateer) is daar goedere gevind wat ooreenstemming vertoon met dit wat uit die latere geskiedenis van Rome dateer.[121] Hieruit kan 'n kontinuïteit vasgestel word en met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat die vervaardigers daarvan die voorouers van die latere *Latini* was.

Aangesien dié vondse[122] daarop wys dat daar 'n groot mate van kundigheid alreeds op daardie vroeë stadium teenwoordig was, asook die feit dat die items wat 'n mate van spesialisasie vereis het oor 'n groot gedeelte van die Italiaanse skiereiland verspreid is, lyk dit asof daar swerwende vakmanne[123] geleef het wat hulle

---

118 Kaufmann *Altrömische Miete* 101.
119 Kaufmann *Altrömische Miete* 102 en die literatuur in n 497.
120 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 20-21; De Martino *Storia Economica* 8.
121 Kaufmann *Altrömische Miete* 103 en die gesag aldaar aangehaal.
122 Vollediger besonderhede kan gevind word by Kaufmann *Altrömische Miete* 104 n 509.
123 'n Praktyk wat algemeen oor die Mediterreense gebied voorgekom het. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 128 asook n 640 en die gesag daar aangehaal. Dit is wel ook moontlik, soos Macqueron *Travail des hommes libres* 4 beweer, dat daar in individuele dorpies een of meerdere vakmanne kon woon wat voorwerpe uit brons en klei vervaardig het. Vgl ook Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 142.

handewerk tot die beskikkking van die primitiewe boere gestel het.[124] 'n Tweede moontlikheid is dat daar alreeds op daardie stadium professionele persone aan die werk was wat, óf die mark oorheers het, óf hulle stempel so sterk daarop afgedruk het dat hulle produkte deur ander vakmanne nageboots is.[125]

Hierdie was waarskynlik (vry) persone wat teen vergoeding goedere of dienste gelewer het. Die swerwende of onafhanklike vakmanne sou noodwendig vry moes wees en sou ook hulle dienste of goedere teen vergoeding moes lewer ten einde hulle onafanklikheid te behou en hulle voortbestaan te verseker.[126]

Gedurende die 7de eeu vC het Rome onder die Etruskiese invloed gekom. Die Etruskiese stede het hulle groei te danke gehad aan mynbou en verwante bedrywe ondersteun deur handel. Hierdie feit het sonder twyfel gelei tot 'n toename in die belang van arbeidsverhoudings in Rome en, soos die res van die stede wat lede was van die Etruskiese konfederasie, is die stad se bevolking verdeel in twee groepe: die aristokrasie en die laer klasse bestaande uit, onder andere, vakmanne en ander werkers.[127]

Argeologiese vondse in die vorm van pottebakkersware, brons juweliersware en ysterware soos miniatuurskeermesse en wapens, bevestig die feit dat daar alreeds teen die 6de eeu vC in Rome persone teenwoordig was wat die beroepe van pottebakker, vakman en smid voltyds of sporadies beoefen het. Daar is ook aanduidings dat 'n gespesialiseerde boubedryf besig was om teen die 6de eeu vC te ontwikkel.[128]

---

124 Ander voorwerpe wat vanuit dieselfde gebiede afkomstig is, is grof en onafgewerk. 'n Moontlike aanduiding van die rudimentêre vakmanskap wat deur die primitiewe boere (in teenstelling met dié rondreisende vakmanne) aan die dag gelê is. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 104 n 511.

125 Laasgenoemde moontlikheid kan met sekerheid ten opsigte van die periode 625-575 vC geopper word: Gjerstad *Legends and Facts of Early Roman History* 18.

126 Solazzi "Il lavoro libero nel mondo romano" 144.

127 Alföldy *Social History* 3.

128 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 102 vir nadere besonderhede en veral verwysings na spesifieke items wat op 'n hoë mate van spesialisasie of vaardigheid aan die kant van die maker dui.

Die eerste ondubbelsinnige aanduiding van die moontlikheid dat daar vakmanne kon bestaan binne arbeidsverhoudings, dateer uit die heerskappy van die Etruskiese koning Numa Pompilius,[129] en is afkomstig vanaf Plutarchus,[130] Livius[131] en Cicero.[132] Volgens Plutarchus het Numa die volgende beroepe identifiseer: fluitspelers, goudsmede, bouers, verwers, leerwerkers, leerlooiers, kopersmede en pottebakkers wat deur die koning in nege *collegia* verdeel is met die doel om die bevolking bestaande uit opponerende Latynse en Sabynse faksies, te verenig.[133] Alle ander vakmanne is in 'n negende *collegium* verenig. Dit is onseker welke vakmanne of beroepe in laasgenoemde *collegium* sou tel.[134]

Die *raison d'être* vir die *collegia* moet nie gesoek word in 'n poging om op ekonomiese gebied groter mag aan die werkers te gee nie,[135] ook moet daar nie 'n besondere betekenis geheg word aan die volgorde waarin die *collegia* deur Plutarchus genoem is nie.[136] Die bestaan van die *collegia* moet gesien word in die lig van die argaïese sosiale sisteem van Rome wat onder die Etruskiese oorheersing sy beslag gekry het.

---

129 Volgens tradisie was Numa Pompilius die tweede koning van Rome wat 715-673 vC regeer het. Oor die bestaan van Numa as 'n historiese figuur hoef daar nie getwyfel te word nie: Last *Cambridge Ancient History* 7 374 ev.

130 Plutarchus *Numa* 17.

131 Livius *AUC* 1 43 3.

132 Cicero *De Republica* 2 22 40.

133 Plutarchus *Numa* 17. Vgl ook Plinius *NH* 34 1 1 .. *a rege Numa collegio tertio aerarium fabrum instituto* ...; Plinius *NH* 35 46 159 *Numa rex septimum collegium figulorum instituit*; Livius *AUC* 1 43 3: ... *Additae ... duae fabrum centuriae*; Florus *Epitome* 1 6 3; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 62 5. Die *collegia* moet nie met die latere middeleeuse gildes verwar word nie: Thomas "Monopolies and Cartels" 346. Vgl oor die algemeen ook De Robertis FM *Il diritto associativo romano dai collegi della repubblica alle corporazioni del Basso Impero* Bari 1938.

134 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1442.

135 Vgl De Martino *Storia Economica* 153; MacMullen *Roman Social Relations* 75; Thomas "Monopolies and Cartels" 346; De Robertis FM *Storia delle corporazioni e del regime associativo nel mondo romano* (2 vols) Bari 1971 1 37 se siening dat die *collegia* ingestel is vanweë 'n behoefte aan die kant van die werkers "..di ritrovarsi insieme nelle ore di riposo, si da mantenere intorno a sé un qualche vestigio dell'ambiente sociale della madrepatria" oortuig nie. Vgl ook die bespreking in Macqueron *Travail des hommes libres* 42 ev.

136 Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 157. Contra: Louis *Ancient Rome at Work* 48 wat ter motivering daarop wys dat die eerste drie *collegia* 'n belangriker rol in tye van oorlog gespeel het.

Die Romeinse samelewing tydens die koningstydperk is verdeel in twee strata: die aristokrasie en persone wat van hulle afhanklik was het die boonste stratum van die samelewing uitgemaak. Lede van die klas is horisontaal aan mekaar gebonde deur bloedverwantskap (die *gentes*) of sakrale bande (tussen lede van die *gentes* en *clientes*) baseer op die *fides*.[137] Die onderste stratum bestaan uit die *plebs*, dit wil sê groot getalle persone wat buite hierdie bande van bloedverwantskap[138] en ook nie as *clientes* nie, in Rome (of moontlik selfs daarbuite)[139] gevestig het.[140] Tussen die twee strata van die samelewing het daar geen bande bestaan nie en in teenstelling met die *gentes* het die *plebs* geen gemeenskaplike begraafplaas nie en het hulle deelname aan 'n gemeenskaplike kultus en bodem ontbeer.[141]

As gevolg hiervan sou die *plebes* van 'n aantal regsverhoudings uitgesluit word soos byvoorbeeld die verkryging van grond, sluiting van huwelike met die *patricii*, voogdy ensovoorts. Die instelling van die *collegia* moet in dié lig gesien word - hulle het eerstens ten doel om aan die plebeërs 'n verband met die grond te verskaf wat hulle aan die *gentes* sou gelykgestel; waar laasgenoemde 'n landelike kultus vereer het, so kry die stedelike bevolking nou aparte kultusse vir vakmanne en werkers.[142] In die tweede plek was dit 'n manier waarop daar verseker kon word dat die vakmanne wat *sine suffragio* in die stad onder die beskerming van die koning gewoon het, in ruil daarvoor tot gratis dienste of *munera* verplig kon word.[143]

---

137 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 162; Weber *The City* 100 ev.

138 Vgl Livius *AUC* 10 8 9 ... *[patricios] solos gentem habere*. In die lig hiervan moet die verbod op die sluiting van 'n huwelik met 'n plebeër gesien word. Vgl Livius *AUC* 6 1 2 *contaminari sanguinem suum patres confundique iura gentium*; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 163.

139 Wat moontlik lyk in die lig van die bepalings van die *Lex Publilia Voleronis* wat die verkiesing van die *tribuni plebis* ook uitbrei na al die *tribus* van Rome; Vgl Rotondi *Leges Publicae* 197. Contra: Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 162.

140 Wat ondersteun word deur die etimologie van die woord *plebes* wat afgelei is van *p(e)le* massa; oorvloed: Walde A, IA Hoffman *Lateinisch Etimologisches Wörterbuch* Heidelberg 1954 sv *plebes*. Die berig van Livius *AUC* 1 56 1 *...fabris undique ex Etruria accitis* werp moontlike lig op die herkoms van die *plebs*. Alföldy *Social History* 9 erken die bestaan van die *plebs* as aparte klas wat later ontstaan het maar ontken die Etruskiese oorsprong daarvan.

141 Weber *The City* 102; vgl ook Zlinsky "Arbeit im archaischen Rom" 433 ev.

142 De Robertis *Storia delle corporazione a Roma* 208 ev; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" n 86; De Martino *Storia Economica* 153. Vgl ook Louis *Ancient Rome at Work* 47 ev.

143 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 159 ev; Zlinsky "Arbeit im archaischen Rom" 429.

Die verbod teen die begin van die Republiek dat geen Romeinse burger 'n beroep as kleinhandelaar of handwerker kon beoefen nie,[144] moet gesien word as 'n verbod op *cives romani* om 'n lid van een van die *collegia* te word. Dit is verbode aangesien dit sou impliseer dat die *cives* deel van 'n vreemde kultus sou word en homself losmaak van sy oorspronklike stamverband. 'n Bewys vir die feit is geleë in die vorm van straf wat in die vroeë tye deur die *censores* opgelê is: *tribu movere et aerarium facere* (uitsetting vanuit die *tribus* en invoeging tot die werkersklas wat verplig was om *munera* te lewer).[145] Die straf is daarin geleë dat dit 'n verlating van die *gentes* en oorgang tot die *plebs* sou impliseer wat in die woorde van Livius *gentem non habent*.[146]

Later verander dit natuurlik en, soos afgelei kan word uit die indeling van die *plebs* in die *centuriae*, is daar min twyfel oor hulle status as *cives romani*.[147] Die plig om *munera* te lewer het verval.[148]

Die *collegia* het vanaf hulle instelling tot aan die einde van die Prinsipaat 'n suiwer sosiale en religieuse doel gedien.[149] Alhoewel hulle lede later ook *de facto* 'n belangrike politieke rol gespeel het,[150] het die *collegia* as sodanig slegs geringe invloed op individuele arbeidsverhoudings gehad. So is daar geen aanduiding dat die *collegia* op

---

144 Vgl Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 28 1.

145 Vgl Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 28 1; 9 25 2. In teenstelling met die *aerarius* staan die *assiduus*: *cum locupletes assiduos (Servius) appellasset ab aere dando.* Vgl Cicero *De Republica* 2 22 40; vgl ook Cicero *Topica* 2 10; Quintilianus *Institutio Oratoria* 5 10 55; Gellius *Noctes Atticae* 16 10 15.

146 Livius *AUC* 10 8 9.

147 Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 166.

148 Vgl bv die *collegium liticinum cornicum* wat nie meer soos vantevore as *munus* verplig was om die sinjaal te lewer nie aangesien dit deur die *censores* aan 'n ondernemer oorgelaat is: *qui de censoribus classicum ad comitia centuriata redemptum habent* (Varro *De Lingua Latina* 6 92).

149 Finley *Ancient Economy* 81 183; Macqueron *Travail des hommes libres* 52; De Robertis *Storia delle corporazioni* 1 37. Die feit verklaar ook waarom lidmaatskap van 'n *collegium* oop was ook vir persone wat nie daardie besondere beroep beoefen het nie. Vgl ook die bespreking op 121 hieronder.

150 Vgl bv Sallustius *Jughurta* 73 6; Sallustius *Catilina* 50 1; Cicero *De Domo Sua* 5 13; Cicero *Pro Flacco* 7 7 - 8 18; Cicero *Phillipicae* 1 5 12; Garnsey *The Roman Empire* 157; vgl ten opsigte van die einde van die Republiek Will W *Der römische Mob. Soziale Konflikte in der Späten Republik* Darmstadt 1992 41 ev.

enige stadium probeer agiteer het vir beter werksomstandighede of hoër lone nie.[151] Wat wel van belang is, is die feit dat die verskillende *collegia* as bewys dien van die bestaan van vry professionele persone wat alreeds vanaf die vroeë geskiedenis van Rome 'n bestaan gemaak het uit die verskaffing van werk en dienste.[152]

Afgesien van die berigte van Plutarchus, Livius, Cicero, Dionysius en Florus wat ongeveer 500 jaar later geskryf is en nie sonder meer as histories korrek aanvaar kan word nie[153] sal die akkuraatheid van dié historiese berigte ook deur middel van ander getuienis aangetoon word.

(i) Pottebakkery

Argeologiese vondse[154] bewys dat pottebakkery in die antieke 'n algemene verskynsel was en wat in die geval van Rome reeds uit die tiende eeu vC dateer.[155] Gebruiksartikels uit klei is oral waar geskikte kleigrond beskikbaar was eenvoudig tuis vervaardig.[156] Teen die sesde eeu vC het dit ook 'n gespesialiseerde bedryf geword soos blyk uit die tegnieke wat aangewend is en die kunstigheid en afwerking van die vervaardigde artikels.[157]

---

151 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 166; De Robertis *Storia delle Corporazioni* 1 37; Finley *Ancient Economy* 81.

152 Kaufmann *Altrömische Miete* 57 ev; De Martino *Storia Economica* 154; vgl ook Macqueron *Travail des hommes libres* 44; De Robertis *Forze di Lavoro* 37 ev.

153 Zlinsky "Arbeit im archaischen Rom" 424. Vgl ook Louis *Ancient Rome at Work* 47 ev.

154 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 68 n 301. Argeologiese vondse moet uiteraard met omsigtigheid vertolk word. Wheeler *Rome Beyond the Imperial Frontiers* 1955 109 (soos aangehaal in Finley *Ancient Economy* 33 n 49) noem die geval van die ontdekking van 39 *terra sigillata* potskerwe op die Sweedse Gotland eiland wat oor 'n area van 400 m^2 versprei was en wat later geblyk het almal van een pot afkomstig te gewees het.

155 Kaufmann *Altrömische Miete* 59; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1441; Gummerus H *Der römische Gutsbetrieb als Wirtschaftlicher Organismus nach den Werken des Cato, Varro und Columella* 1906 herdruk Aalen 1963 40 is van mening dat pottebakkery die oudste professionele aktiwiteit is.

156 Vgl Tibullus *Elegiae* 1 1 39 ev *Fictilia antiquus primum sibi fecit agrestis pocula de facili composuit luto*; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1441.

157 In teenstelling met die artikels wat vir huishoudelike gebruik tuis vervaardig is en wat oneweredig en swak gebrand is. Vgl Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 40.

Op 'n kruik wat uit die eerste helfte van die 6de eeu vC dateer[158] is 'n inskripsie met die woorde *Duenos me fecit* teen die einde sigbaar.[159] Die kruik kan as voorbeeld dien van 'n individuele bestelling wat binne 'n arbeidsverhouding kon plaasvind. Die kunstige aard en vaardigheid wat nodig was om die kruik te vervaardig, asook die inskripsie daarop waarmee die vervaardiger daarvan (Duenos) homself identifiseer het, maak dit onwaarskynlik dat dit bloot 'n produk was wat vir eie gebruik deur die vervaardiger bestem is.

'n Direkte bevestiging van die gespesialiseerde aard van pottebakkery en die professionele beoefening daarvan alreeds op 'n vroeë stadium is die volgende berig deur Plinius:[160]

> Vulcam Veis accitum, cui locaret Tarquinius Priscus Iovis effigiem in Capitolio dicandam; fictilem eum fuisse...[161]

Argeologiese vondse staaf die geloofwaardigheid van Plinius se berig en dui daarop dat Veii teen die einde van die 6de eeu vC 'n groot aantal gebakte klei-produkte vervaardig het.[162] Uit die berig van Plinius kan afgelei word dat die inheemse bedryf nog nie in staat was om werk wat 'n hoë mate van vaardigheid verg, te kon doen nie. Argeologiese gegewens staaf hierdie feit. Die inheemse pottebakkersware was van 'n swakker gehalte en meestal nabootsings van die ingevoerde ware uit Etrurië en Griekeland.[163]

---

158 Die presiese datum is onseker, dit dateer egter heel waarskynlik uit die 6de eeu vC; vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 59; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1444. 'n Foto van die kruik verskyn in Momigliano *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 77.

159 Vgl *CIL* 1 4; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1444; Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 59 vir 'n uiteensetting van die talle lesings waartoe dié inskripsie aanleiding gegee het. Kaufmann se eie lesing van *Bonos* in plaas van *Duenos* oortuig nie.

160 Plinius *NH* 35 45 157.

161 "Vulca van Veii is ontbied en Tarquinius Priscus het aan hom die maak van die beeld van Jupiter wat op die Capitolium gewy moet word, toevertrou; die beeld was van klei.."

162 Vgl bv die Apollo-groep wat in 1916 te Veii deur Gigioli ontdek is en waarvan 'n afbeelding in Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 165 verskyn ; vgl ook Bonfante se berig op 41 oor die uitgrawings te Veii.

163 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1443.

Die feit dat die plaaslike produkte op daardie stadium van 'n swakker gehalte was, het nie die beroep se ondergang beteken nie. Teen die 3de eeu vC is daar op die Esquilinus te Rome op groot skaal pottebakkery beoefen soos blyk uit die groot hoop kleiprodukte in die omgewing van die huidige *S Martino ai Monti*, wat lyk asof dit afvalstukke, afkomstig uit die werkspiekke van die pottebakkers, is.[164]

(ii) Smede

Metaalwerk moes, naas pottebakkery, ook van die eerste aktiwiteite gewees het wat deur vakmanne beoefen sou kon word.[165] Die inheemse (Romeinse) smede het ook aanvanklik onder die skadu van hulle Etruskiese eweknieë gewerk. Etruskiese metaalware was tot 400 vC algemeen in Griekeland in omloop en dit het later 'n hoë antikwariese waarde in Rome gehad. [166]

Die dominasie van Etruria op hierdie gebied beteken ook nie in dié geval dat daar geen inheemse metaalwerk was nie. 'n Goue haakspeld (*fibula*) wat dateer uit die laat 8ste eeu vC en waarop die woorde *Manios med fhe fhaked Numasio*[167] voorkom, is ook soos die geval van die *Duenos*-kruik 'n aanduiding van professionele aktiwiteit. Die maker (Manius) is van Latynse afkoms[168] (trouens, die inskripsie bevat die oudste Latynse teks wat bekend is)[169] en die kunstige wyse waarop die borsspeld gemaak is, veronderstel 'n groot mate van ervaring en kundigheid aan sy kant.[170]

---

164 Vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1445.
165 Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 42.
166 Horatius *Epistulae* 2 2 180, 2 3 21; Plinius *NH* 34 3 6 ev; vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1445.
167 *CIL* 14 4123. In latere Latyn sou dit eenvoudig wees: *Manius me fecit Numasio*.
168 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1443.
169 Momigliano *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 74.
170 Vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1443. 'n Afbeelding van die *fibula* verskyn in Momigliano *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 74.

Tensy dié borsspeld inderdaad 'n 19de eeuse vervalsing is,[171] lyk Kaufmann[172] se afleiding geregverdig dat dit in opdrag van die ontvanger wat daarop genoem is, vervaardig is. Dis is onwaarskynlik dat die stuk vir die maker self, of as geskenk of vir verkoop aan die publiek vervaardig is.

Uit Praeneste is ook 'n groot aantal *cistae* afkomstig.[173] Dat daar 'n noue samewerking tussen die metaalwerkers van Praeneste en die te Rome moes wees, bewys 'n inskripsie op die bekende *Fikoroniese Cista*:

"Novios Plautios med Romai fecid"[174]

Hierdie samewerking tussen die smede van Rome en dié te Praeneste maak dit ook moontlik dat sommige van die groot aantal spieëls wat te Praeneste vervaardig is, deur werkers afkomstig vanaf Rome vervaardig is.[175] Die perfeksionisme wat alreeds op daardie stadium bereik is, blyk uit die feit dat die brons wolvin wat in die Capitolium gevind is, waarskynlik reeds in 296 vC deur Romeinse smede gemaak is.[176] Uit dieselfde tydperk dateer die brons standbeeld van Q Marius Tremulus en die brons standbeelde van Jupiter en Hercules in die Capitolium.[177]

---

171 Die egtheid van die *fibula Praenestina* word sterk in twyfel getrek. Vgl Gordon AE *The Inscribed Fibula Praenestina: Problems of Authenticity* Berkeley 1975; Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 4; Guardussi M "La cosidetta Fibula Prenestina. Antiquari, eruditi en falsari nella Roma dell'Ottocento" 1980 *Memorie della Acc. Naz. d. Lincei. Classe di Scienze Morali* 413-562 (soos aangehaal in Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 167 n 115) probeer aantoon dat die *fibula* 'n vervalsing is wat gemaak is met die samewerking van die argeoloog Helbig! Die kontrovers het tot 'n ryke literatuur aanleiding gegee; vgl *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 691 ev.

172 *Altrömische Miete* 69.

173 Vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1445. 'n *Cista* was 'n silindervormige houer waarin toiletartikels gehou is en wat oor die algemeen kunstig versier is.

174 "Novius Plautius het my te Rome gemaak." 'n Afbeelding van die pragtige *cista* verskyn in Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 151. Die *cista* is een van die meesterstukke van Romeinse vakmanskap en dateer moontlik uit die jaar 315 vC. Die pote waarop die *cista* staan is gegiet in die vorm van leeu-kloue bo-op 'n padda. Die handvatsel bestaan uit drie figure wat Dionisius en twee satirs uitbeeld.

175 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 1445. Vgl die afbeeldings van spieëls wat vanaf Praeneste afkomstig is in Bonfante *Etruscan Life and Afterlife passim*.

176 Louis *Ancient Rome at Work* 68.

177 Vgl Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 412.

Alhoewel dit betwyfel kan word dat daar in die vroeë landelike gemeenskap goudsmede teenwoordig was, kon hulle te Rome sedert die begin van die Etruskiese oorheersing aktief geraak het.[178] Die mate van spesialisasie wat daar alreeds teen die begin van die Republiek in dié deel van die metaalwerkindustrie bestaan het, blyk uit die bepaling van die *Lex Duodecim Tabularum* wat verbied dat goud saam met dooies begrawe word maar dan goud wat vir tandheelkundige doeleindes in die mond van die oorledene geplaas is, van die verbod uitsluit.[179]

Dit is opvallend dat ystersmede nie deur Plutarchus[180] genoem is nie. Daar bestaan twee moontlike verklarings hiervoor. Eerstens, dat die indeling van Numa dateer uit 'n tyd voordat yster algemeen in Rome bewerk is. Die tweede (en meer waarskynlike) verklaring moet gesoek word in die betekenis van die woord χαλκεῖς wat deur Plutarchus gebruik is. Afgesien van bronssmede beteken die woord ook metaalwerkers, smede of meer spesifiek, ystersmede.[181] Dit sou dus nie vir Plutarchus nodig gewees het om laasgenoemde spesifiek te noem nie. Die Italiaanse ystertydperk begin teen 1000 vC en vanaf die Etruskiese oorheersing tot so laat as 205 vC is yster wat op Elba gemyn is te Rome bewerk.[182] Die behoefte wat daar aan wapens en werktuie bestaan het en die feit dat yster daardie behoefte sou kon bevredig, maak die bestaan van ystersmede in Rome vanselfsprekend.[183]

'n Deel van die aktiwiteite van die smid sou bestaan uit die herstel van goedere wat gebreek het. Ook in hierdie verband kan die bestaan van arbeidsverhoudings nie uitgesluit word nie.[184]

---

178 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1444.

179 *Tabula* 10 8 ... *neve aurum addito. At cui auro dentes iuncti escunt.* Vgl hieroor Wieacker 1956 *RIDA* 474 ev. 'n Afbeelding van valstande uit die Etruskiese periode wat met 'n dun band van goud aanmekaar vasgemaak is, kom voor in Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 251.

180 *Numa* 17.

181 Vgl Liddel HG, R Scott *A Greek-English Lexicon* Oxford 1940 herdruk met supplement Oxford 1968 shv.

182 Schrot *Kleine Pauly* sv "Eisen".

183 Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 42. Die begrip ystersmid *fabri ferrarii* kom eers by Plautus voor: *Rudens* 531.

184 Kaufmann *Altrömische Miete* 70.

(iii) Bouers

Die kleihutte wat die eerste nedersetters in Latium gebou het kon eenvoudig deur die bewoner self opgerig word.[185] Gedurende die tydperk van die Etruskiese oorheersing het die boubedryf egter al sodanig ontwikkel dat daar ruimte was vir vakmanne wat op hierdie gebied werksaam kon wees. Die *atrium*-tipe huise wat later kenmerkend van die argitektuur in Pompeii sou word, dateer uit die 6de eeu vC en Etruskiese huise vanaf die 5de eeu vC was ryklik versier en van duursame materiale gebou.[186]

Op die gebied van die argitektuur het die Romeine ook by die Etruskiese oorheersing gebaat.[187] Numa het spesiaal bouers vanuit Etruria laat kom om die tempel van Jupiter te laat bou.[188] Aangesien dié *aedes Jupiter Feretrius* nie buitengewoon groot was nie[189] moet slegs aanvaar word dat daar bouers met spesifieke vaardighede vir die bou van die tempel benodig was.

Gespesialiseerde bouwerk is beslis ook deur Romeinse vakmanne gedoen.[190] Die omvang van die boubedrywighede teen die 6de eeu vC maak dit bykans 'n uitgemaakte saak dat daar alreeds op daardie vroeë tydstip heelwat bouers doenig moes wees.[191] Die oorblyfsels van meer as duisend geboue uit die tyd wat tempels,[192] baksteenhuise met teëldakke,[193] kastele,[194] besproeiingsprojekte en die

---

185 Vgl die rekonstruksie van so 'n hut op die *Palatium* wat uit die vroeë ystertyd dateer in Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 190 en Momigliano *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 68.

186 Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 192. De Robertis *Storia delle corporazioni* 1 39 fouteer dus waar hy die *fabri* (Plutarchus *Numa* 17 verwys na τέκτονες) as skrynwerkers vertolk.

187 Vgl Plinius *NH* 35 45 154: *ante hanc aedem Tuscanica omnia in aedibus fuisse auctor est Varro*. Die tempel waarna Plinius verwys is die tempel van Ceres gebou in 493 vC: Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 109.

188 Livius *AUC* 1 56 1; vgl oor die teks Macqueron *Travail des hommes livres* 38 ev; sy siening "qu'il n'y avait pas encore de bons maçons á Rome á l'époque de Tarquin le Superbe" is gegrond slegs op dié berig van Livius en gaan nie op nie.

189 Volgens Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 34 4 was die langste mure daarvan nie meer as 15 voet nie. Vgl die bespreking in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 293.

190 Soos blyk uit die berig van Livius *AUC* 1 59 9: *Romanos homines opifices as lapicidas pro bellatoribus factos.*

191 Vgl oor die algemeen Kaufmann *Altrömische Miete* 62.

192 Kaufmann *Altrömische Miete* 62.

193 Vgl Gjerstad *Early Rome* 1 130ff.

194 Wat volgens Kaufmann *Altrömische Miete* 62 afgelei kan word uit name soos *Turrini* en die *turris Mamilia* as beskrywing vir die woning van 'n bepaalde familie.

cloaca maxima[195] ingesluit het, toon aan dat daar bouers met gespesialiseerde vakkennis teenwoordig moes wees: kennis wat alleen deur middel van ervaring opgedoen sou kon word en met gespesialiseerde werktuie uitgevoer sou kon word.

Ná die ampslokaal van die *censores* in 434 vC aan 'n private ondernemer oorgelaat is,[196] het die bou van tempels en fortifikasies (veral na die Galliese inval in 390 vC),[197] paaie en *aquaeductus* toenemend aan private ondernemers die geleentheid gebied om in terme van arbeidsverhoudings die opdragte uit te voer.[198]

Slegs inheemse persone (*latini*)[199] wat hulleself voltyds of hoofsaaklik met die boubedryf besig gehou het sou oor die fisiese middele en ervaring kon beskik wat hulle in staat sou stel om bogemelde projekte te kon uitvoer.[200] Patrisiërs is statutêr verbied om openbare boukontrakte te onderneem[201] en dus sou die fisiese verrigting van die bouwerk of die direkte toesig daaroor as 'n reël oorgelaat word aan ervare en bekwame bouers wat uit die geledere van die plebeërs sou kom. Aangesien hulle hierdeur hulle voortbestaan sou moes verseker, moes die werk noodwendig teen vergoeding verrig word. Ten opsigte van die oprigting van nuwe strukture sowel as die onderhoud van bestaandes, kan aanvaar word dat die aktiwiteite in die vorm van arbeidsverhoudings teen vergoeding verrig sou word.

In meeste van bogemelde gevalle kon die werk slegs gedoen word met behulp van 'n aantal helpers. Soos hieronder aangetoon sal word,[202] was daar in die vroeë geskiedenis van Rome (waarskynlik) nie voldoende getalle slawe teenwoordig gewees

---

195 Kaufmann *Altrömische Miete* 63.
196 Livius *AUC* 4 22 7; De Rugglero E *Lo stato e le opere pubbliche in Roma antica* Torino (sd) 172.
197 Vgl Livius *AUC* 5 37 ev.
198 Vgl Livius *AUC* 6 32 1; *AUC* 9 43 25; *AUC* 10 1 9; *AUC* 27 11 16; *AUC* 29 37 2; *AUC* 36 36 4; *AUC* 36 36 6; *AUC* 38 28 3; *AUC* 39 44 5; *AUC* 40 51 7; *AUC* 41 27 5 om maar net daardie gevalle op te noem waarin uitdruklik na *locatio* verwys word. Vgl ook Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1452.
199 Die moontlikheid dat hierdie vakmanne uit ander dele van Europa of selfs Afrika en Klein-Asië gekom het, word oortuigend deur Kaufmann *Altrömische Miete* 64 ev weerlê.
200 Kaufmann *Altrömische Miete* 63 en vgl die gesag in n 275; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 236.
201 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 29 en die gesag in n 68.
202 Vgl die bespreking op 80 ev.

om in hierdie behoefte te kon voorsien nie. Sodanige hulp kon as 'n reël verleen word deur die lede van die *proletarii*. Dat daar nie 'n tekort aan bouers en helpers was nie blyk uit die feit dat Servius in die 6de eeu vC daarin geslaag het om 'n muur wat ongeveer 8 kilometer lank was, rondom die stad te bou.[203]

Na die verdrywing van die Etruskers het die bou-bedryf bykans heeltemaal tot stilstand gekom en het dit eers weer teen die begin van die 4de eeu op dreef gekom met die herstelwerk aan die *Murus Servii*, die bou van die *Via Appia* (wat Rome met Capua verbind het), asook die *Aqua Appia*.[204]

(iv) Ander beroepe

Die bestaan van die ander beroepe wat deur Plutarchus, Livius en Cicero genoem word (fluitspelers, verwers, leerwerkers en leerlooiers), kan as hoogs waarskynlik aanvaar word.[205]

Fluitspelers sou ongetwyfeld sedert die koms van die Etruskers in Rome bekend gewees het. In die daaglikse lewe van die Etruskers het musiek 'n belangrike rol gespeel. In die woorde van Bonfante: "[t]he Etruscans, it was said, did everything to the sound of music: they fought battles, beat their slaves, hunted, and even cooked to the sound of music."[206]

In die vroegste Romeinse literatuur word na fluitspelers verwys[207] en die *Lex Duodecim Tabularum* plaas 'n beperking op die aantal wat tydens begrafnisse mag

---

203 Vgl Livius *AUC* 1 44 3; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 4 13 merk op dat die muur groter was as dié wat rondom Athene gebou is. 'n Bespreking van die *murus Servii Tullii* kom voor in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 350 ev; Frank *Economic Survey* 1 34. Dit is gebou uit kleinerige (gemiddeld 250mm x 600mm x 800mm) blokke tufsteen: Gjerstad *Ancient Rome* 3 27 ev. Die omvang van die muur kan waargeneem word op die topografiese kaart van Rome wat afgedruk is in Gross *Kleine Pauly* sv "Roma" II.

204 Mossé *Ancient World at Work* 101.

205 De Robertis *Storia delle Corporazioni* 1 39; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1442; Kaufmann *Altrömische Miete* 66.

206 *Etruscan Life and Afterlife* 261; vgl ook Aelianus *De Natura Animalium* 12 46 vir 'n beskrywing van 'n jagtoneel wat plaasgevind het met behulp van musikante.

207 Kaufmann *Altrömische Miete* 65.

optree.[208] Aangesien hierdie bepaling die bekamping van begrafniskoste ten doel gehad het,[209] kan aanvaar word dat die fluitspelers teen vergoeding 'n opdrag van die familie of erfgenaam uitgevoer het.[210]

Tinctores[211] het 'n belangrike rol gespeel in die antieke tyd,[212] en die antieke skrywers het ook 'n aantal studies oor kleure en kleurmetodes die lig laat sien.[213] Die aktiwiteite van *tinctores* het die verf van metaal, edelstene, glas en die kleur van tekstiele[214] ingesluit. Kleure is ook gebruik vir kosmetiese doeleindes om byvoorbeeld hare, naels en ooglede te kleur.

Die bestanddele vir en die vermenging van kleurmiddels is van geslag tot geslag deur die *tinctores* oorgedra.[215] Kleure en verfwerk het 'n belangrike rol gespeel in die tyd van die Etruskiese oorheersing.[216] Die eerste draer van die naam Pictor in die *gens Fabia* was 'n verwer. Die muurtekeninge wat dié eerste Pictor op die mure van die tempel van Salus[217] geskilder het en wat ruim 300 jaar later deur Plinius bewonder is,[218] het aan Fabius Pictor sy naam besorg.

Dit is twyfelagtig of die *tinctores*, wat op daardie stadium alreeds 'n gespesialiseerde werk gedoen het, ook as *fullones* opgetree het. Spin en weefwerk en die afwerking

---

208 *Tabula* X 3. Nie meer as tien fluitspelers kon optree nie.
209 Vgl Cicero *De Legibus* 2 23 59.
210 Kaufmann *Altrömische Miete* 68 wys ook op die parallelle wat daar bestaan het tussen die fluitspelers en die *praeficiae* (vgl 40 hieronder) en wat verdere bevestiging is van die feit dat die fluitspelers in terme van 'n huurverhouding opgetree het.
211 Plutarchus *Numa* 17 gebruik die woord βαφεων (wat foutiewelik deur Mommsen Th *History of Rome* (vertaling van *Römische Geschichte*) 5 vols London 1894 1 215 as *fullones* vertolk word.
212 Schrot *Kleine Pauly* sv "Färberei".
213 Vgl bv Plinius *NH* 9 60 125; Vitruvius *De Architectura* 7 13; vgl ook White KD *Greek and Roman Technology* London 1984 39 ev; Forbes RJ *Studies In Ancient Technology* Leiden (9 vols) 1955-1958 3 202 ev, 4 82 ev.
214 Vgl Plinius *NH* 9 62 133.
215 Forbes *Studies in Ancient Technology* 4 127.
216 Muurskilderye was 'n ou tradisie in Etrurië: Plinius *NH* 35 16 17 ev.
217 Gewy in 311 vC: Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 462.
218 Plinius *NH* 35 7 19; vgl ook Valerius Maximus *Memorabilia* 8 14 6.

van die geweefde doek, sou waarskynlik op daardie stadium 'n tuisbedryf nog in die hande van vroue gewees het.[219]

Die behoefte aan leerprodukte (soos klere vir soldate, helms, borsplate, skilde, broeke, mantels, kamaste, tente, tuie, harnaste, saals, skoeisel, matte en sitplekke vir meubels),[220] asook die feit dat die bewerking van leer tydrowend is, maak die bestaan van leerlooiers en vakmanne wat leerprodukte daargestel het,[221] waarskynlik. Dat daar 'n groot behoefte moes wees aan die dienste van *coriarii* (leerlooiers) en *sutores* (leerwerkers) raak duidelik as daar gewys word op die feit dat alreeds teen die 4de eeu vC velle uit die gebied van die Swartsee en ander lande in die Mediterreense streek ingevoer is om in die plaaslike aanvraag te voorsien.[222]

As gevolg van die uitbreiding van die stad sou daar 'n behoefte ontstaan het na die voorsiening van lewensmiddele en goedere aan die inwoners.[223] Indien die uitgebreide paaie-netwerk as maatstaf gebruik word, kan daar geen twyfel bestaan oor die belang van vervoer alreeds in die vroeë geskiedenis van Rome nie.[224] Teen die 2de eeu vC en waarskynlik alreeds lank daarvoor, was die vervoer van persone en goedere teen vergoeding geen ongewone verskynsel nie. Diegene wat *vecturis vivere* is alreeds teen die tyd van Varro[225] bekend. Vir Plautus het *vectura* ook die tarief waarteen vervoer geskied, beteken.[226]

---

219 Vgl Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 36; De Robertis *Storia delle Corporazioni* 1 39. Contra: Brewster EH *Roman Craftsmen and Tradesmen of the Early Empire* 1917 herdruk New York 1972 20.

220 Vgl die lys in White *Technology* 237.

221 Plutarchus *Numa* 17; Gross *Kleine Pauly* sv "Gerberei"; Oppermann *Kleine Pauly* sv "Pellis". Vgl ook Kaufmann *Altrömische Miete* 65 wat argumenteer dat die boere waarskynlik self deels die leerprodukte vervaardig het maar ook die meer tydrowende en ingewikkelde produkte deur vakmanne sou laat doen het.

222 Oppermann *Kleine Pauly* sv "Pellis".

223 Die grootte van die bevolking tussen die 4de en 6de eeue vC kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Die getalle wissel tussen 30 000 (De Martino F *Storia della costituzione romana* 5 vols Napoli 1972-5 1 69) en 100 000 (Frank *Economic Survey* 1 21). Sien ook die bespreking op 120 hieronder.

224 Kaufmann *Altrömische Miete* 32.

225 Varro *De Lingua Latina* 5 44.

226 Plautus *Mostellaria* 823.

'n Beroep wat wel bestaan het maar nie uitdruklik deur Plutarchus, Cicero of Livius genoem word nie, is die *libitinarii*.[227] Sedert die vroegste tye van die Romeinse geskiedenis staan die musikante, roubeklaers en sommige van die deelnemers aan die begrafnisstoet in diens van die *libitinarii* wat as begrafnisondernemers die begrafnis behartig het. Die taak van die *libitinarii* was om teen vergoeding die oorledene te reinig en die lyk tot by die plek van die verassing of teraardebestelling te vervoer.[228]

Libitinarii sou dus hoogs waarskynlik in terme van 'n huurverhouding die aktiwiteite verrig het.[229] Steun hiervoor is die berig in Dionysius[230] en Livius[231] dat Menenius Agrippa na sy dood in 493 vC op staatskoste begrawe moes word. Inderdaad 'n *exemplum paupertatis,*[232] maar wat belangrik is, is die feit dat die *plebs* elk 'n sesde bygedra het tot die koste van die *libitinarii.*[233]

Praeficiae was moontlik in diens van die *libitinarii.*[234] As *mulieres ad lamentationem mortuum conductae* (soos hulle benaming later deur Festus verduidelik is)[235] was hulle taak om in die begrafnisstoet van die oorledene op opvallende wyse rou te beklaag deur byvoorbeeld hulle hare te trek en luid te ween en die oorledene se nagedagtenis in die vorm van liedere te gedenk. Dit kan aanvaar word dat hulle hiervoor vergoeding sou ontvang.[236]

---

227 Die naam *libitinarii* is afkomstig van die naam van *Libitina*, die Romeinse godin wat waak oor die nakoming van die begrafnisrites en is waarskynlik van Etruskiese oorsprong. Vgl Eisenhut *Kleine Pauly* sv "Libitina"; Gross *Kleine Pauly* sv "Libitinarii".

228 In die geval van dood word daar 'n bedrag geld by haar tempel inbetaal. Vanuit die tempel word die begrafnisreëlings getref en teen betaling deur die *libitinarii* afgehandel. Die *libitinarii* stel hulle eie personeel en goedere teen vergoeding tot beskikking: Gross *Kleine Pauly* sv "Libitinarii". Vgl ook Kaufmann *Altrömische Miete* 77 en veral n 369.

229 Kaufmann *Altrömische Miete* 76; so ook Mayer-Maly 1965 *ZSS* 411.

230 Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 6 96 1 ev.

231 Livius *AUC* 2 33 10-11.

232 Gundel *Kleine Pauly* sv "Menenius".

233 Livius *AUC* 2 33 11 : *...extulit eum plebs sextantibus conlatis in capita.*

234 Vgl Schneider "Praeficiae" *RE* 12 1348. Alhoewel dit nie uitdruklik vermeld word dat die *preaeficiae* in diens van die *libitinarii* gestaan het nie, kan dit kwalik anders gewees het. Die *praeficiae* dateer uit dieselfde vroeë tydperk as die *libitinarii* en in die lig van die erns waarmee die Romeinse bevolking die begrafnisrites bejeën het, is dit kwalik voorstelbaar dat die *libitinarii* nie ook dié belangrike aspek van die begrafnis sou onderneem het nie. Vgl ook Kaufmann *Altrömische Miete* 74 n 350 en 351.

235 Festus *De Significatu Verborum* sv "Praeficiae"; vgl ook Varro *De Lingua Latina* 7 70.

236 Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Praeficiae" is die enigste outeur wat uitdruklik verwys na *merces*: *Praeficiae dicebatur apud veteres quae ... mercede conductae ...*

Die afleiding dat daar ook in dié geval sprake is van 'n huurverhouding waarin die *praeficiae* hulle dienste teen vergoeding verrig het, lyk geregverdig. Dit is onwaarskynlik dat hulle in 'n ander verhouding as 'n arbeidsverhouding (as lede van die *familia* of byvoorbeeld as *nexi*) teenoor die *libitinarii* of die erfgename van die oorledene gestaan het.[237]

Tot dusver is aanvaar dat die *plebs* bogemelde aktiwiteite in die vorm van 'n arbeidsverhouding teen vergoeding sou verrig. Die vraag kan nou gevra word of dit moontlik is om hiervoor die een of ander vorm van bewys aan te voer. Na my mening bestaan daar twee historiese gegewes wat die aanname bevestig. In die eerste plek die betekenis van die woord *mercedonius*, en in die tweede plek die eerste *secessio plebis* wat in 494 vC plaasgevind het.

Hierbo is gewys op die gevaar verbonde aan die gebruik van etimologie as dit ten doel het om die bestaan van regs- of sosiale instellings te bewys.[238] In die lig van die argeologiese getuienis waarna reeds verwys is, kan die etimologie van die woord *mercedonius* moontlik as verdere bewys vir die bestaan van huurverhoudings (wat ook arbeidsverhoudings insluit) vanuit die tyd vóór die *Lex Duodecim Tabularum* aangevoer word.

Volgens die republikeinse juris, L Cincius,[239] het die *veteres* die maand November *Mercedinus* genoem aangesien die huurders (ook *mercedonii* genoem)[240] van grond[241] dan huurgeld moet betaal. Cincius gee nie 'n verdere aanduiding van die moontlike ouderdom van die naam nie. Aangesien Plutarchus dit aan die Etruskiese

---

237 Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Nenia" sluit familie-verwantskap in die geval uitdruklik uit: *Nenia ... quod a conducta muliere, quae praefica diceretur, iis, quibus propinqui non essent, mortuis exhibentur*. Vgl ook Kaufmann *Altrömische Miete* 75.

238 Vgl n 102 hierbo.

239 Vgl die fragmente saamgevat in Bremer FP *Jurisprudentia antehadrianae quae supersunt* (2 vols) 1896 herdruk Leipzig 1985 1 252 ev.

240 Vgl Festus *De Significatu Verborum* sv "Mercedonios": *Mercedonios dixerunt a mercedem solvendo*.

241 Logies sou dit veral van toepassing wees op huurders van landbougrond aangesien werkers normaalweg per dag of na voltooiing van stukwerk betaal is: Kaufmann *Altrömische Miete* 158.

koning Numa toeskryf,[242] kan dié hoë ouderdom daarvan aanvaar word en volgens Mayer-Maly "[erbringt] der Kalendertradition mit einem durch die Zahlung der Mietentgelts characterisierten Monatsnamen den besten Beweis für vordezemvirale Mietsachverhalte und für eine bei ihnen typische Rechtsfigur - das Naturalentgelt als Mieterleistung." [243]

Wat die eerste *secessio plebis* betref[244] word dit deur Livius direk in verband gebring met die ekonomiese toestande wat gevolg het op die verdrywing van die Etruskiese konings.[245] Daar bestaan goeie gronde om hierdie berig van Livius te aanvaar.[246] Uit die aard van die saak sou die werkers en vakmanne in die stad, diegene wat vir hulle voortbestaan van die handel en nywerheid afhanklik was, die hardste getref word deur die ekonomiese isolasie en agteruitgang. Die *plebs* (vakmanne en werkers) het losgestaan van die adel (patrisiërs) en dit het dit moontlik gemaak dat hulle, om 'n moderne idioom te gebruik, kon staak.[247] Livius noem dit 'n dreigement deur die *plebs* om af te skei, maar dit lyk moontlik dat die *plebs* deur hierdie dreigement, wat tot gevolg sou hê dat dit wat oor was van die bestaande bedrywe[248] geheel en al tot stilstand sou kom, hulle ekonomiese bedingingsmag laat geld het. Die sukses wat hulle sedert die begin van die Republiek, tydens die sogenaamde "Standestryd"[249] behaal het, bewys niks anders nie as die onontbeerlike rol wat hulle ook in die ekonomie gespeel het.

---

242 Plutarchus *Numa* 18 (waar hy dit *Mercedinus* noem); Plutarchus *Caesar* 59 (waar dit as *Mercedonius* beskryf word). Plutarchus se berig kan egter nie in sy geheel as korrek aanvaar word nie; vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 158.

243 Mayer-Maly 1965 *ZSS* 412. Op grond van die teenstelling tussen die berigte van Plutarchus en Cincius maan Mayer-Maly tot versigtigheid.

244 Vgl hieroor De Sanctis G *Storia dei Romani* 4 vols 1960 Firenze 2 4 ev; Drummond *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 212 ev.

245 Vgl Livius *AUC* 2 23 ev; Livius *Libri II Periocha*: *Plebs cum propter nexos ob aes alienum in Sacrum montem secessisset* ...Vgl ook Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates Romanae* 6 23 ev.

246 De Sanctis *Storia dei Romani* 2 2; Drummond *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 212 ev is skeptles maar beide aanvaar die feit dat ekonomiese probleme een van die redes vir die *secessio* kon wees. Ekonomiese motiewe gee aanleiding tot die *secessio plebis* van 287/6 vC. Daar is geen rede om te ontken dat dit nie ook die geval kon wees in 494 vC nie: Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 400; De Sanctis *Storia del Romani* 2 6.

247 Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 302.

248 Vgl die bespreking op 30 ev hierbo.

249 Vgl hieroor in die algemeen Drummond *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 212 ev.

Die *secessio plebis* verleen dus steun aan die feit dat die *plebs* in terme van huurverhoudings teen vergoeding werk gedoen het en daarvan afhanklik was om te kon oorleef. Na die verdrywing van die Etruskiese konings volg daar 'n afname in ekonomiese aktiwiteite en dus in werksgeleenthede. Dit lei tot armoede en 'n skuldlas aan die kant van die *plebs* wat finaal uitloop op die *secessio* in 494 vC.

Die historiese feite, ondersteun deur etimologiese en argeologiese getuienis, verleen dus algemeen steun aan die teorie dat die *plebs urbana* alreeds sedert die tyd van die Etruskiese oorheersing nie van die landbou vir hulle voortbestaan afhanklik was nie. Werk is teen vergoeding verrig en die bestaan van 'n aantal beroepe so vroeg as die 8ste eeu vC kan as bewese aanvaar word. Daar is geen aanduiding dat slawe reeds op die vroeë stadium 'n noemenswaardige rol gespeel het nie.[250]

1.2.3 Die *Lex Duodecim Tabularum* (450 vC)

Van al die beskikbare literatuur bevat die *Lex Duodecim Tabularum* die meeste inligting oor die sosiale lewe en die reg van Rome teen die 5de eeu vC.[251] As produk van die Standestryd vertoon dit 'n veelsydige gesig wat getuig van 'n politiese en sosiale realisme asook juridiese presiesheid.[252] Maar dan bevat die *Lex* ook argaïese en selfs barbaarse[253] reëls asook bepalings wat gemotiveer is deur 'n vrees vir die bonatuurlike.[254]

---

250 Ten spyte van die feit dat De Robertis *Forze di Lavoro* 12 aantoon dat slawe duurder was om aan te hou as wat die geval sou wees indien die werk deur vry persone gedoen sou word, en dat daar oor die algemeen 'n tekort aan werkers in Italië bestaan het (soos moontlik afgelei kan word uit die verhaal van die konsul Q Cincinnatus wat self die ploeg vasgehou het!), sluit hy bykans sonder enige voorbehoud die bestaan van huurverhoudings van werk op hierdie vroeë staduim van die Romeinse geskiedenis uit. Macqueron *Travail des hommes libres* 1 se opmerking dat slawerny op geen stadium die arbeid van vry persone geheel en al verdring het nie, is nader aan die kol. Vgl die bespreking op 85 ev hieronder.

251 Vgl algemeen Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 287 ev, 295.

252 Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 297.

253 Vgl bv die onhellspellende bepaling *partes secanto* (*Tabula* 3 6) wat moontlik kon beteken dat meerdere krediteure die debiteur in stukke kon sny; literatuur en 'n bespreking in Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 297 n 61.

254 Vgl bv die bekende bepaling *Qui fruges excantassit ... neve alienam segetem pellexeris* in *Tabula* 8 8.

Volgens die heersende leer bevat die *Lex* twee bepalings wat oor huurverhoudings handel: die een betref 'n geval van die huur van 'n saak, die ander spreek arbeidsverhoudings aan.[255]

Die bepaling in die wet wat 'n spesifieke geval van die verhuur van vee reguleer, is van algemene belang aangesien dit as bevestiging van die bestaan van huurverhoudings teen die 5de eeu vC dien. In ooreenstemming met die aard van die reg op daardie stadium van die Romeinse regsgeskiedenis[256] is die maatreël een wat verband hou met die openbare belang en betref 'n sakraalregtelike aangeleentheid:

> Lege autem introducta est pignoris capio veluti lege XII tabularum advèrsus eum, qui hostiam emisset nec pretium redderet; item adversus eum, qui mercedem non redderet pro eo iumento, quod quis ideo locasset, ut inde pecuniam acceptam in dapem, id est in sacrificium, inpenderet.[257]

Indien 'n persoon[258] nie in staat is om die nodige *sacrificia* te kan betaal nie en hy van sy vee[259] verhuur om die nodige bedrag te bekom, kan die verhuurder by wyse van *pignoris capionem*[260] op die goedere van die huurder beslag lê ten einde die huurgeld te in.[261] Soos Kaufmann[262] aantoon, moet *merces* en *pecunia* in hierdie

---

255 *Tabula* 12 1 en 4 8 respektlewelik. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 35.

256 Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 295 ev.

257 *Tabula* 12 1: Die neem van 'n pand is by wyse van wetgewing ingestel; byvoorbeeld in die *Lex Duodecim Tabularum* teen hom wat 'n offerdier gekoop het en nie die koopsom betaal nie; ook teen hom wat nie die huurgeld betaal nie vir vee wat iemand met dié doel verhuur het om vergoeding wat daarvoor ontvang is vir 'n ete, dit wil sê vir 'n offerande, aan te wend nie.

258 Wat as 'n reël 'n boer sou wees. Die *Lex* verleen egter nie slegs hulp aan 'n kleinboer soos Kaufmann *Altrömische Miete* 35 blykbaar van mening is nie. Die woorde *quod quis ideo locasset* bevat geen sodanige beperking nie.

259 Een stuks vee sou ook vir die doel verhuur kon word en nie noodwendig 'n span of kudde soos Mayer-Maly *Locatio Conductio* 15 ev van mening is nie. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 35 n 103.

260 Selfs in die afwesigheid van die huurder: vgl Kaser M *Das altrömische Ius* Göttingen 1949 206.

261 Die berig in Gaius is moontlik onvoliedig. Soos wat dit deur Gaius weergegee word, sou die blote bedoeling van die verhuurder om met die opbrengs van die huurtransaksie die *sacrificia* aan te koop, voldoende wees om hom op die buitengewone maatreël geregtig te maak. Iets wat in die lig van die formalisme en gestrenge aard van die vroeë Romeinse reg, vreemd opval. Vgl Kaser *Altrömische Ius* 206-7; Arangio-Ruiz V *La Compravendita in diritto romano* Napoli 1961 43.

262 *Altrömische Miete* 39.

geval nog nie gesien word as 'n verwysing na gemunte geld nie maar steeds na 'n prestasie *in naturam*.[263] Ook is hier waarskynlik nie sprake van die konsensuele huurkontrak (*locatio conductio*) soos dit in die tyd van Gaius bekend was nie.[264] Desnieteenstaande kan die passasie as blyk dien van die gevestigde posisie wat huurverhoudings alreeds teen die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum* beklee het[265] en sluit aan by dit wat hierbo aangevoer is oor die feit dat die *plebs* in terme van arbeidsverhoudings teen vergoeding hulle beroepe beoefen het.

Bykans sonder enige uitsondering word aanvaar dat die volgende fragment in die *Lex Duodecim Tabularum* betrekking het op arbeidsverhoudings:[266]

> "Si pater filium ter venum duit, filius a patre liber esto."[267]

Die *communis opinio* wat betref die betekenis van dié bepaling in die *Lex Duodecim Tabularum* is dat dit die geval aanspreek waar die *pater familias* uit hoofde van sy *patria potestas* sy seun drie maal by wyse van *mancipatio* verkoop. Na die derde 'verkoping' sal die *filius* van die vaderlike gesag bevry word.[268] Die antieke tradisie (wat ook neerslag gevind het in die handboeke) sien in die bepaling die "Bestrafung

---

263 Contra: Mayer-Maly *Locatio Conductio* 15 wat die mening huldig dat geld wel nodig was. (Vgl egter sy nuwe insigte in 1965 *ZSS* 410.) Gemunte geld het waarskynlik eers teen die einde van die 4de eeu vC in Italië in omloop geraak. In die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum* sou betaling *in naturam* of deur middel van die *aes grave* geskied. Volgens Frank *Economic History* 70 het die Romeine eers na 366 vC gemunte geld begin gebruik na handelsaktiwiteite gelei het tot die stigting van 'n kolonie te Ostia. Silwer moes toe geslaan word om die soldate daar te betaal; *pecunia* het in die vroeë reg ook die betekenis van offergawe gedra: vgl Festus sv "Pecunia" *Pecunia sacrificium f<ieri dicitur*.....

264 Eerder die "*locatio conductio* in ihren Anfängen": Mayer-Maly *Locatio Conductio* 15. Vgl ook Arangio-Ruiz *Compravendita* 43; Kaser *Altrömische Ius* 206; Kaufmann *Altrömische Miete* 36.

265 Kaufmann *Altrömische Miete* 42; Mayer-Maly 1965 *ZSS* 410. Kaser *Altrömische Ius* 206 is onseker.

266 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 45.

267 *Tabula* 4.2: As die *pater familias* sy seun drie maal verkoop het, is die seun van die vaderlike gesag bevry.

268 G 1 132. Kaufmann *Altrömische Miete* 45: "Mit der aus der Antike übernommenen und herrschenden Meinung dürfte der Zweck dieses Satzes darin zu sehen sein, einem bestimmten, als Übel empfundenen Verhalten zu begegnen, nämlich dem *pater familias*, der seinen sohn zur wirtschaftliche Ausnützung von dessen Arbeitskraft wiederholt gegen Entgelt im Wege der *mancipatio* veräußerte, die dadurch als mißbraucht erachtete *patria potestas* im zweiten Wiederholungsfalle zu entziehen."

des hartherzigen und habgierigen Vaters, der seinen Sohn dreimal zu Geld macht".[269] In die lig van die euwel wat aangespreek word, word daar ook verklaar dat die reël op beide *filius* en *filia* van toepassing was.[270]

Aangesien die moontlikheid bestaan dat hierdie reël in die *Lex* 'n direkte bewys is van die bestaan van arbeidsverhoudings op 'n vroeë stadium van die Romeinse regsgeskiedenis, is dit nodig om dit in meer diepte te ondersoek. Dit is ook belangrik om daaroor uitsluitsel te probeer verkry of die *Lex* inderdaad op hierdie wyse arbeidsverhoudings probeer ontmoedig het, aangesien dit dalk lig kan werp op die waarde van werk en die status van werkers later, in die klassieke Romeinse reg.

Die bepaling in die *Lex* het tot uiteenlopende vertolkings aanleiding gegee. Direk teenstrydig met dit wat deur die meerderheid outeurs aanvaar word, is ook al verklaar dat die reël 'n poging was om aan die vader, wat in uiterste ekonomiese nood verplig was om sy seun te verkoop, hulp te verleen deur na die derde verkoping sy *potestas* oor die *filius* op te hef.[271]

Beide die *communis opinio* sowel as bogemelde standpunt word deur Lévy-Bruhl gekritiseer;[272] volgens hom is die reël daargestel om voorsiening te maak vir die *noxae deditio* van 'n *filius familias*; die *uno actu*, drie *mancipationes*, sou dan nodig wees om die erns van die handeling duidelik te maak.[273] Dan vra Lévy-Bruhl die

---

269 Kaser *Römisches Privatrecht* 1 70. Die identiese mening huldig ook Franciosi G *Famiglia e Persone in Roma Antica. Dall'eta Arcaica al Principato* Torino 1989 51; Pugliese G, F Sitzia, L Vacca *Istituzioni di diritto romano* Torino 1991 100; Talamanca M *Istituzioni di diritto romano* Milano 1990 127; Steinwenter "Mancipium" *RE* 14 1012. Yaron R "Si pater filium ter venum duit" 1968 *TvR* 57 se standpunt kom naastenby hiermee ooreen met die verskil dat hy dit nie sien as 'n poging om die *pater familias* te straf nie maar bloot 'n juridiese gevolg wat intree na die derde verkoping. Hoe Yaron die "curtailment of powers which existed at an earlier stage" (65) anders as 'n vorm van straf kan sien, is onverstaanbaar.

270 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 45 ev; Schulz *Geschichte* 35. Contra: Franciosi *Famiglia e Persone* 51; Yaron "Si pater filium ter venum duit" 61 ev. Steinwenter "Mancipium" *RE* 14 1012 en Lévy-Bruhl H *Nouvelles études sur les trés ancien droit romain* 1947 64 aanvaar dat die bepaling slegs van toepassing is op die *filius*.

271 Vgl Bergman CG *Beiträge zum römischen Adoptionsrecht* Lund 1912 herdruk Rome 1972 128.

272 Lévy-Bruhl *Nouvelles Études* 80-94. Vgl Yaron R "Si pater filium ter venum duit" 57 ev.

273 *Nouvelles Études* 86 ev. Vgl die kritiek van Yaron "Si pater filium ter venum duit" 59. Vir my is die feit deurslaggewend dat indien die *duumviri noxae deditio* in gedagte gehad het, hulle tog sekerlik nie hulle bedoeling sou verdoesel deur die woorde *venum dare* te gebruik nie?

vraag wat nóg deur homself, nóg deur enige van die outeurs hierbo bevredigend beantwoord word, naamlik of dit sin maak: "que les Romains aient limité et puni le *ius venumdandi*, alors qu'ils laissent subsister, dans toute sa force, le *ius vitae necisque*."[274]

Uit die aard van die *Lex Duodecim Tabularum* as kodifikasie van die reg op daardie tydstip, kan aanvaar word dat dit 'n beginsel verwoord wat alreeds deel van die privaatreg was.[275] Die mag van die vader oor sy kinders *in potestate*, sowel as oor sy slawe wat die *ius vitae necisque* ingesluit het,[276] moet dus in die lig hiervan beoordeel word.

Vir die Romeine het die *ius vitae necisque* letterlik beteken die reg van die *pater familias* om onder bepaalde omstandighede van die lede in sy *familia* te dood. Daar is gevalle bekend waar die vrou *quod vinum bibisset e dolio, fusti a marito interfect[a]*[277] en 'n kind ter vondeling gelê is.[278] In die lig hiervan kan die mening[279] dat die *ius vitae necisque* slegs die reg aan die *pater familias* verleen het om sy seun wat skuldig was aan 'n oortreding waarvoor die doodstraf opgelê kon word, van die straf kwyt te skeld, bevraagteken word.

---

274 Lévy-Bruhl *Nouvelles Études* 81. Ook Kaser M "Zur altrömische Hausgewalt" 1950 *ZSS* 477 opper die punt.

275 Vgl bv Kaser M "Die Beziehung von Lex und Ius und die XII Tafeln" *Studi Donatuti* Milano 1973 2 523 ev; Stein P *Regulae Iuris* Edinburg 1966 9 ev; Westbrook R "Nature and Origins of the Twelve Tables" 1988 *ZSS* 101; De Martino F "Certezza del Diritto in Roma antica" 1987 *Fondamenti* 6 9. Die teenoorgestelde mening bestaan daar ook. In navolging van Livius *AUC* 3 34 6 (*decem tabularum leges perlatae sunt, qui nunc quoque .... fons omnis publici privatique est Iuris*) word die *Lex Duodecim Tabularum* beskou as 'n volledige kodifikasie van die privaat- en publiekreg: Behrends O *Der Zwölftafelprozess. Zur Geschichte des römischen Obligationenrechts* Göttingen 1974 1; Crifo G "La Legge delle XII Tavole" *ANRW* 1/2 115 op 128; of minstens van die privaatreg: Guarino A *Storia del Diritto Romano* Milano 1969 133.

276 G 1 52. Vgl die *rogatio* in die geval van *adrogatio*: *utique ei vitae necisque in eum potestas siet, uti patri endo filio est.* (Die presiese bewoording is onseker: Watson A *Rome of the XII Tables. Persons and Property* London 1975 42).

277 Vgl Plinius *NH* 14 14 89; Valerius Maximus *Memorabilia* 6 3 9; Plutarchus *Moralia* 265 6. Romulus het die eggenoot van doodslag vrygespreek: *eumque caedis a Romulo absolutum* (Plinius *NH* 14 14 89). Vgl Franciosi *Famiglia e Persone* 34.

278 Vgl Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 15 2 waar daar die toestemming van 5 bure verlang word. L Junius Brutus, die legendariese stigter van die Republiek, het byvoorbeeld sy seuns gedood. Indien dié optrede van Brutus uitsonderlik was, sou daar sekerlik kommentaar daarop gelewer gewees het deur die latere historiese tradisie. Vgl Schur "Brutus" *RE* Supplement 5 356 ev. Vgl ook Franciosi *Famiglie e Persone* 55 ev.

279 Yaron R "Vitae Necisque Potestas" 1962 *TvR* 243 248.

Dit kan wel aanvaar word dat die *ius vitae necisque* nie arbitrêr nie, maar moontlik slegs ex *iusta causa* uitgeoefen is.[280] Hierdie feit is verstaanbaar en kan begryp word as in ag geneem word dat die dood van 'n kind 'n uiterste maatreël is. Maar die *patria potestas* het veel meer omvat.[281] Dit het byvoorbeeld ook die reg ingesluit om die *filius familias* by wyse van *noxae deditio* te oorhandig in die geval van 'n delik wat deur hom gepleeg is.[282] Selfs die verkoping van die *filius* as slaaf is geduld.[283] Ten opsigte van hierdie ekstreme maatreël is die mag van die *pater familias* slegs in 'n beperkte mate aan bande gelê: volgens Plutarchus is die bepaling in terme waarvan die *pater familias* in staat was om sy seun as slaaf te verkoop, gewysig deurdat "[Numa] made an exception of married sons, provided they had married with the consent and approval of their fathers. For he thought it a hard thing that a woman who had married a man whom she thought free, should find herself living with a slave."[284]

Daar bestaan geen rede om die waarheid van Plutarchus se berig in twyfel te trek nie. Die *pater familias* sou (waarskynlik as 'n reël) sy *filius* as slaaf verkoop in uiterste ekonomiese nood of as 'n strafmaatreël waar die kind hom byvoorbeeld aan erge wangedrag skuldig gemaak het. As die seun egter reeds met die toestemming van die *pater familias* in die huwelik getree het, word dié mag wat die *pater familias* normaalweg gehad het, beperk.

Op grond van bogemelde berig in Plutarchus[285] kan daar bedenkinge uitgespreek word teen die standpunt dat daar drie skynverkopings nodig was om die *patria potestas* tot 'n einde te laat kom.[286] As 'n kind reeds voor die tyd van die *Lex*

---

280 Wat suggereer word in Gaius *Inst Augustod* 85 86: Kunkel W "Das Konsilium im Hausgericht" 1966 *ZSS* 219 241 ev. Contra: Guarino A 1976 *Labeo* 124 wat in die rubriek *Tagliacarte* oortuigende argumente teen Kunkel aanvoer. Dit is vir die doeleindes van my argument onnodig om hieroor uitsluitsel te probeer verkry.

281 Vgl Franciosi *Famiglie e Persone* 49 ev.

282 G 4 75 ev; Franciosi *Famiglie e Persone* 54 ev; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 163 n 5.

283 Vgl Cicero *Caecinia* 34 98; *De Oratore* 1 40 181: *P Rutilius, M filius, tribunus plebis, de senatu lussit educi, quod eum civem negaret esse; quia memoriam sic esset proditum, quem pater suus, aut populus vendidisset ... ei nullum esse postliminium* (met verwysing na 'n episode wat so laat as 136 vC plaasgevind het). Tov Rutilius vgl Eder *Kleine Pauly* sv "Rutilius".

284 Plutarchus *Numa* 17 (Loeb vertaling).

285 Plutarchus *Numa* 17.

286 Lévy-Bruhl *Nouvelles Études* 86 ev; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 69.

Duodecim Tabularum by wyse van 'n eenmalige verkoping 'n slaaf kon word, impliseer dit tog immers ook dat die *patria potestas* deur 'n eenmalige verkoping verbreek sou kon word.

Daar bestaan eenvoudig geen gronde om te aanvaar dat daar voor die tyd van die *Lex* drie verkopings nodig was om die kind as slaaf te verkoop nie. Indien dit dus wel moontlik was om by wyse van een verkoping die *patria potestas* te verbreek, maak dit nie sin dat die *duumviri* nou skielik drie verkopings sou invoer om dieselfde doel te bereik as wat voorheen met een verkoping bereik is nie. Die onwaarskynlikheid van die stap word verhoog indien die woorde wat hulle dan klaarblyklik daarvoor gebruik het oorweeg word. Indien hulle 'n nuwe beginsel wou invoer sou dit tog sekerlik in duidelike taal gedoen word.[287]

In die lig van dié wye magte wat die *pater familias* oor die persone *in potestate* gehad het (wat benewens die *ius vitae necisque* ook die reg ingesluit het om die kind by wyse van *noxa deditio* te oorhandig of as slaaf te verkoop),[288] sou daar dus kwalik enige beswaar kon bestaan indien die *pater familias*, selfs teen die sin van sy kind, sy arbeidskragte aan 'n derde persoon teen vergoeding beskikbaar gestel het.[289]

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die *filius*, ongeag sy ouderdom, solank sy *pater familias* nog leef, steeds *in potestate* sou bly. Om dus (soos Kelly)[290] te meen dat die bepaling gemik is teen kinderarbeid hou nie rekening met hierdie feit nie. Dit sou in 'n hipotetiese geval tog nie sin maak nie dat die *duumviri* van die (moontlik

---

287 Veral as in ag geneem word dat die *Lex* oor die algemeen nie nuwe reg geskep het nie en eerder bestaande verhoudings en gebruike bevestig het: Kaufmann *Altrömische Miete* 34. Vgl ook Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 297.

288 Die *Lex Fabia de Plagiariis* het eers so laat as die eerste eeu vC die verkoping van 'n Romeinse burger as slaaf verbied: Rotondi *Leges Publicae* 258; Wissowa "Fabius" *RE* 6 1743.

289 Korrek ingesien deur Kaser *Römisches Privatrecht* 1 70. Indien Kaufmann *Altrömische Miete* 195 se standpunt korrek is dat die bepaling slegs die *pater familias* sou toelaat om sy seun se dienste drie maal te verhuur, kan dit as 'n maatreël beskou word wat gemik is teen die bestaan van arbeidsverhoudings; ironies genoeg poog Kaufmann om net mooi die teenoorgestelde te bewys. Dié feit is korrek ingesien deur Kelly JM "A Note on 'Threefold Mancipation'" in Watson A (red) *Daube Noster. Essays in Legal History for David Daube* London 1974 183 ev.

290 "A note on 'Threefold Mancipation'" 183 ev.

reeds bejaarde) *pater familias* sou verwag om self in te spring en te gaan werk terwyl sy (ter wille van die argument) twintigjarige seun rustig sy dae tuis deurbring nie.[291]

In 'n samelewing waar daar nog nie op groot skaal van slawe gebruik gemaak is nie, moet die *filius* as die vernaamste bron van arbeid beskou word.[292] Die meerderheid (indien nie die geheel nie) van die werkers sou lede van die *plebs* gewees het. Enige maatreël wat arbeidsverhoudings kon ontmoedig, sou hulle, as *proletarii qui nihil rei publicae exhibeant, sed tantum prolem sufficiant*,[293] die swaarste getref het. Dit sou ook 'n negatiewe invloed op die arbeidsmark gehad het en moontlik die bestaande bedrywe of beroepe geknou het. Die effek hiervan sou op die langtermyn ook deur die *patricii* gevoel word.[294]

Indien *Tabula* 4 2 op dié wyse arbeidsverhoudings ontmoedig het, sou dit nie in die belang van óf die *plebs* óf die *patricii* gewees het nie. Dit kan as onwaarskynlik beskou word dat 'n maatreël wat die effek sou kon hê dat dit arbeidsverhoudings kon benadeel, in die *Lex* opgeneem sou word. Sodanige vertolking van *Tabula* 4 2 kan in die lig daarvan reeds bevraagteken word.

Om dieselfde rede maak dit nie sin dat die *Lex Duocecim Tabularum* slegs drie maal die oorhandiging van die *filius* as *nexus* sou toelaat nie. *Nexum* het gevolg as 'n vorm van sekerheidstelling na krediet toegestaan is. Deur middel van 'n handeling *per aes et libram* het 'n vry man homself teenoor 'n skuldeiser verbind en hom onder laasgenoemde se gesag geplaas totdat 'n bepaalde hoeveelheid brons terugbetaal is.[295] Anders as die *addictus* of die *iudicatus* kon die *nexus* waarskynlik nie gedood

---

291 Selfs in die tyd van die hoog-klassieke reg wanneer dit eerder verwag sou kon word, was daar geen beperking op kinderarbeid geplaas nie: De Robertis *Rapporti di Lavoro* 139 en vgl ook Paulus D 6 1 31. Die enigste beperking word aangetref in Ulpianus D 7 1 12 3 en Ulpianus D 7 7 6 1: Kinders onder 5 jaar oud se dienste het geen waarde gehad nie.

292 Franciosi *Famiglia e Persone* 50.

293 Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Proletarius".

294 Soos die geval was met die eerste *secessio plebis* toe 'n deel van die skulde gekanselleer is: Livius *AUC* 2 23 ev.

295 Vgl Varro *De Lingua Latina* 7 105; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 166. Die bestaan en inhoud van *nexum* as handeling *per aes et libram* is omstrede. Behrends O *Der Zwölftafelprozess* Göttingen 1974 37 ev ontken die bestaan daarvan ttv die *Lex Duodecim Tabularum*. Vgl ook Horak "Kreditverträge in den Zwölftafeln" 1976 *ZSS* 261 ev op 267 wat daarop wys dat daar ttv

word of *trans Tiberim* as skuldenaar verkoop word nie, maar het as vorm van sekerheid gedien vir die terugbetaling van die skuld.[296] Die suiwer kommersiële waarde van sodanige reëling met 'n krediteur is voor die hand liggend.[297] Dit sou vreemd aandoen indien die *Lex Duodecim Tabularum* dit as 'n misbruik van die *patria potestas* sou beskou indien die *filius* aldus as *nexus* oorhandig is. As boonop in gedagte gehou word dat die *pater familias* daardeur indirek gedwing sou word om homself by wyse van *nexum* te bind, raak die onwaarskynlikheid van sodanige vertolking van die bepaling in die *Lex* duidelik. 'n Verdere feit wat ook op die absurditeit hiervan wys is die waarskynlikheid dat groot families in die vroeë geskiedenis van Rome geen ongewone verskynsel was nie. Name soos Septimus, Sextus, Quintus en Tertius getuig hiervan.[298] In hierdie omstandighede sou dit eenvoudig nie sin maak nie dat die *Lex* indirek van die *pater familias* sou verwag om homself (en nie van sy seuns nie) by wyse van *nexum* te bind.[299]

In die lig van die wye magte wat aan die *pater familias* verleen is, sou dit ook nie sin maak dat die *Lex* gevalle wou aanspreek waar die *pater familias* die *filius familias* selfs tydelik 'verkoop' nie.[300] Diegene wat hierdie geval as "misbruik" deur die *pater familias* beskou, aanvaar dat die sanksie sou intree nadat (wat kwalik voorstelbaar is)[301] die *pater familias* sy seun drie maal (by verskillende geleenthede) verkoop het en telkens weer 'n som geld betaal het om die seun terug te koop. Maar, in dié geval kan die optrede van die *pater familias* wat telkens weer die seun teruggekoop het ('n stap wat sekerlik meer uit sentimentele as suiwer kommersiële oorwegings geneem sou word), sekerlik as prysenswaardig aangemerk word! Die blote feit dat die kind

---

begin van die Republiek 'n ekonomiese resessie bestaan het wat juis die ontwikkeling van kredietooreenkomste sou belemmer. Na my mening sou 'n ekonomiese resessie net mooi die teenoorgestelde uitwerking gehad het! Vir die doeleindes van my argument is dit nie nodig om hieroor uitsluitsel te probeer verkry nie.

296 Vgl Watson *Rome of the XII Tables* 115; Mitteis L "Über das Nexum" 1901 *ZSS* 96 ev; Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 330.

297 Zimmerman *Law of Obligations* 4.

298 'n Voorbeeld van so 'n groot familie is die *Aelii Tuberones* wat onder andere uit 16 volwasse mans bestaan het en almal saam in een huis gewoon het: Valerius Maximus *Memorabilia* 4 4 8; Plutarchus *Aemilius Paulus* 5 4, 28 7. Vgl Franciosi *Famiglia e Persone* 12.

299 Livius beskou dit as 'n alledaagse verskynsel dat armes hulleself by wyse van *nexum* gebind het (*inire nexum*): *AUC* 2 23 5; *AUC* 7 19 5; *AUC* 8 28 2.

300 "Kauf auf Zeit"; 'n vertolking wat Mayer-Maly 1965 *ZSS* 410 daaraan heg.

301 Vgl ook Watson *Rome of the XII Tables* 118 en veral n 19.

teruggekoop word toon aan dat die *pater familias* van plan is of poog om die familiebande heel te hou. Om hom onder hierdie omstandighede te straf en as rede sy "hebsug" aan te voer, is sekerlik onvanpas. Ook hierdie moontlike vertolking van die bepaling van die *Lex* kan verwerp word.

Na my mening is die oplossing radikaal anders en moet dit gesoek word in die sosio-ekonomiese omstandighede wat die *Lex Duodecim Tabularum* voorafgegaan het. Aangesien die onderwerp alreeds hierbo[302] aangeraak is, sal daar slegs kortliks op die relevante aspekte gewys word.

Tot en met die verdrywing van die Etruskiese konings het Rome 'n ongekende groei en welvaart beleef. Daarna word Rome op handelsgebied geïsoleer en verkeer in 'n staat van vyandigheid met die omringende stamme. Nodeloos om te sê lei hierdie faktore noodwendig tot armoede en agteruitgang op vele gebiede. Die ekonomiese probleme is vererger deur die erge pestilensie en hongersnood van 463 vC en 453-452 vC.[303] Dit is waarskynlik nie oordrewe nie om te sê dat reeds etlike dekades voor en moontlik selfs steeds ten tyde van die uitvaardiging van die *Lex Duodecim Tabularum*, Rome se inwoners in 'n stryd om ekonomies te oorleef, gewikkel was.[304]

'n Belangrike verdere faktor is die feit dat Rome alreeds op daardie stadium kontak gemaak het met die Griekse kultuurerfenis wat prakties gesproke die hele skiereiland oorspoel het. Vanuit die Griekse kolonies in die suide van Italië het handelaars Griekse goedere en ook idees in Rome en Etrurië versprei.[305] Trouens, die Romeine was so onder die indruk van die Griekse kultuur dat hulle in 451 vC 'n gesantskap na Athene gestuur het om die wette van Solon te gaan kopieër en om verdere kennis in te win van die instellings, gewoontes en reëls van ander state van Griekeland.[306]

---

302 Op 15 ev.
303 Livius *AUC* 3 6 (pestilensie: 463 vC); *AUC* 3 32 2 (pestilensie en hongersnood: 453-452 vC).
304 Vgl Toynbee AJ *Hannibal's Legacy* Oxford 1965 371.
305 Vgl algemeen Durant W *The Life of Greece* New York 1939 169 667.
306 Livius *AUC* 3 31 7-8.

In hierdie wêrelddele was homoseksualisme 'n algemene verskynsel. In Athene is dit getolereer en so ook in Sparta en Kreta; in Thebe is dit selfs gesien as dapperheid en 'n vermoë om op militêre gebied leiding te neem. Wanneer Plato in die *Phaedrus* praat van liefde, bedoel hy homoseksuele liefde.[307] Homoseksualiteit het ook in ander gebiede in klein-Asië voorgekom.[308]

Kan hieruit afgelei word dat homoseksualisme ook in Rome voorgekom het? Is dit moontlik tydens die Etruskiese oorheersing en ook daarna gepraktiseer? Wat die Etruskers betref is dit, as gevolg van die karige gegewens tot ons beskikking, nie moontlik om met absolute sekerheid te kan sê of homoseksualisme wel voorgekom het nie.[309] By wyse van indirekte getuienis kan daar moontlik wel 'n idee gevorm word. In die oë van die Romeine was die losbandigheid van die Etruskers bykans spreekwoordelik. Livius beskryf die Etruskiese mans as lui en wellustig.[310] In 200 nC skryf die Griek Athenaios soos volg oor die gewoontes van die Etruskers:

> It is no shame for Etruscans to be seen having sexual experiences ... for this too is normal: it is the local custom there. And so far are they from considering it shameful that they even say, when the master of the house is making love, and someone asks for him, that he is "involved in such and such," shamelessly calling out the thing by name.
>
> When they come together in parties with their relations, this is what they do: first, when they stop drinking and are ready to go to bed, the servants bring in to them - with the lights left on! - either *hetairai*, party girls, or very beautiful boys, or even their wives.
>
> When they have enjoyed these, they then bring in young boys in bloom, who

---

307 Vgl Durant *Life of Greece* 302 vir nog voorbeelde.

308 *Genesis* 19 4-5 is veelseggend: "Voor hulle die aand gaan slaap het, het mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel. 5 Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê." Dat homoseksualisme wel voorgekom het, word bevestig deur die feit dat dit nodig was om dit uitdruklik te verbied: *Levitikus* 18 22, 20 13.

309 Vgl Servais J, J Laurend *Histoire et Dossier de la Prostitution* Paris 1965 97.

310 Vgl sy beskrywing van die verkragting van Lucretia (Livius *AUC* 1 58) en die *vindicatio in servitutem* van Verginia (Livius *AUC* 3 44 ev).

> in turn consort with them themselves. And they make love sometimes within sight of each other.....
> And indeed they like to keep company with women: but they enjoy the company of boys and young men even more.[311]

Hierdie berig is ongetwyfeld oordrewe[312] maar daar steek sekerlik 'n mate van waarheid in:[313] dit kan op grond hiervan minstens aanvaar word dat homoseksualisme ook deur die Etruskers gepraktiseer is. Dit is dié einste Etruskers wat op groot skaal na Rome gestroom het om as vakmanne en werkers met die groot bou-projekte behulpsaam te wees en wat 'n diepgaande invloed op die inwoners van Italië gehad het.[314]

Wat Rome self betref, kom daar geen berigte voor wat dui op grootskaalse losbandigheid, promiskuïteit of homoseksualisme nie. Hierdie afwesigheid kan nie as absolute bewys aanvaar word dat sodanige praktyke geheel en al vreemd aan die Romeine was nie. Livius, wat die vernaamste bron is wat betref die vroeë Romeinse geskiedenis, sou as verkondiger van die *pietas* en *mores maiorum* verkieslik die faset van die *veteres* wou ignoreer.[315]

Hier en daar blyk dit tog dat homoseksualisme en prostitusie nie onbekend was nie. Livius se berig[316] dat die prostitute gedurende die oorlog teen die Samniete in die tweede helfte van die vierde eeu vC genoeg geld bygedra het om 'n tempel vir Venus op te rig, is bewys van die algemene voorkoms van prostitusie op die vroeë tydstip van Rome se geskiedenis.[317] Dit is tog ondenkbaar dat prostitusie eensklaps teen die

---

311 Athenaios Δειπνοσοφισταί. Vertaling deur Bonfante *Etruscan Life and Afterlife* 235.

312 Vgl ook die versigtige benadering van Toynbee *Hannibal's Legacy* 355.

313 Athenaios word beskou as 'n uiters belangrike bron vir die kultuurgeskiedenis: Werner *Kleine Pauly* sv "Athenaios".

314 Toynbee *Hannibal's Legacy* 354.

315 Vgl Macqueron *Travail des hommes libres* 37.

316 Livius *AUC* 10 31.

317 Soos bekend was prostitusie steeds 'n algemene verskynsel in die latere geskiedenis van Rome. Vgl Bullough V, B Bullough *Women and Prostitution: A Social History* 1978 New York 48 ev. Navorsing oor prostitusie in die antieke het merkwaardig toegeneem sedert Finley *Ancient Slavery* 170 (n 14) geskryf het: "I have been unable to find any reasonable account of slaves among ancient prostitutes, or, for that matter, of prostitution itself." Vgl die literatuur genoem

begin van die vierde eeu vC sou ontstaan het en binne 'n paar jaar so 'n gevestigde praktyk geword het dat die staat die prostitute as bron van inkomste sou kon sien. Prostitusie sou beslis al voor daardie datum en minstens ook 100 jaar vroeër teen die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum* moes bestaan het.

Wat homoseksualisme betref is daar een berig in Livius wat die bestaan daarvan in die jaar 326 vC erken:

> L Papirius is fuit, cui cum se C Publilius ob aes alienum paternum nexum dedisset, quae aetas formaque misericordiam elicere poterant, ad libidinem et contumeliam animum accenderunt. Florem aetatis eius fructum adventicium crediti ratus, primo perlicere adulescentem sermone incesto est conatus; dein, postquam aspernabantur flagitium aures, minis territare atque identidem admonere fortunae; postremo, cum ingenuitatis magis quam praesentis condicionis memorem videret, nudari iubet verberaque adferri. Quibus laceratus iuvenis cum se in publicum proripuisset, libidinem crudelitatemque conquerens feneratoris, ingens vis hominum cum aetatis miseratione atque indignitate iniuriae accensa, tum suae condicionis liberumque suorum respectu, in forum atque inde agmine facto ad curiam concurrit.[318]

Die wet wat op aandrang van die volk aangeneem is, was die bekende *Lex Poetelia Papiria de nexis*.[319] Die wet het die wreedheid van die persoonlike eksekusie effens

---

deur Sicari A *Prostituzione e tutela giuridica della schiava. Un problema di politica legislativa nell'Impero Romano* Bari 1991 24.

318 Livius *AUC* 8 28 8: "[It was] Lucius Papirius, to whom Gaius Publilius had given himself up for a debt owed by his father [whose] youth and beauty, which might well have stirred the creditor's compassion, did but inflame his heart to lust and contumely. Regarding the lad's youthful prime as additional compensation for the loan, he sought at first to seduce him with lewd conversation; later, finding he turned a deaf ear to the base proposal, he began to threaten him and now and again to remind him of his condition; at last, when he saw that the youth had more regard to his honourable birth than to his present plight, he had him stripped and scourged. The boy, all mangled with the stripes, broke forth into the street, crying out upon the money-lender's lust and cruelty; and a great throng of people, burning with pity for his tender years, and with rage for the shameful wrong he had undergone, and considering, too, their own condition and their children's, rushed down into the Forum, and from there in a solid throng to the Curia." (Loeb-vertaling.) Vgl ook Varro *De Lingua Latina* 7 105; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 1 6 4; Valerius Maximus *Memorabilia* 6 1 9.

319 326 vC. Vgl Rotondi *Leges Publicae* 230.

getemper deur te bepaal dat eksekusie in die toekoms teen die boedel van die debiteur, en nie sy persoon nie, geneem moet word.[320] Dit is egter belangrik om daarop te let dat die persoonlike gebondenheid afgeskaf is, nie omdat dit *per se* as foutief en onwaardig vir die *filius* beskou is nie; die berig stel dit duidelik dat die instelling afgeskaf is vanweë die moontlikheid van misbruik wat daarmee gepaard kon gaan ... *tum suae condicionis liberumque suorum respectu.*

Om nou terug te keer na die inhoud van die bepaling in die *Lex*: Die standpunt dat die *Lex* "clearly [punished] cruel misuse of his rights by the father"[321] is myns insiens korrek. Om egter by die korrekte vertolking van die bepaling te kom moet daar na die woorde wat in die wet gebruik word, gekyk word:[322] *Si pater filium ter venum duit, filius a patre liber esto.*

Die sleutel lê in die woorde *venum duit*. *Venum dare* word deur Tacitus gebruik in die betekenis van "om jouself te prostitueer":

> *[Sejanus] et prima iuventa Gaium Caesarem divi Augusti nepotem sectatus, non sine rumore Apicio diviti et prodigo stuprum veno dedisse.*[323]

Ongeveer 200 jaar na die afkondiging van die *Lex Duodecim Tabularum* verwys Plautus soos volg na die 'rooilig area van Rome': "*...in Tusco vico ibi sunt homines qui ipsi sese venditant*".[324] Dat die berig van Plautus inderdaad ook kon slaan op *ingenui* wat hulleself geprostitueer het, blyk uit die bepalings van die *Lex Fannia* wat

---

320 In bepaalde gevalle word persoonlike gebondenheid egter steeds toegelaat; vgl Rotondi *Leges Publicae* 231; vgl ook in die algemeen De Martino FM "Riforme del IV Secolo" 1975 *BIDR* 39 ev.

321 Jolowicz HF *Historical Introduction to the Study of Roman Law* Cambridge 1972 90.

322 Wat ook deur Lévy-Bruhl *Nouvelles Études* 81-82 voorgestel is.

323 Tacitus *Annales* 4 1 2: "[Sejanus] became in early youth a follower of Gaius Caesar, grandson of the deified Augustus; not without a rumour that he had disposed of his virtue at a price to Apicius, a rich man and a prodigal." (Loeb-vertaling.)

324 Plautus *Curculio* 482. *Venditant* van *vendito* om jouself te prostitueer: Lewis CT, C Short *A Latin Dictionary* Oxford 1869 sv "vendito" I.

in 161 vC uitgevaardig is omrede *plerique ingenui pueri pudicitiam et libertatem suam venditarent.*[325]

Dat dit hier gaan om jong *ingenui* wat hulleself prostitueer blyk uit die gebruik van die woorde *pudicitiam ..... venditant.*[326]

Die praktyk van *patres familias* om hulle kinders te prostitueer was waarskynlik alreeds in die koningstyd bekend, en sou meer voorgekom het onder die klas van die *proletarii*, diegene wat geen aardse besittings nie maar wel kinders gehad het. Dit is myns insiens ook nie toevallig nie dat die aktiwiteite van die prostitute waarna Plautus[327] verwys, veral plaasgevind het in die *Vicus Tuscus* nie. In hierdie streek het die Etruskiese werkers wat na Rome gestroom het om te help met die bou van die tempel van Jupiter Capitolinus, hulle gevestig.[328]

In die lig hiervan kan die bepaling van die *Lex Duodecim Tabularum* verduidelik word. Ekonomiese toestande teen die einde van die sesde en begin van die vyfde eeu vC het soms die *pater familias* genoop om op enige denkbare wyse inkomste te bekom. Om sy kind se arbeidskragte te verhuur was 'n opsie wat beslis algemeen uitgeoefen

---

325 Macrobius *Saturnalia* 3 17 4. Homoseksualisme het sedert 168 vC as algemene praktyk voorgekom: Eyben E *De Jonge Romein volgens de literaire bronnen der periode ca. 200 v.Chr tot ca. 500 n.Chr* Brussel 1977 175. Alhoewel homoseksualiteit in Rome dus (soos uit hierdie berig van Macrobius blyk) nooit openlik deur die openbare mening aanvaar en verdra is soos in Griekeland nie, het dit (sedert 168 vC) as algemene praktyk voorgekom. Homoseksualiteit is egter in teenstelling met wat die geval in Griekeland was, nooit deur die openbare mening aanvaar nie, aldus die wetgewing. Vir verdere voorbeelde waarin die negatiewe houding jeens homoseksualisme blyk vgl: Tacitus *Annales* 14 20 5; Plutarchus *Marcus* 2; Valerius Maximus *Memorabilia* 6 1 7. Soldate is swaar gestraf in die geval van homoseksuele praktyke: Valerius Maximus *Memorabilia* 6 1 10, 6 1 7; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 16 4 2-3. Vgl oor die algemeen Eyben *De Jonge Romein* 175 ev.

326 Vgl die betekenis van *vendito*: n 324 hierbo.

327 Plautus *Curculio* 482.

328 Tacitus *Annales* 4 65. Alternatiewe verduidelikings vir die teenwoordigheid van die Etruskers in hierdie gebied is dat dit bestaan het uit vlugtelinge wat na Rome gevlug het ná die verdrywing van Porsenna te Aricia (Festus *De Significatu Verborum* sv "Tuscus"; Livius *AUC* 2 14 9) of wat na Rome gekom het om hulp te verleen teen Titus Tatius (Varro *De Lingua Latina* 5 46; Propertius *Elegiae* 4 2). Selfs al sou een van laasgenoemde berigte as korrek aanvaar word, beteken dit steeds dat die inwoners van die gebied uit *proletarii* sou bestaan wat die swaarste deur ekonomiese nood geraak sal word en wat hulle dus noodgedwonge tot desperate maatreëls sou wend. Vgl ook Frank *Economic History* 33; Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 579.

sou word. Indien nodig, sou die *pater familias* voorts geld kon leen en sy *filius* by wyse van *nexum* gebonde hou.[329] In ekstreme gevalle sou die *pater familias* sy seun eenvoudig as slaaf kon verkoop en hom sodoende finaal uit sy *potestas* laat gaan.

Al bogemelde optredes sou toegelaat word.[330] Prostitusie sowel as homoseksualisme was waarskynlik alreeds op daardie stadium deel van die samelewing en sommige *patres familias* het ook nie geskroom om hulle *filii* te prostitueer nie.

Prostitusie waarby vroue betrokke was, is getolereer;[331] homoseksualisme is negatief beoordeel. Wat die rede is dat prostitusie van die *filius* drie maal toegelaat is en nie absoluut verbied is nie, kan oor gespekuleer word. Aangesien die absolute verbod daarvan die arm dele van die bevolking (waarteen die maatreël waarskynlik gemik sou wees) nadelig sou raak, is dit denkbaar dat die *duumviri* 'n kompromis probeer aangaan het deur dit nie onmiddellik met 'n strafsanksie te tref nie. Die misbruik van sy kind deur die *pater familias* is slegs twee maal toegelaat. Indien dit 'n derde maal gedoen word, sou die seun van sy *potestas* bevry word. So word daar gepoog om sodanige wanpraktyk in die toekoms te verhoed: "*Si pater filium ter venum duit, filius a patre liber esto*!"[332]

---

329 'n Goeie voorbeeld kon voor in die berig van Livius *AUC* 8 28 8: ... *C Publilius ob aes alienum paternum nexum dedisset*....

330 Contra: Kelly "A Note on 'Threefold Mancipation'" 185. As steun vir sy standpunt dat die *Lex* kinderarbeid wou bekamp verwys Kelly na 'n berig in *The Times* van 16 September 1970 oor 'n sindikaat wat kinderarbeid in Apulia (Italië) verhuur het en daarvoor vervolg is!

331 Soos blyk uit Livius *AUC* 10 31.

332 Ek stem dus (weliswaar op ander gronde) saam met Yaron "Si pater filium ter venum duit" 64 dat die bepaling "entirely 'masculine'" is. Dit sou egter nie my vertolking van die bepaling in die *Lex* affekteer indien dit ook op *filiae* van toepassing moes wees nie. In sodanige geval sou die bepaling gemik wees teen die prostitusie van alle persone *in potestate*. Die eerste ondubbelsinnige en direkte verbod op prostitusie van seuns en dogters dateer uit 21 April 428 nC: C Theod 15 8 2: *Lenones patres et dominos, qui suis fillis vel ancillis peccandi necessitatem inponunt, nec iure frui dominii nec tanti criminis patimur libertate gaudere... non amittant solum eam quam habuerant potestatem, sed proscribti poenae mancipentur exilii metallis addicendi publicis*.... Dit is duidelik dat Theodosius ook hier die prostitusie van seuns en dogters deur hulle ouers verbied. Die analogie met die *Lex Duodecim Tabularum*, insoverre dit die verlies van die *patria potestas* betref, is opvallend. Dit wil voorkom asof daar in die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum* geen verbod bestaan het teen die prostitusie van slawe nie. Vgl in die algemeen Sicari *Prostituzione* 28 ev.

Die *veteres* het later ook in hierdie bepaling die moontlikheid gesien om met gebruikmaking van *mancipatio*, die instellings van *emancipatio* en *adoptio* in die lewe te kon roep en dit is dié latere vertolking van die oorspronklike bepaling in die *Lex Duodecim Tabularum* waarna Dionysius en Gaius verwys.[333] Die feit dat beide Dionysius sowel as Gaius nie van die oorspronklike doel van die bepaling bewus was nie, is myns insiens nie 'n ernstige beswaar nie. Beide het bykans 500 jaar later geskryf en kan kwalik as gesaghebbend op die punt beskou word.[334]

Bogemelde illustreer terloops ook die gevaar om die *Lex Duodecim Tabularum* te vertolk uitsluitlik in die lig van die uitsprake van die klassieke juriste.[335] Westbrook[336] haal voorbeelde aan wat daarop dui dat die oorsponklike bepalings van die *Lex* inderdaad soms vir klassieke juriste duister was. Hulle vertolking van die inhoud van die *Lex* was dikwels daarop gemik om 'n verklaring van 'n regsreël te vind wat onder radikaal verskillende omstandighede toegepas is: " [B]eing unaware of the conditions of early Roman society, they could only interpret the ancient texts in the light of their own experience. Far from trying to penetrate the thought-process of their ancestors, they imposed their own conceptions upon them."[337]

Die klassieke Romeinse reg, soos beïnvloed deur die Griekse filosofie, kan beskou word as 'n vertikale sisteem: die materiaal word eerstens in algemene abstrakte kategorieë gerangskik en terminologies van mekaar onderskei; hierna word die algemene kategorieë verder opgedeel in kleiner, terminologies afsonderlike eenhede,

---

333 G 1 132; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 27 2-3.

334 Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 2 27 1-4 sê self dat hy nie seker is van die oorsprong van die reël soos dit ook deur Gaius verduidelik word nie. Vgl ook Zlinsky "Arbeit im archaischen Rom" 424; Yaron "Si pater filium ter venum duit" 60 n 9; Schulz *Geschichte* 35; Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 295.

335 'n Metode voorgestaan deur Volterra E *Diritto Romano e Diritti Orientali* Bologna 1937 en onderskryf deur Watson *Rome of the Twelve Tables* 8: "When the direct evidence for archaic Roman law is inconclusive we often have a safer guide ..... namely, developed Roman law. [T]he law of the later Roman Republic and of the classical period is the immediate descendant of the law of the early Republic and the XII Tables."

336 Westbrook "Nature and Origins of the Twelve Tables" 80.

337 Westbrook se eie metode (reeds in die breë voorgestel deur Müller DH *Die Gesetze Hammurabis* Wien 1903) om eerder na kontemporêre regskodes en wetgewing in die Midde-Ooste te kyk, kan myns insiens nie sonder meer as irrelevant afgemaak word nie en kan soms meer betroubare resultate oplewer as die tradisionele metode. Vgl "Nature and Origins of the XII Tables" veral 101 ev.

tot die individuele *casus* bereik word. Daarteenoor was dit 'n kenmerk van die vroeë regswetenskap dat algemene beginsels, abstrakte begrippe of definisies ontbreek het. Die regswetenskap was dus verplig om horisontaal met behulp van konkrete voorbeelde regsreëls daar te stel.[338]

Die bepaling in *Tabula* 4 2 illustreer bogemelde. In plaas daarvan dat die *Lex* 'n algemene beginsel daarstel in terme waarvan dit moontlik sou wees om 'n *filius familias* te emansipeer, te laat adopteer of as *nexus* te oorhandig, is dit beperk tot een konkrete geval wat in die praktyk in 'n sosiale euwel ontaard het: die prostituering van 'n seun deur sy vader.

Dit kan dus konkludeer word dat daar geen bepalings vanuit die *Lex* oorgelewer is wat betrekking het op arbeidsverhoudings nie. Daar bestaan ook geen rede om te aanvaar dat die *Lex*, al is dit indirek, arbeidsverhoudings wou aanspreek, sou wou verhinder of dit in 'n negatiewe lig beoordeel nie. Arbeidsverhoudings kom slegs indirek ter sprake in die *Lex Duodecim Tabularum*. Deurdat die skuldenaar by wanbetaling, na die *addictio* aan die skuldeiser, verplig was om soos 'n slaaf sy skuld af te werk, kan geargumenteer word dat die *Lex* wel effek gegee het aan 'n behoefte wat daar klaarblyklik moes bestaan het aan arbeid.[339] Hierdie praktyk is ook amptelik in die geval van *nexum* gesanksioneer.[340] Sodoende sou daar in sommige van die arbeidsbehoeftes van die welvarende klasse voorsien kon word. Hoe algemeen die praktyk was, blyk uit die feit dat Livius die *Lex Poetelia*, wat hierdie praktyk in die tweede helfte van die 4de eeu afgeskaf het, as die bevryder van die *plebs* gesien het.[341]

---

338 Vgl Westbrook "Nature and Origins of the XII Tables" 91.

339 Dit sal die geval wees by *nexum* en die *iudicatus*: Kaser *Altrömische Ius* 243. Vgl Varro *De Lingua Latina* 7 105 vir 'n algemene verduideliking. Die hele vraag na die bestaan en inhoud van *nexum* is omstrede. Vgl Kaser *Altrömische Ius* 119 ev, 138 ev en veral 232 ev; Zimmerman *Law of Obligations* 4 n 14 en die literatuur aldaar aangehaal. Vgl ook Weber *The City* 214; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 240 wat die motivering vir *nexum* sien as 'n behoefte om in arbeidsbehoeftes te voorsien. Wat die impak van *nexum* op die *plebs* betref, vgl Livius *AUC* 2 23 5; *AUC* 7 19 5; Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 6 26; Valerius Maximus *Memorabilia* 6 1 9.

340 *Tabula* 6 1: *cum nexum faciet manciplumque, uti lingua nuncupassit, ita ius esto.*

341 Livius *AUC* 8 28 1.

Uit die versuim van die *Lex* om die bestaan van arbeidsverhoudings uitdruklik te sanksioneer, kan ook nie afgelei word dat dit na die afkondiging van die *Lex* nie moontlik sou wees om arbeidsverhoudings af te dwing nie. Arbeidsverhoudings wat by wyse van *stipulationes* aangegaan is, kon by wyse van die *legis actio per arbitri postulationem* afgedwing word.[342] Veral na die invoer van die *stipulatio incerti* sou dit moontlik wees om lewering van die een prestasie te koppel aan die voorafgaande lewering van 'n teenprestasie en sou dit sonder veel probleme op meeste gevalle van die lewering van werk of dienste van toepassing gemaak kon word.[343]

1.3 SAMEVATTING

Reeds in argaïese Rome was dit nie vir die *pater familias* moontlik om met die arbeidsmag tot sy beskikking, in al die familie se behoeftes te voorsien nie. Daar kan dus nie gesê word dat die antieke ekonomie gekenmerk was deur 'geslotenheid' nie. Van vroeg af is daar voldoen aan die basiese vereistes wat gestel kan word vir die bestaan van arbeidsverhoudings, naamlik: 'n behoefte wat bestaan aan bepaalde gespesialiseerde goedere of dienste; die beskikbaarheid van persone wat nie anders sou kon oorleef as om met die verskaffing van sodanige goedere of dienste gemoeid te wees nie.

Ten spyte van die afwesigheid van geskrewe dokumente, kan die bestaan van arbeidsverhoudings in argaïese Rome met behulp van argeologiese getuienis vasgestel word. Op grond van sosiologiese oorwegings kan daar ook konkludeer word dat verstedeliking slegs kon plaasvind indien die nedersetters gevoed sou kon word uit die surplus opbrengs van landbouprodukte. In ruil daarvoor sou die inwoners van die stad op hulle arbeidskragte of vaardighede aangewese moes wees.

Argeologiese vondse bevestig bogemelde. Daar is aanduidings van spesialisasie op die gebied van brons, yster en klei-produkte. Moontlik het daar swerwende vakmanne

---

342 G 4 10-31; Kaser M *Das Römische Zivilprozessrecht* Munich 1966 78; Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 259; Zimmerman *Law of Obligations* 89.

343 Vir meer besonderhede vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 337 ev.

geleef wat hulle dienste of handwerk tot beskikking van die primitiewe boere gestel het.

Die koms van die Etruskers het 'n bloeitydperk ingelei. Vanuit hierdie periode kom daar die eerste ondubbelsinnige aanduidings van die bestaan van arbeidsverhoudings. Volgens die Romeinse geskiedskrywers het die Etruskiese konings vakmanne in nege *collegia* verenig. Die funksie van die eerste *collegia* was egter suiwer sakraal van aard en het slegs 'n geringe invloed op individuele arbeidsverhoudings gehad.

Argeologiese getuienis staaf die korrektheid van hierdie berigte. Die kunstige kruik met die woorde *Duenos me fecit*, 'n *fibula* waarop geskryf is *Manios med fhe fhaked Numasio* en die *cista* met die woorde *Novios Pautios med Romai fecid* dien as voorbeelde van goedere wat waarskynlik in terme van arbeidsverhoudings teen vergoeding vervaardig is.

Ook wat bouwerk betref bestaan daar voldoende argeologiese bewyse waaruit afgelei kan word dat daar heelwat bouers met gespesialiseerde kennis teen die 6de eeu vC in Rome werksaam moes wees. Die bestaan van 'n aantal ander beroepe soos fluitspelers, verwers, leerwerkers, *libitinariae* en *praeficiae* kan ook aanvaar word.

As finale bewyse vir die bestaan van huurverhoudings en arbeidsverhoudings in terme waarvan werk en dienste reeds in argaïese Rome teen vergoeding verrig is, is die naam *Mercedinus* wat aan die maand November gegee is en die eerste *secessio plebis* in 494 vC.

Die naam *Mercedinus* is afgelei van die feit dat die *mercedonii* in daardie maand die huurgeld moet betaal. Hierin word 'n bevestiging gesien vir die feit dat huurverhoudings reeds goed ingeburger was in die Koningstyd. In die lig hiervan is dit moontlik dat die eerste *secessio plebis* die direkte gevolg kon wees van die ekonomiese toestande wat na die verdrywing van die Etruskiese konings geheer het. Aangesien die *plebs* in terme van arbeidsverhoudings teen vergoeding hulle

voortbestaan sou moes verseker, sou hulle die ergste deur die ekonomiese insinking getref word.

Die *Lex Duodecim Tabularum* bevat slegs een bepaling wat handel oor die huur en verhuur van vee en geen verwysing kom voor na enige arbeidsverhoudings nie. Die bepaling in *Tabula* 4 2 (*Si pater filium ter venum duit, filius a patre liber esto*) word foutiewelik gesien as 'n poging om die *pater familias* te verhinder om sy seun te verkoop of oor sy arbeidskrag te beskik. Uit die sosio-ekonomiese omstandighede tydens die begin van die 5de eeu asook uit die bewoording van die bepaling self, lyk dit waarskynlik dat die wet daarop gemik was om gevalle waar 'n *pater familias* hom skuldig gemaak het aan die prostituering van sy *filius familias* te verhoed.

Dit is metodologies foutief om die inhoud van die *Lex Duodecim Tabularum* in hierdie geval te vertolk in die lig van die uitsprake van die klassieke juriste en die gebruik van alle beskikbare historiese gegewens sal in die geval lei tot 'n vertolking van die *Lex* wat strook met die algemene kenmerke van die vroeë Romeinse regswetenskap en ook behoorlik rekenskap gee van die sosio-ekonomiese toestande gedurende die 6de en 5de eeue vC.

2 ARBEIDSVERHOUDINGS *CIRCA* 150 VC - 250 NC

2.1 INLEIDING

In 264 vC was Rome by die kruispad en die weg wat sy ingeslaan het, het haar politiese ideale verander en van haar die welvarendste staat in die antieke wêreld gemaak.[344] Veral sedert 150 vC beleef die ekonomie 'n bloeitydperk wat voortduur tot minstens 150 nC en vertoon Rome gedurende hierdie tydperk die kenmerke van enige van die groot Hellenistiese stede van die tyd.[345]

Die vereniging van die Mediterreense streek in 'n organiese geheel het drastiese veranderings teweeg gebring betreffende die produksie, verbruik en uitruil van goedere. Die ontdekking van 'n roete na Indië in 116 vC[346] asook die onderwerping van Gallia Transalpina (118 vC)[347] het hiertoe bygedra deurdat Rome toe ook handel kon dryf met afgeleë gebiede in die ooste en weste.[348]

Saam met die golf van rykdom wat oor Rome gespoel het, het ook groot getalle slawe die stad binnegestroom. Toenemende spesialisasie op die gebied van die landbou, asook verstedeliking het tot gevolg gehad dat meer en meer aktiwiteite uit die sfeer van die huishoudelike produksie geneem is en deur onafhanklike werkers gedoen is. In die stede het die groeiende bevolking (aangehelp deur die feit dat slawe in ewe groot getalle vrygelaat is) 'n toenemende behoefte gehad aan huisvesting en die verskaffing van basiese lewensmiddels. Dit kan verwag word dat die belang van arbeid en gevolglik ook arbeidsverhoudings dienooreenkomstig sou toeneem.

---

344 Vgl Alföldy *Social History* 42 ev; Frank *Economic History* 90; Rostovtzeff *Social and Economic History* 9; De Martino *Storia Economica* 69.

345 Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1446. Vgl ook Rostovtzeff *Social and Economic History* 3.

346 Deur Eudoxus van Cyzicus, 'n Griekse skeepskaptein in diens van die Egiptiese koning: Strabo *Geographica* 2 3 4; Treidler *Kleine Pauly* sv "Eudoxos".

347 Leglay *Kleine Pauly* sv "Gallia".

348 Nicolet in *Cambridge Ancient History*^{2} 9 637. Vgl die volledige bespreking in Loane *Industry and Commerce* hfst 1; die belang van handel alreeds vroeg in die geskiedenis van Rome word bevestig deur Cicero *Pro Lege Manilia* 5 11: *Maiores nostri saepe mercatoribus aut navicularlis nostris iniurlosius tractatis bella gesserunt.*

Die klem sal in die volgende gedeelte val op die sosiale en ekonomiese toestande van die *plebs urbana* en *rustica*. Dit is hierdie deel van die samelewing wat moes werk om hulle oorlewing te kon verseker en dit is hier waar die swaartepunt van 'n studie oor arbeidsverhoudings noodwendig sal moet rus. 'n Begrip van die bevolkingsamestelling is ook nodig ten einde 'n behoorlike oordeel oor die belang van werkers en werk gedurende die tydperk van die klassieke Romeinse reg te kan vel.[349]

Soos reeds opgemerk,[350] bestaan daar min direkte getuienis waaruit die lewensomstandighede van die *plebs* met sekerheid vasgestel kan word. Wat die *plebs rustica* betref, gee die *scriptores rei rusticae*[351] 'n aanduiding van die lewensomstandighede asook die moontlike bestaan van arbeidsverhoudings op die platteland. Oor die *plebs urbana* is daar weinig betroubare literatuur beskikbaar. Soos Brewster[352] opmerk, word die meeste studies oor die bevolking van Rome ingelei met die stelling: "Unfortunately, our information concerning [the industrial population] is very inadequate. The Roman writers - historians, philosophers, rhetoricians, and poets - have extremely little to say about the humble persons who apparently did nothing to make history or thought."[353]

---

349 De Martino *Storia Economica* 175. Die resente tye is gekenmerk deur 'n groot aantal prosopografiese studies waarin veral die opperklasse in die Romeinse samelewing, hulle slawe en nou ook die *plebs urbana* onder die soeklig gekom het. Die vernaamste resultaat van die ondersoek na die *plebs urbana* is die feit dat hulle "nicht mehr als müssige, von den Spenden der Regierung oder reicher Senatoren lebende Klasse angesehen werden, denn die Mehrheit der armen Bevölkerung in den Städten hat nachweislich im Handwerk, im Kleinhandel oder als Tagelöhner gearbeitet": Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 17-18.

350 Vgl 7 hierbo.

351 Wat deur Gummerus bestudeer is in sy (nou klassieke) werk *Der römische Gutsbetrieb*.

352 *Roman Craftsmen* xi; vgl ook die opmerkings van Rainer JM "Bauen und Arbeit im klassischen römischen Recht" 1992 *ZSS* 376.

353 Brewster *Roman Craftsmen* skets die daaglikse lewe in Rome aan die hand van die werke van Horatius, Perslus, Juvenalis, Petronius en Martialis. Alhoewel die werk talle waardevolle verwysings en inligting bevat, gaan dit mank aan onvolledigheid as gevolg van haar selfopgelegde beperking; dieselfde geld vir die werke van Drumann W *Die Arbeiter und Communisten in Griechenland und Rom. Nach den Quellen* Königsberg 1860 herdruk Amsterdam 1968 (slegs beperk tot die literêre bronne) en Park ME *The Plebs in Cicero's Day: A Study of their Provenance and of their Employment* Massachusetts 1918 herdruk New York 1975 (beperk tot die werke van Cicero).

Historici het wel met behulp van indirekte getuienis probeer vasstel wat die lewensomstandighede van die *plebs urbana* was: Typaldo-Bassia[354] en Maxey[355] het beide vir dié doel van die *Corpus Iuris Civilis* gebruik gemaak, terwyl Kühn[356] homself tot die inskripsies beperk het. Die studie van Loane[357] is om die rede van groot waarde aangesien sy haarself nie, soos die voorafgaande skrywers, tot 'n bepaalde historiese bron of bronne beperk het nie, maar van al die oorgelewerde literatuur sowel as van beskikbare inskripsies en argeologiese gegewens gebruik gemaak het.

Tradisioneel is die *plebs urbana* gesien as lui en werksku, 'n amorfe massa wat op staatskoste deur *panis et circenses* aan die lewe gehou is.[358] Daar het egter in die laaste tyd 'n nuwe siening ingetree oor die lewensomstandighede van veral die *plebs urbana* en hulle rol in die politiek en ekonomie.[359] Na 'n kort oorsig van die sosiale en ekonomiese toestande vanaf 264 vC tot aan die einde van die klassieke periode, sal die moontlike bestaan van arbeidsverhoudings nagegaan word.

2.2 EKONOMIESE EN SOSIALE AGTERGROND

Na die buitelandse oorloë, en veral die drie Khartaagse oorloë (264-241, 218-201, 149-146 vC), het Rome die meester van die hele Mediterreense gebied geword.[360] In die vorm van oorlogsbuit het 'n golf van rykdom oor Rome gespoel: massiewe

---

354 Typaldo-Bassia A *Des classes ouvrières a Rome* Paris 1892.

355 Maxey M *Occupations of the Lower Classes in Roman Society* Chicago 1938 herdruk New York 1975.

356 Kühn G *De opificum romanorum condicione privata quaestiones* Halle 1910. Kühn se werk is nie vry van kritiek nie; vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1497; Treggiari SM "Urban Labour in Rome: *Mercennarii* and *Tabernarii*" in Garnsey P (red) *Non-slave Labour in the Greco-Roman World* Cambridge 1980 55 (wat beide Kühn en Gummerus kritiseer).

357 Loane *Industry and Commerce*.

358 Vgl 4 hierbo asook Frank *Economic History* veral 340 ev; Drumann *Arbeiter und Communisten* 171.

359 Vgl bv ten opsigte van die einde van die Republiek: Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 644 ev; Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 9 40 ev en Badian E "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" *ANRW* 1 668 (vir 'n oorsig van die literatuur met 'n aanduiding van die jonste tendense); Will *Römische Mob*; Brunt PA "The Roman Mob" in Finley MI *Studies in Ancient Society* London 1974 74; De Martino FM "Motivi economici nelle lotte dei 'populares'" in D'Ippolito F (red) *Nuovi studi di economia e diritto romano* Roma 1988 92; De Martino *Storia Economica* 116; De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 21 ev.

360 Vgl hier bloot die kort oorsig in Volkmann *Kleine Pauly* sv "Roma" I met literatuur aan die einde.

hoeveelhede gemunte geld, waardevolle goue en silwer voorwerpe en groot getalle slawe.[361] 'n Invloedryke klas (later bekend as die *equites*) tree na vore: handelaars en sakemanne wat met grond, huise, winkels, slawe ensovoorts gespekuleer het, handel gedryf het met die provinsies en die staat van wapentuig, klerasie en voedsel voorsien het.[362]

Die kapitaal wat op hierdie wyse verkry is, is hoofsaaklik belê in grond of teen rente uitgeleen. Op hulle beurt het werkers in die stede goedere nie alleen vir die plaaslike markte vervaardig nie maar dit ook uitgevoer na ander dele van Europa en Klein-Asië.[363] As gevolg hiervan was dit moontlik vir heelwat werkers om op 'n deurlopende wyse, sonder onderbreking gedurende die jaar, met produksie voort te gaan.[364]

Rome en haar inwoners het (in 'n mindere of meerdere mate) in die voorspoed gedeel. Die glorieryke geboue, manjifieke openbare skouspele en die hulp met die voorsiening van voedsel aan die inwoners, is die mees opvallende getuienis daarvan.[365]

Rome se materiële vooruitgang was slegs die een sy van die munt. Gepaardgaande daarmee was daar ingrypende sosiale en maatskaplike veranderinge: die vermindering en verarming van die kleinboere, die ontwikkeling van die *latifundia* en die gebruik van slawe op alle gebiede van menslike aktiwiteite. Dat dit verreikende gevolge gehad het, kan nie betwyfel word nie. Indien die Romeinse outeurs wat oor hierdie periode skryf, geraadpleeg word, is die gevoel wat ontstaan een van 'n groot getal ontwortelde mense in Rome wat willoos en sonder enige vaste beginsels deur politici misbruik is.

---

361 Rostovtzeff *Social and Economic History* 15; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 257.

362 Molnár I "System der Verantwortung im römischen Recht der späten Republiek" 1989-1990 *BIDR* 545 546 ev; Rostovtzeff *Social and Economic History* 17; vgl ook die bespreking van die *publicani* op 77 ev hieronder.

363 Veral Gallia (wyn, olie, metallurgiese en tekstielprodukte): Rostovtzeff *Social and Economic History* 21 n 14.

364 Molnár "System der Verantwortung" 546.

365 Vgl bv die bou van *basillicae* in die tydperk. Die eerste hiervan, die *Basilica Porcia*, is in 184 vC deur M Porcius Cato opgerig. Alhoewel dit as "a gigantic bazaar" beskryf is, kon dit spoedig nie aan die aanvraag voldoen nie en die *Basilica Aemilia* is 5 jaar later (179 vC) gebou. 'n Groot aantal is ook daarna opgerig; vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 71 ev.

Die prentjie is ook een van 'n verlate platteland met groot plase waarop slegs slawe aangetref word en arm kleinboere wat in die stad om 'n voortbestaan veg.

Die patos word aangehelp deur berigte van skrywers soos Appianus[366] en Plutarchus[367] en veral die beroemde toespraak van Tiberius Gracchus in 133 vC waarin hy die hopelose posisie van die Romeine soos volg skets:

> "Die wilde diere van Italië het lêplekke en strooibeddens, maar hulle wat vir Italië veg en sterf besit niks anders nie as die lug en lig. Sonder heenkome swerf hulle onverpoos rond saam met hulle vrouens en kinders. En die generaals wat hulle soldate aanmoedig om die grafte en gewyde plekke teen die vyand te verdedig bedrieg hulle, want nie een van dié massa Romeine het 'n huis of haard nie. Hulle veg en sterf ter wille van die gerief en rykdom van ander; hulle word heersers van die wêreld genoem maar besit nie eers 'n kluit grond nie."[368]

Die hoofoorsaak van die ellende is die talle oorloë wat die platteland verwoes het en die rykes wat die kleinboere daarna van hulle grond ontneem het. Die verhaal van M Atilius Regulus[369] kan as voorbeeld dien. Regulus het sy vrou en kinders agtergelaat, 'n opsigter oor sy plaas van 7 *iugera*, sowel as 'n arbeider (*mercennarius*) aangestel en as konsul 'n leër teen die Khartagers aangevoer. Na militêre suksesse in Afrika versoek Regulus die senaat om hom toe te laat om terug te keer. Die rede vir sy versoek is sy kommer oor gebeure wat tuis plaasgevind het: die opsigter in beheer van die plaas het gesterf en die *mercennarius* het verdwyn tesame met goed op die plaas. As gevolg hiervan vrees Regulus dat sy vrou en kinders sou hongerly aangesien die plaas abandonneer is. Die senaat het hierop reageer deur toe te sien dat Regulus

---

366 Vgl bv Applanus *Bella Civilia* 1 7 ev waar die agtergrond tot die hervormings van die Gracchi bespreek word.

367 Plutarchus *Tiberius Gracchus* 8 1-3.

368 Plutarchus *Tiberius Gracchus* 9 5.

369 *Consul* 267 vC. Verdere biografiese gegewens in Deissmann-Merten *Kleine Pauly* sv "Regulus" 5. Oor die verhaal wat volg, vgl ook Heitland *Agricola* 139.

se plaas bewerk word (*colendum locari*), sy vrou en kinders versorg word en Regulus vergoed word vir die verliese wat hy gely het.[370]

Regulus was 'n konsul en het tot een van die belangrikste families gedurende die Republiek behoort.[371] Dit verklaar die feit dat die senaat bereid was om hom uit sy benarde situasie te help. Die lot van duisende Romeinse kleinboere wat, soos Regulus, hulle plase moes verlaat en militêre diens moes verrig, was egter verseël. Diegene wat nie op die slagveld gedood is nie, het teruggekeer na 'n verwoeste platteland; om weer met 'n boerdery te begin was uiters moeilik. Hulle vee en goedere is gesteel, huise afgebrand en hulle het 'n bleek toekoms in Rome in die gesig gestaar.[372]

Die groot probleem wat die historikus in die gesig staar, is die feit dat die Romeinse skrywers self min ag geslaan het op die oorsake van die verstedeliking en die veranderings wat op die gebied van landbou ingetree het. Hulle het geskryf oor generaals, oor hulle motiewe, oor die hervormers en hulle programme. Weinig aandag is geskenk aan die faktore wat die generaals of hervormers tot aksie oorgehaal het, waarom hulle populêre steun geniet het of waarom daar vir die soveelste keer 'n hongersnood gedreig het.[373] Om dus sommige van die berigte van die Romeinse skrywers eenvoudig op sigwaarde te beoordeel en daaruit gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die ekonomiese, sosiale en maatskaplike toestande in daardie periode, is gewaagd.

Historici het egter wel die berigte soos hierbo as histories korrek beskou en het die geskiedenis teen die einde van die Republiek soos volg voorgestel: Die oorlog teen

---

370 Vgl Valerius Maximus *Memorabilia* 4 4 6; Seneca *Ad Helviam matrem de consolatione* 12 5; Polybius 1 31 4 ev se weergawe van die verhaal verskil aansienlik: Heitland *Agricola* 140.

371 Berneker *Kleine Pauly* sv "Atilius" I 20.

372 Vgl Livius *AUC* 28 11 9.

373 Hoewel Appianus en Plutarchus wel aandag gee aan die ekonomiese en sosiale toestande gedurende die tweede eeu vC en op die bestaan van 'n krisis in die landbou wys, gee hulle onvoldoende rekenskap van die oorsake daarvan; vgl Lintott in *Cambridge Ancient History*^{2} 9 53 ev.

Hannibal (247/246 - 183 vC) het dele van Italië verwoes[374] en aansienlike lewensverlies teweeggebring. As gevolg hiervan het die kleinboere na Rome gestroom en is hulle plase deur patrisiërs oorgeneem wat, met behulp van goedkoop slawe-arbeid, dit in *latifundia* omskep het.[375] In die stad het hulle die Romeinse mob gevorm wat lui en sonder ambisie geleef het van die aalmoese wat deur die staat verskaf is: *panem et circenses* was al wat dié *plebs sordida et circo et theatris sueta*[376] begeer het.

Die jongste navorsing het 'n kentering ten opsigte van bogemelde siening teweeg gebring. Die oorlog teen Hannibal, sowel as van die ander oorloë waarby Rome betrokke was, word nie meer gesien as die vernaamste oorsake van die grootskaalse verstedeliking en ontvolking van die platteland wat gedurende die tweede eeu vC plaasgevind het nie.[377] Die rede vir die verstedeliking word eerder gesoek in 'n kombinasie van faktore soos die wat Boren byvoorbeeld alreeds in 1957 identifiseer het:[378] die algemene stand van landbou in Italië en die groeiende welvaart in die stede - veral Rome - waar daar ook groter sekuriteit en talle werksgeleenthede bestaan het.

---

374 Brunt *Italian Manpower* 269 ev; Alföldy *Social History* 52; Toynbee *Hannibal's Legacy*; Skydsgaard JE "Non-slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" in Garnsey *Non-Slave Labour* 65. Vir kritiek op die werk van Toynbee vgl Badian "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" 671.

375 Rostovtzeff *Social and Economic History* 18 verkondig hierdie (simplistiese) siening: "It is not surprising, therefore, that the State encouraged the new capitalists to invest their money, above all, in the large areas of arable and pasture land which lay waste, especially in North and South Italy, after the horrors of the Gallic and Punic wars....The number of Roman and Italian citizens resident in Italy and engaged in agriculture was reduced .... by losses during the wars.."; vgl ook Frank *Economic History* 93 ev; Heitland *Agricola* 152 ev; Mossé *Ancient World at Work* 58 ev; Bolkestein H *Wohltätigkeit und Armenpflege im vorchristlichen Altertum* Utrecht 1939 354; Jones AHM "Slavery in the Ancient World" 1956 *Economic History Review* 185 192; Gabba E 1968 *Revista di Filoiogia e di Istruzione Classica* 68 op 71 ev tov Toynbee *Hannibal's Legacy.*

376 Tacitus *Historia* 1 4. Vgl bv bloot Will *Römische Mob* 1 ev; Frank *Economic History* 208; Skydsgaard "Non-Slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" 65.

377 Wat Toynbee *Hannibal's Legacy* wel doen: Badian "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" 670; Brunt *Italian Manpower* 269 ev toon aan dat die skade aangerig deur Hannibal tot slegs enkele streke beperk kon wees en dat die Romeine self ook vir sommige van die skade verantwoordelik gehou moet word. Gedurende die oorlog is daar egter deurgaans in Italië met boerdery-aktiwiteite voortgegaan. Vgl ook Last *Cambridge Ancient History* 9 4.

378 Boren HC "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 1957/58 *American Historical Review* 890; Boren se gevolgtrekkings word grootliks aanvaar deur Badian "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" 679 683.

Met laasgenoemde benadering word saamgestem. As gevolg van die landboutoestande in Italië teen die begin van die tweede eeu vC was dit vir talle kleinboere nie meer die moeite werd om met hulle boerdery voort te gaan nie. Ten spyte van intensiewe bewerking van dele van Italië[379] kon die landbou sedert die 5de en 4de eeue vC nie meer met gemak in al die behoeftes van die bevolking voorsien nie. Klimatologiese sowel as geografiese faktore het daartoe bygedra dat oeste nie konstant was nie en dat daar op 'n vroeë stadium al begin is met die aanplant van produkte op 'n rotasie-basis.[380]

Die toenemende verstedeliking en verandering in dieet wat sedert die derde en tweede eeue vC sigbaar word,[381] het daartoe gelei dat daar 'n groter behoefte was aan koring. Hierin kon die plaaslike mark nie voorsien nie en dit lei tot die grootskaalse invoer van koring vanuit Sicilië, Griekeland, Sardinië, Spanje en Afrika.[382]

Rome het nie 'n ander keuse gehad as om na haar verowering van Sicilië (241 vC) 'n nuwe beleid jeens die verowerde gebiede toe te pas nie.[383] Grond in die verowerde gebiede (provinsies) word vanaf dié tydstip as staatseiendom beskou en in ruil vir die gebruik daarvan moes plaaslike inwoners aan Rome 'n deel van die opbrengs uit die grond betaal. Op grond van die *Lex Hieronica*[384] is hierdie hoeveelheid op 10% van die totale opbrengs gestel. In die geval van Sicilië het die hoeveelheid koring wat aldus

---

379 Vgl bv die *cuniculi* of afvoerslote wat in die tufsteen gekap is al langs die rante van kranse en wat ten doel het om grond-erosie te verhoed. Soos Frank *Economic History* 9 opmerk: "They were apparently cut at a time of such overpopulation that every foot of arable ground must be saved for cultivation." Van die *cuniculi* dateer uit die tyd van die vroeë Republiek en moes die resultaat gewees van intensiewe boerdery aktiwiteite.

380 Vgl Drummond *Cambridge Ancient History*^{2} 7 229 ev.

381 Vgl Paoli UE *Vita Romana. Het Leven in het Oude Rome* vertaling GAJ Edmonds Amsterdam 1944 126; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 664.

382 Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 613; Herz *Römische Wirtschaftsgesetzgebung* 24. Die standpunt van Frank *Economic History* 55 wat die tekorte aan graan uitsluitlik toeskryf aan die uitputting van die grond, verwoesting van die inheemse bosse en gevolglike erosie, word nie deur die bronne gesteun nie. Vgl ook De Martino *Storia Economica* 87 ev.

383 Vgl De Robertis *Forze di Lavoro* 10; De Martino *Storia Economica* 44, 73; Rome was nie die eerste om sodanige beleid ten opsigte van verowerde gebiede toe te pas nie: dit is toegepas deur die oorwonne Khartago, en voor haar deur die konings van Egipte en Sirië wat dit op hulle beurt vanaf Alexander die Grote verkry het: Frank *Economic History* 90.

384 Afgekondig deur Hieron, koning van Syrakuse (c. 306/7 - 215 vC). Die wet reël die verhouding tussen erfpagters en die grondeienaars in fyn besonderhede: Callies *Kleine Pauly* sv "Hieron".

aan Rome toegekom het, in ongeveer in 50% van die stad se jaarlikse behoeftes kon voorsien.[385]

Ekonomiese realiteite het dus daartoe gelei dat boerdery aktiwiteite gedurende die derde eeu vC verander vanaf die verbouing van graan na vee-boerdery en die aanplanting van olyfboorde en wingerde. Hierdie vorme van landbou verg minder arbeid maar ten einde winsgewend te wees, was groot stukke grond nodig. Voorts sou slegs die welvarende boere dit kon bekostig om oor te skakel vanaf die verbouing van graan na die meer winsgewende vee-boerdery en die aanplanting van olyfboorde en wingerde.[386]

Die proses van die "ontvolking van die platteland" en grootskaalse verstedeliking is hierdeur aangehelp.[387] Dit is verstaanbaar dat die meeste kleinboere die stad sou gaan opsoek om 'n beter voortbestaan vir hulleself aldaar te verseker. Die verbouing van koring was nie meer winsgewend nie[388] - die landbou het hulle nie meer van sekure inkomste kon voorsien nie en moontlik het die lang periodes wat kleinboere van hulle grond afwesig was, hulle verder 'n weersin in die veeleisende hande-arbeid, wat noodwendig deel was van saaiboerdery, gegee.[389]

Die Romeinse owerhede het nie die proses van verstedeliking teëgestaan nie. Ook is daar nie gepoog om die verandering wat op die gebied van die landbou ingetree het, aan te spreek nie. Die stad kon op alternatiewe bronne begin steun insoverre dit die

---

385 Frank *Economic History* 92.

386 Veral die verbouing van olywe sou op groot skaal slegs deur die welvarendes onderneem kon word aangesien daar eers 'n periode van ongeveer 15 jaar verloop het voordat daar inkomste uit die onderneming verkry sou kon word: Frank *Economic History* 60. Olywe was van kardinale belang aangesien olyfolie vir beligting, kook- en medisinale behoeftes benodig is. Olywe is reeds teen 600 vC in Italië aangeplant: Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 611 ev; Drummond *Cambridge Ancient History* ^{2} 7 120; De Martino *Storia Economica* 43. In die geval van vee-boerdery is dié periode natuurlik korter maar daar word steeds 'n aansienlike kapitaaluitleg benodig om dit van stapel te stuur. Vgl ook De Martino *Storia Economica* 100 en die bespreking op 139 ev hieronder.

387 Vgl ook De Martino *Storia Economica* 111 ev.

388 Rome het tot soveel as 66% van alle graan wat verbruik is ingevoer. Die gevolglike val in die prys van graan het die kleinboere ruïneer: Louis *Ancient Rome at work* 147; Mossé *Ancient World at Work* 21; Frank *Economic History* 92.

389 Louis *Ancient Rome at Work* 6.

verskaffing van graan betref. Veral na die verowering van Sicilië, is staatgemaak op groot hoeveelhede koring daarvandaan waaraan die enigste koste verbonde dié van die vervoer daarvan was.[390]

Die vraag wat tereg gevra kan word, is of die vernaamste rede vir verstedeliking nie eerder die feit is dat die lewenstandaard in die stad (en dorpe op die platteland)[391] hoër en oorlewing aldaar veel makliker was nie?[392]

Uiteraard sal dit moeilik wees om bogemelde vraag met absolute sekerheid te beantwoord. Aangesien die waarheid daarvan al dan nie van groot belang is vir die bestaan van arbeidsverhoudings, moet dit verder ondersoek word. Livius[393] se berigte oor die *Latini* is moontlik relevant. Teen 187 vC het gesante van die *Latini* in Rome kom kla dat 'n groot aantal van hulle burgers na Rome verhuis het en daar in die *census* opgeneem is. Die senaat het hieraan gehoor gegee en 12 000 *Latini* is op grond hiervan uit Rome teruggestuur. Dié groep het slegs *Latini* ingesluit wat in 204 vC of daarna as sulks in hulle geboorteplekke geregistreer is.

Ten spyte hiervan het die stroom na Rome nie opgehou nie. Tien jaar later het die gesante van die *Italii* oor dieselfde probleem in Rome kom kla. Die inhoud van hulle klagte was identies: 'n groot aantal van hulle burgers het na Rome verhuis en is daar in die *census* opgeneem. Die probleem moet aangespreek word "*quod si permittatur,*

---

390 De Martino *Storia Economica* 74.

391 Vgl bv Capua wat 'n welvarende industriële sentrum was en waar daar aanduidings is van die bestaan van 'n groot aantal *collegia* (soortgelyk as dié te Rome) wat uit vakmanne bestaan het en wie se lede, as *magistri* die administrasie behartig het. Die *magistri* was handelaars of vakmanne wat bygedra het tot Capua se aansienlike rykdom tot 58 vC (waarna dit 'n Romeinse kolonie geword het). Veral die bronsbedryf was bekend en dateer uit die tyd van die 5de eeu vC: Frederiksen MW "Republican Capua: A Social and Economic Study" 1959 *Papers of the British School at Rome* 80 ev en veral 107 ev. Die belang van Capua word verder illustreer deur die feit dat dit reeds so vroeg as 295 vC deur die *via Appia* met Rome verbind is: Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 559.

392 Die feit is korrek ingesien deur Mossé *Ancient World at Work* 21. Vgl Livius *AUC* 42 34 2 waar een van die *proletarii* die swak lewensomstandighede van die kleinboere gedurende die tydperk skets: *Pater mihi iugerum agri reliquit et parvum tugurium, in quo natus educatusque sum, hodieque ibi habito.*

393 Livius *AUC* 39 3 4-6; *AUC* 41 8 6 ev.

perpaucis lustris futurum, ut deserta oppida, deserti agri nullum militem dare possint."[394]

Hierdie toestroom van vreemdelinge na Rome kan slegs verklaar word aan die hand van die feit dat die lewensomstandighede daar beter was as op die platteland - beide op die plase en in die dorpe. Die gesante van die *Italii* self noem as rede vir die verhuising dat die immigrante sodoende probeer om hulle militêre verpligtinge teenoor Rome vry te spring. Afgesien van die feit dat daar op daardie stadium geen noemenswaardige oorloë gevoer is wat sodanige optrede deur die *socii* sou regverdig nie,[395] bly die basiese feit steeds staan dat hulle stamgenote nie na Rome sou verhuis het nie indien hulle nie aldaar ekonomies (beter) sou kon oorleef nie.

Dat 'n poging om militêre diens vry te spring nie die hoofoorsaak van die verhuising na die stede was nie, word moontlik bewys deur die geval van die verhuising (ook in 177 vC) van 4 000 Samnitiese en Paeligniaanse families na die stad Fregellae.[396] As lojale bondgenoot van Rome en sedert 328 vC 'n Romeinse kolonie, het die stad se inwoners oor die *ius migrationis*[397] beskik en was hulle verplig om militêre hulp (in die vorm van soldate) aan Rome te verleen. In die verlede het Fregellae aan Rome militêre hulp verleen en (gedurende die tyd wat die verhuising daarheen moontlik alreeds onderweg was) troepe in die oorlog teen Antiochus III (192 vC - 187 vC) verskaf.[398]

---

394 Livius *AUC* 41 8 7. Die erns van die situasie word duidelik as in ag geneem word dat die mense uit 'n gebied van slegs 500 of 800 km^2 kom: Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 651. Die moontlikheid dat die *Latini* na Rome verhuis het met die doel om Romeinse burgerskap te verkry, word deur Badian "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" 683 n 40 weerlê.

395 Die tweede Khartaagse oorlog het 201 vC tot 'n einde gekom; dié teen Phillip V van Macedonië in 197 en teen Antiochus III in 187 vC. Vanaf 187 vC tot 171 vC was daar geen buitelandse oorloë nie. Dit is egter waar dat daar gemiddeld 73 000 van die bondgenote as lede van die *auxilia* militêre diens gedoen het: Brunt *Italian Manpower* 423.

396 Livius *AUC* 41 8 8.

397 Dws die reg van 'n *Latinus* om na die *ager Romanus* te verhuis en ná permanente vestiging aldaar as *civis* in die *census* opgeneem te word: Staveley *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 427.

398 Radke *Kleine Pauly* sv "Fregellae".

Toestande in die stad Rome sou dus sodanig moes wees dat die massas wat daar gewoon het[399] van 'n voortbestaan verseker kon wees. Die blote teenwoordigheid en permanensie van die massas in Rome suggereer alreeds dat daar aan gemelde vereiste voldoen is en dat dit dus moontlik was om op die een of ander wyse 'n inkomste te bekom. Dit spreek ook vanself dat die groot meerderheid inwoners slegs op hulle fisiese arbeid of vaardighede sou moes staatmaak in dié verband.

Wat hierdie kardinale vereiste betref hoef daar gelukkig nie by die spekulatiewe te bly nie. Die vraag of daar inderdaad genoeg werksgeleenthede bestaan het, word deur Polybius aangeraak. Ten opsigte van die middel van die 2de eeu vC berig hy soos volg oor Rome en veral die rol van die senaat:

> "In like manner the people, on their part, are far from being independent of the Senate and are bound to take its wishes into account both collectively and individually. For contracts, too numerous to count, are given out by the censors in all parts of Italy for the repairs or construction of public buildings. There is also the collection of revenue from many rivers, harbours, gardens, mines and land ... And in all these the people at large are engaged; so that there is scarcely a man, so to speak, who is not interested either as a contractor or as being employed in the works. For some purchase the contracts from the censors for themselves; and others go partners with them; while others again go security for these contracts or actually pledge their property to the treasury for them."[400]

Dié berig uit Polybius het nie die aandag verkry wat dit verdien nie en is summier as 'n versinsel van sy kant afgemaak.[401] Hierdie skeptisisme kom vreemd voor. Soos

---

399 Vgl die opmerking in Livius *AUC* 39 3 6 "*...Iam tum multitudine alienigenarum urbem onerante*" (tov 187 vC). Die uitsetting van die *Latini* soos hierbo gemeld, is egter nie gedoen omrede die stad oorbevolk was nie maar, indien die berig van Livius op sigwaarde geneem word, aangesien die platteland besig was om te ontvolk.

400 Polybius 6 17 1. (Vertaling deur Bernstein AH *Polybius on Roman Imperialism. The Histories of Polybius translated from the Text of F Hultsch* Indiana 1980 191.)

401 Walbank FW *A Historical Commentary on Polybius* 3 vols Oxford 1957-1979 1 692; Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution" 683; Frank *Economic Survey* 1 150. Dit geld nie net vir die historici nie. Ook Romaniste maak hulle hieraan skuldig. Mayer-Maly *Locatio*

Badian[402] (met verwysing na Polybius) opmerk: "why - with no evidence to the contrary - should we not believe the skilled observer, writing at his own time, and with no particular political commitment at this point?" Polybius sou niks daarby gebaat het om sy historiese bronne te verdraai en op hierdie (kardinale) punt[403] sy lesers te mislei nie. Polybius het as ooggetuie oor die tydperk geskryf (*circa* 200-120 vC) en gedurende sy verblyf in Rome (167-150 vC) was hy die vriend en vertroueling van Scipio Aemilianus.[404] By gebreke aan getuienis tot die teendeel, kan daar nie aan die korrektheid van sy stelling (dat die staat wel werk uitkontrakteer het en die grootste gedeelte van die bevolking hierby gemoeid was) getwyfel word nie.[405]

Inteendeel, Polybius se berig word deur ander historiese berigte en gegewens gestaaf. Die praktyk in terme waarvan die *censores* of *consules*[406] die verrigting van openbare werke by wyse van kontrak uitverhuur het, dateer moontlik so ver terug as 435 vC.[407]

Conductio en de Robertis *Rapporti di Lavoro* sowel as *Forze di Lavoro* noem die teks nie; die teks word ook nie, sover ek kon vasstel (daar is geen lys van tekste wat geraadpleeg is nie), bespreek deur de Robertis in *Lavoro e Lavoratori* nie.

402 Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution" 685.

403 Polybius vel immers nie 'n waardeoordeel nie - hy konstateer 'n feit wat, aangesien die waarheid daarvan algemeen bekend sou wees, moeilik deur hom versin sou word. Dit is wel moontlik dat Polybius, wat homself ten doel gestel het om die grootsheid van Rome en van die Romeinse staat aan te toon, juis op hierdie punt skuldig kon wees aan oordrywing. Sy berig moet egter nie sonder meer as vals verwerp word nie; vgl Lehmann GA *Untersuchungen zur Historischen Glaubwürdigkeit des Polybios* Münster 1967 en veral 360. Oor Polybius se filosofie, vgl Walbank *Historical Commentary on Polybius* 635 ev. Polybius Boek 6 word algemeen aanvaar as 'n akkurate beskrywing van die Romeinse konstitusie: Nicolet C "Polybius VI,7,4 and the Composition of the *Societates Publicanorum*" 1971 *Irish Jurist* 163 174.

404 Vgl Ziegler *Kleine Pauly* sv "Polybios".

405 Vgl Badian E *Publicans and Sinners. Private Enterprise in the Service of the Roman Republic* New York 1972 11 ev. Frank *Economic Survey* I 149 ev en Toynbee *Hannibal's Legacy* 2 356 ontken egter die feit dat die staat die kontrakte aan private ondernemers uitverhuur het. Soos hieronder aangetoon sal word, kan met die mening van Badian saamgestem word.

406 In buitengewone omstandighede soos wanneer daar geen *censores* was nie en beide die *consules* weg van Rome was, kon alle *magistratus* met die goedkeuring van die senaat oor diè bevoegdheid beskik. Daar is ook by geleentheid amptenare aangestel met die uitsluitlike doel om kontrakte te sluit vir die verrigting van bouwerk. Vgl bv die *duumviri aedi locandae* waarvan Livius (*AUC* 7 28 5; *AUC* 22 33 8; *AUC* 40 44 10) berig. Gedurende die Prinsipaat het hierdie bevoegdheid oorgegaan op die keiserlike amptenare: Die *praefecti aerarii*: Tacitus *Annales* 13 29; Suetonius *Augustus* 36; die *quaestores aerarii Saturni*: Tacitus *Annales* 13 29; Suetonius *Claudius* 9 1; en spesiale *praefecti* vanaf die tyd van Nero: Tacitus *Annales* 13 28 29. Vgl oor die algemeen De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 173 ev.

407 Vgl Livius *AUC* 4 22 7 .... *censores villam publicam in campo Martio probaverint*. Vgl ook Badian *Publicans and Sinners* 16. Die gee van die sinjaal wat die *comitia centuriata* byeengeroep het, is in die tyd van die koning Servius reeds deur 'n onafhanklike kontrakteur gedoen: Varro *De Lingua Latina* 6 92. Vir voorbeelde van sodanige kontrakte wat uit latere tye dateer vgl Degrassi

Daarna is daar talle berigte van geboue wat opgerig is in terme van kontrakte aangegaan deur die *censores*[408] en die *consules*.[409]

Die eerste direkte getuienis van die uitkontrakteer van 'n kontrak aan *publicani*[410] is in 215 vC gedurende die oorlog teen Hannibal.[411] Hieruit kan egter nie afgelei word dat die gebruik toe eers ontstaan het nie. Uit die berig van Livius wil dit voorkom asof hy aanvaar dat die stelsel al goed bekend is en die kontrak vir die uitrusting van die leër slegs noem omdat die staat op daardie stadium in 'n geldkrisis vasgevang was en voedsel, kleding en toerusting vir die vloot op krediet wou verkry.[412] Dié geldkrisis het in 214 vC steeds bestaan en volgens Livius[413] kon die *censores* in dié jaar selfs nie die onderhoud van gewyde geboue, die verskaffing van perde vir gebruik in optogte en spele, en soortgelyke sake,[414] aan kontrakteurs verhuur nie.

Die grootte van die kontrakte wat aldus uitkontrakteer is, blyk uit 'n berig in Livius[415] dat die senaat in 209 vC besluit het om uitrusting vir die leër in Spanje te verskaf. Volgens die berekeninge van Badian[416] sou die bedrag wat hiervoor benodig word (bereken op die basis dat daar 4 legioene in Spanje was) ongeveer 1,5 miljoen *denarii* of 6 miljoen *sestertii* beloop het. Die grootte van die bedrag raak duidelik as in ag

---

A *Inscriptiones Latinae Liberae Rei Publicae* 2 vols Firenze 1963-1965 449 (tov 'n pad), 39, 445 (tov die oprigting van 'n gebou).

408 Vgl Livius *AUC* 6 32 1; *AUC* 40 51 3-7; *AUC* 27 11 16; *AUC* 39 44 6; *AUC* 38 28 3; *AUC* 41 27 5; *AUC* 29 37 2; *AUC* 36 36 4; Frontinus *De Aquis* 6.

409 Livius *AUC* 34 53 3; *AUC* 34 53 7; *AUC* 10 46 14; Cicero *in Verrem* II 1 50 130; Cicero *ad Atticum* 4 1- 4 3; Cicero *Philippicae* 14 14 38.

410 Vgl Ulpianus D 39 4 1 1 *Hic titulus ad publicanos pertinet. Publicani autem sunt, qui publico fruuntur (nam inde nomen habent), sive fisco vectigal pendant vel tributuum consequantur: et omnes, qui quod a fisco conducunt, recte appellantur publicani.* Die *publicani* kon kontrakte van die staat bekom vir die oprigting van staatsgeboue of die lewering van goedere aan die staat, die verhuur van staatseiendom (soos myne en soutwerke) en die invordering van staatsinkomste (soos *vectigalia* en *tributa*). Die *publicani* moes onder andere sekerheid stel en 'n voorskot betaal: Ürögdi *Kleine Pauly* sv "Publicani".

411 Badian *Publicans and Sinners* 16.

412 Livius *AUC* 23 48 5. Vgl hieroor Badian *Publicans and Sinners* 20.

413 Livius *AUC* 24 18 10.

414 Wat Livius met "soortgelyke sake" bedoel het, is onseker. Sien Badian *Publicans and Sinners* 20.

415 Livius *AUC* 27 10 11.

416 *Publicans and Sinners* 21 ev.

geneem word dat die eiendomskwalifikasie vir *equites* 100 000 *denarii* en vir lede van die eerste klas op die *census*-lyste, ongeveer 10 000 *denarii* beloop het.

In 169 vC word daar 'n kontrak vir die verskaffing van 6 000 togas, 30 000 tunieke en 200 Numidiese perde gesluit.[417] Ook in dié geval was die grootte van die kontrak[418] sodanig dat dit aan groot getalle vakmanne en werkers die geleentheid kon bied om hulle dienste of vaardighede teen vergoeding tot beskikking van die kontrakteur (*publicanus*) te stel.

Die geld waarmee die staat die ondernemers betaal het, is in die vorm van oorlogsbuit, skadeloosstelling of belastings verkry. Frank[419] het bereken dat die *fiscus* tussen 200 vC - 150 vC 'n totale inkomste van 610 600 000 *denarii* gehad het.

Dit is dus goed moontlik dat daar meer as genoeg werksgeleenthede in Rome beskikbaar sou wees. Afgesien van die leër wat 'n konstante aanvraag geskep het,[420] sou die boubedryf ook aan talle werkers 'n bron van inkomste verskaf het. Livius noem die oprigting van openbare geboue in 196 vC,[421] 193 vC,[422] 192 vC,[423] 179 vC,[424] 174 vC[425] en weer in 169 vC.[426] (En daar is geen rede om te aanvaar dat sy berigte in die verband volledig sou wees nie.)[427] Veral die bou-projekte van 179 vC en 169 vC was belangrik soos afgelei kan word uit die feit dat die *censores* in 179 vC die ekwivalent van een jaar se staatsinkomste ontvang het vir die oprigting van openbare geboue en in 169 vC 50% daarvan.

---

417 Livius *AUC* 44 16 4.
418 Ter waarde van ongeveer 1 miljoen *denarii*, oftewel die ekwivalent van die jaarlikse besoldiging van 10 000 soldate: Badian *Publicans and Sinners* 29.
419 *Economic Survey* 1 138; wat aanvaar word deur Badian *Publicans and Sinners* 30; vgl ook Louis *Ancient Rome at Work* 123-4; Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 893-4.
420 Molnár "System der Verantwortung" 547.
421 Livius *AUC* 33 42 10.
422 Livius *AUC* 35 10 12.
423 Livius *AUC* 35 41 10.
424 Livius *AUC* 40 46 16.
425 Livius *AUC* 41 27 5 ev.
426 Livius *AUC* 44 16 10 - 11.
427 Coarelli F "Public Building in Rome between the Second Punic War and Sulla" 1977 *PBSR* 3.

Gedurende 193 - 174 vC is die geriewe by die binnelandse rivier-hawe langs die *Forum Boarium* op beide die oewers van die Tiber aansienlik uitgebrei om voorsiening te maak vir die hantering van groter volumes skeepsvrag.[428] Afgesien van die feit dat die uitbreiding simptomaties moes wees van groter ekonomiese aktiwiteit, moes hier ook aansienlike bedrae geld by betrokke gewees het. Dit is dus nie toevallig nie dat die toestroom van *Latini* na Rome ook in hierdie periode plaasgevind het nie.

Die persone aan wie die kontrakte vir die verskaffing van die uitrusting, die oprigting van geboue ensovoorts toegeken is, sou uiteraard nie die werk self kon verrig nie.[429] Hiervoor sou hulle moes put uit die poel van beskikbare arbeid in Rome. Die groei in bevolking (soos blyk uit die immigrasie wat hierbo genoem is) dui daarop dat dit presies is wat plaasgevind het.

Die feit dat die stelsel van die uitkontrakteer van openbare kontrakte op daardie stadium stewig ingeburger was, die feit dat die staat oor voldoende fondse beskik het om daarvoor te betaal, en bevolkingsgroei wat plaasgevind het, steun die korrektheid van Polybius se stelling.

Die posisie van die *plebs urbana* sou relatief sekuur gewees het indien dit nie was vir die groot toename in slawegetalle nie. Ten einde die nodige perspektief oor die impak van slawe op die beskikbare werksgeleenthede te verstrek, word die rol en belang van slawe-arbeid vervolgens bespreek.

---

428 Castagnoli F "Installazioni Portuali a Roma" in D'Arms JH, EC Kopff *The Seaborne Commerce of Ancient Rome: Studies in Archaeology and History* Rome 1980 35 ev; die Tempel van Portunus (die god van die hawe) wat daar opgerig is, dateer alreeds uit die 4de eeu vC: Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 409.

429 Toynbee *Hannibal's Legacy* 1 343 se stelling (mbt die kleinboer wie se finansiële toestand benard was) "[t]he suggestion that [the peasant farmer] disposed of spare money for investment in public contracts should have been taken by him to be a joke, and a bad joke, at his expense" openbaar om hierdie rede 'n verbasende gebrek aan insig. Weliswaar sou die kleinboer nie as *publicanus* die kontrak self onderneem nie - maar hy kon as sub-kontrakteur of blote werker behulpsaam wees met die verrigting van die werk of die verskaffing van dienste. 'n Goeie voorbeeld van so 'n kontrak waarby sub-kontrakteurs betrokke was, kom voor in Cicero *In Verrem* II 50 130 ev.

2.3 SLAWE[430]

Slawe het alreeds gedurende die 4de eeu 'n rol in die geskiedenis van Rome begin speel.[431] 'n Blyk hiervan is die verdrag wat in 348 vC tussen Rome en Khartago gesluit is in terme waarvan die verkoop van persone as slawe onder bepaalde omstandighede verbied is.[432] Die verdrag is gesluit op 'n tyd toe die slawebevolking, hoofsaaklik in die vorm van krygsgevangenes,[433] geleidelik aangegroei het.[434] Indien die historiese berigte op sigwaarde geneem word, is daar tussen 396 (na die inname van Veii) en 306 vC (met die oorlog teen die Samniete) 40 000 slawe in Rome ingebring.[435]

Hierdie tendens het gedurende die derde eeu vC voortgeduur. In 262 vC is meer as 25 000 inwoners van Agrigentum as slawe verkoop en 13 000 inwoners van Panormus in 254 vC.[436] Rome se beleid jeens inwoners van die verowerde gebiede was op die stadium egter nog konserwatief. Krygsgevangenes is dikwels na betaling van 'n losprys vrygelaat en dit was ongewoon dat die totale bevolking van 'n stad as slawe verkoop sou word.

---

430 As gevolg van die humanisme, sosiale kritiek en bevryding in die laaste kwart van die 20ste eeu het belangstelling in die studie van slawerny skerp toegeneem: vgl Finley *Ancient Slavery* 9. Ten spyte van kritiek teen die ideologiese uitgangspunte in elk, bly die werke van Wallon H *Histoire de l'esclave dans l'antiquité* Paris 1879 herdruk 1974 en Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* gesaghebbend. Vir 'n globale oorsig oor die ideologiese basis wat meeste van die werke oor die antieke slawerny ten gronde lê kan Finley *Ancient Slavery* 11-66 geraadpleeg word. Vgl ook Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 363 waar 'n volledige bibliografie verstrek word.

431 Finley *Ancient Slavery* 83; Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7/2 334; De Robertis *Forze di Lavoro* 126 ev.

432 Polybius 3 24 ev; vgl die teks in Frank *Economic Survey* 1 34. Horak F "Kredietvertrag in den Zwölftafeln" 1976 *ZSS* 261 262 beskou die verdrag as 'n anachronisme. Ongelukkig motiveer hy nie sy standpunt nie.

433 Alföldy *Social History* 39.

434 Vgl die berigte in Florus *Epitome* 1 18 26-7; Apuleius *Apologia* 17-18; Valerius Maximus *Memorabilia* 4 4 6; Frontinus *Strategemata* 4 3 3; Seneca *Ad Helviam Matrem de Consolatione* 12 5; Seneca *De Viris Illustribus* 40 2; De Martino *Storia Economica* 71.

435 De Martino *Storia Economica* 71; vgl ook die duidelike uiteensetting in Park *The Plebs in Cicero's Day* 31 ev.

436 Diodorus Siculus *Library of History* 23 9 11, 23 18 5.

Gedurende die tweede Khartaagse oorlog verander dié houding en raak dit nie ongewoon dat gemeenskappe as 'n geheel in slawerny verkoop word nie.[437] Teen die begin van die Prinsipaat is die getal slawe in Italië op 2 200 000[438]en 3 000 000[439] uit 'n totale bevolking van 6 000 000 tot 7 500 000 bereken.[440]

Die groot afwyking in die presiese getalle slawe kan verklaar word aan die hand van die gebrek aan statistiese data. Dit maak ook die gevaar duidelik wat daar sou bestaan om op grond daarvan enige afleidings te maak insoverre dit die impak van slawe op die arbeidsmark betref.

Die bestaan van groot getalle slawe en hulle impak op die arbeidsmark, alreeds gedurende die 4de eeu vC, kan wel uit 'n aantal historiese berigte afgelei word: die strekking van die *Lex Manlia de vicesima manumissionum*[441] en die *Leges Liciniae Sextiae*[442] maak dit duidelik dat die slawebevolking sodanig begin aangroei het dat die staat bekommerd begin raak het oor die groot aantal *manumissiones*. In 'n poging om dit aan te spreek het die *Lex Manlia* van 357 vC 'n heffing van 5% geplaas op die waarde van slawe wat vrygelaat is. Die groot getal slawe het reeds op daardie stadium 'n bedreiging vir die vrye werkers in die bevolking ingehou soos afgelei kan word uit die *Lex Licinia Sextia de modo agrorum* van 367 vC wat grondeienaars verplig het om van 'n voorgeskrewe aantal vry persone se arbeid gebruik te maak.[443]

Ten spyte van bogemelde maatreëls was daar teen 312 vC al soveel *liberti* in Rome dat die *censor* Appius Claudius hulle as lede van die *tribus* ingeskryf het.[444] Hieruit kan ook afgelei word dat die vrygelatenes al so 'n mate van selfstandigheid bereik het

---

437 Vgl De Martino *Storia Economica* 73; Alföldy *Social History* 39.
438 Beloch KJ *Die Bevölkerung der griechisch-römischen Welt* Leipzig 1886 415-418.
439 Brunt *Italian Manpower* 124.
440 Vgl die volledige bespreking in De Martino *Storia Economica* 71 ev, 271 ev.
441 Vgl Rotondi *Leges Publicae* 221.
442 Die presiese inhoud van die wette is egter onseker; vgl Rotondi *Leges Publicae* 218.
443 Vgl Rotondi *Leges Publicae* 218.
444 Livius *AUC* 9 46 10-15; Diodorus Siculus *Library of History* 20 36 4; Valerius Maximus *Memorabilia* 2 2 9; De Martino *Storia Economica* 72.

dat hulle in talle gevalle aan die minimum vereistes wat gestel is vir opname in die *census*, voldoen het.[445]

Verdere, indirekte bewys van die belangrike rol wat slawe-arbeid alreeds teen die begin van die tweede eeu vC in die landbou gespeel het, kan gevind word in die feit dat een uit elke twee burgers wat oud genoeg was om militêre diens te doen, gedurende die oorlog teen Hannibal (218-202 vC) opgeroep is. Dit sou uiteraard slegs moontlik gewees het indien daar genoeg slawe teenwoordig was om te verseker dat die normale kommersiële en landbou aktiwiteite gedurende die 16 jaar wat die oorlog geduur het, voortgesit kon word.[446]

Dit is nie duidelik waarom die Romeine hulle aanvanklike huiwering ten opsigte van die invoer van groot getalle slawe te bowe gekom het nie.[447] Die rede is myns insiens nie soseer die veranderde houding van Rome jeens die verowerde gebiede nie, as die feit dat daar 'n behoefte bestaan het aan (goedkoop) arbeid.[448] Die oorloë het ongetwyfeld 'n groot verlies aan mannekrag teweeg gebring en die ekonomiese infrastruktuur op die platteland beskadig.[449]

Die heropbou van Italië sedert die tweede eeu vC en die ongekende groei wat Rome gedurende die tydperk ervaar het, sou groot eise aan mannekrag stel. Kleinboere wat in Rome 'n herkoms kom soek het sou op hierdie wyse hulle dienste kon aanwend. Langs hulle in die stede en in hulle plek op die platteland, het slawe gewerk.[450]

---

445 Dws 10 000 *sestertii*. Die syfer kry betekenis as genoem word dat die jaarlikse soldy van 'n soldaat tot aan die einde van die Republiek 480 *sestertii* was: Badian *Publicans and Sinners* 22.

446 Finley *Ancient Slavery* 84.

447 De Martino *Storia Economica* 71.

448 Finley *Ancient Slavery* 86; Vgl ook De Martino *Storia Economica* 71.

449 De Martino *Storia Economica* 73 steun hier op die dramatiese val in die sensusgetalle tussen 234 en 204; soos Brunt *Italian Manpower* 61 egter aantoon kan daar kwalik op dié syfers staatgemaak word. Dat die oorlog wel groot lewensverlies teweeggebring het en groot dele van Italië verwoes het, kan nie ontken word nie; vgl Westermann *Slave Systems* 63.

450 Vgl Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 253; De Martino *Storia Economica* 80.

Teen die begin van die Prinsipaat is die Romeinse samelewing dus deur die grootskaalse gebruik van slawe-arbeid gekenmerk. Die gebruik van slawe moes egter teen die eerste eeu vC afgeplat en daarna begin afneem het aangesien daar teen die einde van die Prinsipaat oorwegend van vry persone gebruik gemaak is: op die gebied van die landbou oorheers die kolonaat[451] en vry werkers kom hoofsaaklik voor op die inskripsies wat uit hierdie tydperk dateer. Vry werkers was die lede van die korporasies soos dié van die skeepseienaars van Rhodanus en Saona, en van die *navicularii* en *pistores*; vry persone het in die wapenfabrieke gewerk, in die munt en oral in die industrieë was die werkers vry persone.[452] Slawe speel nou 'n geringe rol en word onder haglike omstandighede aangetref waar hulle in kettings werk of in posisies waar absolute onderhorigheid vereis word soos die geval was met die *vilicus*, die *actor*, *exactor* en ander wat huishoudelike aktiwiteite verrig het.[453] In alle ander gevalle, waar die aard van die werk nie sodanige streng kontrole geverg het nie, word daar toenemend *liberti* en ook *ingenui* aangetref. Die epigrafie illustreer dié toenemende belang van vry werkers.[454]

Teen die einde van die klassieke periode kan daar met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat vrye arbeid die oorheersende komponent van die arbeidsmag daargestel het. 'n Maklike bewys van dié feit is die *Edictum de pretiis rerum venalium* van Diokletianus wat dateer uit die jaar 301 nC.[455] In die Edik word daar maksimum lone of vergoeding vasgestel vir plaaswerkers, messelaars, skrynwerkers, steenmakers, vakmanne wat mosaïeke maak en mure beskilder, wamakers, bootbouers, smede, bakkers, slagters, muil-, donkie- en kameeldrywers, veeartse, bloedlaters, haarkappers, skaapskeerders, mynwerkers, waterdraers, rioolskoonmakers, messlypers, kleremakers, assistente by

---

451 Vgl oor die algemeen De Neeve PW *Colonus* Amsterdam 1984; Jones AHM "The Roman Colonate" 1958 *Past and Present* 1 ev (herdruk in Finley *Studies in Ancient Society* 288 ev) vir 'n uiteensetting van die *status quaestionis*. Vgl ook Panitschek P "Der spätantike Kolonat: Ein Substitut für die "Halbfreiheit" peregriner Rechtssetzungen?" 1990 *ZSS* 137 met 'n opgawe van literatuur in n 1.

452 Waltzing *Corporations Professionelles* 2 359-60.

453 Vgl Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 419 en die gesag aldaar aangehaal.

454 Vgl die lyste saamgestel deur Waltzing en aangehaal deur Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 420-423.

455 *CIL* 3; teks en aantekeninge in Mommsen T, H Blümner *Der Maximaltarif des Diocletian* Berlin 1958.

die baddens en *fullones*.[456] Ook word daar in fyn besonderhede ingegaan op die vergoeding van kopieerders, onderwysers en advokate.

Voormelde afname in die belang van slawerny het aanleiding gegee tot hewige meningsverskil onder historici. Die feit dat die gebruik van slawe teen die einde van die derde eeu nC dramaties afgeneem het word nie betwis nie. Die probleem is geleë in die verklaring daarvan.[457]

Myns insiens is die rede hiervoor geleë in 'n aantal faktore. Ten spyte van sterk teenspraak[458] kan tog aanvaar word dat die aanbreek van die *pax romana* 'n drastiese afname in die hoeveelheid krygsgevangenes tot gevolg gehad het. Daar is slegs enkele oorloë gevoer wat krygsgevangenes opgelewer het: die onderwerping van Brittania, Jerusalem, die Daciese oorlog en die oorlog teen die Marcomanni en die Gote.[459] Ander moontlike oorsake van slawerny soos *expositio infantis*, die verkoop van kinders, *addictio* of die persoon wat homself in slawerny verkoop het (indien al die gevalle in Rome voorgekom het),[460] sou nie naastenby dieselfde hoeveelheid slawe op die mark gebring het as wat die geval teen die tweede en eerste eeue vC was nie.

---

456 Vgl Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 425.

457 Vgl Finley *Ancient Slavery* 127 ev.

458 Vgl bv Garnsey PA "Non-slave Labour in the Roman World" in Garnsey *Non-Slave Labour* 40 ev; Bloch M "How and Why Ancient Slavery Came to an End" in Finley MI *Slavery in Classical Antiquity* Cambridge 1968 204: "In the Roman world of the first centuries [A.D] the slave was everywhere....In the era of the [Germanic] invasions and in the first period of the barbarian kingdoms, there were still many slaves in all of Europe, more of them, it appears, than in the early Empire"; Harris WV "Towards a Study of the Roman Slave Trade" in D'Arms *Seaborne Commerce of Ancient Rome* 117 ev. Vgl ook Finley *Ancient Slavery* 123 ev.

459 Vgl De Martino *Storia Economica* 263.

460 Vgl De Martino *Storia Economica* 268 wat argumenteer dat die verkoop van kinders en die *expositio infantis* slegs in die provinsies voorgekom het. Op grond van Paulus (*Sent* 5 1 1 *Liber homo nullum aestimationem habet*) asook die bepalings van die *Lex Fabia de plagiariis* (1ste eeu vC) wat dit strafbaar maak om 'n Romeinse burger tot slawerny te bring (Rotondi *Leges Publicae* 258), wil dit voorkom asof dit nie in Rome kon plaasvind nie. Die geval wat in Marcianus D 1 5 5 1 genoem word van die vry persoon wat homself in slawerny verkoop het, het waarskynlik geslaan op *peregrini* wat op hierdie wyse, na *manumissio* op Romeinse burgerskap gehoop het - 'n proses wat aansienlik makliker was as die alternatief naamlik om vir 25 jaar in die *auxilia* te dien. Met die verlening van burgerskap aan alle inwoners van die ryk in 212 nC sou hierdie vorm logies ook verdwyn: Alföldy G "Freilassung von Sklaven" in Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 367.

Om die slawe-populasie in die Romeinse ryk konstant te hou sou daar teen die begin van die Prinsipaat jaarliks 500 000 nuwe slawe op die mark moes kom.[461] Aangesien die natuurlike aanwas van slawe in Italië hiervoor onvoldoende was[462] en die slawegetalle konstant verminder is deur *manumissiones*,[463] natuurlike oorsake (soos epidemies)[464] en moontlik selfs owerheidsoptrede,[465] moes vry persone noodwendig hulle plek inneem.[466]

As gevolg van die afname in die getalle beskikbare slawe, sou hulle prys styg,[467] en in die lig van die risiko's verbonde aan die besit van slawe en hulle oneffektiwiteit as werkers,[468] het hulle belang, insoverre dit die arbeidsmark betref, afgeneem.

Wat die Prinsipaat betref, moet daar egter wel rekening gehou word met die teenwoordigheid van groot getalle slawe wat 'n beduidende invloed op die beskikbaarheid van werksgeleenthede gehad het. Tog moet die belang van slawearbeid in Rome op geen stadium oorskat word nie. Hoewel dit 'n goedkoop en konstante bron van arbeid was, sou die aankoop van slawe en hulle aanwending vir gespesialiseerde take waarskynlik deur dieselfde ekonomiese oorwegings voorgeskryf word as wat die geval was met die aanwending van vry arbeid.

---

461 Harris "Towards a Study of the Roman Slave Trade" 118.

462 Contra: Garnsey "Non-slave Labour" 40. Vgl egter die oortuigende argumente deur De Martino *Storia Economica* 264 ev: die fisiese omstandighede waaronder slawe gewoon het (in die wonings van Pompeii is daar byvoorbeeld geen kwartiere vir getroude slawe nie) sowel as hulle juridiese status (die eienaar kon te eniger tyd die *contubernium* beëindig) sou nie natuurlike aanwas bevorder nie. Hierby kom ook die feit dat dit nie winsgewend vir die eienaar sou wees nie: Jones "Slavery in the Ancient World" 193; vgl ook Finley *Ancient Slavery* 75. Die Romeine het hierdie feit erken: slawe is nie normaalweg aangeskaf met die oog op hulle reproduksievermoë nie: Ulplanus D 5 3 27 pr. Die berigte in Varro *Res Rustica* 1 17 5 en Columella *Res Rustica* 1 8 19 dat slawe aangemoedig moet word om kinders voort te bring kan as 'n uitsondering op die reël beskou word. Vgl ook Mossé *Ancient World at Work* 23; Alföldy *Social History* 138 wys daarop dat kindermortaliteit in die geval van slawe boonop hoog sou wees en dat 'n *verna* waarskynlik ook slegs twee kinders in die lewe sou kon bring.

463 Vgl die bespreking op 90 ev hieronder.

464 Vgl ook Alföldy "Freilassung von Sklaven" 364.

465 Vgl bv Augustus wat in 'n tyd van skaarste die slawe wat op die mark te koop aangebied is, uit Rome verban het: Suetonius *Augustus* 42 3.

466 Vgl Panitschek "Spätantike Kolonat" 138.

467 Vgl hieroor Jones "Slavery in the Ancient World" 194; Mossé *Ancient World at Work* 23; Barrow RH *Slavery in the Roman Empire* London 1928 herdruk 1968 125. Moontlik sou hierdie feit nie die welgestelde klasse raak nie (soos Garnsey "Non-slave labour" 40 uitwys), maar dit moes 'n effek op die oorgrote meerderheid van die bevolking gehad het wat in armoede geleef het.

468 Vgl die bespreking op 78 ev hieronder.

'n Verdere oorweging is die feit dat die slawe-populasie nie eweredig onder die Romeinse bevolking versprei was nie. Die verklaring hiervoor is geleë in die feit dat rykdom in Rome in die hande van 'n relatief klein groep persone gekonsentreer was.[469] Vir lede van dié welvarende klas was dit nie ongewoon om honderd of tweehonderd slawe te besit nie.[470] In die geval van die arm klasse daarenteen, uit wie se geledere die werkers hoofsaaklik gekom het, kan aanvaar word dat die gebruik van slawe beperk sou wees. Om in hulle eie arbeidsbehoeftes te kon voorsien, sou hulle eerder by wyse van *locatio conductio* van die dienste van 'n slaaf of vry persoon gebruik moes maak.

Laasgenoemde stelling kan soos volg gemotiveer word. Die pryse van slawe het weliswaar gewissel[471] maar was gemiddeld relatief hoog. Gedurende die tweede eeu vC was die gemiddelde prys van 'n slaaf 2 000 *sestertii* oftewel 500 *denarii*. Teen die begin van die Prinsipaat het dit gewissel tussen 4 000 en 4 800 *sestertii*.[472] Die pryse het uiteraard van tyd tot tyd gewissel en is ook beïnvloed deur die persoonlike kwaliteite van die slaaf. Vir goed opgeleide slawe is astronomiese bedrae betaal. Die *grammaticus* Dafni is teen 700 000 *sestertii* aangekoop;[473] 'n *medicus* vir 50 000 *sestertii*[474] en 'n *vinitor* teen 8 000 *sestertii*.[475]

In reële terme bring dit mee dat 'n munisipale *decurio*, met 'n totale boedel (insluitend

---

469 Vgl Cicero *De Officiis* 2 21 73.

470 Seneca *De Tranquillitate Animi* 8; Seneca *Epistulae* 17 3-4.

471 As sodanig sou hulle waarde as belegging twyfelagtig gewees het: Weber *Agrarian Sociology* 54.

472 De Martino *Storia Economica* 274. Vgl egter Alföldy *Social History* 137 wat (sonder om dit te motiveer) die prys teen die begin van die Prinsipaat op tussen 800 en 2 500 *sestertii* aangee. Vgl ook Jones " Slavery in the Ancient World" 194 ev ten opsigte van die pryse van slawe teen die einde van die Prinsipaat.

473 Plinius *NH* 7 39 128 (wat ook verdere voorbeelde noem); Suetonius *De Grammaticis* 3.

474 Vgl Dessau H *Inscriptiones Latinae Selectae* 3 vols Berlin 1892 - 1916 7812 (hierna verwys as *ILS*); Alföldy *Social History* 137; Barrow *Slavery in the Roman Empire* 125.

475 Columella *Res Rustica* 3 3 8. Ook slawe wat ter wille van prostitusie aangeskaf is, het hoë pryse behaal; vgl De Martino *Storia Economica* 275 waar verdere voorbeelde genoem word. In die *Digesta* is voorbeelde van slawe wat as vakmanne verkoop is, 'n feit wat uiteraard 'n invloed op die prys gehad het: Ulpianus D 21 1 17 20; Ulpianus D 21 1 19 4; Ulpianus D 19 1 13 4. Aangesien sulke slawe waardevoller was, moes dit spesifiek op die sensus vermeld word: Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 183.

grond en roerende effekte) van 100 000 *sestertii,* hoogstens een of twee slawe sou kon besit.[476]

Hierby kom ook die feit dat die slaaf deur die eienaar onderhou moes word[477] en veral sedert die eerste eeu vC, waar slawe met toenemende menslikheid behandel is,[478] beter deur hom gevoed en geklee sou moes word.

Die armer inwoners van Rome sou dus gedwing word om, indien hulle wel 'n slaaf sou aanskaf, 'n jong en onopgeleide slaaf te koop wat hulle dan daarna sou moes oplei. In die lig van die feit dat slawe se lewensverwagting ongeveer 20 jaar was,[479] sou hierdie 'n belegging gewees het wat slegs die meer welgestelde klasse sou kon bekostig.[480]

Afgesien van bogemelde suiwer ekonomiese argumente is dit ook eenvoudig nie voor die hand liggend dat slawe-arbeid ongekwalifiseerd verkies sou word bo dié van vry persone nie. Die besit van slawe het bepaalde nadele ingehou. In die eerste plek was daar die probleem dat die slaaf deurlopend beskikbaar was, selfs indien die eienaar geen werk vir hom gehad het om te doen nie; hierteenoor kon 'n vry persoon se arbeid gehuur word slegs tot die mate wat dit nodig was.[481]

---

476 Vgl Alföldy *Social History* 137.

477 Selfs die bo-gemiddelde duur slaaf se onderhoud sou ongeveer 20% van sy aankoopprys (bereken op 8 000 *sestertii*) bedra. Dit impliseer dat die eienaar na 5 jaar die kapitaaluitleg wat nodig was sou verdubbel het. Szilagyi (soos aangehaal in De Martino *Storia Economica* 85) meen dat dit alreeds na 3 jaar en 6 maande die geval sou wees. Vgl ook De Robertis *Forze di Lavoro* 203; Barrow *Slavery in the Roman Empire* 77; Alföldy *Social History* 137; Jones " Slavery in the Ancient World" 192; Louis *Ancient Rome at Work* 11; Treggiari *Roman Freedmen* 16; Burford *Craftsmen In Greek and Roman Society* 59.

478 Wat 'n direkte gevolg is van die groot slawe-opstande wat by die draai van die eerste eeu vC plaasgevind het en die stoïsynse idees wat sedert die begin van die Prinsipaat op die voorgrond getree het: De Martino *Storia Economica* 81, 276; Barrow *Slavery in the Roman Empire* 125; vgl Seneca *Epistulae Morales* 47, 31, 11; Seneca *Beata Vita* 24 3; Seneca *De Clementia* 1 18. Dit het nie net by morele voorskrifte gebly nie soos die *Lex Petronia de servis* bewys wat *inter alia* die *ius vitae necisque* afgeskaf het: Modestinus D 48 8 11 2.

479 Harris "Towards a Study of the Roman Slave Trade" 118.

480 Vgl Weber *Agrarian Sociology* 54.

481 'n Feit wat by implikasie deur Cato *De Agricultura* 1 3 erken word waar hy die voornemende boer aanraai om sy boerdery te bedryf op 'n plek waar die arbeid van vry persone geredelik beskikbaar is. Vgl ook Louis *Ancient Rome at Work* 11.

Slawe kon as 'n reël ook slegs suksesvol aangewend word indien die eienaar op 'n konstante basis oor hulle toesig hou. Juis die kwaliteite waaroor hulle beskik het as slawe, het hulle oor die algemeen onproduktief en oneffektief gemaak:[482] Slawe was oor die algemeen agtelosig, ongemotiveer en onopgelei.[483] Dit kan ook tot 'n mate aan die gebruik van slawe-arbeid toegeskryf word dat die landbou-toestande in Italië gedurende die Prinsipaat so dramaties agteruitgegaan het.[484] Die grootskaalse gebruik van slawe-arbeid het die moontlike stimulus vir die verbetering van landboumetodes of produksie in die kiem gesmoor.[485]

Alhoewel dit waarskynlik moeilik of selfs onmoontlik is om te bewys dat slawe-arbeid minder of selfs meer effektief was as die arbeid van vry persone[486] kan deur middel van indirekte getuienis bevestiging gekry word vir die standpunt dat vry werkers bo slawe verkies sou word. Die blote feit dat vry werkers deurgaans in die geskiedenis van Rome voorgekom het, dien as eerste bewys hiervoor.[487] Tweedens, indien die wrede strawwe wat aan slawe toegedien is as maatstaf geneem word, lyk dit asof dit ook bogemelde standpunt ondersteun - dit sou eenvoudig nie sin maak om 'n slaaf wat goeie werk lewer te straf nie. Die talle verwysings na slawe wat ontvlug en in kettings moes werk, asook die feit dat 'n slaaf se getuienis slegs ná foltering in die hof toelaatbaar was, werp verdere (negatiewe) lig op hulle karakter.[488]

---

482 Weber *Agrarian Sociology* 54; De Martino *Storia Economica* 80 286. Contra: Barrow *Slavery in the Roman Empire* 99.

483 Trouens, daar is al bereken dat die werker in die 19de eeu dieselfde hoeveelheid werk per dag kon doen as wat 4 of 5 slawe tesame in die Romeinse tyd kon vermag: Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 268. De Robertis *Forze di Lavoro* 148 is van mening dat slawe slegs 66% so effektief was as vry persone. Vgl egter Barrow *Slavery in the Roman Empire* 77.

484 Vgl Columella *Res Rustica* 1 1, 1 7 wat daarop wys dat die slawe eerder neig om te roof as om die grond te versorg, dat hulle diere mishandel en verwaarloos en opsetlik implemente breek waarsonder hulle nie kan werk nie.

485 Verbeterings op landbougebied en produkte van hoër gehalte was afkomstig van die provinsies en veral Gallië waar daar weinig van slawe gebruik gemaak is; meer besonderhede verskyn in Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 270. Contra: White KD "Technik und Gewerbe" in Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 109 ev veral op 124 wat argumenteer dat slawerny nie die rede was waarom die nywerheid en tegniek stagneer het of stadig ontwikkel het nie. Volgens hom sou die ontwikkeling eenvoudig bepaal word deur mate waartoe daaraan 'n behoefte bestaan of nie. Op hierdie punt kan daar nie hier uitsluitsel bereik word nie.

486 Finley *Ancient Slavery* 91.

487 Vgl die bespreking op 92 ev hieronder; Louis *Ancient Rome at Work* 12.

488 Contra: Finley *Ancient Slavery* 91 wat meen dat die erge strawwe daarop gemik was om die slaaf te verneder en sy wil te breek. Finley se standpunt voer die saak nie verder nie - waarom sou die eienaar immers die goeie werker wou verneder of sy wil wou breek?

Die moontlikheid van 'n opstand deur slawe, of dat hulle, soos al gebeur het, die vyand sal help,[489] moes ook as 'n demper op die onvoorwaardelike aanwending van slawe-arbeid gedien het.[490]

'n Slaaf kan siek word en sterf.[491] Die algemene toestande in die stede, wat betref higiëne en gesondheid, was aansienlik slegter as vandag[492] en dit kan aanvaar word dat die eerste slagoffers van peste en epidemies slawe sou wees. Dieselfde geld in tye van hongersnood waar die eienaar eerste sy slaaf sou verhonger, teen 'n lae prys van die hand sou moes sit of bloot vrylaat. In elke geval sou die slawe waarskynlik die eerste slagoffers van ondervoeding wees. Dit spreek ook vanself dat 'n slaaf met verloop van tyd oud en nutteloos sou word.[493] Buiten die kapitale uitleg wat die eienaar moes maak, (beide ten opsigte van die aanskaf en ook onderhoud van die slaaf), dra hy ook die risiko van die verlies; dit wil sê van die feit dat die slaaf tydelik of permanent ongeskik kon raak vir werk.[494]

'n Verdere nadeel verbonde aan die besit van slawe is die feit dat die eienaar noksaal gebonde gehou is vir alle delikte wat deur sy slaaf gepleeg is. Dit was nie die geval met vry werkers nie; selfs al pleeg die werker die delik in die uitoefening van sy pligte, sou die werkgewer, teen die klassieke periode, slegs aanspreeklik gehou kon word indien daar ook *culpa* by hom teenwoordig was.[495] Die eienaar loop ook die gevaar om al sy slawe te verloor in die geval van 'n moord op 'n lid van sy gesin wat gepleeg is deur een van meerdere slawe waar die identiteit van die delikspleger nie vasgestel

---

489 Vgl Livius *AUC* 3 15 5.

490 Vgl die lakoniese opmerking van Seneca *Epistulae* 47 3; Macrobius *Saturnalia* 1 11: *Tot servi quot inimici*. Die volgende grafinskripsie is ook veelseggend: *C Aelius Asprenas Commodi Caes. Negot. quo nemo mortem alacrius admisit quod a servorum suorum servitute tandem liber evaderet* .. (Fabretti *Inscript ant X 238* soos aangehaal in Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 283). Vgl ook Finley *Ancient Economy* 187.

491 Vgl Varro *Res Rustica* 1 17 3 wat, om dié risiko van die eienaar te verminder, aanbeveel dat *mercennarii* op ongesonde plekke of vir aktiwiteite wat gevaarlik is, aangewend moet word. Vgl ook die bespreking oor die *mercennarii* op 170 ev hieronder.

492 Scobie A "Slums, Sanitation, and Mortality in the Roman World" 1986 *Klio* 399 *passim* en veral 427 ev.

493 Vgl Cato *De Agricultura* 2 7.

494 Die feit is ook so deur die Romeinse skrywers ingesien. Vgl Varro *Res Rustica* 16 4 ....*quorum non numquam unius artificis mors tollit fundi fructum*.

495 Vir besonderhede sien Zimmerman *Law of Obligations* 1118 ev; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 161 ev.

kan word nie.[496] Die feit dat die getuienis van slawe slegs na marteling toelaatbaar was, die gevaar dat hulle kon ontvlug, die moontlikheid van besering of verminking wanneer gevaarlike werk gedoen word (daar is waarskynlik as 'n reël min of geen voorsorgmaatreëls getref nie), verhoog dié risiko op die eienaar.

Ten gunste van die effektiwiteit van slawe-arbeid spreek twee faktore.[497] Die belangrikste hiervan is die praktyk van *manumissio*, 'n instelling wat die effektiwiteit van die slawe-sisteem in die hand gewerk het en tot een van die grootste en belangrikste transformasies van die Romeinse samelewing gelei het: die skepping van die klas van vrygelatenes (*liberti*) wat as gevolg daarvan ontstaan het.[498] Ironies genoeg het hierdie praktyk nie alleen die hele slawe-ekonomie ondergrawe nie, maar bewys dit ook myns insiens die belangrikheid van vry arbeiders, insoverre dit die arbeidsmark betref.

Slawe wat hulle as intelligent, betroubaar of hardwerkend onderskei het, sou logies in meer verantwoordelike posisies geplaas word. Dit het dan ook in die praktyk dikwels gebeur dat sulke slawe as agent of *procurator* aangestel word wat hulle in staat gestel het om kontrakte met derde partye aan te gaan. Die mate van vryheid wat dit vir die slaaf meegebring het, blyk uit die feit dat die *praetor*, aangesien dit nie in alle gevalle moontlik was om te sien of die kontrakterende party 'n slaaf of vryman was nie, die moontlikheid gebied het om teen die *dominus* met behulp van die *actio de peculio*, *actio tributoria*, *actio quod iussu*, *actio institoria* of *actio exercitoria* eksekusie te verkry.[499]

---

496 Ingevolge die *SC Silanianum*. Vgl Ulpianus D 29 5 1.

497 De Martino *Storia Economica* 77.

498 Weber *Agrarian Sociology* 57; Alföldy "Freilassung von Sklaven" 361; Garnsey *Roman Empire* 120.

499 Aldus Ulpianus D 14 1 1 pr (mbt die *actio exercitoria*). Vgl ook Ulpianus D 14 3 7 1 *Parvi autem refert, quis sit institor, masculus an femina, liber an servus proprius an alienus.* Hierbo, in n 23 is reeds kortliks gewys op die bestaan van die *actiones adiecticiae qualitatis* asook die gevolge van 'n verbintenis wat deur 'n slaaf aangegaan is.

Ten einde die slaaf in staat te stel om oor die nodige bedryfskapitaal te beskik, het die meester verder aan hom 'n *peculium*[500] gegee. Hierdie feit het die aard van die slawe-ekonomie omskep en dit laat ooreenstem met die mark van die vry werker.[501] Slawe kon hierdeur 'n groot mate van selfstandigheid bereik en hulle dienste ook in terme van *locatio conductio operarum* verhuur, of werk aanneem ingevolge *locatio conductio operis*. Die kontrak wat deur ene Flavius Secundinus opgestel is tussen die slaaf Memmius wat aan Asclepius behoort het, in terme waarvan Memmius sy dienste as goudsmid uithuur,[502] illustreer hierdie feit.

Veral in die stede sou daar talle geleenthede vir slawe gewees het om aldus aan die handelsverkeer deel te neem, deur middel van die *peculium* 'n boedel op te bou en daarmee hulle vryheid te koop.[503] Dit was egter ook gebruiklik dat sulke slawe as beloning vrygelaat sou word.[504] Daar bestaan 'n gesonde ekonomiese rede hiervoor: aangesien die *libertus* daarna onder bepaalde omstandighede verplig kon word om sekere *opera* aan die *patronus* te lewer, sou dit in baie gevalle gedoen word deur laasgenoemde om vir hom hierdie vorm van sosiale sekerheid te bewerkstellig.[505]

In die tweede plek spreek ten gunste van die effektiwiteit van slawe-arbeid die feit dat die eienaar groter beheer en kontrole oor sy slawe gehad het en met behulp van wrede strawwe en dissiplinêre maatreëls, wat binne sy bevoegdheid as *dominus* geval

---

500 *Peculia* het reeds bestaan gedurende die tyd van die *Lex Duodecim Tabularum* en speel 'n belangrike rol in die komedies van Plautus: Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 319; vgl ook Barrow *Slavery in Ancient Rome* 98 vir 'n bespreking van hoe die *peculium* in die praktyk hanteer is.

501 Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 319; Garnsey *Roman Empire* 120.

502 Vgl Bruns CG *Fontes Iuris Romani Antiqui. Pars Prima: Leges et Negotia; Pars Posterior Scriptores* Tübingen 1909 herdruk Aalen 1958 370. Vgl ook Ulpianus D 7 1 25 2; Labeo D 19 2 60 7; Paulus 33 2 2. Mayer-Maly *Locatio Conductio* 123 ignoreer Ulpianus D 7 1 25 2 en verwerp die relevante gedeeltes in Labeo D 19 2 60 7 en Paulus 33 2 2. Mayer-Maly se standpunt berus op 'n *priori* veronderstelling (in die geval sy siening oor die ontstaan van die begrippe *se locare* en *operas locare*) en is onoortuigend. De Robertis *Rapporti di Lavoro* 141 waarna Mayer-Maly verwys, steun hom nie.

503 Treggiari *Roman Freedmen* 17.

504 Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 4 24 4; De Robertis *Forze di Lavoro* 125.

505 Alföldy *Social History* 141; De Martino *Storia Economica* 78; Treggiari *Roman Freedmen* 16. Vgl ook die bespreking op 85 ev hieronder.

het, veel effektiewer kontrole of dwang oor die slaaf as oor die vry man sou kon uitoefen.[506]

Dit is onnodig om verder hierop in te gaan. Dit moet slegs beklemtoon word dat slawe aangespoor sou kon word om hard te werk deur die moontlikheid van *manumissio* wat daar bestaan het.[507] 'n Verdere vraag is nou, in welke bedrywe of waarvoor is slawe aangewend?

Aangesien landbou die vernaamste ekonomiese aktiwiteit in die antieke was, kan verwag word dat groot getalle slawe hierby betrek sou word.[508] Werk op plase was monotonies en ononderbroke. Spesiale opleiding of vaardigheid was nie nodig nie; slegs fisiese krag. Hiervoor was slawe-arbeid uiters geskik. Indien die slaaf nie meer oor hierdie kwaliteit beskik het nie, is hy verkoop.[509] Op die plase sou dus oor die algemeen slawe, maar dan dié wat minder intelligent of verfynd was, gewerk het.[510] Die gebruik van slawe op plase het sy toppunt bereik gedurende die laaste twee eeue van die Republiek en het daarna stadig afgeneem.[511]

Wat die stede betref is daar geen twyfel dat slawe-arbeid op die gebied van die handel en nywerheid nooit dié van vry werkers verdring het nie.[512] Aangesien daar geen statistiese data oorgelewer is nie kan konklusiewe bewys vir hierdie feit moeilik gelewer word.

Daar is al pogings aangewend om met behulp van epigrafiese gegewens die regstatus van die werkers in Rome te bepaal. Kühn[513] het met behulp hiervan tot die slotsom

---

506 Finley *Ancient Slavery* 77; Jones " Slavery in the Ancient World" 186 en vgl ook die bespreking op 189 hieronder.

507 De Robertis *Forze di Lavoro* 148.

508 De Martino *Storia Economica* 272; Louis *Ancient Rome at Work* 13.

509 Maxey *Occupations of the Lower Classes* 52.

510 Park *Plebs in Cicero's Day* 55.

511 Vgl Garnsey *Roman Empire* 72; De Martino *Storia Economica* 272.

512 De Martino *Storia Economica* 165. Selfs in die myne word vry persone aangetref. Vgl bv die *Lex metalli Vipascensis* wat voorskrifte bevat vir die opsigter van die myn te Aljustrel om in sy opgawe die getal slawe en *mercennarii* te spesifiseer: Bruns *Fontes* 292 49; 'n verdere voorbeeld is die Daciese mynkontrakte: *CIL* 3 948, *CIL* 3 949.

513 *De opificum romanorum condicione privata quaestiones* 73 ev.

geraak dat 31,75% van alle vakmanne te Rome vrygelatenes was; slegs 2,25% was *ingenui* en 6,25% was slawe. Die oorblywende 59,75% se status kon hy nie vasstel nie. Gummerus[514] bereken die getal *Handwerker* wat vrygelaat is op 66,75%, vrygebore op 27% en slawe op 6,25%.

Tans is dit moontlik om met behulp van nuwe epigrafiese getuienis en 'n beter begrip van die *cognomina* in die inskripsies tot meer betroubare resultate te kom.[515] 'n Volledige ondersoek moet egter nog onderneem word.[516] Die waarde van sodanige ondersoeke moet nie oorskat word nie. Die bestaande verwysings na vakmanne of werkers betref heel waarskynlik slegs die meer prominente of welvarendes onder hulle; die oorgrote meerderheid wat ook betrokke was (Finley se "missing persons"),[517] het eenvoudig in die niet verdwyn. Statistieke soos dié opgestel deur Kühn, Gummerus en Huttenen, kan hoogstens as interessant bestempel word. 'n Ware weerspieëling van die samestelling van die arbeidsmark in die onderskeie komponente van *servi*, *liberti* en *ingenui* kan dit nie wees nie.[518]

Dit is ook duidelik dat daar nie aan die hand van bepaalde professies of bedrywe bepaal kan word of slawe of vry persone daar werksaam sou wees nie: slawe en vry persone het sy-aan-sy gewerk.[519] Daar bestaan wel getuienis wat daarop dui dat slawe bykans uitsluitlik gebruik is in bedrywe wat groter was as die gemiddelde tuisbedryf en in die bedrywe waar daar by wyse van massaproduksie goedere vervaardig is.[520] Slawe sou waarskynlik in die stede ook aangewend word in gevalle van uiters monotoniese, gevaarlike of veeleisende werk, waar vry persone nie

---

514 "Industrie und Handel" *RE* 9 1501.

515 Die resultate van beide Kühn sowel as Gummerus word tans bevraagteken: Garnsey "Non-slave Labour" 44 asook Treggiari "Urban Labour in Rome" 55. Die jongste navorsing dui wel daarop dat die rol van die *ingenui* groter was as wat tradisioneel gemeen is: Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 656 ev.

516 'n Resente poging is dié van Huttenen P *The Social Strata of the Imperial City of Rome. A Quantitative Study of the Social Representation in the Epitaphs Published in the Corpus Inscriptionum Latinarum Volumen VI* Oulu 1974 183-193 (aangehaal in Treggiari "Urban Labour in Rome" 55) wat met behulp van 'n rekenaar-analise die getal werkers wat vrygelaat en in *CIL* 6 opgeneem is, ondersoek.

517 Finley *Ancient Economy* 73.

518 So ook Brunt "The Roman Mob" 89.

519 Finley *Ancient Slavery* 77, 81-2; Alföldy *Social History* 56.

520 Finley *Ancient Slavery* 77; Garnsey *Roman Empire* 52; De Robertis *Forze di Lavoro* 137.

geredelik beskikbaar of bereid sou wees om dit te doen nie.[521] Slawe, en nie vry persone nie, het as 'n algemene reël huiswerk verrig.[522]

Bogemelde doen nie afbreuk aan die feit dat slawe op bykans enige gebied van die handel en industrie aangewend is nie.[523] Hierdie feit word ondersteun deur die studie van die werkersklas in die tyd van Cicero deur Park. Sy toon aan dat Cicero (as prototipe van 'n welvarende professionele persoon) van die volgende vorms van arbeid gebruik gemaak het: permanente werkers[524] (bestaande uit slawe (die *familia urbana*) en vrygelatenes (*liberti*)), en in die tweede plek, werkers en professionele persone wat hulle dienste teen vergoeding beskikbaar gestel het.[525]

Soos die geval met die plaaswerkers, het die slawe in Cicero se *familia* hoofsaaklik die roetine werkies verrig (daar was byvoorbeeld die *cocus*, *ianitor*, *cubilarius*, *servus a pedibus*, *medicus*, *nomenclator*, *ratiocinator* en *librarii*). Werk waarvoor besondere vaardigheid vereis is, soos die vervaardiging van meubels of klere, is gedoen deur werkers buite die *familia*. [526]

Samevattend kan gesê word dat hoewel slawe in groot getalle beskikbaar was om arbeid te verrig, dit nooit die vry werkers verdring of vervang het nie. Afgesien van die feit dat die werk wat deur 'n vry persoon gedoen word moontlik goedkoper was (aangesien vry werkers nie soos 'n slaaf deur die werkgewer gevoed en geklee hoef te word nie), sou vry werkers moontlik meer effektief gewees het. Hulle het immers 'n

---

521 De Martino *Storia Economica* 82. Vgl bv die werk in die *pistrinum* wat 'n uiters gevreesde vorm van straf was: Plautus *Epidicus* 121 145; Plautus *Mostellaria* 17; Plautus *Psuedolus* 494; Apuleius *Metamorphosis* 9 12. Die verwydering van menslike ekskrement deur die *stercorarii* sou nie hieronder getel het nie aangesien dit 'n kommersiële bedryf was en die vry werkers van 'n gereelde inkomste sou kon voorsien soos die volgende inskripsie vanuit Herculaneum aantoon: *exemta\ ste(r)cora a(ssibus) XI*. Vgl Scobie "Slums, Sanitation and Mortality" 414.

522 Jones "Slavery in the Ancient World" 185. Vgl egter die bespreking van die *mercennarii* op 188 ev hieronder.

523 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 183; Alföldy *Social History* 360.

524 Park *Plebs in Cicero's Day* 57 se beskrywing van die slawe in die *familia urbana* as werknemers ('employees') is om ooglopende redes foutief.

525 Park *Plebs in Cicero's Day* 57.

526 Vgl die volledige lys in Park *Plebs in Cicero's Day* 59.

groter stimulus gehad om te werk as wat die geval met slawe sou wees.[527] Ook was daar soos hierbo vermeld groter risiko's verbonde aan die gebruikmaking van slawe as wat daar was met die indiensneming van 'n vry persoon.

Dit is dus nie verbasend nie om te verneem dat vry persone langs slawe op die plase gewerk het en dat daar ook in die industrieë vry persone bedrywig was wat vir die produksie van veral huishoudelike artikels gesorg het.[528]

2.4 *LIBERTI*

In die stede is slawe oor die algemeen beter behandel as die *instrumenta genus vocale*[529] wat op plase werksaam was. Aangesien *manumissio* dikwels ten doel gehad het om die *libertus* vir sy voortbestaan te laat sorg terwyl die *patronus* ook nog die voordeel van die *operae libertorum* kon geniet,[530] is dit logies dat plaaswerkers, wat dikwels ongeskool was, kwalik na *manumissio* in staat sou wees om hulle self te onderhou. Hulle vrylating sou weinig voordeel vir die eienaar ingehou het en hulle sou dus letterlik gewerk het tot hulle sterf of, as hulle siek geword het, deur hulle eienaar abandonneer is.[531]

---

527 Vgl ook Cugia G *Profili del Tirocinio Industriale. Diritto romano; papiri graeco-egizi* Napoli 1922 21. Die moontlikheid van *manumissio* was slegs 'n aansporing oor die langtermyn. Die vrye werker wat sy loon aan die einde van die dag moes ontvang se motivering sou oor die algemeen groter gewees het: De Martino *Storia Economica* 82.

528 De Martino *Storia Economica* 75; Finley *Ancient Slavery* 77; Finley *Ancient Economy* 185.

529 Dié beskrywing van slawe deur Varro *Res Rustica* 1 17 verklaar waarom slawe wat op plase gewerk het deur Plinius as "desperate men" beskryf is: *NH* 18 7 36. Hoe haglik die situasie van hierdie slawe was, kan afgelei word uit die slawe-opstande wat vanaf die middel van die 2de eeu vC begin voorkom: De Martino *Storia Economica* 79. Vgl ook Park *Plebs in Cicero's Day* 55; De Martino *Storia Economica* 72; Mossé *Ancient World at Work* 68-9.

530 Vgl die bespreking op 91 hierbo.

531 Vgl bv die bepaling deur Claudius dat 'n siek slaaf wat deur sy eienaar abandonneer word, sy vryheid herwin: Modestinus D 40 8 2; Duff AM *Freedmen in the Early Roman Empire* Cambridge 1958 77.

Slawe, veral dié ouer as 30 jaar,[532] in die stede is dikwels vrygelaat.[533] Slawe het oor die algemeen hier in noue kontak met die meester gewerk en dié persoonlike verhouding tussen slaaf en meester het dikwels tot laasgenoemde se eventuele vrylating gelei.[534] Die groot aantal verwysings na *liberti* in stede en die afwesigheid daarvan in die geval van plaaswerkers illustreer hierdie feit.[535]

Die groot getalle *liberti* en *libertae* wat daar moes bestaan het, kan afgelei word uit die statutêre bepalings wat daarop gemik was om die *manumissiones* te beheer:[536] die *Leges Liciniae Sextiae* (367 vC),[537]die *Lex Manlia de vicesima manumissione* (357 vC),[538] die *Lex Fufia Caninia de manumissionibus* (2 vC)[539], die *Lex Aelia Sentia de manumissionibus* (4 nC)[540] en die *Lex Junia (Norbana) de manumissionibus* (19 nC(?))[541].

Die groot getalle vrygelatenes teen die begin van die Prinsipaat is as 'n gevaar vir die staat beskou[542] en aangesien geen van bogemelde wette beoog het om die *manumissiones* te stop nie,[543] het daar 'n aantal ander maatreëls ontstaan wat daarop gemik was om die aantal vrylatings te beperk.[544]

---

532 Vgl Alföldy "Freilassung von Sklaven" 269.

533 Cicero beskou die vrylating van slawe as vanselfsprekend: *Pro C Rabirio Perduellionis Reo* 4 5 15; Cicero *Pro Balbo* 9 24; Cicero *Philllpicae* 8 11 32. Vgl ook Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 4 24.

534 Maxey *Occupations of the Lower Classes* 5.

535 Vgl Park *Plebs in Cicero's Day* 55, 65.

536 Vgl ook Livius *AUC* 41 9 11; *AUC* 45 15 5. Oor die groot getalle vrygelatenes: Treggiari *Roman Freedmen* 31 ev; Alföldy *Social History* 51.

537 Vgl 81 hierbo.

538 Vgl 81 hierbo.

539 Die *Lex Fufia Caninia* stel 'n maksimum getal slawe per *familia* vas wat testamentêr vrygelaat kon word: G 1 42; G 1 44; Reg Ulp 1 24; P Sent 4 14 3. Uit die wet kan afgelei word dat dit nie ongewoon was dat individue meer as 500 slawe besit het nie: De Robertis *Forze di Lavoro* 130.

540 Die effek van die *Lex Aelia Sentia* is dat slawe wat onder 30 jaar oud was en bloot bwv informele *manumissio* vrygelaat word, nie volle burgerskap verkry het nie; op grond hiervan word dit mettertyd outomaties gereken dat slawe eers na die bereiking van die ouderdom van 30 jaar vrygelaat sal word. Vgl Rotondi *Leges Publicae* 455.

541 Die wet bevat bepalings rakende die posisie van slawe wat informeel vrygelaat is: Rotondi *Leges Publicae* 463.

542 Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 4 24 ev.

543 Alföldy "Freilassung von Sklaven" 337 en die gesag daar; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 333.

544 Vgl D 40 9 1 (met die opskrif *Qui et a quibus manumissi liberi non fiunt et ad legem Aeliam Sentiam*; vgl ook Marcianus D 40 1 8 1 ev; C 7 11 1 *Qui manumittere non possunt*; C 7 12 1 *Qui non possunt ad libertatem pervenire*. Tog is geen verbod geplaas op normale vrylatings nie en

Wat arbeidsverhoudings betref was die bestaan van groot getalle vrygelatenes van groot betekenis. Tesame met sy vrylating ontvang die voormalige slaaf, benewens sy vryheid, ook outomaties burgerskap en word sy nakomelinge volledig in die Romeinse samelewing assimileer.[545] Na verkryging van *libertinitas* moes die vrygelatenes vir hulle eie oorlewing sorg.[546] As sulks moet daar 'n duidelike onderskeid getrek word tussen werk gedoen deur slawe en deur *liberti*. Die omstandighede waaronder werk gedoen word deur 'n *libertus* of *liberta*, die intrinsieke produktiwiteit daarvan, die vergoeding betaalbaar, asook hulle outonomiteit en verantwoordelikheid, maak dit duidelik dat daar niks gemeenskaplik is met werk gedoen deur 'n slaaf nie. Vir alle praktiese doeleindes kan dit op dieselfde vlak geplaas word as werk gedoen deur 'n *ingenuus* of *ingenua*.[547]

Vrygelatenes was ekonomies die mees aktiewe groep in die stad en hulle invloed strek oor die hele spektrum van die samelewing.[548] Die groot fortuine wat sommige

---

bestaan daar talle wyses waarop dit kon geskied. Vgl bv G 1 9 ev; Ulp Reg 1 5 ev; P Sent 4 12 1; P Sent 4 14 1; C Theod 4 7 1 ev; D 40 1; Inst 1 5 1; Inst 1 6 1.

545 Vgl Waldstein *Operae Libertorum* 44 ev; Treggiari *Roman Freedmen* 37 ev; De Martino *Storia Economica* 78; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 185. Die vrygelatene was egter aan beperkings op sosiale gebied onderhewig. Strack ML "Die Freigelassenen in ihrer Bedeutung für die Gesellschaft der Alten" 1914 *Historische Zeitschrift* 1 ev se stelling op 23 is oordrewe: "Der Freigelassene war nicht frei, nicht in Italien und nicht in Griechenland." Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 189 se standpunt "Nach der wirtschaftlichen, vermögensrechtlichen Seite wäre der *libertus* damit zugleich als ein Halbfreier behandelt, was dem Umstand entspricht, dass tatsächlich diese Jurisprudenz den *libertus* als einen *servus* im weiteren Sinne angesehen zu haben scheint.." word myns insiens nie deur die bron waarop hy steun (*Fragmenta Vaticana* 307: *His verbis "si quis a servis" servis liberti continentur*) gestaaf nie. Paulus lewer hier kommentaar op die inhoud van die *Lex Cincia de donis et muneribus* (204 vC) en sy opmerking moet in die lig daarvan beoordeel word. Vgl ook Garnsey *Roman Empire* 120; Treggiari *Roman Freedmen* 37 ev.

546 Vgl bv Epictetus *Discourses* 4 1 37-38: "Someone else kept me in clothes, and shoes and supplied me with food, and nursed me when I was sick; I served him in only a few matters. But now, miserable [freed-]man that I am, what suffering is mine, who am a slave to several instead of one!" Die slaaf in Plautus *Casina* 293 het ook nie sy vryheid op prys gestel nie aangesien hy nou vir homself sou moes sorg; vgl ook Plautus *Epidicus* 725; Plautus *Curculio* 547; Terentius *Adelphoe* 959 ev; Juvenalis *Saturae* 7 6; De Martino *Storia Economica* 78 n 44.

547 De Robertis *Forze di Lavoro* 124 ev.

548 Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 662 ev; Duff *Roman Freedmen in the Early Roman Empire* 125; Alföldy "Freilassung von Sklaven" 362; De Robertis *Forze di Lavoro* 125.

vrygelatenes versamel het, is legendaries en talle het aan die eiendomskwalifikasie vir lede van die ridderstand (*ordo equester*) voldoen.[549]

In die geledere van die vrygelatene sou dit ook moontlik gewees het om 'n onderskeid te tref tussen die vrygelatenes van oosterse oorsprong, wat self die produkte was van 'n hoë en ontwikkelde beskawing en waarskynlik eerder in bedrywe of besighede van hulle meesters werksaam sou wees, en die minder ontwikkelde en onverfynde slawe van westerse oorsprong. Vir laasgenoemde was die basiese vorms van handearbeid, werk in die myne of op plase, waarskynlik beskore.[550]

Kragtens die *ius patronatus* was *liberti* meestal verplig om sekere dienste (*operae*) aan die *patronus* te lewer.[551] Was die *libertus* 'n vakman, kon die *patronus* selfs sy dienste onder bepaalde omstandighede aan 'n derde verhuur.[552]

Die feit dat talle vrygelatenes in staat was om 'n hoë lewenstandaard te kon handhaaf en ook 'n groot vermoë kon opbou, bewys die feit dat hulle ook onafhanklik, vir eie gewin, oor hulle arbeidskragte of vaardighede sou kon beskik.[553] In dié verband sou

---

549 Wat afgelei kan word uit die vereiste vanuit die tyd van Hadrianus dat twee geslagte vrygeboorte nodig was ten einde as *eques* te kwalifiseer: Garnsey *Roman Empire* 113 120; vgl ook Juvenalis *Saturae* 1 102-11; Treggiari "Urban Labour" 54; Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 1980 *JRS* 81 90; D'Arms *Commerce and Social Standing* veral 72 ev. Verwysings na vermoënde *liberti* is volop. Vgl bv Martialis *Epigrammae* 5 13 6: "*Libertinas opes*"; Plinius *NH* 33 47 134; Tiro wat in 53 vC vrygelaat is en skaars 9 jaar later 'n *praedium* aangeskaf het: Cicero *Epistulae ad Familiares* 16 21 7; Dionysius, 'n *libertus* van Atticus, het in 49 vC sy eie slawe besit en het geld teen rente uitgeleen: Cicero *Ad Atticum* 8 10; Philotemus, die *dispensator* van Terentia, het ook 'n finansiële loopbaan gevolg: Cicero *Ad Atticum* 10 15. Vgl egter ook die ander sy wat deur Treggiari *Roman Freedmen* 161 geskets word van arm *liberti* en *libertae* wat deel uitgemaak het van die behoeftige massas te Rome.

550 De Martino *Storia Economica* 78.

551 Die agterliggende gedagte was dat die *libertus* deur die gee van dienste 'n teenprestasie lewer vir sy vrylating. Vgl Servius in Ulpianus D 38 2 1 pr : *....scilicet ad remunerandum tam grande beneficium, quod in libertos convertur, cum ex servitute ad civitatem Romanam perducuntur.* Dus sou die slaaf nie tot die lewering van *operae* verplig kon word indien hy homself vrygekoop het nie: Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 187. Wat die *operae libertorum* betref, vgl Waldstein *Operae Libertorum* en veral 13 ev vir 'n uiteensetting van die *status quaestionis*.

552 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 185.

553 Hierdie feit verklaar die verwysings in die *Digesta* na botsende finansiële belange tussen *patronus* en *libertus*. Vgl Papinianus D 37 15 11; Scaevola D 38 1 45; Ulpianus D 37 14 2; Scaevola D 37 14 18; Alfenus D 38 1 26. Die *libertus* is ook later toegelaat om vrylik sy woonplek te kies: Diocletianus C 6 3 12 (293 nC).

hulle 'n groot rol gespeel het in die arbeidsmark en is hulle bestaan 'n bevestiging van die belang van arbeidsverhoudings in die klassieke periode.

Tesame met die *ingenui* het hulle as die *plebs urbana* die werkersklas te Rome daargestel.

2.5 DIE *PLEBS URBANA*

2.5.1 Armoede[554] en skuldlas

Alhoewel die kleinboere 'n beter toekoms in Rome opgesoek het, het die posisie van die *plebs urbana* geleidelik agteruitgegaan en teen die einde van die tweede eeu vC is dit duidelik dat hulle gebuk gegaan het onder 'n groot skuldlas.[555] Rome se ekonomie was onderontwikkeld en meeste van die bevolking het onder of op die broodlyn geleef. Na tye van krisis en oorloë en 'n gepaardgaande insinking in ekonomiese aktiwiteite, sal die skuldlas van die arm massas in die stede groei. Die vraag na vervaardigde goedere was relatief laag en meeste benodigdhede van die stad is tuis op aanvraag vervaardig deur klein vakmanne. Dit was hulle wat die ergste deur stygende pryse geraak sou word en ook hulle wat die probleem van skuld akuut sou ervaar.[556]

Ten spyte van onsekerheid oor die wyse waarop die *plebs* skuld sou kon aangaan, kan aanvaar word dat skuld wel 'n probleem was wat aansienlike dimensies

---

554 Die begrip arm en armoede in die antieke moet versigtig hanteer word en gesien word in die lig van Aristophanes se Ploutos waar hy verklaar dat 'n bedelaar iemand is wat niks besit nie; die armes is die werkende massas - nie noodwendig diegene wat sonder kos of besittings sit nie. Juvenalis tel ook bv die stedelinge wat 20 000 *sestertii* en 4 slawe besit, steeds onder die armes: *Saturae* 9 140 ev. Vgl ook Hands AR *Charities and Social Aid in Greece and Rome* London 1968 62.

555 Wat ook die middelklas en aristokrasie affekteer het: Fredericksen MW "Caesar, Cicero and the Problem of Debt" 1966 *JRS* 128. In die geval van die *plebs* wat op die laagste sporte van die ekonomiese leer gestaan het, sou die uitwerking hiervan natuurlik meer dramaties gewees het: Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 641 ev.

556 Garnsey *Roman Empire* 43; Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 641; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 678.

aangeneem het.[557] As gevolg van die feit dat die *plebs* oor die algemeen weinig bates besit het wat as sekuriteit kon dien, en ook 'n lae inkomste gehad het, is dit goed moontlik dat geldlenings aan hulle eerder die uitsondering as die reël sou daarstel.[558] Die skuldlas van die *plebs* sou dus heel moontlik die gevolg wees van (hoë) huurgeld vir wonings[559] en belastings wat aan die staat betaal moes word.[560]

Dat die skuldlas van die *plebs* tot spanning en selfs onrus aanleiding gegee het, blyk uit die maatreëls wat aangeneem is om dit te verlig:[561] na die Galliese inval in 390 vC, wat die reeds desperate situasie van die *plebs* verder vererger het,[562] vind daar in 380 en 378 vC onluste en oproer plaas. Die *Rogationes Liciniae Sextiae* (376 - 367 vC), in terme waarvan rente wat op alle bestaande skulde betaal is, as kapitaaldelging beskou moes word wat direk daarna volg, laat blyk dat die skuldlas wat op die *plebs* gerus het die oorsaak van dié onluste was.[563] Gedurende die volgende dekade word dit gevolg deur ander maatreëls wat rentekoerse beperk het en die terme van terugbetaling gereël het; die hef van rente is selfs tydelik geheel en al verbied.[564]

Teen die begin van die laaste eeu vC word Rome geskud deur die *Bellum Sociale* (91-89 vC) en die oorlog teen Mithridates.[565] Die lewenstandaard van die *plebs* word

---

557 Vgl Finley *Ancient Economy* 198: "[T]here was a vast amount of moneylending in antiquity, ... an unknown and undiscoverable percentage of it took the form of petty usurious loans to the poor in the towns and the countryside ..."

558 Vgl hier die opdrag aan die *Quinqueviri Mensarii* in 351 vC wat slegs die skulde van die skuldenaars wat in staat was om sekuriteit te verskaf, uit staatsfondse betaal het. Vgl Livius *AUC* 7 21 5 en n 564 hieronder.

559 Vgl die bespreking op 106 hieronder.

560 Vgl Livius *AUC* 2 28 5 ... *tributum iniquo suo tempore imperatum, aes alienum fecisse*. Soos die bespreking hieronder aantoon, word die skuldlas van die *plebs* by herhaling in die historiese bronne genoem. Ten spyte hiervan bestaan die siening dat "[t]he absence of credit-creating instruments and institutions remains as an unshaken foundation of the ancient economy" : Finley *Ancient Economy* 198. Dit wil hieruit voorkom asof die kwessie van krediet en skuld in die Romeinse reg verder ondersoek moet word.

561 De Martino "Motivi Economici" 97.

562 Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7 331.

563 Livius *AUC* 6 35 4; Rotondi *Leges Publicae* 216.

564 Cornell *Cambridge Ancient History*^{2} 7 333; die *Lex Genucia* wat die hef van rente geheel en al verbied het, is grootliks geïgnoreer: Appianus *Bella Civilia* 1 54 232 ev. Selfs dié maatreëls kon die krisis nie die hoof bied nie en in 351 vC is daar 'n kommissie van 5 man (*Quinqueviri Mensarii*) aangestel wat skulde van skuldenaars wat sekuriteit kon stel, uit openbare fondse betaal het: Livius *AUC* 7 21 5.

565 Oor die *Bellum Sociale* vgl Gabba *Cambridge Ancient History*^{2} 9 104 ev; die oorlog teen Mithridates: Hind *Cambridge Ancient History*^{2} 9 129 ev.

hierdeur geraak[566] en soos te wagte volg onluste en oproer. In 'n poging om een van die oorsake aan te spreek word die *Lex Cornelia unciaria* in 88 vC en die *Lex Valeria de aere alieno* in 86 vC uitgevaardig.[567] Eersgenoemde wet het 10% van alle skulde kwytgeskeld; aangesien dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, skeld laasgenoemde wet 75% van bestaande skulde kwyt.[568] Na die burgeroorlog volg identiese probleme en Caesar skeld die betaal van rente wat meer as twee jaar agterstallig is, kwyt.[569]

In die geval van die *plebs urbana* sal armoede (by gebreke aan uitgebreide vorms van staatshulp of sosiale sekerheid) en daardeur ook skuld, veroorsaak of vererger word deur werkloosheid en 'n styging in die prys van voedsel, behuising en ander noodsaaklike lewensmiddels.[570] Dit is 'n truïsme dat "[t]he poor in both city and country must always have bought, not made, their clothing, utensils and tools".[571]

Werkloosheid, wat veral gedurende die jare na 138 vC skerp toegeneem het, kan nie soseer toegeskryf word aan die toenemende gebruik van slawe nie[572] as aan die feit dat die groot openbare bouprojekte wat aan die stedelike massas werk verskaf het, verminder het.[573] In die 40erjare van die 2de eeu was daar 'n groot aantal openbare

---

566 Yavetz Z "The Living Conditions of the Urban Plebs" 1971 *Latomus* 500 ev.

567 Vgl Cicero *Pro M Fonteio Oratio* 1 1; Cicero *De Officiis* 3 20 80; Cicerio *Pro Publio Quinctio* 4 4 17; Sallustius *Catilina* 33.

568 Oor die inhoud van die wette vgl Rotondi *Leges Publicae* 344, 347; Seager *Cambridge Ancient History*^{2} 9 172, 180.

569 Deur middel van die *Lex Julia de pecuniis mutuis*; vgl Caesar *Bellum Civile* 3 1 23, 3 20; Suetonius *Caesar* 42 2; Plutarchus *Caesar* 37 1; Applanus *Bella Civilia* 2 48 498; Dio Cassius *Roman History* 41 37, 53 2 3. Vgl ook die meer radikale voorstel van die *praetor* Caelius Rufus: Caesar *Bellum Civile* 3 20; Livius *Epitome* 3; Velleius Paterculus *Historiae Romanae* 2 68 2. Vgl ook hieroor Will *Römische Mob* 69.

570 Heichelheim MI "On Ancient Price trends from the Early First Millennium B.C. to Heraclius I" 1954/55 *Finanzarchiv* 507 (aangehaal in Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 897). Vgl ook Scoble "Slums, Sanitation and Mortality" 431; Frank *Economic History* 88.

571 Park *Plebs in Cicero's Day* 79.

572 Ek het geen twyfel nie dat indien dit die geval was, die politici of die senaat sou optree en slawe of selfs *peregrini* uit die stad sou verban. So het die konsuls byvoorbeeld in 126 vC, 122 vC en 95 vC *peregrini* uit Rome verban: Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 651. Augustus verban *peregrini* en slawe in 6 nC en het nie gehuiwer om, onder soortgelyke omstandighede die slawe wat op die mark te koop aangebied is, asook 4 000 Joodse *liberti*, uit die stad te verban nie: Suetonius *Augustus* 42.

573 Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 890 ev; Badian *Publicans and Sinners* 44 48; Brunt PA *Social Conflicts in the Later Roman Republic* London 1971 79. Coarelli "Public Building in Rome" 1 ev verwerp die tese van Boren en argumenteer (*e silentio*) dat daar 'n

bouprojekte[574] wat gekulmineer het in die bou van die reuse *aqua Marcia* (144-140 vC),[575] die restourasie van die *Annio Vetus*[576] en die *Aquà Appia*,[577] die wyding van die tempel van *Hercules Victor* (142 vC),[578] die bou van die eerste permanente brug oor die Tiber (die *pons Aemilius*)(142 vC),[579] die versterking van die *Janiculum*[580] en die vergulding van die plafon van die tempel van Jupiter op die Kapitolynse heuwel.[581]

Die tempel van Mars op die *Circus Flaminius* is in 138 vC voltooi[582] en vir die volgende 13 jaar was daar geen verdere noemenswaardige bouprojekte nie. Die *aqua Tepula* wat in 125 vC gebou is[583] sou slegs tydelike uitkoms bied.

Dié skerp afname in die openbare bouprojekte was waarskynlik 'n weerspieëling van 'n algemene ekonomiese insinking wat nie net bouprojekte (openbare en private) nie, maar alle vorms van ekonomiese aktiwiteit getref het.[584] Dit het veral die lot van die

---

oplewing van bou-aktiwiteite was gedurende die jare 167-68 vC. Coarelli se eie tabel op 6 toon egter ook 'n merkbare afwesigheid van bou-aktiwiteite aan gedurende die krisis-jare (133-122 vC). Wat Coarelli voorts buite rekening laat is die harde werklikheid dat 'n paar weke of selfs dae se werkloosheid van 'n arm *plebs* 'n hopelose bedelaar kan maak. Om dus soos hy Boren se tese te probeer weerlê deur te wys op bou-aktiwiteite in 132 (6 jaar na die voltooiing van die vorige groot projek), bewys myns insiens juis die korrektheid van Boren se tese.

574 Die restourasie van die *Regia* (148 vC); die *Porticus Metelli* (147 vC); die tempels van *Felicitas*, *Jupiter Stator* en *Juno Regina* (na 146 vC); begin van bouwerk aan die tempel van *Hercules Victor* (145 vC); veranderinge wat aan die *Rostra* aangebring moes word ten einde die *comitium* op die *Forum* te kon akkomodeer (145 vC). Vgl die lys agter in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 590.

575 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 24. Die *aqua Marcia* was die duurste bouprojek wat in die geskiedenis van Rome aangepak is: Dit het 180 miljoen *sestertii* gekos en het water oor 'n afstand van ongeveer 91,4 km na Rome vervoer. Vgl Frank *Economic Survey* 1 226-7.

576 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 13.

577 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 21.

578 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 256.

579 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 397.

580 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 275.

581 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 298.

582 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 328.

583 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 27.

584 Wat afgelei kan word uit die feit dat daar gedurende die 30erjare van die tweede eeu vC aansienlik minder munte geslaan is vergeleke met die voorafgaande dekade: Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 896 en die gesag in n 34 aangehaal. Die ekonomiese resessie is veroorsaak deur die oorloë wat Rome op daardie stadium gevoer het, slawe-opstande in Italië en (meer rampspoedig) in Sicilië wat tot 'n tekort aan graan (en 'n gevolglike verhoging in die prys) aanleiding gegee het; vgl ook Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution" 684; Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 641. De Martino *Storia Economica* 117 erken die bestaan van 'n krisis maar skryf dit hoofsaaklik toe aan probleme wat op die gebied

stedelike massas wat direk deur die wisselvallighede van die ekonomie geraak word, vererger. Op die korttermyn sou hulle slegs hulle oorlewing kon verseker deur skuld aan te gaan.[585]

'n Verdere faktor wat ook 'n direkte invloed op die lewensomstandighede van die stedelike bevolking gehad het, is die van behuising. Na 'n oorsig van die toestande waaronder *plebs* te Rome gewoon het, sal die kwessie van huurgeld ook kortliks aangeraak word.

2.5.2 Behuisingsnood

Geboue in Rome is gebou sonder dat daar die een of ander vorm van oorhoofse plan of kontrole bestaan het.[586] Veral na die Galliese inval is geboue oorhaastig opgerig sonder behoorlike beplanning.[587] Die gevolg was kronkelende nou straatjies en bouvallige geboue waarin talle mense dig opmekaar gewoon het.[588] Alreeds teen 218 vC was die behuisingsnood sodanig dat daar *insulae* van drie verdiepings hoog gebou moes word.[589]

Die behuisingsprobleem waarmee die *plebs urbana* te kampe gehad het is waarskynlik tot aan die einde van die Prinsipaat deur 'n aantal faktore aksentueer. Die meeste skade is veroorsaak deur natuurlike rampe. Vloede en brande was 'n algemene verskynsel. In Livius se geskiedenis van Rome volg die beskrywing van die een ramp op die ander. So het daar byvoorbeeld in 213 vC 'n brand uitgebreek wat

---

van die landbou bestaan het. Vgl egter Coarelli "Public Building in Rome" 7.

585 Die probleem het tydens die Prinsipaat bly bestaan. Vgl bv Alföldy G "Soziale Konflikte im römischen Kaiserreich" in Schneider *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte* 372 ev; De Martino *Storia Economica* 217 ev; Alföldy *Social History* 135.

586 Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 505; Scobie "Slums, Sanitation and Mortality" 401 ev, 427 ev.

587 Livius *AUC* 5 55; Tacitus *Annales* 15 43 1. Sien Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 505.

588 Vgl Packer JE "Housing and Population in Imperial Ostia and Rome" 1967 *JRS* 80; Scobie "Slums, Sanitation and Mortality" 401 ev 427 ev; Brunt "The Roman Mob" 84 ev; MacMullen *Roman Social Relations* 63 en veral n 16. Vgl ook Seneca *De Beneficiis* 4 6 2, 6 15 7; Seneca *De Ira* 3 35 4-5.

589 Vgl die berig van Livius *AUC* 21 62 3 oor 'n bul wat in die jaar 218 vC die inwoners op die derde verdieping van 'n *insula* by die *Forum Boarium* verskrik het.

vir twee nagte gewoed het en die hele distrik tussen die *Salina* en die *Porta Carmentalis* verwoes het.[590] Drie jaar later, in 210 vC, breek daar weer 'n brand uit wat hoofsaaklik *tabernae* en die vismark getref het.[591] In 200 vC brand 'n straat in 'n arm gedeelte van die stad geheel en al af.[592] Vloede word genoem vir 194 vC en 192 vC.[593] Veral 192 vC was 'n rampspoedige jaar. Die jaar het begin met brande en is afgesluit met 'n aardbewing, gevolg deur 'n brand in die *Forum Boarium* wat ook talle huise en *tabernae* afgebrand het.[594]

Teen die einde van die Republiek moes die situasie desperaat gewees het: in 60 vC het 'n groot aantal huise inmekaar gestort.[595] In 56 vC was daar 'n groot aardbewing gevolg deur 'n vloed in 54 vC wat nie alleen die laagliggende dele nie - waar die armer gedeelte van die bevolking meestal gewoon het[596] - maar ook die geboue wat hoër geleë was, oorstroom het.[597] In 50 vC breek die grootste brand in die geskiedenis van die Romeinse Republiek uit wat minstens 14 distrikte verwoes.[598] In 49 vC volg nog 'n aardbewing wat 'n aantal brande veroorsaak.[599] Brande vind ook plaas in 23, 14, 9 en 7 vC. [600]

Die koste verbonde aan die herstel of vervanging van beskadigde geboue en die verlies aan eiendom in die algemeen, moes astronomies hoog gewees het. Die eienaars, verhuurders en huurders is desondanks aan hulle eie lot oorgelaat. Eers

---

590 Livius *AUC* 24 47 15.
591 Livius *AUC* 26 27 1-3.
592 Livius *AUC* 30 26 5.
593 Vgl Livius *AUC* 35 9 3-4.
594 Livius *AUC* 35 40 7-8. Die impak hiervan op die huurmark word duidelik as in ag geneem word dat dit saamgeval het met die periode waartydens daar 'n groot toestroom van mense na Rome plaasgevind het. Vgl 73 ev hierbo.
595 Dio Cassius *Roman History* 37 58 3. Die rede hiervoor kan ook toegeskryf word aan gebrekkige vakmanskap en die gebruik van minderwaardige boumateriaal: Vitruvius *De Architectura* 1 3 2, 6 praef; vgl Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 507 ev.
596 Scobie "Slums, Sanitation and Mortality" 404.
597 Dio Cassius *Roman History* 39 61 1-2.
598 Orosius *Historiae* 6 14 4-5.
599 Dio Cassius *Roman History* 41 14 3.
600 Dio Cassius *Roman History* 53 33 5, 54 24, 54 29, 55 1, 55 8 6.

teen die begin van die Prinsipaat het die keiser finansiële hulp verleen - slegs ten opsigte van die herstel van beskadigde geboue.[601]

Uitbuiting deur spekulante het dié hopelose situasie vererger. Spekulante het grond teen 'n wins gekoop en verkoop. Bouers het ook soms die kontrakprys buitensporig verhoog nadat die bouprojek alreeds onderweg was[602] en het gereeld probeer om goedkoper materiale te gebruik en om met gebrekkige vakmanskap weg te kom.[603]

As gevolg van bogemelde, aangehelp deur die algemene tekort aan boupersele en hoë boukoste,[604] is die steeds groeiende getal *plebs* in die boonste verdiepings van die *insulae*[605] ingedwing. Toestande in die *insulae* was oor die algemeen benard.[606] By tye het meer as 16 persone in een eenheid (*domuncula*) gewoon.[607]

---

601 Orosius *Historiae* 7 2 1: *Caesar Augustus ad reparationem eorum quae tunc exusta erant magna vim pecuniae ex aerario publico largitus est.* Ten spyte van die pogings deur latere keisers (Augustus met die instelling van 'n brandweer, Nero met die *Lex Neronis de modo aedificiorum urbis* wat uitgebrei is deur Vespasianus, Trajanus en Hadrianus) was die toestande vir die gewone inwoners van die stad steeds alles behalwe veilig soos Juvenalis, wat in die tyd van Hadrianus geleef het, getuig: *Saturae* 3 192 ev.

602 Vgl bv Vitruvius *De Architectura* 10 praef 2; Labeo D 19 2 60 4.

603 Will *Römische Mob* 35.

604 Wat moontlik ook blyk uit die feit dat huise wat herstelwerk nodig gehad het eerder so gelaat is todat dit inmekaar gestort het: vgl ook Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 509 ev; Brunt "The Roman Mob" 85; Will *Römische Mob* 34 ev.

605 Vgl Fichter "Insula" *RE* 9 1593 ev; Platner-Ashby *Topographical Dictionary of Rome* 281. Latere keisers het wel maatreëls afgekondig om die hoogte van die *insulae* te beperk. Augustus verbied die bou van *insulae* hoër as 70 voet (ongeveer 4 verdiepings): Strabo *Geographica* 5 3 7; Suetonius *Augustus* 89 2; Trajanus beperk die hoogte verder tot 60 voet: Aurelius Victor *Epistulae* 13 13.

606 Scobie "Slums, Sanitation and Mortality" 404 ev; Will *Römische Mob* 32 ev; Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 510 ev; Frier BW *Landlords and Tenants in Imperial Rome* Princeton 1980 5; Paoli *Vita Romana* 82. Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 667 meen dat die toestande in die *insulae* nie so benard was nie. In die lig van die stand van die bronne, moet sy standpunt verwerp word.

607 Valerius Maximus *Memorabilia* 4 4 8; Plutarchus *Aemilius Paulus* 5 6. Volgens die berekeninge van Yavetz "Living Conditions of the Urban Plebs" 504, het ongeveer 700 000 tot 800 000 van die inwoners van Rome teen die begin van die Prinsipaat in *insulae* gewoon waarvan die meeste binne die Serviaanse muur geleë was. Vgl ook Will *Römische Mob* 32. Die verwysing na persone wat in *tabernae* oornag (Tacitus *Historia* 1 86; Asconius *Commentarius* 32) is nie 'n bewys vir oorbevolking nie, soos Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 504 meen. *Taberna* het benewens 'n winkel ook die betekenis van 'n woning gedra: Festus *De Significatu Verborum* sv "Adtibernalis"; Varro *De Lingua Latina* 5 160; Horatius *Carmina* 1 4 13. Vgl ook Frier *Landlords and Tenants* 4.

Die huurgeld betaalbaar vir huise is alreeds gedurende die derde eeu vC as hoog beskou, en behuising het een van die grootste probleme in die stad gebly;[608] 'n probleem wat vererger is deur die talle rampe en groeiende bevolking.

Wat die bepaling van die huurgeld van huise betref, was daar geen inmenging van die kant van die staat nie.[609] In die lig van die risiko waaraan die eienaars en verhuurders van *insulae* blootgestel was sowel as die hoë koste wat die instandhouding daarvan moes meebring,[610] kan begryp word dat verhuurders die huurgeld so hoog as moontlik sou wou vasstel. Slegs op hierdie wyse sou die verhuur van wonings as 'n goeie bron van inkomste beskou kon word.[611]

Wat die bedrag van die huurgeld betref, is dit nie moontlik om te bepaal hoeveel dit beloop het en hoe 'n groot deel van die gemiddelde persoon se inkomste daaraan spandeer moes word nie.[612] Geïsoleerde berigte bestaan daar wel: so is daar aanduidings dat die huurgeld teen 130 vC alreeds so hoog was dat dit moontlik was om soveel as tot 6 000 *sestertii* per jaar daarvoor af te staan.[613]

Die 6 000 *sestertii* per jaar dien as voorbeeld van die huurgeld wat die aristokrasie oftewel 'upper class tenants' betaal het.[614] 'n Beter aanduiding van die huurgelde betaalbaar deur die gewone inwoners is die berig dat Sulla in sy jeug (teen die einde

---

608 Louis *Ancient Rome at Work* 154; Will *Römische Mob* 31.

609 Scoble "Slums, Sanitation and Mortality" 406; Will *Römische Mob* 31; Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 516. Selfs die Edik van Diocletianus oor pryse en tariewe bevat geen bepaling oor huurgeld nie.

610 Vgl bv die opmerkings van Cicero in *De Officiis* 2 23 83: *Quid ita? ut, cum ego emerim, aedificarim, tuear, impendam, tu me invito fruare meo? Quid est aliis sua eripere, aliis dare aliena?* Vgl ook Frier *Landlords and Tenants* 21 ev; Brunt "The Roman Mob" 85 ev.

611 Vgl Gellius *Noctes Atticae* 15 1 3: *Magni reditus urbanorum praediorum, sed pericula sunt longe maxima. Si quid autem posset remedii fore, ut ne tam assidue domus Romae arderent, venum hercle, dedissem res rusticas et urbicas emissem.* Cicero het byvoorbeeld 'n jaarlikse inkomste van 80 000 *sestertii* uit huurgeld verkry: *Ad Atticum* 15 17, 16 1.

612 Vgl hieroor en oor wat volg Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 514 ev; Will *Römische Mob* 32 ev; Brunt "The Roman Mob" 86. Frier *Landlords and Tenants* 41 ev konsentreer op die welvarende sektor van die inwoners en is nie van groot hulp in die verband nie.

613 Velleius Paterculus *Historia Romana* 2 10 1.

614 Die begrip "upper class tenants" ontleen ek aan Frier *Landlords and Tenants* 39. Hy verstaan daaronder senatore, die aristokrasie, stedelike elite en ryk *liberti*: 40 ev.

van die 2de eeu vC) 3 000 *sestertii* per jaar betaal het en 'n *libertus* van hom (vir 'n swakker woning) 2 000 *sestertii*.[615]

Gedurende die 1ste eeu vC is 'n bedrag van 2 000 *sestertii* vir die stad en 500 *sestertii* vir die platteland as billik beskou.[616] Gedurende die Prinsipaat skiet huurgeld die hoogte in. In die tyd van Tiberius is 'n huurgeld van 6 000 *sestertii* as onder-gemiddeld beskou.[617]

Dit kan wel aanvaar word dat die meeste inwoners dit moeilik gevind het om bekostigbare behuising te bekom. Alreeds teen 170 vC kon die onttroonde koning van Egipte (Ptolemaeus VI) wat na Rome gevlug het, slegs 'n woonplek in die goedkoopste gedeelte van 'n *insula* bekostig: heelbo in die solder[618]. 'n *Grammaticus* wat in Rome onderrig gegee het *maiore fama quam emolumento* kon ook nie beter bekostig nie.[619]

Die hoë huurgeld was een van die vernaamste redes vir die oproer sedert die 50erjare vC.[620] Geweld breek uit in die stad, barrikades word opgerig en gevegte vind plaas; in 48 vC word die *praetor* M Caelius gedood na sy voorstel om bestaande skulde en huurgeld kwyt te skeld. 'n Jaar later faal die *tribunus plebis*, P Cornelius Dolabella, met

---

615 Plutarchus *Sulla* 1. Vgl ook Frank *Economic Survey* 1 406 vir verdere voorbeelde van huurpryse (oorwegend deur die meer welvarende klasse).

616 Dio Cassius *Roman History* 42 51 1; Suetonius *Caesar* 38. Wat die welvarende deel van die bevolking betref sou die huurgelde natuurlik hoër wees. So het Cicero se vriend Caelius 10 000 *sestertii* per jaar vir inwoning in 'n *insula* betaal: Cicero *Pro Caelio* 7 17.

617 Velleius Paterculus *Historia Romana* 2 10 1. Dit is moeilik om te sê waaraan dié toename toegeskryf kan word. Moontlik was dit ook een van die redes wat gelei het tot die monetêre krisis in 33 nC. Tacitus *Annales* 6 16-17 noem slegs hoë rentekoerse as rede maar 'n styging in huurgeld sou dieselfde effek gehad het. Vgl oor die probleem van die skuldlas van die stedelike inwoners ook Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 641; oor die krisis in 33 vC vgl Frank *Economic Survey* 5 32 ev; De Martino *Storia Economica* 343 ev.

618 Diodorus Siculus 31 18: "Now because rents at Rome were so high, he was living in a small and altogether shabby garret." (Loeb-vertaling.)

619 Suetonius *De Grammaticis* 9. Vgl ook verwysings na hoë huurgeld in Martialis *Epigrammae* 3 38, 12 32; Juvenalis *Saturae* 3 164 ev.

620 Vgl in die algemeen Dio Cassius *Roman History* 42 22 1 ev; Suetonius *Caesar* 38 2. Brunt "The Roman Mob" 86; Yavetz "The Living Conditions of the Urban Plebs" 516. Die groot winste wat die aristokrasie uit huurgelde verkry het, blyk duidelik as in ag geneem word dat die 80 000 *sestertii* wat Cicero per jaar ontvang het, genoeg sou wees om in sy tyd die jaarlikse soldy van 160 soldate te betaal: Brunt "The Roman Mob" 86.

'n soortgelyke voorstel; om uiteindelik vrede te verkry skeld Caesar die huurgeld vir een jaar kwyt tot 'n maksimum van 2 000 *sestertii* in Rome en 500 *sestertii* daarbuite.[621] Aangesien dit beperk is tot huurgeld tot 'n maksimum van 2 000 *sestertii* (wat beskou kan word as die gemiddelde bedrag wat vir huur van wonings betaal is), sou die maatreël veral die armer deel van die bevolking gehelp het.[622]

2.5.3 Staatshulp en ander vorms van sosiale ondersteuning

(i) Grondverdeling en werkverskaffing

Cicero[623] praat van die arm man wat in dieselfde kamer werk, woon en slaap en slegs 'n bed en stoel besit het. Dit kan aanvaar word dat die meeste van Rome se inwoners 'n soortgelyke lot sou deel of desperaat sou moes spartel om dit te vermy. By gebrek aan uitgebreide vorms van staatshulp, wat dit vir die *plebs urbana* moontlik sou maak om daarvan te oorleef, sou hulle moes werk om hulle voortbestaan te kon verseker. Die vraag wat dus vervolgens ondersoek moet word, is of daar gedurende hierdie periode wel sprake was van hulp van staatsweë wat van sodanige omvang was dat dit die stedelike bevolking in staat sou kon stel om slegs daarvan te kon oorleef.

Die knypende armoede[624] van die massas in Rome is hoofsaaklik op twee maniere aangespreek: hervestiging op die platteland en die skep van werksgeleenthede. Met welke motiewe dié maatreëls telkens gepaard gegaan het, kan moeilik vasgestel word. Was voorstanders daarvan, soos Flaminius (in 232 vC)[625] en die Gracchi[626]

---

621 Suetonius *Caesar* 38 2.

622 Vgl Will *Römische Mob* 32; Scoble "Slums, Sanitation and Mortality" 431. Frank *Economic History* 340 se standpunt dat huurgeld laag was en nie die *plebs urbana* negatief affekteer het nie, gaan nie op nie.

623 Cicero *In Catilinam* 4 8 17.

624 Vgl Last *Cambridge Ancient History* 9 2-10.

625 Vir kort biografiese gegewens vgl Gundel *Kleine Pauly* sv "Flaminius"; sy hervormings en politiese ideale word bespreek deur Staveley ES *Cambridge Ancient History*^{2} 7 432 ev. Vgl ook Vishnia R "Caius Flaminius and the *Lex Metilia de Fullonibus*" 1987 *Athenaeum* 527 ev met literatuur.

626 Gaius Sempronius Gracchus (153-121 vC) en Tiberius Sempronius Gracchus (162-132 vC). Bibliografiese besonderhede by Gundel *Kleine Pauly* sv "Gracchus" 1, 8. Vgl ook ten opsigte van hulle politiese loopbane Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 9 62 ev; Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 901; Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution"

ongeveer 100 jaar later, geslepe politici, revolusionêre opportuniste en demagoge, of demokrate wat die bestaande politiese orde wou versterk deur die massas daarby te betrek, of was hulle hoofsaaklik deur menslikheid en medelye gemotiveer om die armoede van die *plebs urbana* aan te spreek?[627]

Indien die optrede van die hervormers soos Flaminius en die Gracchi teen die ekonomiese en sosiale agtergrond van hulle tyd bekyk word, val dit op dat daar parallelle bestaan: in beide gevalle is daar sprake van 'n beskikbaarstelling van grond aan die stedelike massas, en in beide gevalle word daar groot openbare bouprojekte van stapel gestuur. Die oogmerk met elk van hierdie maatreëls is myns insiens glashelder: ten einde die oorlewing van die *plebs urbana* te verseker, word aan hulle grond beskikbaar gestel om op te gaan boer; diegene wat in die stad agterbly kan 'n inkomste bekom deur hulle arbeidskragte teen vergoeding beskikbaar te stel. Op hierdie wyse behoort dit duidelik te wees dat Flaminius en die Gracchi in die belang van die *plebs* opgetree het.[628]

In 232 vC is die *ager Picenus et Gallicus* op voorstel van Flaminius onder kleinboere verdeel;[629] die *via Flaminia* (wat Rome met Ariminum[630] in Gallia verbind het) asook

---

ANRW I 1 674.

627 Vgl hier oor die algemeen De Martino "Motivi Economici" 87 ev; Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 9 40 ev asook Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution" 674 met uitgebreide bibliografie. Dit bly egter steeds uiters moeilik om uit die bronne vas te stel of die ekonomiese en sosiale maatreëls in die eerste instansie op die openbare belang gemik was of nie: Herz *Römische Wirtschaftsgesetzgebung* 21.

628 Ongeag wat die bybedoelings daarmee was. Ek kan geen rede vind om met De Martino *Storia Economica* 41 saam te stem dat Flaminius die leier van die kleinboere (in sy woorde: "Flaminio.... era un *leader* dei piccoli contadini...") was nie. Sy steun vir die *Lex Metilia fullonum* (217 vC) (wat *fullones* belet het om van bepaalde prosesse gebruik te maak by die afwerking van kledingstowwe) asook die *Lex Claudia de senatoribus* (218 vC) (waardeur die senatore verbied is om skepe te besit met 'n kapasiteit van meer as 300 *amphorae* - 'n grootte wat as voldoende geag is vir die vervoer van hulle eie landbouprodukte) die res van sy wetgewende program, bewys dat die lotgevalle van die armer klasse oor die algemeen en nie slegs die kleinboere nie, deur hom ter harte geneem is. Vgl Frank *Economic History* 94; 133-4. Alföldy *Social History* 36 se verklaring van die *Lex Claudia* as synde 'n poging van die aristokrasie om lede van hulle klas te dwing om hul welvaart in grond te verseker, is te betwyfel.

629 Die wet het bekend gestaan as die *Lex de agro Piceno et Gallico viritim dividendo*: Rotondi *Leges Publicae* 247. (Oor die presiese datum van die wet hoef nie hier uitsluitsel bereik te word nie. Die datum van Cicero *De Senectute* 4 11 (228 vC) verskil van dié van Polybius 2 21 7-8 (232 vC). Dit was nie die eerste *Lex Agraria* nie. Die *Lex Licinia Sextia* van 367 vC was die eerste en is voorafgegaan deur 'n aantal pogings (*rogationes*) tussen 486-482 vC wat almal skipbreuk gely het: Rotondi *Leges Publicae* 194-5; Louis *Ancient Rome at Work* 53. Ook die uitvaardiging

die *circus Flaminius* is op sy inisiatief gebou.[631]

Soortgelyke maatreëls deur die broers Tiberius en Gaius Gracchus 133 - 122 vC is oorbekend. Tiberius Gracchus se voorstelle was daarop gemik om die groot *latifundia* wat, in nabootsing van die Hellenistiese modelle[632] die Italiaanse platteland laat ontvolk het,[633] weer onder die stedelike massas te verdeel.[634] Ook met die belange van die (werklose) stedelike massas voorop,[635] het Gaius Gracchus groot staatsprojekte van stapel gestuur soos die bou van paaie in Italië, store en kaaie vir die ontskeping van koring.[636]

Dat Gracchus se bouprojekte wel ook aangegaan is met die doel om werksgeleenthede te skep, raak geloofwaardig as die motivering vir 'n soortgelyke praktyk wat later in die Prinsipaat bestaan het, oorweeg word. As *defensor plebis* wat spele, koring en geskenke uitgedeel het, vorm die verskaffing van werksgeleenthede,

---

van die *Lex Licinia Sextia* is gemotiveer deur armoede van die stedelike massas wat skielik op die spits gedryf is deur die Galliese inval in 390 vC. Die eerste *Rogatio de civibus Veios deducendis* volg direk daarna in 389 vC: Rotondi *Leges Publicae* 215.

630 Die moderne Rimini.

631 Platner-Ashby *Topographical Dictionary of Rome* 111.

632 Dit is nie duidelik wat presies onder die begrip *latifundia* verstaan moet word nie. Waar dit aanvanklik as groot stukke grond wat aan een persoon behoort, verstaan is (White KD "*Latifundia*" 1967 *Bulletin of the Institute of Classical Studies of the University of London* 62; Nicolet *Cambridge Ancient History*^{2} 9 617; Mossé *Ancient World at Work* 67 ev), bestaan daar ook die mening dat dit as beskrywing gedien het vir 'n aantal kleiner stukke grond, nie noodwendig aangrensend aan mekaar nie, wat aan een persoon behoort: Brunt *Italian Manpower* 331 352 365. Skydsgaard JE "Non-Slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" 67 ev steun die standpunt van Brunt maar gee toe dat uitsluitsel moeilik hieroor verkry kan word.

633 Vgl die uitroep van Plinius "*latifundia perdidere Italiam!*": *NH* 18 7 35. Vgl ook De Martino *Storia Economica* 238 ev.

634 Dit is nie nodig om in besonderhede op die inhoud van die *Lex agraria* van Gracchus in te gaan nie. Vgl die bespreking deur Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 62 ev; Badian "Tiberius Gracchus and the Roman Revolution" 701 ev. Die voorstelle van Tiberius Gracchus was wel revolusionêr in die sin dat dit die eerste keer was dat grond wat alreeds deur *cives* besit is, herverdeel sou word: Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 9 65.

635 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 301. Vgl ook Garnsey P, D Rathbone "The Background to the Grain Law of Gaius Gracchus" 1985 *JRS* 20 ev; Nicolet C *The world of the Citizen in Republican Rome* London 1980 201; Alföldy *Social History* 76, 84; De Martino *Storia Economica* 116.

636 Vgl die berigte in Plutarchus *Gaius Gracchus* 6 7: Gracchus word beskryf as 'n persoon wat konstant omring was deur kontrakteurs en bouers. Sy bouprogramme sou hom van populariteit by werkers verseker het: Brunt "The Roman Mob" 91; Boren "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 901.

in die vorm van groot openbare bouprojekte, deel van die *liberalitas principis*.[637] Hierdie feit is nie verbasend nie. Dit is eenvoudig ondenkbaar dat die keiser nie bewus sou kon wees van die feit dat werkloosheid 'n sosiale probleem was nie.[638] Dit is ook begryplik dat hy die ooglopendste en mees effektiewe manier sou aanwend om dit aan te spreek naamlik deur die aangaan van bouprojekte. Hierdeur bewys hy sy *liberalitas* en spreek ook so die dringendste behoefte van die *plebs urbana* aan.[639] Steun hiervoor is die volgende kriptiese berig deur Suetonius:

> Mechanico quoque grandis columnas exigua impensa perducturum in Capitolium pollicenti praemium pro commento non mediocre optulit, operam remisit, praefatus sineret se plebiculam pascere.[640]

Die algemene vertolking van hierdie gedeelte is dat 'n ingenieur die een of ander hulpmiddel aan Vespasianus getoon het waarmee hy self groot kolomme teen 'n geringe koste self tot in die Capitolium kon vervoer. Vespasianus het die uitvinder beloon maar geweier om daarvan gebruik te maak aangesien dit die *plebs* van werksgeleenthede sou ontneem.[641]

---

637 Vgl *CIL* 6 955 "...*Quod liberalitate optimi principis commoda earum etiam locorum adiectione ampliata sint*"; Plinius *Panegyricus* 51 5.

638 Vgl ook Frank *Economic History* 342; Solazzi *Il lavoro libero nel mondo romano* 149; Brassloff S *Sozialpolitische Motive in der römischen Rechtsentwicklung* Wien 1933 77. Contra: Wacke A "Wettbewerbsfreiheit und Konkurrenzverbotsklauseln im antiken und modernen Recht" 1982 *ZSS* 198; Finley *Ancient Economy* 80; Möller *Freiheit und Schutz* 10.

639 Vgl Suetonius *Caligula* 21; Suetonius *Claudius* 20 ev; Suetonius *Titus* 7 3; Suetonius *Domitianus* 4-6; Vitruvius *De Architectura* 1 1 2; Velleius Paterculus *Historia Romana* 2 130 1; *CIL* 9 556. Indien die keiser nalaat om te bou geld dit as punt van kritiek teen sy kwaliteit as heerser: Suetonius *Tiberius* 46-48; Flavius Josephus *Jewish Antiquities* 19 205. Vgl ook Kloft H *Liberalitas Principis. Herkunft und Bedeutung. Studien zur Prinzipatsideologie* Köln 1970 118; Alföldy *Social History* 97 ev; Zlinsky "Arbeit im archaischen Rom" 442.

640 Suetonius *Vespasianus* 18: "To a mechanical engineer who promised to transport some heavy columns to the Capitol at small expense, he gave no mean reward for his invention, but refused to make use of it, saying 'You must let me feed my poor commons'." (Loeb-vertaling.)

641 Vgl Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 81; Alföldy *Social History* 97; Loane *Industry and Commerce* 85; Herz *Römischen Wirtschaftsgesetzgebung* 16. Frank *Economic Survey* 5 236 het die moontlikheid genoem dat Gracchus die graan as betaling aangebied het vir werk wat deur die *plebs* gedoen is. Frank se suggestie is verder gevoer en op die berig in Suetonius van toepassing gemaak deur Casson L 1978 *Bulletin of the American Society of Papyrologists* 43. Vgl egter Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" wat oortuigende argumente teen dié van Casson aanvoer.

'n Moontlike beswaar wat teen bogemelde siening geopper kan word, is dat die *plebs* in die geval (en ook in die meeste ander gevalle waar dit die staat raak) geen keuse gehad het nie en eenvoudig tot die lewering van die werk verplig kon word. Dit is bekend dat dié praktyk, wat sedert die vroegste tye bestaan het, herbevestig is gedurende die heerskappy van die Severi.[642] Bekend as *moenia* of *munia* het hierdie take aanvanklik die konstruksie van die mure en algemene fortifikasies van die stad behels[643] en het byvoorbeeld later bly voortbestaan in die plig wat op grondeienaars gerus het om paaie te onderhou.[644] Die praktyk is ook toegepas in die provinsies.[645]

Dit is nie moontlik om met sekerheid vas te stel in welke mate of selfs wanneer die lewering van *moenia* of *munia* afgeneem het en vervang is met die lewering van werk of dienste in terme van *locatio conductio* nie.[646] Hoewel daar talle voorbeelde bestaan van bouwerke wat gedurende die Prinsipaat deur amptenare onderneem is,[647] word die sluiting van 'n kontrak slegs in enkele gevalle genoem.[648]

Die betrokkenheid van die *ordo publicanorum* is wel 'n aanduiding dat die werk hoofsaaklik (of selfs uitsluitlik) in terme van *locatio conductio* onderneem is.[649] In die geval van die oprigting van openbare geboue, die onderhoud van paaie ensovoorts, het die *publicanus* as *redemptor*[650] of later as *conductor* bekend gestaan.[651]

---

642 Ulpianus D 50 1 1 1; D 50 4 *De Muneribus et Honoribus*; Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 82; De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 168 ev.

643 Festus *De Significatu Verborum* sv "Moenia": *Moenia praeter aedificia significant etiam et munia, hac est officia*; Livius *AUC* 5 55 2; *AUC* 6 4 6; Plinius *NH* 36 14 107; Cato *De Agricultura* 2 2; De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 168.

644 Vgl die bepalings van die *Tabula Heraclea*: Bruns *Fontes* 102; Papinianus D 43 10 3.

645 Vgl *CIL* 8 8701; 8 8828; 9 6257; 9 2828; 14 4259. 'n Goeie voorbeeld is ook die *Lex coloniae Genetivae Iuliae*: Bruns *Fontes* 122.

646 Vgl De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 172.

647 Vgl die bespreking in De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 78 ev.

648 De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 177. Vgl ook Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1484.

649 Vgl die bespreking op 76 ev hierbo.

650 Vir 'n voorbeeld vgl *CIL* 6 9034: *'Ti. Claudius Aug. l. Onesimus redemptor operum Caesar quinq. coll. fabr. tignua lustri XIIX'* (79-83 nC). Vgl ook Papinianus D 50 5 8 1; Labeo D 19 2 60 8; Alfenus Varus D 39 4 15; Waltzing *Les corporations professionelles* 2 118.

651 Vgl Festus *De Significatu Verborum* sv "Redemptores"; De Ruggiero *Lo stato e le opere pubbliche* 180.

Aangesien die werk normaalweg van sodanige omvang was dat die individuele *publicanus* of lede van die *societas publicanorum* dit nie self sou kon verrig nie, sal 'n groot aantal werknemers betrek moes word.[652] Ook tydens die Prinsipaat toe die keiser in talle gevalle die erkenning gekry het vir geboue wat opgerig is,[653] het hy nie self die taak onderneem of toesig daaroor gehou nie. Alhoewel die betrokkenheid van die *publicani* as *redemptores* of *conductores*, van kontrakteurs of ander werknemers nie genoem word nie, kan nou nie e *silentio* afgelei word dat hulle nie betrokke was nie. Inteendeel, by gebreke aan aanduidings dat hulle geen rol gespeel het nie, moet aanvaar word dat hulle wel betrokke was.

Marius[654] se hervorming van die leër in 103 vC, hoewel dit nie gedoen is met die oog op die lot van die armes nie, het ook 'n heilsame invloed op die probleem van werkloosheid gehad. Aangesien rykdom aanvanklik die basis was wat die militêre verpligtinge van die *cives* bepaal het,[655] het dit daartoe gelei dat die middelklas deur die konstante oorloë aansienlik verswak is.[656] Hierdie feit, sowel as die groeiende getalle *proletarii* - wat moontlik vroeër as *assidui* in die legioene gedien het maar deur die oorloë verarm is en dus nie meer militêre diens verrig het nie[657] - lei daartoe dat die leër teen die einde van die tweede eeu vC 'n ernstige tekort aan beskikbare mannekrag ondervind het.

Om hierdie probleem te oorkom het Marius in ongeveer 103 vC ook vrywilligers toegelaat om in die legioene te dien.[658] In die toekoms sou die leër hoofsaaklik uit lede van die arm klasse te Rome bestaan.[659] By hierdie leër het die voortbestaan van Rome as wêreldmag berus. Dit was ook hierdie leër wat gedurende die Prinsipaat as

---

652 Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 85.
653 Vir voorbeelde vgl De Rugglero *Lo stato e le opere pubbliche* 78 ev.
654 Vir biografiese besonderhede vgl Carney *Kleine Pauly* sv "Marius (2)".
655 Brunt *Italian Manpower* 16.
656 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 247.
657 Brunt *Italian Manpower* 395.
658 Hiervoor het daar alreeds 'n aantal presedente bestaan: Gellius *Noctes Atticae* 16 10 1; Brunt *Italian Manpower* 395.
659 Teen die begin van die 2de eeu vC was daar al sprake van 'n permanente leër; Neumann *Kleine Pauly* sv "exercitus". Vgl ook Neumann *Kleine Pauly* sv "dilectus"; Brunt *Italian Manpower* 391 ev.

belangrike werkgewer gedien het en die plaaslike bedrywe tot voordeel gestrek het as gevolg van die groot aanvraag na goedere en dienste wat dit geskep het.[660]

(ii) Koringvoorsiening en ander direkte vorms van sosiale hulpverlening

Die Romeine se stapelvoedsel was koring en voeding in Rome impliseer die beskikbaarheid van graan.[661] Die Romeinse owerhede het dit deeglik besef en maatreëls in die lewe geroep wat daarop gemik was om te verseker dat die stad se koringvoorsiening voldoende sou wees en dat die pryse nie onnodig fluktueer nie.[662]

Teen die einde van die vierde eeu vC was dit nie meer moontlik om die inwoners van Rome te voed met behulp van die graan wat uit die omringende streke verkry is nie en die staat word genoop om in te gryp.[663] Die *cura annonae*[664] wat as gevolg hiervan ontstaan het, word later die verantwoordelikheid van die *aediles*. Koring word ingevoer en in hawens te Puteoli en later Ostia afgelaai en in opgaarstore geberg. Vier *quaestores* word in 267 vC aangestel om behulpsaam te wees met die organisasie van die vloot (*quaestores classici*) en die *annona* (*quaestores italici*). Die *quaestor italicus* wat te Ostia toesig gehou het oor die koringvoorsiening se amp is deur Cicero beskryf

---

660 Vgl Rostovtzeff *Social and Economic History* 25 41 ev; Garnsey *Roman Empire* 89 toon byvoorbeeld aan dat daar onder andere 5 000 m^2 hout gebruik is vir die bou van 'n houtheining van ongeveer 28 km lank, 10 ton spykers en 54 000 beesvelle vir die maak van tente om een legioen in tydelike barakke in Skotland te huisves.

661 Vlels is slegs geeët as daar 'n tekort aan koring was. Vgl Caesar *Bellum Gallicum* 7 17: *usque eo ut complures dies milites frumento caruerint et pecore .... extremam famem sustentarent.* Vgl ook Tacitus *Ann* 14 24 1.

662 Oor hierdie onderwerp bestaan daar 'n magdom literatuur. Hier kan volstaan word met 'n verwysing na die volgende: Herz *Römische Wirtschaftsgesetzgebung* 24 ev; Rickman G *The Corn Supply of Ancient Rome* Oxford 1980; Garnsey PDA *Famine and Food Supply in the Graeco-Roman World* Cambridge 1988; van Berchem D *Distributions de blé et d'argent à la plèbe romaine sous l'Empire* Geneve 1939; Evans JK "Wheat Production and its Social Consequences in the Roman World" 1981 *CQ* 428 ev. Die rol van die staat in die koringhandel moet nie oorskat word nie. Dit wil veral nie voorkom asof daar streng kontrole oor die prys uitgeoefen is nie: Casson L "The Role of the State in Rome's Grain Trade" in D'Arms *Seaborne Commerce of Ancient Rome* 21 ev.

663 Moontlik alreeds so vroeg as 440 vC: Dionysius van Halicarnassus *Antiquitates* 12 1; Livius *AUC* 4 12 8. Vgl ook 62 ev hierbo.

664 *Annona* beteken die "jaarlikse opbrengs / oes" asook die verskaffing daarvan aan Rome; dit kon ook meer spesifiek die prys van koring beteken: Southeimer *Kleine Pauly* sv "Annona".

as *negotiosa et molesta*.[665] Gedurende die Prinsipaat is die *cura annonae* aan die *praefectus annonae* oorgelaat.[666]

'n Aanduiding van die enorme infrastruktuur wat hierdeur benodig sou word, is te vinde in 'n kwantifisering van die behoeftes van Rome teen die begin van die Prinsipaat.[667] Augustus noem self dat hy by geleentheid 320 000, 250 000 en 200 000 manlike *cives* van gratis graan voorsien het.[668] Augustus se berig is waarskynlik korrek. Indien die laagste moontlike ouderdom waarop persone kon kwalifiseer[669] as uitgangspunt geneem word, impliseer dit 'n bevolking van ongeveer 670 000 wat deur die gratis koring geraak word. Hierby kom 'n slawebevolking van ongeveer 30% wat 'n totaal van naastenby 1 miljoen inwoners lewer en ooreenstem met meeste van die skattings van die inwonertal van Rome wat deur historici gemaak word.[670]

Indien koring 75% van die totale dieet van die Romeine uitgemaak het, impliseer dit 'n daaglikse gebruik van ongeveer 411 ton koring.[671] Ten einde voorsiening te maak vir verliese tydens die vervoer-proses, om in die behoeftes te voldoen van *peregrini* en ander persone wat tydelik in die stad was, en om voldoende voorraad op te bou in geval van skielike tekorte, sou dit nodig gewees het om meer as dubbel soveel graan in te voer - naamlik 200 000 - 400 000 ton koring[672] - 'n totaal van ongeveer 550 -1 200 ton koring per dag dus.

---

665 Cicero *Pro Murena* 8 18. Vgl Veyne *Bread and Circuses* 237.

666 Die eerste *praefectus annonae* is in 7 nC deur Augustus aangestel: Herz *Römische Wirtschaftsgesetzgebung* 68 ev; Garnsey *Roman Empire* 86; Volkmann *Kleine Pauly* sv "Praefectus, praefectura".

667 Oor wat volg vgl Garnsey *Roman Empire* 83 ev; Finley *Ancient Economy* 198 ev. Vgl ook die bespreking op 154 ev hieronder.

668 *Res Gestae* 15.

669 Dws 10 jaar: Brunt *Italian Manpower* 382. Dit kon egter ook 11 jaar (Suetonius *Augustus* 41 2), 14 jaar of 17 jaar gewees het: Garnsey *Roman Empire* 83 n 1.

670 Vgl die bespreking op 119 hieronder.

671 Garnsey *Roman Empire* 85 werk op die aanname dat ongeveer 1 700 kalorieë nodig is vir die gemiddelde persoon. Teen ongeveer 3 000 kalorieë per 1 kg koring, benodig elke persoon 200 kg koring per jaar wat uitwerk op 200 000 ton vir 1 miljoen mense. Aangesien die totale dieet kwalik uit koring alleen kon bestaan, moet die koringverbruik op 25% minder, naamlik op 150 000 ton per jaar geneem word.

672 Garnsey *Roman Empire* 85; Casson "The Role of the State in Rome's Grain Trade" 21 22.

Afgesien van die beskikbaarheid van koring, was daar ook kommer oor die bekostigbaarheid daarvan. Na voorstelle van Tiberius Gracchus dat koring op groot skaal aangekoop, gestoor en teen 'n goedkoper prys aan die *plebs* beskikbaar gestel word,[673] word 'n hoeveelheid koring na 58 vC op voorstel van Clodius gratis onder die volk versprei.[674] Ongeveer 320 000 manlike *cives* het sodoende 5 *modii* per maand ontvang.

Gracchus en Clodius se wetgewing sou slegs in 'n beperkte mate die nood van die honger inwoners kon verlig. Vroue, kinders en slawe het nie in die gratis voorsiening gedeel nie en 5 *modii* was genoeg om slegs in een persoon se behoeftes te kon voldoen.[675] Teen selfs so 'n lae prys as 2 *sestertii* per *modius*[676] sou die dagloner die meeste van sy inkomste aan die aankoop van koring vir sy gesin moes afstaan.[677]

Hoe desperaat die situasie van die *plebs* was, blyk uit die gebeure in 57 vC toe Pompeius die lyste met die name van die ontvangers van gratis koring wou hersien (moontlik met die oog daarop om 'n groot aantal slawe wat vrygelaat is met die doel om ook in die koringvoorsiening te kan deel, uit te sluit):[678] die gebou waarin die

---

673 Teen 6,3 *asses* per *modius*: Livius *Epitome* 60. Op daardie stadium was die geldwaardes 1 *denarius* = 4 *sestertii* = 10 *asses*: Lintott *Cambridge Ancient History*^{2} 9 58. Een *modius* = 8,754 liter: Chantraine *Kleine Pauly* sv "Modius".

674 Die *Lex Clodia frumentaria* (58 vC): Rotondi *Leges Publicae* 398. Clodius se maatreël sou slegs gedeeltelike verligting kon bring. Hoewel die wet dit ten doel gestel het om aan die armes gratis koring te verskaf, het dit nie die getal ontvangers beperk nie en alle manlike *cives* het daarin gedeel soos bewys word deur die verhaal van die konsul Piso Frugi wat die maatreël opponeer het maar wel daarna in die ry van ontvangers gestaan het: Cicero *Tusculanae Disputationes* 3 20 48. Vgl ook Bolkestein *Wohltätigkeit und Armpflege* 371; Brunt *Italian Manpower* 376 ev.

675 Will *Römische Mob* 39-41 wat sy berekeninge grond op die berig van Polybius 6 39 12 ev dat 'n berede soldaat (benewens vrugte en ander voedsel) ongeveer 12 *modii*, en 'n voetsoldaat ongeveer 4 *modii* koring per maand benodig het. Cato, wat bekend was vir sy spaarsamigheid, skryf 'n rantsoen van 4 - 4,5 *modii* per maand voor (afhangende van die jaargety). Die *vilicus*, *vilica*, voorman en *pastor* was elk slegs op 3 *modii* geregtig: *De Agricultura* 56, 58. Vgl ook Evans "Wheat Production and its Social Consequences in the Roman World" 433; Casson "The Role of the State in Rome's Grain Trade" 22; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 312; Perelli *Movimento Popolare* 235; Park *Plebs in Cicero's Day* 79.

676 Die normale prys gedurende die Prinsipaat was 4 *sestertii*: Will *Römische Mob* 41.

677 Will *Römische Mob* 41; Veyne *Bread and Circuses* 240. Vgl ook Brunt *Italian Manpower* 110.

678 Dionysius van Hallcarnassus *Antiquitates* 4 24 5; Suetonius *Augustus* 42 2.

rekords bewaar is, het skielik afgebrand. Brandstigting is vermoed maar kon nie bewys word nie.[679]

Caesar wysig die basis waarop die *census* plaasgevind het, en die syfer daal van 320 000 tot 150 000.[680] Teen 5 vC staan die getal ontvangers weer op 320 000 en in 2 nC word dit deur Augustus vasgestel op 200 000 vasgestel.[681]

Rome, gedurende die eerste eeu nC, was bykans so groot soos London in 1800[682] en het 'n inwonertal van ongeveer 1 miljoen mense gehad. Op welke basis is daar bepaal wie in die gratis voorsiening van koring kan deel? Anders gestel, was die *plebs frumentaria* identies met die *plebs romana*? Dit wil voorkom asof hierdie vraag negatief beantwoord moet word.

Eerstens moet in gedagte gehou word dat die *plebs frumentaria* nie noodwendig behoeftiges was nie.[683] Die feit dat persone in die *frumentationes* gedeel het, word met trots op grafte aangedui en dit sou foutief wees om die skema as 'n welsynsprojek te sien.[684] Tweedens dui die blote feit dat die getalle so dramaties gewissel het, alreeds daarop dat sommige van die *plebs urbana* by tye daarin kon deel en later weer nie.[685]

---

679 Will *Römische Mob* 87. Onluste wat direk na die beskikbaarheid van voedsel herlei kan word was nie 'n vreemde verskynsel in die Romeinse geskiedenis nie; vgl Evans "Wheat Production and its Social Consequences" 428.

680 Vgl Livius *Epitome* 115; Suetonius *Caesar* 41 3; Dio Cassius *Roman History* 43 21 4; Rawson *Cambridge Ancient History*^{2} 456. Vgl ook die bepalings van die *Lex Julia de annona* wat diegene straf *qui contra annonam fecerit societatem coleritve quo annona carior fieret*: Ulpianus D 48 12 2; Herz *Römischen Wirtschaftsgesetzgebung* 81.

681 *Res Gestae* 15 4, 15 2; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 648; Van Berchem *Distributions de Blé* 28 ev; Brunt *Italian Manpower* 382.

682 Hopkins "Economic Growth" 38.

683 Bolkestein *Wohltätigkeit und Armpflege* 371; contra: Mommsen T *Römische Geschichte* (4 vols) Berlin 1888-1894 3 506; Hands *Charities and Social Aid* 106.

684 Van Berchem *Distributions de Blé* 25; Brunt *Italian Manpower* 381; Veyne *Bread and Circuses* 244; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 313; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 649; contra: De Martino *Storia Economica* 179 180; Hands *Charities and Social Aid* 106. Vgl ook die berig in Suetonius *Augustus* 42 dat die keiser die stelsel herorganiseer het sodat die werkers wat daarin gedeel het, nie lank van die werk hoef te bly nie. Die belang hiervan is duidelik dat dit bewys dat dit ook nie beperk was tot die werkloses nie.

685 Brunt *Italian Manpower* 381. Vgl van Berchem *Distributions de Blé* 22 wat die moontlikheid oorweeg dat die afname te wyte was aan oorlogsterftes; dit lyk onwaarskynlik in die lig van die skerp styging in getalle weer teen 5 vC.

Derdens is die wyse waarop persone die reg kon verkry om in die *frumentationes* te deel, insiggewend. Waar 'n ontvanger van gratis koring sterf, is sy plek ingeneem deur iemand wat by wyse van lot gekies is (*subsortio*).[686] Die keiser het ook persone wat hom goed gedien het (soos die praetoriese wag vanaf die tyd van Nero, en sommige *collegia* in diens van die staat: fluitspelers en horingblasers) in die *frumentationes* laat deel. Dit was later selfs moontlik om die voorreg (*tessera frumentaria*) te koop.[687]

In die vierde plek kan Fronto[688] se berig dat die volk minder begaan is oor die *congiaria*[689] as oor die spele as finale bewys aangevoer word dat slegs 'n deel van die volk in die gratis koringvoorsiening gedeel het. Volgens Fronto is die rede hiervoor die feit dat slegs die *plebs frumentaria* deur die *congiaria* bevoordeel word, almal geniet egter die voordeel van die spele:

> *Minus acribus stimulis congiaria quam spectacula expeti; congiariis frumentariam modo plebem singillatim placari ac nominatim, spectaculis universum <populum conciliari>.*[690]

Die *congiaria* het aanvanklik bestaan uit die gratis verskaffing van wyn en olie[691] maar

---

686 Suetonius *Caesar* 41 3.

687 Die *tesserae* was in die vorm van 'n munt (Chantraine *Kleine Pauly* sv "Tessera") en met dit in die hand kon die ontvanger in die *horrea* sy hoeveelheid koring gaan afhaal: Schrot *Kleine Pauly* sv "Largitio". Vgl ook Paulus D 31 49 1; Paulus D 31 87 pr waarin dit blyk dat die *tessera* oorerflik is en dat geen persoon twee *tesserae* kon besit nie. Dié voorreg om in die koringvoorsiening te deel staan ook bekend as die *tribus*: Scaevola D 32 35 pr. Dit was selfs moontlik vir 'n senator om sodanige *tessera frumentaria* te ontvang: Scaevola D 32 35 pr.

688 *Principia Historia* 210; vgl hieroor Kloft *Liberalitas Principis* 90.

689 Vgl Gross *Kleine Pauly* sv "Congiarium": "Urspr. eine bestimmte Menge Wein oder Öl, die in der röm. Republik von einem Beampten (Candidaten für ein Amt) als private Spende an das Volk gegeben wurde, oft als zugabe zum *frumentum*....Empfänger waren die zum *frumentum* beteiligten und jeweils bes. genannte, in die entsprechenden Listen Eingetragene."

690 Fronto *Principia Historia* 210: "Geskenke word met aansienlik minder gretigheid afgewag as die spele; slegs die individue en spesifieke persone wat gratis koring ontvang, word deur die geskenke getroos; die hele volk geniet die voordeel van spele."

691 Isidorus *Origines* 16 26 7-8; Livius *AUC* 25 2 8; *AUC* 37 57; Plin *NH* 15 1 2; *NH* 14 96. Naas koring was olie die tweede belangrikste lewensmiddel in Rome. In die lig hiervan is dit vreemd dat daar in die bronne min aandag daaraan geskenk word. Dit is onwaarskynlik dat die staat eers in die 2de helfte van die 2de eeu nC sou ingryp (vgl Callistratus D 50 6 6(5) 6) en die verskaffing van olie as deel van die *annona* beskou het. Herz *Römischen Wirtschaftsgesetzgebung* 128 aanvaar dus staatsbetrokkenheid op die gebied reeds lank voor die 2de eeu nC.

behels ook later die uitdeel van somme geld.[692]

Daar bestaan dus geen rede om soos Strack,[693] van Berchem[694] en De Martino[695] te aanvaar dat alle manlike *cives* te Rome gratis koring vanaf die staat ontvang het nie.[696] Dit staan vas dat slegs 150 000 van die inwoners van Rome teen die begin van die Prinsipaat in die gratis koring gedeel het. Om te kan oordeel of dit in die behoeftes van die meerderheid van die inwoners kon voldoen, is dit nodig om kortliks te kyk wat die inwonertal van Rome teen die begin van die Prinsipaat was.

Hierdie is egter geen eenvoudige taak nie. Daar bestaan geen betroubare statistiese data waaruit die samestelling of grootte van die bevolking van Rome met sekerheid vasgestel kan word nie.[697] Die situasie is egter nie geheel en al desperaat nie. Met behulp van ander historiese gegewens kan daar tot 'n redelik betroubare resultaat gekom word. Faktore soos die hoeveelheid graan wat verbruik is, die hoeveelheid en grootte van die *insulae*, die fisiese grootte van die stad,[698] die aantal en kapasiteit van die *aquaeducti* en die aantal persone wat gratis koring vanaf die staat ontvang het, kan gebruik word om die aantal inwoners te probeer bepaal.[699]

---

692 Vgl *Res Gestae* 15 waarin Augustus 8 *congiaria* noem wat hy tussen 44 vC en 2 nC gemaak het waarvan die bedrae gewissel het tussen 100 en 60 denarii per kop. Latere keisers gee groter somme (650 -Trajanus; 1 000-Hadrianus; 800-Pius; 850-Marcus en Commodus; 1 100-Severus) maar die hoeveelheid kere wat geld so uitgedeel is neem af. Vgl Frank *Economic Survey* 5 4 ev, 36 ev; Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 95; Gross *Kleine Pauly* sv "Congiarium".

693 Strack PL *Untersuchungen zur römischen Reichsprägung des 2. Jahrhunderts* 3 vols Stuttgart 1931-7 1 85-87.

694 *Distributions de Blé* 55 ev 128 ev.

695 *Storia Economica* 179 180.

696 Kloft *Liberalitas Principis* 90. Vir 'n verklaring hoe die *congiarium populo datum* (tsv die feit dat dit slegs 'n gedeelte van die volk bevoordeel het) nogtans as die volk in die algemeen gesien kon word (vgl bv Suetonius *Augustus* 41 2: *Congiaria populo frequenter dedit*; Suetonius *Tiberius* 20; Suetonius *Claudius* 21 1; *Scriptores Historiae Augustae* Hadrianus 7 3; Marcus Aurelius 27 5) en munte wat lees *CONG(IARIUM) DAT(UM) POP(ULO) SC*), vgl Kloft *Liberalitas Principis* 90.

697 De Martino *Storia Economica* 175; Park *Plebs in Cicero's Day* 5.

698 Soos Packer "Housing and Population" aantoon, dui die fisiese fasiliteite in die stad op 'n groot bevolking. Die *Colosseum* kon 50 000 en die *Circus Maximus* 250 000-320 000 toeskouers akkommodeer.

699 De Martino *Storia Economica* 175.

'n Gedetailleerde ondersoek na elk van bogemelde faktore sou buite die bestek van hierdie studie val.[700] Daar kan volstaan word met die resultaat van die navorsing wat hieroor gedoen is deur Brunt[701] en Beloch.[702] Hiervolgens is die aantal inwoners van Rome teen die begin van die Prinsipaat op 750 000 en 800 000 inwoners respektiewelik geskat.[703] Hierby is daar 'n slawebevolking van minstens 100 000 bygereken. Wat van belang is, is die feit dat Rome 'n aansienlike inwonertal gehad het wat permanent in die stad gewoon het en voedsel en alle of die meeste verbruikersprodukte sou moes aankoop. Die 150 000 ontvangers van gratis koring, sou onmoontlik die res van die inwoners daarmee kon onderhou.

Die *congiaria* of geskenke wat periodiek deur welvarende individue of deur die keisers aan die *plebs* gegee is, sou hulle ook nie in staat kon stel om slegs daarvan 'n bestaan te maak nie. Sowel die aantal as die omvang van die ekstra bedrae of items wat deur die keiser of 'n individu gegee is, het in sy diskresie berus[704] en het normaalweg plaasgevind op sy troue, troonbestyging, die aanwysing van 'n opvolger, regeringsjubileum en ook later, op nuwejaar.[705] 'n Kenmerk van die geskenke is juis dat dit nie as gevolg van nood gegee sou word nie maar die vrygewigheid van die keiser moes illustreer.[706]

Ten slotte moet opgemerk word dat, afgesien van die *alimentationes* wat aan die

---

700 Vgl bloot die kort bespreking van elk hiervan deur De Martino *Storia Economica* 176 ev.

701 Brunt *Italian Manpower* 384 wat, op grond van die hoeveelheid water wat aan Rome deur middel van die *aquaeductus* voorsien is, die bevolking teen die tyd van Augustus op 750 000 geskat het.

702 Beloch *Bevölkerung der griechisch-römischen Welt* 392-412.

703 'n Aanduiding van die spekulatiewe aard van die debat is die feit dat daar ook al getalle soos 250 000 en selfs 1 487 560 genoem is: Packer "Housing and Population" 82. Packer (87) aanvaar dat die bevolking minder as een miljoen inwoners was. Die ondersoek van De Martino *Storia Economica* lei hom tot die gevolgtrekking dat die totale bevolking van Rome tussen 764 000 en 850 000 moes wees. Die relatiewe akkuraatheid van die ondersoeke van Brunt en Beloch word hierdeur onderstreep.

704 Vgl Plinius *Panegyricus* 28 3 mbt Trajanus: *Congiaria dabis, si voles*. Vgl hieroor Kloft *Liberalitas Principis* 92.

705 Kloft *Liberalitas Principis* 92 n 34.

706 Vgl Plutarchus *Praecepta rei publicae gerendae* 30 (= *Moralia* 822 b); Suetonius *Augustus* 42 2; Kloft *Liberalitas Principis* 92 n 35.

verarmde jeug van Italië gegee is, daar geen hulp, in die vorm van gratis of goedkoper koring of andersins, aan die *cives* buite Rome verskaf is nie.[707]

(iii) Die *collegia*

Hierbo is reeds gewys op die bestaan van *collegia* waaraan die *plebs* kon behoort.[708] Tydens die Prinsipaat bestaan die *collegia* steeds maar die lede word in 'n toenemende mate deur die keiser in die openbare belang ingespan en *munera* opgelê.[709] In gemelde gevalle gaan dit primêr om die gratis lewer van dienste en val as *munera patrimonialia*[710] buite die sfeer van *locatio conductio*.[711] As sulks hoef dit nie verder ondersoek te word nie.

Die *collegia* het gedurende dié tydperk steeds 'n sosiale en beperkte ekonomiese funksie gehad. Lede van die laer klasse (en selfs slawe) het in die verskillende *collegia* byeengekom waar daar na sommige van hulle heel basiese behoeftes omgesien is.[712]

Die band wat lede van die verskillende *collegia* saamgebind het, was 'n gemeenskaplike beskermgod[713] of professie (of beide). Lede van die *collegia* was

---

707 Die gee van *alimentationes* het begin by Nerva en is later as vaste instelling deur Trajanus gehandhaaf: Kloft *Liberalitas Principis* 97 n 62. Die verwysing in Callistratus D 50 11 2 toon moontlik aan dat slegs die inwoners van Rome toegelaat is om die goedkoper koring aan te koop: *Si quis cultores agrorum vel piscatores deferre utensilia in civitatem iusserit, ut ipsi ea distrahant, destituetur annonae praebitio, cum avocentur ab opere rustici: qui confestim ubi detulerint mercem, tradere eam et ad opera sua reverti debeant.*

708 Vgl 27 ev hierbo.

709 Vgl bv die *collegium symphoniacorum* wat sedert sy toelating verplig was om die musiek by die *ludi* as *munus* te lewer en die *fabri centonarii* wat as brandweer moes optree en moes help met die versorging van die inwoners dmv die beskikbaarstelling van graan, olie, vleis en wyn: Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 175.

710 Vgl Scaevola D 50 4 5; Scaevola D 50 5 3.

711 Die keiser het wel aan die kontrakteurs vergoeding (bekend as *solacia* of *vecturae* (in die geval van die *navicularii*)) betaal: Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 176.

712 Vgl Garnsey *Roman Empire* 156 ev; Finley *Ancient Economy* 81, 138; Duff *Freedmen in the Early Roman Empire* 116 ev; Paoli *Vita Romana* 179 ev; Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 160 ev.

713 Bv Silvanus in die geval van die *fabri tignarii* en die *sectores materiarii* (*CIL* 13 1640; *ILS* 3547); Ceres in die geval van diegene wat gemoeid was met die *annona* (*CIL* 14 2; *ILS* 3816); Jupiter Optimus Maximus deur die *fabri ferarii*, *lanii* en *unguentarii* (*CIL* 13 5474; *CIL* 13 941; *CIL* 6 384).

geregtig om periodiek aan maaltye[714] deel te neem en om by hulle afsterwe deur lede van die *collegia* begrawe te word wat die begrafnis sal bywoon.[715] Op hulle beurt moes die lede 'n maandelikse bydrae betaal.[716]

Alhoewel die *collegia*[717] strukture daargestel het waaraan die werkers kon behoort wat 'n mate van sekuriteit teen die onsekerhede van die stad gebied het, is dit duidelik dat hulle nie in staat sou wees om in alle behoeftes van hulle lede te voorsien nie. Dit was ook nie die doel waarvoor hulle gevorm is nie. As gevolg van die feit dat hulle ook 'n finansiële bydrae van lede geverg het, kan aanvaar word dat 'n groot aantal werkers in die stad nie in staat sou wees om lede te word nie.[718] Hulle sou dus selfs hierdie beperkte mate van hulpverlening moes ontbeer.

Aan die ander kant kan ook argumenteer word dat werkers 'n aansporing gehad het om harder te werk, juis sodat hulle in staat sou kon wees om lidmaatskap van die *collegia* te bekom.[719]

2.5.4 Slotopmerkings

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die gratis verskaffing van koring nie die lot van die massas in die stede noemenswaardig kon verbeter nie. Die hoeveelheid koring wat gratis ontvang is, was slegs genoeg om die ontvanger, en nie ook sy gesin nie, te onderhou; daar is 'n perk geplaas op die aantal persone wat daarin kon deel

---

714 Op die spyskaart vir die lede van die *collegium* te Lanuvium was wyn, brood ter waarde van 2 *asses* en 4 sardiens: *CIL* 14 2112.

715 Vgl *CIL* 14 2112. Vgl ook die inskripsie afkomstig uit Brittanje, aangehaal deur Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 160.

716 In die geval van die *collegium* te Lanuvium (vgl n 714 hierbo) is die bedrag vasgestel op 100 *sestertii* per maand. (Dit kan aanvaar word dat die bedrag in Rome hoër sou wees.) Lede moes ook 'n bepaalde hiërargie handhaaf en is beboet as hulle bakkei het; hulle moes ook hulle huislike probleme vir hulself hou en nie die ander lede se pret bederf deur dit tydens byeenkomste te bespreek nie! Slawe wat vrygelaat is, moes dit vier deur aan die ander lede 'n *amphora* goeie wyn te gee.

717 Asook verenigings soos die *pagi vici* en *montl*; vgl Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 673 ev; *Kleine Pauly* sv "Pagus", "Vici magister" en "Montani".

718 Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 162.

719 Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 673.

en die grootste gedeelte van die bevolking sou te alle tye (ekstra) koring vir die res van die gesin, ander voedselsoorte, wyn, klere, huisraad, gereedskap en ander noodsaaklike goedere (soos olie vir beligting) moes aankoop.

Daar was oor die algemeen in Rome, min simpatie met die armes en bedelaars.[720] Armes is nooit uitgesonder en spesiale behandeling gegee waar dit die uitdeel van gratis koring, olie, wyn en kontant aangegaan het nie. Hulle (en wat dit betref ook diegene wat nie uit ander bronne 'n inkomste kon bekom nie) sou vir hulle eie voortbestaan moes sorg deur die beskikbaarstelling van hulle eie arbeidskrag of vaardigheid teen vergoeding. Die staat het slegs in 'n beperkte mate hulp verskaf.

Buite die kring van die staat, was daar weinig verder waarop die individu sou kon staatmaak. Afgesien van *congiaria* en die *collegia* wat tot 'n beperkte mate bygedra het om aan 'n gedeelte van die *plebs urbana* 'n beperkte mate van sosiale sekerheid te probeer bied, was dit vir die deursnee Romein letterlik 'n geval van *quisquis faber suae fortunae.*

Behoeftige vrygelatenes is soms deur hulle *patroni* onderhou.[721] Weier die *patronus* om 'n *libertus petens* te onderhou, verloor hy as straf sy reg op die *opera libertatis causa imposita*.[722] Omgekeerd, die *libertus* sou slegs tot *opera* verplig kon word indien die *patronus* hom toegelaat het om 'n professie te beoefen wat hom in staat sou stel om sy oorlewing te verseker.[723] Op hierdie wyse is *liberti* indirek aangemoedig om vir hulle eie voortbestaan te sorg.

---

720 Om aan bedelaar iets te gee, is om aan hom 'n onreg aan te doen: Plautus *Trinumnus* 339; vgl ook Plutarchus *Apophthegmata Laconica* 56 (= *Moralia* 235 E); Hands *Charities and Social Aid* 65; Finley *Ancient Economy* 40, 201.

721 In ooreenstemming met die bepalings van die *Lex Aelia Sentia*: Waldstein *Operae Libertorum* 173; Duff *Freedmen in the Early Roman Empire* 49. Dit was ook 'n algemene gebruik om by wyse van legaat vir die onderhoud van *liberti* voorsiening te maak; vgl in die algemeen D 34 1 *De Alimentis vel Cibariis Legatis.*

722 Waldstein *Operae Libertorum* 173 wat ook daarop wys dat daar geen algemene versorgingsplig op die *patronus* gerus het nie, maar dat dit slegs ontstaan het waar die *libertus* nie in staat was om homself te onderhou nie.

723 Vgl Neratius D 38 1 50 1 : *Non solum autem libertum, sed etiam alium quemlibet operas edentem alendum aut satis temporis ad quaestum alimentorum relinquendum et in omnibus tempora ad curam corporis necessariam relinquenda.* Vgl ook Javolenus D 38 1 33; Paulus D 38 1 18; Gaius D 38 1 19; Paulus D 38 1 20 pr. Vgl ook Waldstein *Operae Libertorum* 284.

Sommige families in Rome het gedurende die Prinsipaat, toe die kliëntele alle politieke betekenis verloor het, steeds aan hulle *clientes*[724] (waarvan Martialis en Juvenalis as goeie voorbeelde kan dien) *sportulae* verskaf.[725] Die *sportula* was, teen 6,25 *sestertii* per dag, te min om in al die behoeftes van die *cliens* en sy familie te voorsien. Teen die einde van die Republiek sou die *sportula* (bereken teen ongeveer 190 *sestertii* per maand) die gemiddelde familie van 4 in staat gestel het om slegs die huishuur en koring te betaal.[726]

Die gewone man op straat, die *plebs sordida et circo ad theatris sueta*,[727] staan egter buite die *patronus-cliens* verhouding en moes vir sy eie voortbestaan sorg.[728] Die feit dat hy deel was van die *plebs frumentaria* sou hieraan weinig verskil gemaak het. Hy sou moes werk om te kon oorleef. Trouens, Augustus het bepaal dat die koring op so 'n wyse uitgedeel word dat dit nie die normale aktiwiteite van die *plebs* sou beïnvloed nie.[729]

Die posisie van die *clientes* was effe beter maar ook in hulle geval sou die *sportula* alleen nie voldoende gewees het om van te leef nie. As voorts in ag geneem word dat die meerderheid van die *plebs* op die onderste sporte van die sosiale leer gestaan het, buite die *patronus-cliens* verhouding, sou die impak van die gee van die *sportulae* op die arbeidsmark nie noemenswaardig gewees het nie.

Behoeftige *liberti* kon wel soms deur *patroni* onderhou word. Dit sou waarskynlik as 'n reël slegs die geval wees indien die *libertus* tydelik nie in staat was om self vir sy

---

724 Vir 'n bespreking van die rol van die *patronus-cliens* verhouding ttv die Prinsipaat vgl Hausmaninger *Kleine Pauly* sv "Clientes".

725 Martialis *Epigrammae* 3 7, 8 42; Quintilianus *Institutio Oratoria* 12 7 12; Garnsey *Roman Empire* 122 ev, 151 ev. Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 314 se beskrywing van die *clientes* as parasiete is dus nie heeltemal akkuraat nie.

726 Bereken op 'n gemiddelde hulshuur van 2 000 *sestertii* per jaar en 'n koringprys van 6,25 *asses* per *modius* met 'n totale koringgebruik van 20 *modii* per maand. Vgl ook De Martino *Storia Economica* 287.

727 Vgl Tacitus *Historiae* 1 4.

728 Aangesien hulle geen voordeel vir die welgestelde klasse ingehou het nie: Tacitus *Historiae* 1 4. Vgl Garnsey *Roman Empire* 156 ev.

729 Vgl Suetonius *Augustus* 40 2.

eie voortbestaan te sorg nie.[730] Oor die algemeen was ook die *libertus* vir sy eie voortbestaan verantwoordelik.

Ook die *congiaria* wat bedoel is om die gratis koring-voorsiening aan te vul, is te sporadies gegee om hieraan 'n verskil te maak. Selfs waar bedrae geld in dié vorm uitgedeel is, sou dit nie die *plebs urbana* in staat gestel het om sonder 'n eie inkomste klaar te kom nie. Die *congiaria* het in die laaste instansie afgehang van die *liberalitas principis* en dit kan betwyfel word of hulle die geld wat aldus ontvang is, sou kon spaar en geleidelik aanwend in afwagting op die onsekere volgende datum waarop dit weer sou plaasvind.[731]

Die effek wat die gratis en goedkoop verskaffing van koring en ander aalmoese wel gehad het, was om die lone van werkers af te druk aangesien hulle hierdeur in staat gestel is om teen 'n laer loon te werk en om die tekort aan te vul met die *annona*, *frumentationes* en die *congiaria*.[732] Ironies genoeg, is dit juis die lae loon waarteen die werkers gewerk het[733] wat meegewerk het tot die voortbestaan van vrye arbeid naas die arbeid van slawe. 'n Potensiële werkgewer wat gekonfronteer is met die keuse om 'n slaaf aan te koop (met al die risiko's daaraan verbonde)[734] en die gepaardgaande plig om die slaaf van huisvesting te voorsien en te onderhou, of dan om 'n vry persoon (wat alreeds gedeeltelik met behulp van die staat selfonderhoudend was) teen 'n lae loon in diens te neem, sou laasgenoemde uitweg kies.[735]

---

730 Vgl Waldstein *Opera Libertorum* 173 ev, 283 ev.

731 Vgl egter De Robertis *Forze di Lavoro* 211.

732 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 312; Frank *Economic History* 140.

733 Volgens Cicero *Pro Q Roscio Comoedo* 10 10 het dit in die geval van 'n dagloner 12 *asses* (4,8 *sestertii*) per dag beloop. In die tyd van Martialis was dit effe meer (6,25 *sestertii*). Cicero en Martialis gee egter geen aanduiding van die aard of duur van die werk nie en weinig konklusies kan uit hulle berigte getrek word. Vgl ook die bespreking op 128 ev hieronder.

734 Waarvan, afgesien van faktore soos die betroubaarheid, eerlikheid ens, sekerlik ook die onsekerheid was of die slaaf in staat sou wees om die werk te kon doen wat van hom verlang sou word. Die spesiale maatreëls wat die *aediles curules* in verband met die koop en verkoop van slawe moes tref is welbekend: vgl bloot Ulpianus D 21 1 1.

735 De Robertis *Forze di Lavoro* 202; Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 314; Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 96.

2.5.5 Die noodwendigheid van arbeidsverhoudings vir die *plebs urbana*

Die geskiedenis van die Republiek en van die Prinsipaat is een van oorloë, konfiskering van eiendomme, verwoesting en geweld wat soms endemiese afmetings aangeneem het. Weinig het gedurende die ongeveer 500 jaar onveranderd gebly: met verloop van tyd het lede van die een groep hulle by die ander gevoeg en omgekeerd. Die welvarende grondeienaar se grond word gekonfiskeer en hy en sy familie voeg hulle by die arm *plebs urbana*; die *proletarius* of slaaf van vandag word die handelaar, grondbesitter of miljoenêr van môre.[736]

Ook wat dié tydperk in die geskiedenis van Rome betref, moet die vraag gevra word of daar wel 'n behoefte bestaan het aan arbeidsverhoudings. Soos wat die geval was in die tydperk van voor die Khartaagse oorloë, sal die vraag afhang van 'n aantal faktore: in die eerste plek, of daar wel persone beskikbaar was wat in staat (of verplig) sou wees om hulle dienste teen vergoeding beskikbaar te stel; in die tweede plek, of dit wel moontlik was om teen vergoeding te kon werk, en ten slotte die mate van spesialisasie wat nodig was vir die vervaardiging van goedere of lewering van dienste.[737]

Die eerste vraag is alreeds gedeeltelik beantwoord. Uit 'n ekonomiese oogpunt gesien, het die bevolking van Rome (en Italië) 'n piramidale struktuur vertoon. Die boonste punt word gevorm deur die keiser.[738] Hy word gevolg deur lede van die ou aristokrasie en ook ander persone (soms afkomstig vanaf die provinsies) wat daarin kon slaag om groot boedels op te bou.[739] Na die aristokrasie en dié welvarendste

---

736 Die geskiedenis van die beroemde parvenu, Trimalchio in Petronius se *Satyricon* kan as voorbeeld dien: Rostovtzeff *Social and Economic History* 58; Finley *Ancient Economy* 61; D'Arms *Commerce and Social Standing* 97 ev. Vgl ook Frederiksen "Caesar, Cicero and the Problem of Debt" 128 wat voorbeelde aantoon van lede van die aristokrasie wat die slagoffers van *proscriptio bonorum* was.

737 Wat laasgenoemde aspek betref: Frank *Economic History* 202 ev.

738 Vir besonderhede vgl De Martino *Storia Economica* 221 en die literatuur op 225 aangehaal.

739 Vir besonderhede vgl De Martino *Storia Economica* 222.

lede van die samelewing, het die *equites* gevolg. As handelaars, bankiers en ondernemers het hulle ook oor groot fortuine beskik.[740]

Die middelklas is daargestel deur die munisipale burgery wat lede was van die *Decuriones* en *Augustales*.[741] Hulle moes oor 'n boedel ter waarde van minstens 100 000 *sestertii* beskik.[742] Die *Decuriones* en *Augustales* het 'n belangrike rol gespeel in die versiering van die stad en op kultuurgebied in die algemeen.[743] Die *Decuriones* het aktief aan die handel op 'n mikro-vlak deelgeneem en het sowel die grond as menslike hulpbronne wat in die stad aanwesig was, maksimaal benut.[744]

Die *plebs urbana* vorm die basis van die piramidale struktuur. In teenstelling met dié relatiewe klein groepie welvarendes, het hulle 'n eksistensiële dag-tot-dag bestaan gevoer en was van hulle inkomste afhanklik om te kon oorleef.[745] 'n Groot aantal slawe en vrygelatenes, die arm burgery in die stad en die kleinboere, het dié onderste laag van die sosiale strata van die stad se bevolking uitgemaak. Uit hulle geledere kom diegene wat teen vergoeding hulle arbeid of vaardigheid tot beskikking van ander sou stel. Wat arbeidsverhoudings betref, sou hierdie feit slegs relevant gewees het indien dit teen vergoeding geskied het. Laasgenoemde faktor moet vervolgens ondersoek word.

---

740 Uit hulle geledere is die *societates publicanorum* gevorm wie se genadelose jag na wins en onwettige transaksies legendaries was. Besonderhede by De Martino *Storia Economica* 223; Alföldy *Social History* 51; Badian *Publicans and Sinners passim*.

741 Vir meer besonderhede vgl Alföldy *Social History* 127 ev. *Liberti* is normaalweg nie toegelaat om lede van die *Decuriones* te wees nie en derhalwe het hulle hulleself in die *Augustales* organiseer. Die *Decuriones* en *Augustales* het finansieel bygedra tot bouprojekte, die gee van spele, versiering van die stad en die versorging van sy inwoners. Vgl in die algemeen D'Arms *Commerce and Social Standing*.

742 Neumann *Kleine Pauli* sv "Decurio".

743 De Martino *Storia Economia* 223.

744 Vgl De Martino *Storia Economica* 223.

745 Vgl Möller *Freiheit und Schutz* 10; De Martino *Storia Economica* 223. De Martino se stelling dat die massas nie in staat was om as verbruikers aan die handelsverkeer deel te neem nie, kan egter bevraagteken word. Op sy beurt verdeel Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 658 die *plebs urbana* slegs in *opulentes* en *egentes* en ontken dat daar 'n groot groep *plebs ingenua* bestaan het wat die spasie tussen die twee uiterstes gevul het. Nodeloos om te sê is hierdie standpunt onrealisties en 'n growwe oorvereenvoudiging van 'n komplekse samelewing.

(i) Vergoeding en sosiale mobiliteit van werkers

As bronne van rykdom in Rome teen die begin van die Prinsipaat, word politiek, erfporsies of die landbou genoem. Nywerheid en die handel word buite rekening gelaat.[746] Tog was dit moontlik om uit ander bronne 'n inkomste te verdien. Uit beroepe soos die medisyne, die gee van onderrig en die regte kon 'n redelik welvarende lewe gelei word;[747] ook deur bloot hulle arbeidskragte of vaardighede teen vergoeding aan derdes beskikbaar te stel, kon die meerderheid van die inwoners van Rome oorleef. Geskoolde werkers was verseker van 'n goeie toekoms, soos uit die aanloop tot Lucianus se droom blyk:

> "No sooner had I left off school, being then well on in my teens, than my father and his friends began to discuss what he should have me taught next. Most of them thought that higher education required great labour, much time, considerable expense, and conscious social position, while our circumstances were but moderate and demanded speedy relief; but that if I were to learn one of the handicrafts, in the first place I myself would immediately receive my support from the trade instead of continuing to share the family table at my age; besides, at no distant day I would delight my father by bringing home my earnings regularly."[748]

Ook wat die inkomste van vakmanne en arbeiders in Rome gedurende hierdie periode betref, bestaan daar min direkte getuienis.[749] Dit wat wel beskikbaar is, is afkomstig uit terloopse opmerkings in literêre bronne en die Prysedik van Diokletianus. Laasgenoemde bevat egter maksimum pryse en lone en kan dus ook nie as 'n

---

746 De Martino *Storia Economica* 220; MacMullen *Roman Social Relations* 99.

747 De Martino *Storia Economica* 221 met besonderhede van bedrae geld ontvang deur persone wat van die beroepe beoefen het. Kunstenaars was ook soms van 'n redelike inkomste verseker. Vgl bv Vergilius wat by die 10 miljoen *sestertii* nagelaat het (Donatus *Vita Vergilii* 13); Horatius was die eienaar van 'n plaas, 'n *vilicus* en 'n aantal slawe: Horatius *Saturae* 2 6 1; *Saturae* 7 118; *Epistulae* 1 14 1-3.

748 Lucianus *Dream* 1.

749 De Robertis *Forze di Lavoro* 181; Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 143; vgl ook Gummerus "Handel und Industrie" *RE* 9 1495.

absoluut getroue weergawe van salarisse en lone gedurende die laaste dekades van die derde eeu nC beskou word nie.[750]

Wat wel aanvaar kan word is die feit dat vakmanne heelwat meer verdien het as ongeskoolde werkers. Die waarde van 'n slaaf kon verdubbel nadat hy opgelei is[751] en op grond van die lone vasgestel in die Prysedik van Diocletianus, wil dit voorkom asof 'n geskoolde werker ongeveer 300% meer as die ongeskoolde werker verdien het.[752]

Die bedingingsmag van die werkers in Rome was gering,[753] maar dit kan aanvaar word dat die meerderheid in staat was om op hulle karige inkomste te kon oorleef.[754] Lucianus se kommentaar op klipwerkers ondersteun hierdie standpunt: hulle word swak besoldig en sal onbekend wees met geen agting in die samelewing nie - blote gesigte in die skare.[755] Dit is opmerklik dat hy nie as 'n beswaar opper dat hulle van honger sal omkom of sonder heenkome sal ondergaan nie.

Die gebrek aan enige verwysing na arbeidsonrus met die doel om hoër lone te verseker, dui moontlik verder op die korrektheid van die aanname dat werkers normaalweg wel ekonomies kon oorleef.[756] Alhoewel Vitruvius dit as belangrik beskou vir argitekte om ryk kliënte te hê,[757] beteken dit nie dat dit vir die *plebs* in die algemeen 'n *sine qua non* vir oorlewing was nie. Die verkopers wat op straathoeke hulle ware verkoop het, of van deur tot deur gesmous het,[758] bewys hierdie feit.

---

750 Louis *Ancient Rome at Work* x. In die Edik word die lone soms per dag vasgestel (in die geval van plaaswerkers, bediendes, vakmanne ens), soms per maand (in die geval van onderwysers) en ook tov die werk wat gedoen of diens wat gelewer is (bv in die geval van die veearts, barbier of advokaat): Blümner *Maximaltarif des Diocletian* 104 ev.

751 Vgl Paulus D 17 1 26 8; vgl ook die bespreking op 133 ev hieronder.

752 Vgl De Robertis *Forze di Lavoro* 185.

753 Crook *Law and Life of Rome* London 1967 194. Vgl ook Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 195.

754 De Robertis *Forze di Lavoro* 185 en veral 192.

755 Lucianus *Dream* 1 9.

756 Vgl De Martino *Storia Economica* 171; Crook *Law and Life of Rome* 194.

757 Vitruvius *De Architectura* 3 praef 2.

758 Vgl Ulpianus D 14 3 5 4 *Sed etiam eos Institores dicendos placuit, quibus vestiarii vel lintearii dant vestem circumferendam et distrahendam, quos vulgo circitores appellamus.* Vgl ook Ovidius *Ars Amatoria* 1 421-2; Horatius *Carmina* 3 6 30.

Teen die einde van die Republiek was die normale inkomste van 'n werker 12 *asses* per dag.[759] Hierdie stem min of meer ooreen met dit wat in die Bybel[760] genoem word: 'n dagloner ontvang 1 *denarius* vir sy arbeid. Op hierdie wyse sou 'n karweier wat ongeskoolde arbeid verrig dus ongeveer 1 000 *sestertii* per jaar kon verdien.[761] Betaling kon per dag geskied, maar werkers was maandelik in die meeste gevalle per week of per maand besoldig.[762]

Lone was nie staties nie en is waarskynlik ook bepaal deur vraag en aanbod. Weereens is getuienis skaars. Enkele tekste gee tog 'n aanduiding hiervan. Varro raai sy leser aan om, as die arbeid duur is, nie die oesreste te laat optel nie, maar die lande eenvoudig te laat bewei. Volgens hom is die belangrikste faktor dat daar steeds 'n wins gemaak moet word.[763] As gevolg van die wisselvalligheid van die arbeidsmark, vermy Columella dit om van vry werkers gebruik te maak; hy laat dit slegs toe wanneer die lone laag is.[764] Plinius laat ook onder bepaalde omstandighede landboumetodes afhang van hoe hoog die tariewe van werkers is.[765]

Daar kom ook talle verwysings voor na sosiale mobiliteit van werkers en vakmanne. Sosiale mobiliteit wat die gevolg was van ekonomiese sukses: C Terentius Varro, die

---

759 Cicero *pro Roscio Com* 10 28. Vgl ook De Robertis *Forze di Lavoro* 186 ev.

760 *Mattheus* 20 1.

761 Will *Römische Mob* 29. Die berigte in Cato *De Agricultura* 21 5 (dat die operateur van die olyfpars 8 *sestertii* ontvang) en dat dit 72 *sestertii* kos vir 6 werkers, drywers en trekdiere om 'n olyfpars van Sessa tot Venafro te vervoer (*De Agricultura* 22 3) werp geen lig op die vergoeding van die werkers nie aangesien dit nie aantoon hoeveel dae gewerk word nie: De Martino *Storia Economica* 171. Veyne *Bread and Circuses* 281 n 185 se stelling "most wage earners were paid in corn, which they ate and did not resell" is ongegrond. Macrobius *Saturnalia* 2 4 28 waarop hy steun, dui juis op die teendeel. Frank *Economic History* 133 se opmerking dat die koring wat Gracchus uitgedeel het, as gedeeltelike betaling gedien het vir die werk wat deur die massas gedoen is, word ook nie deur die bronne ondersteun nie.

762 Vgl De Robertis *Forze di Lavoro* 186 ev wat betaling per dag tot die norm verhef. Uit die Edik van Diokletianus kan egter afgelei word dat betaling ook per week of selfs per maand kon geskied. Dit kan aanvaar word dat Diokletianus 'n gebruik bevestig wat in die tyd algemeen voorgekom het. Vgl Blümner *Maximaltarif des Diocletian* 104 ev.

763 Varro *Res Rustica* 1 53: *Messi facta spicilegium venire oportet aut domi legere stipulam aut, si sunt spicae rarae et operae carae, conpasci. Summa enim spectanda, ne in ea re sumptus fructum superet.* Vgl ook Möller *Freiheit und Schutz* 6; Gummerus *Gutsbetrieb* 65.

764 Columella *Res Rustica* 2 2 12.

765 Plinius *NH* 18 72 300: *Ritus diversos magnitudo facit messium et cartitas operarum.* Hierteenoor is Finley *Ancient Economy* 80 van mening dat "[w]ages remain[ed] remarkably stable and undifferentiated". In die lig van die berigte uit Varro, Columella en Plinius, kan Finley se stelling bevraagteken word.

consul van 216 vC, was volgens Livius van lae afkoms en as die seun van 'n slagter, self in die handel aktief.[766] Augustus se groot-oupa was toumaker.[767] P Alfenus Varus, die *consul suffectus* van 39 vC, was 'n skoenmaker[768] in Cremona voordat hy sy aambeeld en lees weggepak het en na Rome verhuis het. Die suksesverhaal van die bakker, Marcus Vergilius Eurysaces, *pistor redemptor*,[769] is welbekend en bewys dat werkers tot die hoogste klasse van die samelewing kon styg.[770] Sommige werkers het ook bepaald sulke ambisies gekoester, soos blyk uit die verwysing na hulle hebsug.[771]

Voorts moet die ekonomiese impak van die nederige beroepe nie misken word nie. In Juvenalis se *Saturae* is daar die suggestie dat die leerlooiers se beroep ewe winsgewend as dié van die regsgeleerde kon wees.[772] Martialis[773] noem ene Syriscus wat 10 000 000 *sestertii* in 4 kafees (*popinae*) uitgegee het. *Popinae* was die eetplekke van die gewone bevolking.[774] Desnieteenstaande kon Syriscus daar goedere of dienste van so 'n omvang bekom. Selfs al sou die wins van elke eienaar of opsigter van die *popina* slegs 5%[775] gewees het van dit wat Syriscus spandeer het, sou dit 'n totaal van 125 000 *sestertii* vir elke *popina* impliseer. Kliënte soos Syriacus sou sekerlik met ope arms ontvang word!

---

766 Livius *AUC* 20 2 25.

767 Suetonius *Augustus* 2 3.

768 Of die seun of oom van 'n skoenmaker: Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 607; Kunkel W *Herkunft und soziale Stellung der römischen Juristen* Graz 1967 29.

769 Vgl *CIL* 1 1203-1205; *CIL* 6 1985; die *Sepulchrum Eurysacis* word bespreek in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 479. Oor Eurysaces, vgl Deissmann-Merten *Kleine Pauly* sv "Vergilius". Vgl ook n 879 hieronder.

770 Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 153. Garnsey *The Roman Empire* 124 se stelling dat die vrygebore persoon moeiliker die sosiale leer sou kon bestyg as die *libertus* wat van sy meester 'n aansporing kon verkry, berus op 'n aantal *a priori* veronderstellings en kan bevraagteken word.

771 Vgl bv Martialis *Epig* 6 93 1 ... *fullonis avari*.

772 Juvenalis *Saturae* 14. Vgl Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 18.

773 Martialis *Epigrammae* 5 70.

774 Vgl Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 16 vir meer besonderhede.

775 Hierdie syfer is konserwatief bereken. 5% is minder as die helfte van wat normaalweg op 'n geldlening (waar die rentekoerse 12% *per annum* was) verkry kon word: vgl De Martino *Storia Economica* 146 ev.

Ten slotte kan daar moontlik ook uit die blote teenwoordigheid van vakmanne in Rome afgelei word dat hulle wel in staat was om 'n inkomste te bekom. Vakmanne het dikwels verhuis. Indien daar geen werk in Rome beskikbaar was nie, sou hulle na streke of stede waar hulle dienste nodig was, verhuis het.[776]

Die tempel van Juno Lacinia se dak kon in 173 vC nie herstel word nie aangesien daar 'n tekort aan vakmanne was.[777] Sedert 178 vC was daar geen noemenswaardige openbare bouprojekte nie en dit is moontlik dat 'n aantal van die geskoolde werkers Rome om die rede verlaat het.[778] Vandaar die tekort in 173 vC. As gevolg van 'n tekort aan ervare argitekte in Bythinië was die toestand van verval van die geboue sodanig dat Plinius die keiser versoek om aan hom argitekte te stuur. Die keiser antwoord dat argitekte vinniger vanaf Griekeland bekom word *cum ex Graecia etiam ad nos pervenire soliti sunt.*[779]

Daar kan dus aanvaar word dat daar in Rome 'n groot aantal persone teenwoordig was wat verplig was om, ter wille van oorlewing, hulle dienste of vaardighede teen vergoeding aan derdes beskikbaar te stel. Die feit dat die massas in die stad gewoon het, en nie na ander stede of streke verhuis het nie, is 'n aanduiding van die feit dat daar wel vir hulle die geleentheid was om hulle dienste of vaardighede aldus aan te wend. Daar sal vervolgens 'n oorsig verskaf word van die mate van spesialisasie wat daar bestaan het (en weerspieël word in die opleiding van werkers). Daarna sal enkele van die vernaamste aktiwiteite wat verrig kon word of beroepe wat daar gedurende die periode bestaan het, bespreek word. Hierdeur word twee verdere veronderstellings vir die bestaan van arbeidsverhoudings by die *plebs urbana* aangespreek.

---

776 Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 66; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 659.

777 Livius *AUC* 42 3 1 ev.

778 Vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 590 vir 'n opgawe van die bou-aktiwiteite - dit het hoofsaaklik uit restourasiewerk bestaan. Vgl egter Coarelli "Public Building in Rome" 2 ev wat argumenteer dat daar deurgaans eise aan die beskikbare mannekrag gestel is.

779 Plinius *Epistulae* 10 39-41. Trajanus self het 'n indrukwekkende aantal bouprojekte voltooi. Vgl die opgawe in Platner-Ashby *Topographical Dictionary of Rome* 597; Frank *Economic Survey* 67. Dit kan dus aanvaar word dat Trajanus se weiering van die versoek nie dui op 'n tekort in Rome nie, wel dat alle beskikbare vakmanne se dienste aldaar benodig is.

(ii) Professionele opleiding van werkers

Verskillende beroepe het 'n mindere of meerdere mate van vaardigheid of teoretiese kennis geverg. Sou die deurwagter van vandag, môre sy dienste as kleremaker of as silwersmid beskikbaar kon stel? Die antwoord is 'n ongekwalifiseerde nee. Veral in die lig van die afwesigheid van meganiese en ander hulpmiddels, sou die tegniese vaardigheid wat 'n vakman aan die dag moes lê, slegs na 'n periode van praktiese opleiding verkry kon word.[780]

Opleiding van werkers het algemeen plaasgevind[781] en die juriste het daarvan kennis geneem[782] en erkennning gegee aan die feit dat die werk en opleiding van vakmanne verskil: *Inter artifices longa differentia est et ingenii et naturae doctrinae et institutionis*.[783] Voorts was die Romeine deeglik bewus van die waarde van geskoolde arbeid. Slawe is met die oog op winsbejag aangekoop en opgelei,[784] waarna hulle teen 'n wins van die hand gesit is.[785] Dit was gemene saak dat 'n opgeleide vakman van 'n stabiele inkomste verseker was.[786]

Die opleiding van 'n vakman staan bekend as *disciplina*,[787] *doctrina*,[788] *eruditio*[789]

---

780 Vgl Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 69 ev en veral 72 waar sy die groot mate van vaardigheid beskryf wat van pottebakkers en smede verlang word.

781 Vgl hieroor in die algemeen Cugia *Tirocinio Industriale*; De Robertis *Rapporti di Lavoro* 197 ev. Die opleiding is waarskynlik meestal deur die vakman aan sy eie kind of slaaf gegee (vgl bv Vitruvius *De Architectura* 6 praef 6 tov argitekte). Nog 'n voorbeeld is *CIL* 10 1614, 3707. Vgl ook Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 91. Die mate van standaardisasie wat daar bereik is, blyk uit werke soos dié van Vitruvius *De Architectura* en verhandelinge van gespesialiseerde aard soos bv dié van ene Bolus oor die kleur van tekstiel: Mossé *Ancient World at Work* 99.

782 Vgl Paulus D 6 1 31; Pomponius D 6 1 29; Paulus D 32 78 pr; Paulus D 34 1 6; Paulus D 17 1 26 8; Ulpianus D 9 2 5 3; Ulpianus D 21 1 17 3; Ulpianus D 21 1 17 5; Ulpianus D 14 3 5 10; Ulpianus D 19 2 13 3; Valens D 32 12; Venuleius D 21 1 65 2; Scaevola D 33 7 20 6; Marcianus D 32 65 3; P Sent 2 8 3.

783 Ulpianus D 46 3 31.

784 'n Voorbeeld is Paulus D 17 2 71 pr *Duo societatem colerunt ut grammaticam docerent et quod ex eo artificio quaestus fecissent....* Vgl ook Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 317.

785 Vgl Paulus D 17 1 26 8. In die geval is die slaaf teen 10 aangekoop en na opleiding teen 20 van die hand gesit.

786 Soos blyk uit Valens D 32 12: *Stichus liber esto: et ut eum heres artificium doceat, unde se tueri possit, peto!*; Scaevola D 36 1 80 (78) 12: *...hoc amplius eidem alumno meo hominem Caletanum et vernam sutorem, qui eum artificio suo mercede data alere poterit.* Vgl ook 128 ev hierbo.

787 Javolenus D 31 1 6.

en die meester as *praeceptor*,[790] *qui docendum conduxit*,[791] *artifex*[792] *(artium)*,[793] *magister*[794] en *docens*[795] of soms bloot *sutor*,[796] *faber*,[797] ensovoorts; die leerling word beskryf as *discipulus*,[798] *puer*,[799] *discens*,[800] *traditus in disciplinam*[801] of bloot met verwysing na die vak wat hulle aanleer (*ornatrices*)[802] en na afloop van die vakleerlingskap as *instructus*[803] of *arte praeditus*.[804]

Daar bestaan ook voorbeelde van vakleerlingskappe waar die vakleerling, as teenprestasie vir die opleiding wat ontvang word, bepaalde werk vir die onderwyser moes doen.[805] 'n Goeie voorbeeld is afkomstig vanuit Egipte, waar die vakleerling 'n maandelikse salaris ontvang het en vir twee jaar onder die toesig van sy leermeester, Menodorus seun van Apollonius, as wewer opgelei is.[806]

---

788 Paulus D 24 1 28 1.
789 Marcianus D 30 117.
790 Paulus D 9 2 6.
791 Ulpianus D 19 2 13 3.
792 Modestinus D 6 1 32.
793 Constantinus in C 10 66 1 (337 nC).
794 Marcianus D 32 65 3.
795 Ulpianus D 9 2 5 3.
796 Scaevola D 36 1 80 12.
797 Paulus D 17 1 26 8.
798 Ulpianus D 9 2 5 3.
799 Ulpianus D 19 5 13 1.
800 Ulpianus D 9 2 5 3.
801 Ulpianus D 21 1 17 3.
802 Marcianus D 32 63 3.
803 Ulpianus D 19 1 13 4.
804 Constantinus in C 6 1 5 (319 nC). Hierdie lys is nie volledig nie en het bloot ten doel om die algemeenheid van sodanige verhoudings aan te toon aangesien dit verband hou met die belang van arbeidsverhoudings in Rome: vgl Cugia *Tirocinio Industriale* 11.
805 Dit is hierdie uitstaande kwaliteit van die vakleerlingskap (sowel as die tugbevoegdheid van die *magister*) wat daartoe lei dat dit deur Cugia *Tirocinio Industriale* 10 67 ev as 'n eiesoortige instelling, apart van *locatio conductio*, beskou word, naamlik 'n *mancipatio fiduciae causa cum amico contracta* (53). Ulpianus D 9 2 5 3 twyfel egter nie dat dit wel 'n geval van *locatio conductio (operis)* is nie: *...si sutor puero parum bene facienti forma calcei tam vehementer cervicem percusserit, ut ei oculus effunderetur, ex locato esse actionem patri eius...* In hierdie teks handel dit ooglopend om 'n *puer ingenuus* en bevraagteken dit terloops ook die standpunt van Garnsey "Non-Slave Labour" 44 dat *ingenui* nie opgelei is nie en meestal tydelike werk op die dokke of op boupersele gedoen het. Ook Ulpianus D 19 2 13 3 en Paulus D 17 1 26 8 bewys dat hier sprake is van *locatio conductio*. Om sy standpunt te motiveer beskou Cugia *Tirocinio Industriale* 49 ev, 97 ev bg tekste as geïnterpoleerd.
806 *Papirus Fouad* 37 (aangehaal deur Crook *Law and Life of Rome* 201).

Vakleerlinge is soms uitgebuit en mishandel. In een geval het die *magister* die oog van die leerling uitgeslaan nadat hy hom met die skoenmakerslees op die nek getref het.[807] In 'n ander weer, het die leerling ('n slaaf) na sy ma gevlug om van die ondraaglike behandeling, wat hy van sy meester ontvang het, te ontsnap.[808]

Hoe lank die leertyd geduur het, het van die tipe beroep afgehang.[809] Twee maande was byvoorbeeld nie voldoende om 'n haarkapper op te lei nie.[810]

(iii) Verskillende beroepe of aktiwiteite wat teen vergoeding verrig kon word

Die argitektuur van Rome weerspieël die rol wat handel en nywerheid gedurende die periode gespeel het[811] en dui daarop dat daar 'n groot aantal handelaars en vakmanne in winkels of *tabernae* in alle dele van die stad aktief was.[812]

Die bou van die eerste *tabernae* in Rome word toegeskryf aan Tarquinius Priscus.[813] Hierdie groep *tabernae* (later bekend as die *Tabernae Argentariae*) is tot aan die einde van die Republiek gebruik.[814] Afgesien daarvan, het daar ook 'n aantal markte bestaan waar vis, vleis, blomme ensovoorts verhandel is.[815]

---

807 Ulpianus D 19 2 13 4.
808 Ulpianus D 21 1 17 3.
809 Cugia *Tirocinio Industriale* 22 ev.
810 Aldus Celsus in Marcianus D 32 65 3. Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 144 n 100 sien in die klassieke *reductio ad absurdum* wat teen die einde van die teks voorkom (*....cum omnes adhuc discere possint et omne artificium incrementum recipit..*) die invloed van stoïsynse filosofie.
811 Vgl hier veral Loane *Industry and Commerce* 60 ev; Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 658 ev.
812 De Martino *Storia Economica* 302; Loane *Commerce and Industry* 60 ev; Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 73; De Robertis *Forze di Lavoro* 139.
813 Livius *AUC* 1 35 10; Dionysius van Halicarnassus *Antiqultates* 3 67.
814 Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 504. Die naam *Tabernae Argentariae* dateer uit 310 vC toe die *lanii* in die *Macellum* noord van die *Forum* gehuisves is, en die *Tabernae* hoofsaaklik deur geldwisselaars en bankiers beset is: Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Tabernas": *Hoc intervallo primum forensis dignitas crevit atque ex tabernis laniensis argentariae factae.*
815 Loane *Industry and Commerce* 116 ev.

So vroeg as 179 vC is 'n groot sentrale produktemark omring deur *tabernae* noord van die *Forum* gebou wat die aparte markte wat vantevore vir byvoorbeeld vis, vleis en blomme bestaan het, vervang het.[816] Die behoefte aan winkels en stoorplek is aangespreek met die bou van *basilicae*, *mercati* en *horrea*. Die eerste van ongeveer 16 *basilicae* wat bekend is, is in 184 vC gebou[817] en slegs 5 jaar later begin bouwerk aan die *Basilica Aemilia*.[818] Die grootste van alle *basilicae* is die *Basilica Ulpia* wat in 113 nC deur Trajanus gebou is en op die *Forum Trajani*[819] geleë was. Die *Basilica Ulpia* alleen het ten minste 150 lokale bevat wat as winkels of store aangewend kon word.[820] Teen die tyd van Hadrianus was daar nie minder nie as 500 *tabernae* wat in die groot *mercati* en *basilicae* van die staat gehuur kon word.[821] Stoorplek was daar ook in oorvloed. Teen die einde van die 4de eeu nC was daar 'n totaal van 290 *horrea* in die stad. Die name van oor die twintig daarvan is oorgelewer.[822]

Werkers en vakmanne was ook bedrywig in die *tabernae* wat deel uitgemaak het van *insulae* wat die grootste gedeelte van die bevolking gehuisves het.[823] Die oorgrote meerderheid *insulae* is gebou met inagneming van die behoeftes van handelaars en werkers en is so ontwerp dat so veel vertrekke as moontlik 'n straatfront gehad het. In die meeste van die *insulae* was daar *taberna(e)* op grondvlak met woonkwartiere bo-op.[824] In sommige gevalle het die werkers ook in die *tabernae* gewoon en gewerk;

---

816 Vgl Schneider "Macellum" *RE* 14 120-133. Hierdie vroeë markte is op hulle beurt vervang deur die *Macellum Liviae* (7 vC) en die *Macellum Magnum* (59 nC): Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 322.

817 Die *Basilica Porcia*. Vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 71 ev. *Basilica* kan met die moderne winkelsentra vergelyk word. Dit het uit 'n groot gebou bestaan wat in talle kleiner eenhede of winkels verdeel is. Vgl ook Gross *Kleine Pauly* sv "Basilica".

818 Vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 72. 'n Rekonstruksie kom voor in D'Arms *Commerce and Social Standing* fig 5. Die vloer-afmetings van die *Basilica Aemilia* was 90 m x 27 m.

819 Nadere besonderhede in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 237 ev.

820 Vgl die bespreking in Loane *Industry and Commerce* 118-120.

821 Loane *Industry and Commerce* 114.

822 Fiechter "Horreum" *RE* 8 2458-64; Loane *Industry and Commerce* 114 ev.

823 Loane *Industry and Commerce* 61. Teen die 4de eeu nC was daar 'n totaal van 46 602 *insulae* en slegs 1 790 *atrium*-tipe huise in Rome.

824 Op grond van die basiese ontwerp van elk, onderskei Loane *Industry and Commerce* 62 vier tipes huise. Wat opval is die grootte van sommige van die vertrekke wat moontlik as stoorplek gebruik is: 5x12 m en selfs 58,3x12 m. Die bestaan van hout afskortings om die vertrekke verder te verdeel ten einde 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite te kon akkommodeer, kan egter nie uitgesluit word nie.

anders was die *taberna* op grondvlak en moes die woonkwartiere bereik word deur middel van 'n trap aan die buitekant.[825]

Dit was natuurlik ook so dat die meeste werkers of vakmanne nie die *tabernae* as eienaars sou besit het nie, maar dit sou huur.[826] In die geval van slawe, kon die *taberna* in die vorm van 'n *peculium* aan hulle beskikbaar gestel word.[827] Moontlik as gevolg van 'n gebrek aan beskikbare ruimte, of dalk te hoë huur, het handelaars en vakmanne ook op die sypaadjie gewerk en handel gedryf.[828]

Afgesien van bogemelde word die teenwoordigheid van 'n groot getal werkers in die stad bevestig deur die aantal inskripsies wat oorgelewer is.[829] Die bestaan van 'n groot aantal gildes in die stad onderstreep hierdie feit.[830]

Ten slotte kan daar ook uit die name van bepaalde dele van Rome 'n afleiding gemaak word oor die teenwoordigheid van werkers en die aktiwiteite wat hulle daar verrig het. Daar was byvoorbeeld die *Vicus Lorarius* (Straat van die Harnasmakers), *Vicus Sandalarius* (Straat van die Sandaalmakers), *Vicus Materiarius* (Straat van die Skrynwerkers), *Scalae Anulariae* (Trappe by die Ringmakers), *Vicus Viterarius* (Straat van die Glasmakers), *Vicus ... ionum Ferriarum* (Straat van die Ystersmede), *Vicus*

---

825 Loane *Industry and Commerce* 61; De Robertis *Forze di Lavoro* 52.

826 Aangesien die Romeine nog nie die konsep van gedeelde eiendomsreg oor onroerende eiendom geken het nie. Ingevolge die reël *superficies solo cedit* sou die eienaar van die grond ook eienaar van die *insula* wees: Kaser *Römisches Privatrecht* 1 430; Rainer JM "Superficies und die Stockwerkseigentum" 1989 *ZSS* 327 ev. Dit is onwaarskynlik dat een van die werkers wat in 'n *taberna* van die *insula* werksaam was, dit as eienaar sou besit. Die feit dat die eerste *tabernae* te Rome (deur Tarquinius Priscus) op staatskoste gebou en verhuur is (vgl Livius *AUC* 1 35 10), toon aan dat die handelaars en vakmanne ook op daardie stadium nie in staat sou wees om die nodige geboue op eie koste te kon oprig nie.

827 De Martino *Storia Economica* 167.

828 'n Praktyk wat deur Domitianus verbied is: Martialis *Epigrammae* 7 61.

829 Ten opsigte van Rome is dit veral versamel in *CIL* 6. Vgl Loane *Industry and Commerce* 63 vir meer besonderhede.

830 Waltzing *Corporations Professionelles* 4 1-48 noem oor die 170 verskillende *collegia* (die lys sluit ook 3 *collegia* in waarvan Waltzing die aard nie kan bepaal nie). Meer as 40 *collegia* het uit vakmanne bestaan. Die getal is nie volledig nie aangesien besonderhede oor talle verlore moes gaan soos bewys word deur die feit dat slegs een inskripsie behoue gebly het wat verwys na die *colleglum* van pantoffelmakers; dit ten spyte van die feit dat dié *Collegium Fabrum Soliarium Baxiarium* uit 3 *centuriae* (en dus 300 lede) bestaan het: *CIL* 6 9404.

Turarius (Straat van die Wierookverkopers), *Vicus Unguentarius* (Straat van die Parfuumverkopers) en die *Sigillaria* (Gebied waar Kleibeeldjies verkoop is).[831]

Boeke en skoene is veral in die *Argiletum*[832] verkoop; in die *Subura* - die hart van die stad - waar dit by die *Argiletum* aansluit, was daar 'n vrou as haarkapper werksaam asook *crepidarii* (pantoffelmakers), *ferrarii* (grofsmede), *impiliarii* (vervaardigers van veltskoene), *lanarii* (vervaardigers van wolkleed), *lintearii* (linnewewers) en *praecones* (afslaers).[833]

Dit wil dus voorkom asof daar 'n verskeidenheid van maniere was waarop 'n persoon in Rome 'n bestaan kon maak.[834] Dio Chrysostomus[835] bevestig dit. Hy noem die kleur van tekstiel, maak van parfuum, haarsny, versiering van huise, verskaffing van vermaak, optree as juris, afslaer, agent of die verrig van diverse take (soos die soek van verlore goedere, opspoor van kinders of slawe wat gevlug het). Horatius sou bo en behalwe die beoefening van die *artes liberales*, nie omgegee het om 'n afslaer of 'n *coactor* te word nie.[836] Epictetus[837] en Plutarchus[838] stel voor dat 'n persoon eerder as kinderoppasser, deurwagter of draer[839] werk kry as om skuld aan te gaan. Aan vindingrykheid het dit ook nie ontbreek nie: gewapen met 'n pinset het die *alipilus* by die baddens liggaamshare uitgetrek, terwyl die *pilicrepus* daar sy dienste aangebied het as professionele skeidsregter in 'n balspel.[840]

Alle aanduidings is dus teenwoordig dat daar 'n groot groep mense in Rome teenwoordig was wat op 'n verskeidenheid wyses hulle dienste of vaardighede teen

---

831 Vgl Loane *Industry and Commerce* 64 veral n 17; De Robertis *Forze di Lavoro* 144 ev.

832 Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 61. Besonderhede oor die *Argiletum*, een van die groot strate in antieke Rome, word gevind in Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 53.

833 Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 65.

834 Vgl hier in die algemeen ook Tregglari "Urban Labour in Rome" 49 ev; De Robertis *Forze di Lavoro* 38 ev.

835 Dio Chrysostomus *Orationes* 7 109-123.

836 *Saturae* 1 6 76 ev.

837 Epictetus *Discours* 3 26 7.

838 *De vita aere alieno* 6 (= *Moralia* 830 B).

839 Wat moontlik die maklikste en volopste tipe werk was aangesien dit ook deur Apuleius *Metamorphoses* 1 7 en Petronius *Satyricon* 38 7 as die eerste moontlikheid genoem word wat beskikbaar is vir persone wat 'n nuwe begin moet maak.

840 Seneca *Epistulae Morales* 56 2. Vgl ook *CIL* 6 9797.

vergoeding beskikbaar gestel het. Treggiari[841] het ongeveer 160 beroepe in Rome identifiseer (in die weste 225). Van die belangrikste beroepe of aktiwiteite wat teen vergoeding verrig kon word, kan vervolgens kortliks bespreek word:

(a) Landbou en voedsel

Die grootste gedeelte van die bevolking in die Romeinse antieke het 'n bestaan uit die landbou gemaak. Dit is moontlik ook op hierdie gebied waar die meeste werkers (vry sowel as slawe) aktief betrokke was.[842]

Waar die landbou-aktiwiteite voor die derde eeu vC hoofsaaklik gedraai het rondom die verbouing van graan, vind daar, soos reeds vermeld,[843] 'n verandering plaas en sedert die middel van die tweede eeu vC bestaan daar 'n kultuur van wetenskaplike boerdery, wat deur De Martino[844] beskryf word as die "azienda agraria razionale". Aangesien die handboeke van Cato, Varro en Columella gedetailleerde voorskrifte bevat oor boerderytegnieke en ook aanduidings verskaf van die arbeidsituasie, sal die tipe boerdery as uitgangspunt dien by die bespreking van arbeidsverhoudings op die gebied van die landbou.[845]

Vir die *scriptores rei rusticae* word die landbou gekenmerk deur groot plase waarop daar 'n voorman woon wat met die hulp van 'n aantal slawe spesialiseer in die verbouing van 'n aantal produkte en hulle ook besig hou met die vervaardiging van ander. Die plaas is oor die algemeen bedryf deur 'n voorman (bekend as *vilicus*)[846]

---

841 "Urban Labour in Rome" 55. Vgl ook die indeks tot *CIL* 6 vir 'n vollediger lys.

842 Vgl De Robertis *Forze di Lavoro* 8 ev; Louis *Ancient Rome at Work* 138; Alföldy *Social History* 98; Garnsey "Non-Slave Labour" 34-5. Garnsey se aanname dat die slawe nooit 'n oorheersende rol in die landbou gespeel het nie (en dus in die stede absorbeer moes word), lyk onlogies in die lig van die skielike invloei van slawe (wat volgens hom 2-3 miljoen was uit 'n totaal van 6 miljoen inwoners) sedert die derde eeu vC.

843 Vgl 71 ev hierbo.

844 *Storia Economica* 87.

845 Vgl in die verband die literatuur wat deur De Martino *Storia Economica* 101 aangehaal word; in wat volg sal hoofsaaklik gesteun word op die werke van Gummerus *Römische Gutsbetrieb*, De Martino *Storia Economica* en Skydsgaard "Non-Slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" 65.

846 Vgl Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 24, 27.

wat meestal 'n slaaf was, tot voordeel van 'n eienaar wat in die stad woon, en wat die groots moontlike wins uit die boerdery wil maak.[847] Die meeste klem val op die verbouing van druiwe en olywe as vernaamste landbouprodukte gedurende hierdie periode in Italië.[848]

As gevolg van 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite wat op die plase (*latifundia*) plaasgevind het, kon slawe wat daar werksaam was, deur die loop van die hele jaar besig gehou word.[849] Ten spyte van die feit dat slawe minder produktiewe werkers was, het dié eis om konstant, gedurende die hele jaar, oor arbeidskrag te beskik, bygedra tot die gebruik van slawe-arbeid op die gebied van die landbou.[850]

Uit die breedvoerige beskrywings van Cato oor die getal slawe wat nodig is, asook wat dit sou kos om hulle te onderhou, kan daar afgelei word dat arbeid een van die vername faktore in die landbou was.[851] Ten einde winsgewend te wees sou die hoeveelheid slawe verband moes hou met die behoeftes van die boerdery. Daar sou byvoorbeeld nie groot getalle slawe aangehou kon word net vir daardie tye van die jaar wat daar 'n groter behoefte aan mannekrag bestaan het nie.[852]

Dit verklaar die feit waarom Cato, Varro en tot 'n mindere mate, Columella[853] voorsiening maak vir die gebruik van vry persone om sekere take te verrig. Cato noem gevalle waar die eienaar of sy *vilicus* wel 'n vry persoon sou huur: die geval van die

---

847 Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 24. Vgl ook Park *Plebs in Cicero's Day* 52 ev; De Martino *Storia Economica* 89.

848 Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 18 55 77. Ander vorms van boederye word ook voorgestel, afhangende van bv die afstand vanaf Rome, die grootte van die grond ens. Vgl Cato *De Agricultura* 1; Varro *Res Rustica* 1 2; De Martino *Storia Economica* 93.

849 De Robertis *Forze di Lavoro* 31. Vir 'n breë oorsig oor die boerdery aktiwiteite wat deur die jaar plaasgevind het, vgl Mossé *Ancient World at Work* 31 ev.

850 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 254. In die tyd van Cato was die gebruik van slawe in die landbou nog nie so uitgebrei as wat die geval teen die einde van die Republiek was nie. Westermann *Slave Systems* 69 is desondanks van mening dat daar meer vrye arbeiders as slawe in die landbou werksaam was.

851 Vgl De Martino *Storia Economica* 103.

852 Brunt "Free Labour and Public Works" 93; De Martino *Storia Economica* 104.

853 Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 80 ev. Louis *Ancient Rome at Work* 148 se standpunt dat Cato se raad om van vry werkers gebruik te maak, in die wind geslaan is, word dus nie ondersteun deur die bronne nie.

pulitor,[854] en die *custodes* en *capulatores*[855] wat toesig hou oor die pars; van laasgenoemde twee skryf Cato voor dat twee vry persone moet wees en een 'n slaaf.[856] Vry persone is ook gehuur vir bouwerk,[857] *pastinatio* (voorbereiding van die grond vir die aanplant van wingerde),[858] en ander take waarvoor daar nie genoeg werkers op die plaas teenwoordig was nie.[859]

In die kontrak vir die plaas van Lucius Manlio,[860] word byvoorbeeld ook vir die gebruik van 50 werkers voorsiening gemaak en die *redemptor* was verplig om hulle lone te betaal en ook onderhoud te verskaf. Laat die *redemptor* na om hulle in diens te neem, kan die eienaar dit self doen en die koste daaraan verbonde van die vergoeding wat aan die *redemptor* betaalbaar is, aftrek: *si non praebuerit, quanti conductum erit aut locatum erit, deducatur.*[861] Die eienaar moes benewens 5 *sestertii* ook gesoute olywe, olie en asyn aan hulle verskaf.[862]

Varro meld ook uitdruklik die gebruik van vry persone en slawe. In die geval van werk wat op ongesonde plekke gedoen moet word, raai Varro die leser aan om van *mercennarii* gebruik te maak.[863] Vry persone word ook gebruik in gevalle waar werk

---

854 Wat die *pulitor* presies gedoen het, is onseker. Vgl De Martino *Storia Economica* 104 vir 'n volledige bespreking.

855 Cato *De Agricultura* 66, 67.

856 Cato *De Agricultura* 13 1.

857 Cato *De Agricultura* 14.

858 Columella *Res Rustica* 3 13 4, 3 13 12 en veral Ulpianus D 43 24 15 1.

859 Cato *De Agricultura* 144-147; Varro *Res Rustica* 1 17; Columella *Res Rustica* 3 3 13, 3 3 21, 3 3 10.

860 Vgl hieroor die bespreking in Von Lübtow U "Catos Leges Venditioni et Locationi Dictae" 1956 *EOS* 1 (= *Symbolae Raphaeli Taubenschlag Dedicatae* Warschau 1956) 227 257 ev.

861 Cato *De Agricultura* 144 3. Wat die regsverhouding tussen die *redemptor* en die 50 werkers, of tussen die eienaar en die werkers was, is volgens Gummerus *Römische Gutsbetrieb* omstrede. Myns insiens is dit onnodig om soos Gummerus *Römische Gutsbetrieb* 30 dit as 'n *societas* te beskou; hier is 'n voorloper van die latere *locatio conductio operarum* ter sprake: so ook von Lübtow "Catos Leges Venditioni et Locationi Dictae" 272. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 134 oor die moontlikheid dat die *merces* aanvanklik ook uit iets anders as geld kon bestaan.

862 Cato *De Agricultura* 144 3-4.

863 'n Feit wat lig werp op die haglike posisie waarin *mercennarii* hulleself bevind het; Varro *Res Rustica* 1 17 3 aanvaar eenvoudig dat hulle bereid sou wees om wel die werk te doen; vgl ook De Martino *Storia Economica* 105 asook die bespreking op 188 ev. 'n Blyk van Varro se suiwer utilitêre benadering tot sy onderwerp is ook die feit dat hy slawe as *instrumenta vocales*, diere as *instrumenta semivocales* en werktuie as *instrumenta mutua* beskryf en aanbeveel dat hulle met streng dissipline deur die eienaar hanteer moet word ten einde die groots moontlike wins te verseker: *Res Rustica* 1 17 1.

van groot omvang (*opera maiora*) gedoen moes word soos die insameling van oeste.[864] Die eienaar word aangeraai om met die werkers oor die werk te onderhandel, ten einde sy gesag oor hulle te vestig.[865]

Waar die eienaar moeilik op deurlopende basis toesig oor die boerdery kon hou, raai Columella sy leser aan om van huurders gebruik te maak.[866] Een van die sigbare gevolge van die grootskaalse gebruik van slawe-arbeid op die platteland, is die feit dat minder vrugbare grond eenvoudig geabandonneer en onbewerk gelaat is.[867] Die onbetroubaarheid van slawe-arbeid moes die rede gewees het vir Columella se advies.

Globaal gesproke, het slawe-arbeid in die landbou nooit die gebruik van vry arbeiders geheel en al verdring nie.[868] Vry werkers was in die tyd van Cato, Varro en Columella geen ongewone verskynsel nie en is soms bo slawe verkies. Die belang van vry arbeiders blyk ten slotte uit die feit dat die waarde van die plaas vermeerder het indien daar geredelike toegang tot vry werkers was.[869]

Vry werkers het soms rondgereis en hulle dienste aangebied.[870] In ongeveer 50 nC

---

864 Varro *Res Rustica* 1 17 2.

865 Varro *Res Rustica* 1 17 6; De Martino *Storia Economica* 108.

866 Columella *Res Rustica* 1 7.

867 Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 310.

868 Vgl Ciccotti *Tramonto della Schiavitù* 302. Hoeseer vry arbeid onder druk geplaas is, blyk uit die pogings om dmv wetgewing te verseker dat minstens een derde van die beeswagters op plase uit die geledere van vry persone moes kom. Vgl die bepalings van die *Lex Licinlae Sextiae de modo agrorum* (367 vC); Suetonius *Caesar* 42; die berig van Appianus *Bella Civilia* 1 8 verwys moontlik ook hierna. Sien ook die bespreking in Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 195; Möller *Freiheit und Schutz* 8. Afgesien van die feit dat die maatreël beskou kan word as "eine Art Arbeitsplatzbeschaffungsmaßnahme" (vgl Möller *Freiheit und Schutz* 8), kon dit moontlik ook gemik wees op die sekuriteit van die platteland; Spartacus en sy volgelinge het oorwegend uit die geledere van die *servi rustici* gekom! Vgl Finley *Ancient Economy* 187.

869 Cato *De Agricultura* 1 1-3; 4 6; Varro *Res Rustica* 16 4 onderstreep veral die belang om in die omgewing *medici, fullones* en *fabri* beskikbaar te hê. Dit is ook beter volgens Varro om nie sulke persone as slawe te besit nie aangesien die risiko vir die kleinboer eenvoudig te groot is: ..... *quorum non numquam unius artificis mors tollit fundi fructum*... Die moontlikheid kan ook nie uitgesluit word nie dat die kleinboere self vir groot dele van die jaar op aangrensende plase of in die dorpe gaan werk het nie: Garnsey "Non-Slave Labour" 37 en Skydsgaard "Non-Slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" 67 ev.

870 Vgl veral Suetonius *Vespasianus* 1 4: *..e regione Transpadana fuisse manicipem operarum quae ex Umbria in Sabinos ad culturam agrorum quotannis commeare soleant*; Varro *Res Rustica* 16 4: "....*itaque in hoc genus coloni potius anniversarios habent vicinos, quibus imperent, medicos, fullones, fabros, quam in villa suos habeant...*" Vgl ook Gummerus *Römische*

het die oupa van Vespasianus as kontrakteur vir vry werkers wat seisoenale werk gedoen het, werkers vanaf Umbrië na die Sabynse streek gebring.[871] Die aansienlike aantal plaaswerktuie wat in huise te Pompeii gevind is, maak dit ook waarskynlik dat sommige van die werkers in die stede of dorpe gewoon het, en bedags op die plase gewerk het.[872] Cato se advies dat die plaas naby 'n *oppidum validum* geleë moet wees, kry in die verband meer betekenis.[873]

'n Groot deel van die inwoners van Rome was indirek by die landbou betrokke insoverre hulle gemoeid was met die verwerking of hantering van landbouprodukte. Die belangrikstes hiervan is die volgende:

a. *Pistores*: Professionele bakkers het eers na 168 vC op die toneel verskyn[874] en verwysings na *pistores* voor daardie tyd moet slaan op meulenaars.[875] *Pistores* het daarna beide die koring gemaal en ook brood gebak.[876] Teen die vierde eeu nC was daar ongeveer 15 - 24 *pistores* in elke *regio* van Rome, en 'n totaal van 254 bakkers.[877] Bakkers het in bepaalde produkte gespesialiseer. Plinius[878] noem oesterbrood, koekbrood, vinnige brood, oondbrood en blikbrood.

Sommige bakkers het enorme bedrywe bestuur[879] en 'n indrukwekkende produksie gehandhaaf. Trajanus maak spesiale toegewings aan *pistores* wat 75 *modii* koring per

---

Gutsbetrieb 68.

871 Suetonius *Vespasianus* 1 4.

872 Garnsey "Non-slave Labour" 42; vgl ook Jones "Slavery in the Ancient World" 192.

873 Cato *De Agricultura* 1 3.

874 Plinius *NH* 18 28 107.

875 Vgl Nonius Marcellus *De Compendiosa Doctrina* sv "Pinsere": *...nec pistorem ullum nossent, nisi eum qui in pristino pinseret far.* Vgl ook Festus *De Significatu Verborum* sv "Pistum".

876 Vgl Martialis *Epigrammae* 8 16 4.

877 Loane *Commerce and Industry* 67.

878 Plinius *NH* 18 27 105 ev.

879 Vgl bv Eurysaces wat as *pistor redemptor* brood vir die staat gebak het: *CIL* 6 1958. Op die monument wat ter ere van hom naby die *Porta Maggiore* opgerig is, word die vyf stadia van die bakproses uitbgebeeld. ('n Foto verskyn in Rostovtzeff *Social and Economic History* teenoor 31.) Eurysaces het selfs 'n masjien gehad wat die deeg geknie het en deur 'n donkie of 'n muil aangedryf is. 'n Soortgelyke bakkery is in Ostia in 'n groot enkelverdieping huis met vloeroppervlakte van ongeveer 950 m^2 gehuisves: Loane *Industry and Commerce* 66.

dag maal en 'n verdere toegewing vir diegene wat 25 *modii* daarvan per dag as brood bak.[880]

Beide slawe[881] en *liberti*[882] kom voor as *pistores*. Bakkerye onder beheer van vry persone was ook bekend.[883]

In die meeste gevalle het die bakker self die koring aangekoop, gemaal en die finale produk dan verkoop.[884] In bepaalde gevalle het persone ook hulle dienste as bakkers teen vergoeding beskikbaar gestel.[885] 'n Blyk van die hoeveelheid bakkers wat daar werksaam was, is die feit dat die *Corpus Pistorium* te Rome so bekend was dat Gaius dit uitdruklik vermeld en ander *collegia* bloot as genus: *Item collegia Romae certa sunt, quorum corpus .... confirmatum est, veluti pistorum et quorundam aliorum.*[886]

Die *pistor* sou moontlik ook 'n *furnarius*[887] in diens gehad het.

Aangesien die *pistor* deur die jaar brood sou moes bak, en sommige van die werk in die *pistrinum* vermoeiend was,[888] kan die gebruik van groot getalle slawe hier verwag word.

---

880 G 1 34; Ulpianus in *Fr Vat* 233. Vgl ook Waltzing *Corporations Professionelles* 2 79. Van 25 *modii* koring kon 1 800 brode gebak word: Loane *Industry and Commerce* 67.

881 Vgl bv Javolenus D 34 5 28; Ulpianus D 23 7 12 5; P Sent 3 6 72.

882 Vgl *CIL* 6 6219, 9802; *CIL* 12 4502; *CIL* 14 2302.

883 Paulus D 33 7 18 1: *...ut ecce pistorio instumento legato ita ipsi pistores inesse videri possunt, si pater familias pistrinum exercuit.* Juvenalis *Saturae* 7 4 beskou bakkery as 'n professie wat 'n vry man waardig is.

884 Bakkers het ook verkopers uitgestuur om goedere op sypaadjies te verkoop: vgl bv Ulpianus D 14 3 5 9. Jong seuns op pad skool toe het hulle ondersteun: Seneca *Epistulae* 56 2; Martialis *Epigrammae* 14 223.

885 Ulpianus D 23 73 3: *Proinde si quis servos habuit proprios, sed quorum operas locabat vel pistorias vel histrionicas vel alias similes...* Dit is onduidelik of die *pistores* in die geval vry of slawe was. Dat dit wel later 'n algemene praktyk was onder vry persone blyk uit die feit dat die Edik van Diokletianus die maksimum daaglikse loon van sodanige *pistores* op vyftig *denarii* per dag vasgestel het. Vgl Blümner *Maximaltarif des Diocletian.*

886 Gaius D 3 4 1: "Insgelyks is daar in Rome sekere *collegia* waarvan hulle regstatus bevestig is ... soos bv die van die bakkers en sekere ander."

887 Vgl Maxey *Occupations of the Lower Classes* 23. Die *furnarius* genoem in Ulpianus D 39 2 24 7 was waarskynlik 'n vry persoon.

888 Slawe of kriminele is gestraf deur hulle die meule te laat draai en dit was verbode om 'n vry persoon teen sy sin daar te laat werk. Vgl ook n 521 hierbo asook Plautus *Persa* 21 ev; Plautus *Poenulus* 827 ev; Terentius *Andriae* 199 ev; *Phormio* 249; Apuleius *Metamorphosis* 9 12.

b. *Coquus*: Hoewel die verwysings in die *Digesta* na kokke almal na slawe is,[889] is dit onwaarskynlik dat die professie nie ook deur *liberti* en *ingenui* beoefen sou word nie. Aangesien kokke die hart en siel van die *popinae* was,[890] is dit goed denkbaar dat daar, wanneer die aanvraag na diens groot was, ekstra kokke gehuur sou moes word. Dit is moontlik hier waar die kokke wat deur Plautus en Plinius genoem word, hulle dienste tot beskikking van ander gestel het.[891]

Kook het 'n kuns geraak[892] en slawe wat as kokke opgelei is, is as waardevol beskou.[893] 'n *Collegium* van kokke het ook bestaan.[894]

c. *Lanii*: Vee is by 'n oop-mark naby die Tiber aangekoop[895] en na die distrik in die omgewing van die *Piscina Publica* aangejaag waar dit geslag en die vleis deur handelaars verkoop is.[896] Daar het geen effektiewe manier bestaan hoe die vleis bewaar kon word nie en dus kan aanvaar word dat daar bykans daagliks geslag sou moes word om vars vleis beskikbaar te hê; iets wat 'n aansienlike eis aan beskikbare mannekrag sou stel.

Lanii was deur die stad versprei. Twee wat op die *Esquilinus* bedrywig was,[897] en een by die *Viminalis*, is bekend.[898] *Lanii* het ook vleis by kopers laat aflewer.[899]

---

889 Vgl Gaius D 25 1 17 1; Gaius D 40 4 24; Marcianus D 32 65 2; Paulus D 32 99 4; Varus D 50 16 203; Gaius D 21 1 18 1; Paulus Sent 3 6 72; Ulpianus D 32 7 12 5.

890 Vgl Martialis *Epigrammae* 7 61 8, 1 41 10.

891 Vgl Plautus *Aulularia* 280: *...et conduxit coquos ... apud forum*; Plinius *NH* 18 28 108; Plautus *Mercator* 697; Plautus *Pseudolus* 790.

892 Waarvan die resepteboek van Caelius Apicius *De re coquinaria libri X* wat uit die begin van die Prinsipaat dateer, getuig. Oor die kwessie van die outeurskap en datum vgl Fuhrmann *Kleine Pauly* sv "Caelius" II 8.

893 Livius *AUC* 39 6 9. Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 14.

894 *CIL* 6 7458.

895 Waar die *Collegium Lanii Piscinenses* (*CIL* 6 167) sedert die laat-Republiek aktief was.

896 Loane *Industry and Commerce* 127.

897 Vgl *CIL* 6 33870, 37775.

898 Vgl *CIL* 6 9499.

899 Soos moontlik bewys word deur die verwysing na die aktiwiteite van C Terentius Varro (*cos* 216 vC): *Patrem lanium fuisse ferunt, ipsum institorem mercis, filioque hoc ipso in servilia eius artis ministeria usum* (Livius *AUC* 22 25 18 ev).

Slagters het verskeie ander produkte ook verskaf, soos blyk uit inskripsies teen die derde en vierde eeu nC (wat moontlik gebruike verwoord wat alreeds vroeër voorgekom het).[900] Verwysings kom voor na 'n *porcinarius* (handelaar in varkvleis),[901] *pernarius* (hamverkoper),[902] *suarii* (verkopers van varke)[903] en 'n *confectorarius* (handelaar in gedroogte vark).[904] Hierby kom ook pluimvee handelaars,[905] voëlverkopers,[906] handelaars in vetgemaakte voëls[907] en eende-verkopers.[908]

d. Wynhandelaars

Afgesien van water, was wyn die belangrikste drank wat in Rome versprei en gedrink is.[909] Die groot hoeveelhede wyn wat ingevoer en in die stad versprei is, bevestig hierdie feit.[910] 'n Groot aantal persone is hierdeur van werk voorsien: die *coactor* (agent wat as middelman opgetree en in die geval van wyn groot transaksies beklink het),[911] *exasciatores* (wat die vate oopmaak), *haustores* (wat proe) en *phalancarii* (draers). Al hierdie persone het die take teen vergoeding verrig.[912]

---

900 Vgl Paoli *Vita Romana* 127 asook Loane *Industry and Commerce* 28 ev vir 'n bespreking van die eetgewoontes van die Romeine.
901 *CIL* 6 33900.
902 *CIL* 6 31120.
903 *CIL* 6 1693.
904 *CIL* 6 9278.
905 *CIL* 6 9674.
906 *CIL* 6 9200.
907 *CIL* 6 9201.
908 *CIL* 6 9143.
909 Paoli *Vita Romana* 125.
910 Loane *Industry and Commerce* skat die jaarlikse gebruik in Rome op 124 875 000 liter. Dat die hoeveelheid realisties is, kan gesien word in die berig dat 'n wynhandelaar, Lucullus, oor die 4 500 000 liter wyn vir 'n enkele onthaal benodig het: Plinius *NH* 14 17 96.
911 Vgl *CIL* 6 9181, 9189-90.
912 Soos blyk uit *CIL* 6 1785: 120 *nummi* is betaal vir die vervoer van die vate; die *exasciator* kry 10 *nummi* per vat; die *haustor* ontvang 30 *nummi*. Die pryse betaal vir die wag en die *phalancarii* is uitgewis. Vgl Loane *Industry and Commerce* 124 n 42; Waltzing *Corporations Professionelles* 2 97-99.

Afgesien van bogemelde is daar ook olyfolie[913] en ander produkte soos blomme,[914] groente en vrugte[915] aan die markte verskaf.

(b) Metaalwerk

Tydens die begin van die Prinsipaat was Rome 'n belangrike sentrum vir die bewerking van goud en vervaardiging van juweliersware.[916] 138 van die 187 inskripsies uit Italië wat vakmanne op die gebied vermeld kom uit Rome; dié wat na ander stede emigreer praat met trots van hulle werksaamhede in Rome.[917]

Op die gebied het daar 'n hoë mate van spesialisasie bestaan en verwysings kom voor na *aurifices* (goudsmede), *bratiarii* (vervaardigers van goue blare),[918] *inauratores* (vergulders)[919] en *auri nextrices* (wewers van goue draad).[920]

Aangesien goud 'n kosbare item was sou die kliënte dit normaalweg aan die vakman verskaf het.[921] Dit was wel ook moontlik dat smede self[922] of die *patronus* waarvoor die vakmanne as *institores* gewerk het, die goud kon verskaf.[923]

---

913 Daar was ongeveer 2 300 plekke waar olie in Rome versprei is; dws 'n handelaar in elke blok: Loane *Industry and Commerce* 126.

914 Wat ook kranse wat daarvan gemaak is, ingesluit het. Besonderhede in Loane *Industry and Commerce* 128.

915 Paoli *Vita Romana* 126; Loane *Industry and Commerce* 116.

916 Vgl Gummerus H "Die römische Industrie" 1918-20 *Klio* 256 op 262: die 80 inskripsies van goudsmede wat in Rome gevind is, dui op onafhanklike vakmanne. Vgl ook Loane *Industry and Commerce* 86.

917 Loane *Industry and Commerce* 87.

918 Vgl *CIL* 6 9210, 9149.

919 Vgl *CIL* 6 95 waar 'n verwysing voorkom na 'n *collegium* van vergulders en vergulders van goudblare (*bratiarii inauratores*).

920 Loane *Industry and Commerce* 86 ev. Vgl ook Plinius *NH* 33 12 40-1 oor die algemene voorkoms van juweliersware in Rome.

921 Vgl Sulpicius Rufus in Alfenus D 19 2 31; Pomponius D 34 2 34; Gaius D 19 2 2 1. Hierdie was waarskynlik die mees voorkomende geval: Loane *Industry and Commerce* 88.

922 Vgl die tekste in die vorige nota waar hierdie moontlikheid ook genoem word.

923 Vgl *CIL* 6 9222; *CIL* 10 3948. In laasgenoemde geval het die *patronus* die dienste van die vakman vir 'n bepaalde tyd teen 'n vasgestelde tarief verhuur.

Vanaf die einde van die Republiek was die meeste juweliers in die *via Sacra* en in die *Basilica Argentaria* werksaam.[924] Hier is die funksies van vakman en verkoper gekombineer en is byvoorbeeld beide produkte verkoop en edelstene in bestaande ware ingeset.[925] Vakmanne wat op hulle aambeeld 'n ring of armband op straat bewerk het, kom ook voor.[926]

Silwersmede het so 'n mate van spesialisasie bereik dat Plinius[927] na drie style kon verwys waarin graveerwerk gedoen is: *Furianus*, *Clodianus* en *Gratianus*. Verwysings kom ook voor na *caelatores* (graveerders),[928] 'n *inaurator* (vakman wat goud byvoeg),[929] 'n *tritor argentarius* (poleerder),[930] *toreuticensis* (embosseerder)[931] en *flaturarii* (gieters).[932]

Groot hoeveelhede koper en yster is vanaf Capua ingevoer waarna dit in Rome deur vakmanne op bestelling verwerk is. Ook hier was daar sprake van spesialisasie.[933] Die bestaan van 'n *Collegium Aerariorum*[934] en *Collegium Fabri Ferarii*[935] gee 'n blyk van die aansienlike getal werkers wat op dié gebied werksaam moes wees.[936] Vakmanne sou ook 'n deel van hulle tyd moes afstaan aan die herstel van gebreekte potte en panne.

---

924 Vgl bv *CIL* 11 3821. Daar was ook juwelierswinkels wat deur die stad versprei was: Loane *Industry and Commerce* 88 135. Hulle het vroegdag al begin werk en die inwoners se rus verstoor met hulle onophoudelike getimmer: Martialis *Epigrammae* 9 68, 12 57 9; Juvenalis *Saturae* 7 222.

925 Vgl *CIL* 6 9433; *CIL* 6 9435. Ringmakers wat sedert die Republiek in 'n *collegium* georganiseer is (*CIL* 6 9144) het nie alleen edelstene geset nie, maar ook geslyp.

926 Vgl Martialis *Epigrammae* 12 57 9.

927 Plinius *NH* 33 49 139. Vgl ook Martialis *Epigrammae* 4 39 6.

928 *CIL* 6 9221, 9222, 9432, 37750, 9239.

929 *CIL* 6 3928.

930 *CIL* 6 9950.

931 *CIL* 3 8839.

932 *CIL* 6 9418-9.

933 Vgl bv die *sigillarii* (vervaardigers van klein beeldjies): *CIL* 6 9894-5; *aerarl statuarii* en *erari vasclari (sic)* (vervaardigers van bronshouers): *CIL* 6 9137-8; *claviarius* (sleutelmaker): *CIL* 6 9259; *clostrarius* (vervaardiger van slotte): *CIL* 6 9260; *cultrarii* (vervaardiger van messe):*CIL* 1 1213.

934 *CIL* 6 36771.

935 *CIL* 6 1892; Waltzing *Corporations Professionelles* 2 122. Bale van die werk gedoen deur die *fabri aerarii* is later oorgeneem deur die *fabri ferarii*: Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 4.

936 Vgl Loane *Industry and Commerce* 92 ev vir meer besonderhede.

Private persone is moontlik ook deur die staat gekontrakteer om koper munte te giet en te slaan.[937] Huishoudelike artikels soos borde en bekers is ook deur vakmanne te Rome vervaardig.[938]

Water is in die stad deur middel van loodpype versprei en die vervaardiging daarvan was ook 'n groot bedryf. Loodpype is hoofsaaklik op bestelling gemaak deur vakmanne wat in werkswinkels die lood gesmelt en in vorms gegiet het.[939] Hoewel 'n groot aantal pype in ondernemings van die staat onder die toesig van die *curator aquarum* deur die *opifices* in beheer van *plumbiarii* (*liberti*) vervaardig is, is daar ook in sommige gevalle van privaat kontrakteurs gebruik gemaak.[940]

Die name van die vervaardigers asook die eienaar is op pype aangebring om die eiendomsreg daarvan te laat vasstaan en aanspreeklikheid in die geval van herstelwerk te bepaal.[941] Dit is dus noodwendig dat daar in elke geval telkens op bestelling deur vakmanne opgetree sou moes word.

(c) Kleding

Om die inwoners van die stad van klere en skoeisel te voorsien sou aan 'n groot deel van die werkende klas 'n inkomste kon verskaf.[942] Die belangrikste bedrywe was die volgende:

a. *Lanipendia, lanificia, textores en fullones*: *Lanipendia* (ook bekend as *libraria*)[943] was slegs gemoeid met die afweeg van wol, die uitgee daarvan om gespin

---

937 Loane *Industry and Commerce* 93 n 117.
938 Vgl Juvenalis *Saturae* 6 344; Martialis *Epigrammae* 1 18 2, 12 48 14, 10 3 4.
939 De Martino *Storia Economica* 159.
940 Vgl Frontinus *De Aquis* 119. Vgl ook *CIL* 15 7333, 7409, 7512, 7523, 7525, 7564, 7803.
941 'n Goeie voorbeeld is die loodpyp vanaf die fontein op die Forum Esquilinum met die inskripsie *Annea Jucunda fecit*: *CIL* 15 7303 (116-7 nC). Vgl ook Frank *Economic History* 241.
942 Vgl Louis *Ancient Rome at Work* 189 wat oordryf waar hy meen dat dié bedryf aan die meeste persone werk sou bied.
943 Schol Juv 6 476. In Pomponius D 24 1 31 kom daar 'n verwysing voor na 'n *lanipendia*. Ciccotti *Tramonto della Schiavitú* 423 beskou (met verwysing na *CIL* 6 9496-7; *CIL* 9 3157, 4350) die werk van die *lanipendia* as eksklusief behorende tot die slawestand. Besonderhede is egter, volgens hom, te karig om die betrokkenheid van vry arbeid hier heeltemaal uit te sluit.

te word en die oorhandiging van die voltooide doek aan kleremakers (*vestiarii*).[944]

Wol is deur *lanificia* gespin. Die monotone aard van die werk het dit waarskynlik onaantreklik gemaak as voltydse professie en slawe wat vir niks anders gedeug het nie, het meestal die taak verrig.[945]

Hoewel spin en weef as een van die belangrikste aktiwiteite van die *matrona* beskou is,[946] is dit teen die einde van die Republiek lankal nie meer tuis verrig nie. Op die platteland sou een of twee wewers moontlik in die behoefte van die huishouding kon voorsien.[947] Om egter in die behoefte van die bykans een miljoen inwoners van Rome te kon voorsien, sou 'n grootskaalse weefnywerheid[948] geverg het[949] en daar het later 'n professionele gilde van wewers bestaan.[950]

b. *Vestiarii*: Klere is oor die algemeen op bestelling gemaak en nie vooraf vervaardig nie.[951] 'n Aanduiding van hulle aktiwiteite is die inskripsies wat dui op die bestaan van vier kleremakers op 'n straathoek, die *Compitum Aliarum*.[952] Dit is onwaarskynlik dat die *vestiarii* in hulle klein winkeltjies ook 'n voorraad lap sou aanhou. Dit kan verwag word dat hulle materiaal sou verwerk wat deur die kliënt verskaf is. Dit is dus nie toevallig nie dat epigrafiese getuienis dui op 'n konsentrasie van *vestiarii* in

---

944 Vgl Propertius *Elegiae* 4 7 41. 'n Verwysing na die baal wol wat aldus verdeel word, kom voor in Varro *Res Rustica* 2 11 9; Horatius *Epistulae* 1 13 14; Ovidius *Metamorphoses* 6 19.

945 Vgl Petronius *Satyricon* 132 9; Tibullus *Elegiae* 4 10 3. Lepidus se slawe was besig om te spin toe die mob by sy huis ingebreek het: Asconius *in Milo* 38. Voorbeelde van slawe wat as *lanifices* legateer is kom voor in Alfenus D 33 7 16 2; Ulpianus D 33 7 12 5.

946 Vgl Ausonius *Parentalia* 2 4; 16 4.

947 Vgl Ulp D 23 7 12 5: *Item lanificas quae familiam rusticam vestiunt.*

948 Vgl Gaius D 15 1 27 pr wat as voorbeeld kan dien van 'n wewery wat wel as ekonomiese bedryf beoefen is: *Et ancillarum nomine et filiarum familias in peculio actio datur: maxime si qua sarcinatrix aut textrix aut aliquod artificium vulgare exerceat, datur propter eam actio.* Vgl ook Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 74 ev vir verdere bewyse van die bestaan vir professionele wewers.

949 Loane *Industry and Commerce* 70.

950 Vgl C Theod 10 20 16; *CIL* 6 7468; 9526.

951 Loane *Industry and Commerce* 129. Columella *Res Rustica* 12 *praef* 9 merk op dat selfs vroue op die platteland traag was om hulle eie klere te maak.

952 *CIL* 6 9970, 9971, 4476.

die gebied van die *Vicus Tuscus*[953] naby die *Horrea Agrippiana* waar tekstielware verkoop is.[954]

c. *Fullones*: Hierdie was die belangrikste vertakking van die kleremakersbedryf.[955] *Fullones* het wol voor dit gespin is gekleur, die geweefde doek finaal afgewerk en gepars en vuil kledingstukke skoon gemaak. Die aktiwiteit het duur toerusting en spesiale vaardigheid geverg en is nie tuis beoefen nie.[956] Die feit dat daar van onwelriekende chemikalieë[957] gebruik gemaak is en hulle ook ruimskoots van water uit die akwadukte gebruik moes maak,[958] sou verdere redes vir *fullones* wees om op enkele plekke in die stad hulle aktiwiteite te verrig.

Die groot gilde waaraan die *fullones* behoort het (die *Collegium Aquae*),[959] dateer uit die tyd voor Augustus. In die *Lex Collegii* waarvan daar fragmente oorgelewer is, blyk dit dat *fullones* in die stad nie gemoeid was met die verspreiding van materiale nie.[960]

Fullones was dikwels vry persone[961] en het soms welvarend geword. Martialis[962] berig van 'n *fullo* wat 'n gladiatoregeveg te Mutina aangebied het en lewer kommentaar op hulle geldgierigheid.[963] Die verbod (in die *Lex Metilia de fullonibus*

---

953 Daar kom verwysings voor na *vestiarii tenuarii*: *CIL* 6 3782; *vestiarius tenuarius CIL* 6 33923; *vestiarius CIL* 6 9976; *purpurarius*: *CIL* 14 2433. *Sagarii* kom ook voor in die omgewing van die *Horrea Galbiana*: *CIL* 6 33906, 339, 30741, 588, 30901, 9864-6; en in die omgewing van die teater van Marcellus: *CIL* 6 956.

954 Vgl *CIL* 6 9972; *CIL* 14 3985; Loane *Industry and Commerce* 130.

955 Vgl die beskrywing van die aktiwiteite van *fullones* in Forbes *Ancient Technology* 4 81 ev.

956 Loane *Industry and Commerce* 71; Forbes *Ancient Technology* 87.

957 Vgl Martialis *Epigrammae* 6 93 1. Menslike urine (wat op sentrale punte in die stad in groot houers versamel is) was bv 'n belangrike bleikmiddel: Forbes *Ancient Technology* 83.

958 *Fullones* het spesiale toestemming ontvang om die water te gebruik: Frontinus *De Aquis* 94, 98. Vgl ook Waltzing *Corporations Professionelles* 2 472 ev.

959 *CIL* 6 10298. 'n Tweede *collegium sanctissimum quod consistit in praedis Larci Macedonis* is ook bekend: *CIL* 6 404. *CIL* 6 9429, 9430 verwys ook na *fullones*.

960 Die *Lex collegii* kom voor in Bruns *Fontes* 388 ev. Vgl ook Loane *Industry and Commerce* 71.

961 Schrot *Kleine Pauly* sv "Fullo".

962 Martialis *Epigrammae* 3 59 2.

963 Martialis *Epigrammae* 6 93 1.

data) op die gebruik van 'n duur bleikmiddel deur *fullones*, kon daarop gemik gewees het om hulle inkomste wat hierdeur verhoog sou word, te beperk.[964]

Voltooide kledingstukke is gekleur deur *infectores*, *tinctores* of *purpurarii*. Hulle belang blyk uit die groot aantal inskripsies wat op sowel *liberti* en *libertae* betrekking het.[965]

d. *Centonarii*: *Centonarii* het 'n belangrike funksie vervul en teen die tyd van Augustus was die *collegium* van die *fabri centonarii* alreeds 55 jaar oud.[966] In Rome was die hooftaak van die *centonarii* die vervaardiging van *centones* oftewel lappieskomberse of stukke gelapte materiaal, oorpakke vir slawe, goedkoop komberse, saalkleedjies en swaar seile wat gebruik is vir oorlogstuig en brandbestryding.[967]

e. *Sutores*: Skoenmakers het leer wat deur die *coriarii*[968] gelooi is, gebruik om op bestelling[969] skoene te maak. Daar is bewys daarvoor dat hulle in groot getalle in die stad teenwoordig was[970] en dat hulle ook in die maak van verskillende soorte skoeisel gespesialiseer het.[971]

---

964 Vgl Plinius *NH* 35 57 196-8. Die *Umbrica* waarop daar 'n verbod geplaas is, is uitsluitlik gebruik om aan die kledingstukke 'n besondere voorkoms te gee maar was bekend vir die hoë prys daarvan. Soos die *Lex Oppia sumptuaria* (215 vC) was die *Lex Metilia* klaarblyklik ook 'n *lex sumptuaria*: Rotondi *Leges Publicae* 252, 254. Die sou immers nie sin maak dat die *censores* 'n substansie wou verban bloot omdat dit 'n produk beter of mooier laat lyk nie; vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 169. Waltzing *Corporations Professionelles* 1 183 se standpunt (dat die wet gemik was teen bedrog deur die *fullones*) en dié van Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 148 (dat die wet die publiek teen die gebruik van skadelike korrosiemiddels wou beskerm) is onverklaarbaar. Vishnia "Caius Flaminius and the *Lex Metilia de Fullonibus*" 527 se standpunt dat die wet gemik is om water in die stad te spaar, oortuig nie.

965 Vgl Loane *Industry and Commerce* 76 vir meer besonderhede asook voorbeelde van 'n aantal winkels in Rome waar klere gekleur kon word.

966 Vgl *CIL* 6 7861.

967 Vgl Kubitschek "Cento" *RE* 3 1932-3. Om die rede het die *centonarii* buite Rome dikwels die funksie van brandweer oorgeneem: Loane *Industry and Commerce* 74.

968 Plinius *NH* 17 6 51; Martialis *Epigrammae* 6 93, 1-4; Juvenalis *Saturae* 14 203. Vgl ook Loane *Industry and Commerce* 78 ev; Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 18.

969 Loane *Industry and Commerce* 78.

970 Soos blyk uit die feit dat daar selfs 'n aparte *Collegium Perpetuum Fabrum Soliarium Baxiarium* (*CIL* 6 9404) bestaan het, wie se 300 lede ligte vrouepantoffels van plantaardige materiaal of papirus vervaardig het.

971 Bv die *caligarii* (vervaardigers van swaar stewels): *CIL* 6 9225; *crepidarii* (pantoffelmakers): *CIL* 6 9284, 7544; *solatarius* (vroueskoene): *CIL* 6 9897. Daar was ook vakmanne wat gespesialiseer het in die vervaardiging van skoensole (*Corpus Coriariorum Magnariorum et Solatariorum*): *CIL*

Skoenmakers het hoofsaaklik in die gebied van die *Argiletum*[972] en die *Vicus Sandalarius*[973] hulle professie beoefen en 'n aantal welgestelde *sutores* is bekend.[974] Die vaardigheid van individuele *sutores* het die verbeelding van hulle tydgenote aangegryp.[975]

(d) *Terra-cotta* en keramiek

Figuli was verantwoordelik vir die vervaardiging van breekgoed, vase, stene, teëls en beelde.[976]

Slegs in die geval van steenmakery en die vervaardiging van kleilampe[977] was daar sprake van groot monopolieë waarby talle werkers betrokke was en wat deur die aristokrasie bedryf is. Weens die grootte en koste van die produk is min ingevoer. Nogtans het 'n paar steengroewe ongeveer 100 myl stroomop ook die mark gepenetreer.[978]

(e) Vervoer

Die topografie en toestand van die strate in Rome het die vervoer van goedere in die stad problematies gemaak.[979] Hierbo is reeds genoem dat vervoer een van die

---

6 1117, 1118. Vgl Loane *Industry and Commerce* 79.

972 Vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 53. Die *Atrium Sutorium* (waarvan daar geen verdere besonderhede bekend is nie behalwe dat dit ook gebruik is ivm 'n seremonie bekend as die *tubilustrium*) was ook in die gebied. Soos die naam aandui moes daar die een of ander verbintenis met die skoenmakersbedryf bestaan het: Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 57.

973 Vgl Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 59; Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 457 ev. Skoenmakerwinkels kom in alle dele van die stad voor: Loane *Industry and Commerce* 78.

974 Vgl Martialis *Epigrammae* 6 64; Horatius *Saturae* 1 3 130 vir die verhaal van Alfenus Varus, *sutor* van Cremona; Suetonius *Vitellius* 2 1 meld dat die keiser die agter-kleinseun was van 'n *sutor veteramentarius*; Vatinius *sutor* van Beneventum ttv Nero was ook bekend vir sy rykdom: Tacitus *Annales* 15 34.

975 Vgl Horatius *Saturae* 1 3 124-133, 2 3 106; Juvenalis *Saturae* 3 293-6.

976 Vgl Horatius *Epistulae* 2 3 21 ev; Plinius *NH* 35 159; Martialis *Epigrammae* 14 102, 14 171, 14 182; Juvenalis *Saturae* 4 133, 10 171: Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 19.

977 Vgl Harris "Roman Terracotta Lamps" 134; Loane *Industry and Commerce* 106.

978 Loane *Industry and Commerce* 102.

979 Loane *Industry and Commerce* 12.

faktore was wat die handel en ekonomie in die antieke geïnhibeer het.[980] In die geval van Rome het die behoefte wat geskep is aan die vervoer van goedere, daarvoor gesorg dat die grootste deel van die *plebs urbana* redelik maklik hierdeur 'n inkomste kon verkry.[981] Cicero was pynlik bewus van die noodsaaklike rol wat die draers en karweiers in die stad gespeel het: slegs enkele skilders of beeldhouers in die stad sou voldoende wees, maar sonder 'n groot getal draers en karweiers, kom Rome tot stilstand.[982]

Alle goedere wat in Rome vir gebruik en verbruik bestem was, moes van buite die stad ingebring word.[983] In die lig van die groot inwonertal wat Rome teen die begin van die Prinsipaat gehad het, met die gepaardgaande behoefte aan die verskaffing van basiese lewensmiddele, klerasie en ander goedere soos boumateriaal, vuurmaakhout ensovoorts, sou vervoer (wat in die stad grootliks aan mense sonder die hulp van diere oorgelaat is) waarskynlik die aktiwiteit gewees het waarby die meeste ongeskoolde werkers betrokke sou wees. Ter motivering van die stelling kan op enkele van die belangrike items wat ingevoer is, gewys word om die belang van vervoer in die daaglikse lewe van die stad te illustreer:

Indien 'n jaarlikse verbruik van 200 000 - 400 000 ton koring as uitgangspunt geneem word,[984] sou dit meebring dat daar tussen 2 700 en 5 400 skepe te Ostia[985] moes aandoen om koring af te laai.[986] Skeepvaart is vir 5 maande van die jaar tot die minimum beperk.[987] Dit hou in dat daar in die oorblywende 7 maande 'n gemiddeld

---

980 Vgl 12 hierbo asook De Martino *Storia Economica* 92 120.

981 Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 670. Vgl ook Herz *Römische Wirtschaftsgesetzgebung* 65 (mvn die vervoer van graan in die stad): "Ob die Ladearbeiten von freien Tagelönern oder von vermieteten Sklaven durchgeführt wurde, ist für uns irrelevant, doch eine primär vom Staat losgelöste Methode der Arbeitsbeschaffung scheint gegeben zu sein."

982 Cicero *Brutus* 73 257: *...operariI autem aut balulI deesse non possint.*

983 Loane *Industry and Commerce* 11.

984 Vgl die bespreking op 114 ev hierbo.

985 Tot die eerste helfte van die eerste eeu nC het skepe nog te Puteoli geland: Seneca *Epistulae* 77 1.

986 Skippers met skepe waarvan die drakapasiteit meer as 75 ton was en wat op aanvraag vir die staat goedere vervoer het vir 'n periode van 6 jaar, is deur die staat verseker teen verliese en het benewens burgerskap ook verskeie ander voorregte ontvang: Suetonius *Claudius* 18 ev; *Galus* 1 32.

987 *Mare clausum*: 11 November tot 10 Maart; vgl Wachsmuth *Kleine Pauly* sv "Seewesen".

van 11 tot 22 skepe, sewe dae per week, koring moes aflaai. Vanaf die hawe moes die goedere ongeveer 25 km stroomop met die Tiber, na Rome vervoer word. Aangesien die Tiber slegs in die winter vir skepe bevaarbaar was,[988] sou die vervoeraktiwiteite gedurende die somer gekonsentreer het rondom die aflaai en stoor van goedere te Ostia en die vervoer daarvan na Rome gedurende die winter.

Ook wyn is per skip na Ostia vervoer, daar ontskeep en na Rome gebring.[989] Die geweldige verkeer in wyn word geïllustreer deur die sogenaamde *Monte Testaccio* wat vandag agter die gebied waar die ou hawe geleë was, aangetref word. Die "berg" is 50 m hoog en het 'n omtrek van 1 kilometer. Dit bestaan uitsluitlik uit fragmente van ongeveer 40 miljoen *amphorae* en *dolia* wat sedert die begin van die Prinsipaat tot ongeveer 250 nC daar weggegooi is.[990]

Olyfolie is ook per skip na Ostia vervoer. Loane[991] het bereken dat daar vir kook-doeleindes alleen ongeveer 7 700 000 liter olie per jaar benodig is. Olyfolie is ook gebruik vir beligting, in die baddens en in gimnasia.[992] Die totale gebruik van olie in die stad behoort dus aansienlik meer te gewees het.

Ook sekere tipe boumateriaal is per skip na Ostia vervoer. Plinius[993] berig dat Caligula die obelisk (wat tans op die St Petersplein in Rome staan) vanaf Alexandrië na Rome gebring het. Die totale gewig van die obelisk en ander materiaal wat as ballas gedien het, bring mee dat die skip 'n kapasiteit van 1 300 ton gehad het.[994]

---

988 Plinius *Epistulae* 5 6.

989 Vgl Martialis *Epigrammae* 13 108-125 vir 'n katalogus van wyn in sy tyd waarby ook wyne afkomstig vanaf Gallië (Wene en Marseilles), Sicilië, Spanje, Kreta en Egipte ingesluit is. Plinius *NH* 14 8 59 ev noem 80 soorte wyne waarvan een derde van buite Italië afkomstig is. Die tipiese roete wat 'n *amphora* Spaanse wyn sou volg vanaf aankoms in die hawe tot dit uiteindelik aan die kliënt verkoop word, word uiteengesit deur Loane *Industry and Commerce* 21.

990 Vgl Platner-Ashby *Topographical Dictionary* 512.

991 *Industry and Commerce* 25.

992 Die gimnasium te Tauromenium het in 195-176 vC alreeds soveel soos 4 500 liter olie benodig: Loane *Industry and Commerce* 24.

993 Plinius *NH* 16 76 201.

994 Vgl Casson L *Ships and Seamanship in the Ancient World* Princeton 1971 188; vgl ook n 1011 hieronder oor die hoeveelheid werkers wat nodig was om die obelisk op land te vervoer.

Daar is 'n rekord van 'n 2 400ste besending van marmer vanaf Euboea.[995] Hierby moet ook nog die groot hoeveelhede lood,[996] yster, brons, koper, huishoudelike artikels en diere[997] genoem word wat per skip in Ostia aangekom het.

Stroom-af met die Tiber, tot waar dit by die *Emporium* afgelaai is, het 'n massa produkte soos olie, wyn, vrugte, groente, kaas, vleis, heuning, wol en klerasie, vlas, matrasse en hout gekom.[998]

Met behulp van donkies, muile en oskarre is groot hoeveelheid goedere tot by die markte in Rome vervoer. Die omvang van dié verkeer kan geïllustreer word deur bloot te verwys na twee gevalle: 200 000 ton klip is oor 'n periode van 3-4 jaar vervoer vir die bou van die buitekant van die *Colosseum*. Hiervoor is 150-180 ossewaens daagliks benodig.[999] Vir die bou van die *Aquaeductus Claudianus* is 600 000 ton tufsteen en ander materiaal oor 'n tydperk van 14 jaar die stad ingebring.[1000]

Met die uitsondering van eenvoudige karweiwerk (soos die dra van sakke koring of 'n *amphora* wyn), sou vervoer bes moontlik deur ervare kontrakteurs behartig word. Daar is gevalle bekend van skade wat opgedoen is as gevolg van die nalatigheid van karweiers.[1001] Die vervoer van goedere op water het 'n groot mate van kundigheid geverg wat duidelik raak indien die vrag wat vervoer is in gedagte gehou word. Reeds

---

995 Moontlik deur dieselfde kontrakteur: Loane *Industry and Commerce* 39. Vir die bou van die *Forum Trajanum* het ongeveer 625 skepe oor 'n periode van 5 jaar in Ostia gedok en 'n totaal van 50 000 ton marmer ontskeep. Dit beteken dat daar minstens 20 skepe per maand (gedurende die periode waartydens daar wel geseil is) met 'n vrag van 80 ton marmer elk in die hawe aangeland het!

996 Aanduiding van die groot hoeveelheid lood wat ingevoer moes word, is die groot pyplyn vanaf die reservoir by die *Porta Viminalis* tot by die *Forum Trajanum* wat 1 750 m lank was en 233 ton geweeg het; daar was letterlik duisende pype van identiese omvang in Rome: Loane *Industry and Commerce* 46.

997 Veral gedurende die Prinsipaat het die invoer van diere vir gebruik in die spele 'n groot omvang aangeneem. In 107 nC het Trajanus byvoorbeeld 11 000 diere gedood: Dio Cassius *Roman History* 68 15. Vgl ook Plinius *NH* 8 6 20, 8 20 53.

998 Plinius *Epistulae* 5 6 12; *NH* 3 5 53. Vgl oor die algemeen Brunt "The Roman Mob" 87; Loane *Industry and Commerce* 11-55.

999 Loane *Industry and Commerce* 38.

1000 Loane *Industry and Commerce* 38.

1001 Vgl Ulpianus D 19 2 13 pr; Gaius D 19 2 25 7; Alfenus D 9 2 52 2; Ulpianus 9 2 27 33 en vgl ook D 14 2 *De Lege Rhodia de Iactu.*

teen die einde van die Republiek is daar skepe gebou wat met 'n drakapasiteit van 325-425 metrieke ton ongeveer 7 000 *amphorae* wyn vervoer het.[1002]

Die Tiber was tot ongeveer 170 km bokant Rome steeds bevaarbaar maar die stroom het vinnig gevloei. Om heelhuids met 'n vrag in Rome aan te gekom het, was eenvoudig nie vanselfsprekend nie.[1003]

Indien 'n persoon dus gekonfronteer sou word met die keuse om óf 'n boot te huur óf om met 'n skipper te kontrakteer, kan aanvaar word dat laasgenoemde opsie uitgeoefen sal word. Die beginsel het vanaf die vroegste tye gegeld soos blyk uit Varro[1004] wat die digter Lucilius aanhaal wat die beskrywing *Quadrantis ratiti* gebruik het met verwysing na die *merces* wat ten opsigte van vervoer op die *rates* betaal moes word, en een *quadrans* beloop het.[1005]

Die verbod dat waens bedags die stad mag binnekom, met die uitsondering van die vervoer van materiaal nodig vir die bou van tempels en openbare projekte of die verwydering van afval en riool (deur die *plostra stercoris exportandi causa*),[1006] het tot gevolg gehad dat mense bedags self goedere in die stad sou moes karwei.[1007] Vervoer het dus stadig en moeisaam geskied. Dit kan ook as uiters onwaarskynlik beskou word dat individuele werkers of selfs die inwoners van die stad in die breë, hulle normale aktiwiteite sou opskort om hulle benodigdhede aan te karwei. 'n Groot

---

1002 D'Arms *Commerce and Social Standing* 8. Verwysings na skipbreuk is volop. Vgl Casson *Ships and Seamanship passim*; Horatius *Carmina* 1 1 13-17; 3 1 26; Horatius *Saturae* 1 1 6; Persius *Saturae* 6 27-31; Petronius *Satyricon* 76 114; Martialis *Epigrammae* 4 66 14; 5 42 6; Juvenalis *Saturae* 12 17-82; 14 268, 292-302. Die skip met 'n kapasiteit van 1 300 ton waarmee die obelisk na Rome vervoer is en waarna hierbo op 155 verwys is, was waarskynlik 'n uitsondering op die reël maar illustreer bogemelde punt verder.

1003 Vgl bv Ulpianus D 19 2 13 1-2.

1004 *De Lingua Latina* 5 44.

1005 *Nautae* kon groot winste bekom. Petronius se Trimalchio spog dat hy met 'n enkele vaart 'n wins van 10 miljoen *sestertii* gemaak het; vgl Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 35.

1006 Vgl die *Lex Julia Municipalis (Tabula Heracleensis)* 56 ev: Bruns *Fontes* 105.

1007 Vgl ook Gaius D 50 16 235 pr *"Ferri" proprie dicimus, quae quis suo corpore baiulat.*

aantal draers of karweiers (waarvan daar nooit 'n tekort in die stad was nie)[1008] was hiervoor beskikbaar om die werk teen vergoeding te verrig.[1009]

Volgens Purcell[1010] moes ongeveer 2 700 nuwe intrekkers per jaar hulle in London gedurende die 17de eeu vestig ten einde 'n konstante inwonertal van 200 000 te kon verseker. Rome se inwonertal teen die begin van die Prinsipaat was vyf keer so groot. Selfs al sou die getal intrekkers slegs met drie vermenigvuldig word, dui dit op 'n jaarlikse getal van 8 100. Om karweiwerk vir hulle te verrig, en om diegene wat binne die stad self verhuis[1011] te assisteer, sou verdere eise aan mannekrag stel.

Ten slotte kan daar gewys word op die werksgeleenthede wat geskep sou word deur die geweldige skeepsverkeer. Die bou van nuwe skepe en die uitrusting daarvan met seile, toue, spane ensovoorts sou 'n groot aantal werkers geverg het.[1012] Hierby moet dan ook die onderhoud en herstel van skepe wat in gebruik is, genoem word.[1013]

Die groot rol wat vervoer gespeel het, word ten slotte weerspieël in die aantal *Digesta*-tekste waarin daar probleme ter sprake kom wat verband hou met vervoer[1014] en deur die verskeidenheid van beroepe wat in die verband gedokumenteer is.[1015]

1008 Cicero *Paradoxa Stoicorum* 23; Cicero *Brutus* 257; Cicero *Tusculanae Disputationes* 3 77; Gellius *Noctes Atticae* 5 3 1 (tov Klein-Asië). Uit Petronius *Satyricon* 117 kan afgelei word dat vry persone algemeen as draers opgetree het. Vgl ook Will *Römische Mob* 29.

1009 Rickman *Roman Granaries and Store Buildings* 8 11 79 86 het bv aangetoon dat die groot *horrea* ontwerp is met mense wat die goedere karwei het, in gedagte. Vgl ook MacMullen *Roman Social Relations* 70.

1010 *Cambridge Ancient History*^{2} 9 650.

1011 Vgl hieroor Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 650 ev.

1012 Oor die wyse waarop skepe gebou is vgl Garnsey *Roman Empire* 54.

1013 Vgl Burford *Craftsmen in Greek and Roman Society* 70.

1014 Vgl bv Alfenus D 19 2 31; Scaevola D 19 2 61 1; Varro D 2 8 5; Alfenus D 19 2 30 2; Labeo D 19 2 60 8; Paulus D 19 2 25 7; Ulpianus D 47 5 1; D 4 9 *Nautae Caupones Stabularii ut Recepta Restituant*. Vgl ook Crook *Law and Life of Rome* 225.

1015 *Urinatores* (duikers wat goedere wat oorboord val herwin het): *CIL* 6 1080, 1872, 29700-2; 14 303; *sacarii* (wat graan in sakke gegooi het): *CIL* 6 4417; 4 274; 6 5356; *geruli* (draers): *CIL* 6 9438-9, 30882, 36754; *phalangarii* (draers van *amphorae*): *CIL* 6 7803; *mensores machinarii frumenti publici* (wat vooraad opgeneem het van graan wat in die *horrea* gestoor word): *CIL* 6 85, 9626, 33883; *custodiarii* (wagte): *CIL* 6 327; *horrearii* (bestuurders van store): *CIL* 6 682, 30813; *lenuncularii* (eienaars van rivierbote) het vrag op die Tiber na Rome vervoer: *CIL* 14 251; *codicarii* (drywers van oskarre): *CIL* 14 4144, 106, 1649; *trajecti marmorum* (wat die vervoer van marmerblokke behartig het): *CIL* 14 425; *baiuli* (draers van swaar voorwerpe): D 50 16 235. Vgl

(f) Bouwerk

Die oorspronklike *fabri* was waarskynlik skrynwerkers. Later verander dit en omvat die begrip alle bouers:[1016] *Fabros tignarios dicimus non eos dumtaxat, qui tigna dolarent, sed omnes qui aedificarent.*[1017] As sodanig omvat die *Collegium Fabrum Tignuariorum* 'n verskeidenheid van professionele aktiwiteite, en om die rede is hulle ook vir brandbestryding aangewend.[1018]

Teen die einde van die 2de eeu nC het die gilde moontlik tussen 1 000 en 1 500 lede gehad.[1019] Wat veral interessant is, is die feit dat daar geen getuienis is van die teenwoordigheid van slawe in die *Collegium Fabrum Tignuariorum* nie.[1020] Hieruit kan nie sonder meer afgelei word dat slawe nie in staat was om bouwerk te verrig nie. Plutarchus[1021] noem byvoorbeeld uitdruklik dat Crassus sy boubedrywighede uitgevoer het met 500 slawe wat argitekte en bouers was.

Fabri was op verskeie maniere in die stad doenig en spesialisasie was noodwendig. Daar is getuienis van skrynwerkers wat gespesialiseer het in die maak van dra-stoele, fluite en boekrakke.[1022] Hierbenewens was daar spesialiste wat gom vervaardig het[1023] en ivoor in hout ingelê het.[1024] Spesialisasie het ook gelei tot die totstandkoming van verskeie kleiner gildes.[1025]

Waltzing *Corporations Professionelles* 2 59 ev; Loane *Industry and Commerce* 14.

1016 Contra: Frank *Economic Survey* 5 235. In die *Index* van vol 5 van sy monumentale werk kom die inskrywing "Builders" dus glad nie voor nie.

1017 Gaius D 50 16 235: "Ons noem nie slegs diegene wat hout bewerk skrynwerkers nie, maar almal wat bou." Vgl ook Plautus *Miles Gloriosus* 919; Cato *De Agricultura* 14 1; Seneca *De Beneficiis* 6 15 8; Seneca *Naturales Quaestiones* 6 30 4; Columella *Res Rustica* 1 *praef* 4; Gellius *Noctes Atticae* 19 10 2; Scaevola D 6 1 67: Brunt "Free Labour and Public Works" 89; Brewster *Roman Craftsmen and Tradesmen* 78.

1018 Vgl Plinius *NH* 10 33 (42) 2-3.

1019 Vgl Loane *Industry and Commerce* 81; Waltzing *Corporations Professionelles* 2 118.

1020 Opgemerk deur Kühn *Opificum Romanorum* 34 ev.

1021 Plutarchus *Crassus* 2 3.

1022 Vgl *CIL* 6 7882, 935, 9885.

1023 *Glutinarii*: *CIL* 6 9448.

1024 *Eborarii*: *CIL* 6 7655, 9375, 37793. Meubelstukke wat aldus afgewerk is, was peperduur: Plinius *NH* 13 3 92-3.

1025 Vgl bv die *Collegium Subrupt(um)* (breek ou of beskadigde geboue af): *CIL* 6 940; die *Collegium Subaedianorum* (wat die binne-afwerking van geboue behartig): *CIL* 6 9558-9; die *Collegium Secto(rum) Serrarium* (klipwerkers): *CIL* 6 9888; *marmorarii* (marmerwerkers): *CIL* 6

Groter sentra het beter padverbindings, beter watervoorsiening en sanitasie benodig. Die bou van paaie,[1026] waterleidings, rioleringstelsels en die onderhoud daarvan het aansienlike eise gestel aan die beskikbare mannekrag. Deurdat die staat op groot skaal hiermee gemoeid was, is daar ook op dié gebied die moontlikheid geskep vir die aanwending van vrye arbeid in Rome. Soos alreeds gemeld, is van hierdie projekte deels gemotiveer deur die behoefte om werksgeleenthede vir die stedelike massas te skep.

In Frontinus se monografie *De Aquis* verskaf hy inligting oor die onderhoud van akwadukte. Waar roetine onderhoud op 'n daaglikse basis deur slawe gedoen is,[1027] is groot projekte uitgekontrakteer aan *redemptores*.[1028] By wyse van analogie kan aangeneem word dat die bou en onderhoud van openbare geboue en paaie op soortgelyke wyse hanteer is: groot projekte is uitgekontrakteer en roetinewerk is deur slawe of vry persone in diens van die *redemptores* gedoen.[1029] *Redemptores* kom voor in die geval van sowel private[1030] as openbare boukontrakte.[1031]

Bouwerk stem ooreen met boerdery in die sin dat daar op bepaalde tye meer arbeid as op ander nodig sou wees. Dit word ook tot 'n mate beheer deur die seisoene[1032]

9550, 9551, 9556; die *Collegium Pavimentariorum* (wat plaveisel lê): *CIL* 6 243; *fabri intestinarii* (vakmanne wat inlegsels maak): *CIL* 6 9401, 9415a; die *Collegium Dendrophori* (vervaardigers van houtbalke?): Waltzing *Corporations Professionelles* 1 249 ev. Vgl ook Loane *Industry and Commerce* 83.

1026 As in gedagte gehou word dat daar ongeveer 90 000 km geplavelde hoofpaale in die Romeinse ryk was, dat die fondasie van die Romeinse paaie dieper was as wat normaalweg vandag die geval is, en dat paaie dikwels 1 m tot 1,5 m bo die grondvlak opgevul en gebou is, word die hoeveelheid mannekrag wat hiervoor en vir die onderhoud daarvan benodig word duidelik. Vgl White *Roman Technology* 93 ev.

1027 Die *Curatores Aquarum* het vir dié doel twee groepe slawe (in totaal 700), 'n aantal geskoolde vakmanne (waarskynlik ook slawe) asook argitekte (waarskynlik vry persone) tot hulle beskikking gehad; vgl Frontinus *De Aquis* 103-119.

1028 Frontinus *De Aquis* 119, 124.

1029 In die geval van paale is die uitkontrakteer daarvan bekend: Tacitus *Annales* 3 31; Dio Cassius *Roman History* 59 15; *CIL* 6 8468 (*manceps Viae Appiae*); Brunt "Free Labour and Public Works" 85. Dit sou die geval wees met groot projekte. In die geval van roetine onderhoud, sou die plig vervul moes word deur die eienaar van die eiendom wat grens aan die pad: vgl D 43 10 3.

1030 Vgl bv Alfenus D 19 2 30 3; Cicero *Ad Quintum Fratrem* 2 4 2; Ries P *Bauverträge im römischen Recht* München 1989 46.

1031 Vgl bv die *Lex Ursonensis* 69; *Lex parieti faciundo Puteolana* 1 6; Ries *Bauverträge* 47; Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1484.

1032 Vgl Frontinus *De Aquis* 123; Cato *De Agricultura* 14 5.

en deur die aanvraag na geboue. Die voorskrifte van die *scriptores rei rusticae* oor die huur van vry werkers[1033] kan *mutatis mutandis* ook hier van toepassing gemaak word.

Dit kan as onwaarskynlik beskou word dat 'n individuele *redemptor* 'n groot aantal slawe as werkers sou besit,[1034] of in staat sou wees om 'n groot projek (soos byvoorbeeld die bou van die Colosseum)[1035] op sy eie af te handel.[1036] Daar is slegs een geval gedokumenteer van 'n *redemptor* wat lid was van die *Collegium Fabrum Tignuariorum*.[1037] Dit maak die afleiding noodwendig dat *fabri* en ook helpers deur die *redemptores* in diens geneem sou word. Wat waarskynlik gebeur het, is dat 'n *redemptor* 'n gedeelte van 'n projek sou onderneem[1038] en vir die doel 'n aantal werkers in diens geneem het.[1039]

Die feit dat die *redemptor* sekuriteit moes verskaf (in die vorm van borge of saaklike sekerheid) dat die bouwerk behoorlik voltooi sal word,[1040] toon dat hulle normaalweg nie uit die armste deel van die samelewing gekom het nie. Om die rede, asook weens

---

1033 Vgl 130 ev hierbo.

1034 Meiggs R *Roman Ostia* Oxford 1973 317, 226 toon aan dat die *fabri* te Ostia wat die welvarendste van al die lede van korporasies was, waarskynlik nie meer as 20 slawe elk besit het nie. Vgl ook Loane *Industry and Commerce* 79 ev.

1035 Vgl bv Boethius A, JB Ward-Perkins *Etruscan and Roman Architecture* London 1970 222 wat aantoon hoe die handwerk van verskeie groepe vakmanne (wat die gevolg is van 'n verdeling van arbeid) in die geval van die Colosseum waargeneem kan word.

1036 Daar bestaan geen getuienis wat daarop dui dat groot projekte as 'n reël deur *societates* gedoen is nie: Brunt "Free Labour and Public Works" 86. Vgl verder Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 193 wat ook die moontlikheid van die bestaan van vennootskappe tussen werkers grootliks uitsluit.

1037 Vgl *CIL* 6 9034 wat hierbo aangehaal is.

1038 Vgl Florentinus D 19 2 36; Javolenus D 19 2 51 1.

1039 Vgl die lewendige skets deur Venulelus D 45 1 137 3: *Item qui insulam fieri spopondit, non utique conquisitis undique fabris et plurimis operis adhibitis festinare debet nec rursus utroque aut altero contentus esse, sed modus adhibendus est secundum rationem diligentis aedificatoris et temporum locorumque.*

1040 Vgl Polybius 6 17 4; die *Lex parieti faciundo Puteolana* (Bruns *Fontes* 374) 1 6, 3 14; Pomponius D 45 1 14; Javolenus D 46 1 44. In die geval van privaat boukontrakte is daar nie gevalle bekend waar die kontrakteur *praedia* as sekerheid aangebied het nie. Dit sou egter wel vir hom moontlik gewees het om dit te kan doen. Vgl Marcianus D 20 1 5 pr; Ries *Bauverträge* 81.

die feit dat hulle waarskynlik vooruit betaling ontvang het,[1041] sou hulle in staat wees om dagloners te huur.

Bouwerk behels ook die verkryging en vervoer van groot hoeveelhede boumateriaal na die bouperseel. Die *redemptor* sou hier van sub-kontrakteurs gebruik moes maak om byvoorbeeld die klip wat vir die bouwerk nodig is, te bewerk[1042] en om dit en ander materiaal na die bouperseel te vervoer.[1043]

Die openbare asook private bouprojekte sou aan 'n groot gedeelte van die *plebs urbana* werk kon bied.[1044] Hoewel privaat bouprojekte van kleiner omvang as dié van die staat was, sou die herstelwerk en onderhoud van privaat geboue ook 'n konstante bron van werk gewees het.[1045] Brunt[1046] wys daarop dat openbare bou-projekte gedurende 1586 6% van die inwoners van Rome van werk voorsien het en dat een derde van die bevolking van pre-industriële Parys teen die jaar 1791 by die boubedryf betrokke was. Alhoewel daar nie uit die getalle enige konklusiewe afleidings ten opsigte van Rome gemaak kan word nie, kan daar tog na analogie daarvan as 'n

---

1041 Vgl die *Lex parieti faciundo Puteolana* (Bruns *Fontes* 374) 3 13-16 waar die *redemptor* die helfte van die kontrakprys ontvang nadat sekerheid gestel is, en die ander helfte na voltooiing van die projek. Uit Ulpianus D 50 8 3 pr; Papirius Iustus D 50 8 11 pr; Papirius Iustus D 50 8 12 pr en Paulus D 50 8 9(7) blyk dit dat dié praktyk algemeen toegepas is en dat dit nie onbekend was dat die *redemptor* voor voltooiing van die projek verdwyn het nie.

1042 Meeste klipgroewe het aan die keiser behoort en is aan individue beskikbaar gestel om te ontgin. Gevalle waar privaat individue klipgroewe bedryf het kom voor in Ulpianus D 7 1 9 2; Ulpianus D 7 1 13 5; Javolenus 18 1 77; Javolenus 18 5 18: Ulpianus D 27 9 3 6; Marcianus D 41 1 8; Paulus D 50 16 77. Slawe of gevangenes is meestal gebruik om in die klipgroewe te werk: Brunt "Free Labour and Public Works" 86.

1043 Vgl Gaius D 19 2 25 7; Cic *In Verrem* 2 1 147 vir voorbeelde van die vervoer van boumateriaal. As voorbeeld vir die gebruik van verskeie kontrakteurs vir die bou van 'n huis vir die keiser Otho vgl Tacitus *Historiae* 1 27. Brunt "Free Labour and Public Works" wys ook daarop dat ongeveer 800 werksmanne en 150 perde in 1586 nodig was om die obelisk na die plein van St Peter te skuif. Daar sou kwalik minder werkers by 'n soorgelyke projek in Rome gedurende die klassieke periode betrokke gewees het.

1044 Entoesiasme om te bou in die tyd van die Prinsipaat blyk uit Horatius *Epistulae* 1 1 83-7; Martialis *Epigrammae* 9 22 16; 9 46; Juvenalis *Saturae* 1 94; 14 86-91; Suetonuis *Caesar* 44; Suetonius *Augustus* 29; Suetonius *Caligula* 21; Suetonius *Claudius* 20; Suetonius *Nero* 31; Suetonius *Vespasianus* 9 1; Suetonius *Domitianus* 5.

1045 Soos geïllustreer word deur die optrede van Crassus: Plutarchus *Crassus* 2. Vgl ook Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1485.

1046 "Free Labour and Public Works" 92; vgl ook Finley *Ancient Economy* 186.

moontlikheid gestel word dat soveel as 100 000 - 300 000 inwoners van Rome direk of indirek by die boubedryf betrokke was.[1047]

(g) Enkele ander beroepe of aktiwiteite

a. *Praecones*: Alhoewel die amp van afslaer of aankondiger as *sordidus quaestus* gereken is, is dit meestal deur vry persone beoefen.[1048] Die afslaer het 'n professie beoefen wat normaalweg binne die kader van *locatio conductio* sou val aangesien sy fooi outomaties in berekening gebring is en tesame met die 1% verkoopsbelasting van die koopsom afgetrek is.[1049]

Alhoewel die amp van *praeco* nie veel aansien geniet het nie, bestaan daar oorvloedige getuienis van hulle welvaart.[1050]

b. *Tonsores*: Die Romeine het eers teen ongeveer 300 vC hulle baarde begin skeer en sedertdien is die dienste van 'n *tonsor* in selfs die kleinste gemeenskap benodig.[1051] Alhoewel daar in die meeste huishoudings waar daar slawe was, ook 'n *tonsor* onder hulle teenwoordig was,[1052] was daar ook *tonsores* wat in *tonstrinae* of selfs buite hulle professie beoefen het.[1053] Die *tonsor* het sowel hare as baarde en

---

1047 Gegrond op 'n totale bevolking van ongeveer 1 miljoen inwoners. Vgl 120 hierbo.

1048 Vgl Gugel *Kleine Pauly* sv "Praeco" vir meer besonderhede.

1049 5% in die geval van slawe. Vgl die aktiwiteite van L Caecilius Jucundus van Pompeii wat moontlik as agent opgetree het en groot besendings goedere onder kleiner handelaars versprei het: In die inskripsie word die fooi wat Jucundus vir elke transaksie ontvang het, duidelik aangetoon: vgl *CIL* IV (Suppl) 1 35-37. Vgl ook *CIL* 6 1953, 1950; Juvenalis *Saturae* 7 9-11.

1050 Martialis *Epigrammae* 6 8 noem dat 'n *praeco* soveel verdien soos 2 praetore of 4 militêre tribune of 7 juriste of 10 digters. Juvenalis *Saturae* 7 5-7; 3 33 is bitter oor die welvaart gegenereer in die *atria auctionaria*; vgl ook Quintilianus *Institutio Oratoria* 11 2 24.

1051 Varro *Res Rustica* 2 11 10; Plinius *NH* 7 59 211; Martialis *Epigrammae* 2 48 2. Vgl in die algemeen Paoli *Vita Romana* 152 ev.

1052 Vgl Martialis *Epigrammae* 6 52, 8 52, 11 58; Suetonius *Augustus* 79 1.

1053 Tot Domitianus al sodanige praktyke op sypaadjies verbied het: Martialis *Epigrammae* 7 61. Die geval van die barbier wat buite geskeer en die kliënt se keel afgesny het, is welbekend: Ulpianus D 9 2 11 pr. Vgl ook *CIL* 6 9937-42.

wenkbroue geskeer, hare gekrul en naels versorg.[1054] Vroue het ook die beroep beoefen.[1055]

Die meeste *tonsores* het in die omgewing van die tempel van Flora by die Quirinalis gewerk.[1056] Ten spyte van die feit dat daar wel 'n opleiding aan verbonde was,[1057] was die reputasie van *tonsores* oor die algemeen laag.[1058]

Kompetisie tussen individuele *tonsores* was straf en die wat wel uit die professie kon ryk word[1059] sou waarskynlik die uitsondering op die reël gewees het.[1060]

Afgesien van bogemelde, het daar nog 'n legio ander beroepe of aktiwiteite bestaan wat teen vergoeding beoefen kon word. Hier kan slegs nog verwys word na werk wat gedoen kon word in diens van 'n privaat werkgewer (soos byvoorbeeld huiswerk),[1061] werk in diens van die staat en professionele aktiwiteite asook artistieke handelinge.[1062]

2.6 SAMEVATTING

Na die Khartaagse oorloë het die ekonomie van Rome met rasse skrede gegroei en 'n groter behoefte geskep aan die verskaffing van huisvesting en basiese lewensmiddels. Hierdeur het die belang van arbeidsverhoudings ook toegeneem.

1054 Vgl Plautus *Captivi* 268, *Curculio* 577, *Aulularia* 312-3; Plinius *NH* 29 36 114; Martialis *Epigrammae* 2 36, 3 74 1-4, 14 36; Petronius *Satyricon* 103 1-5; Horatius *Epistulae* 1 7 51.

1055 Vgl Martialis *Epigrammae* 2 17.

1056 Vgl Horatius *Epistulae* 1 7 46-51.

1057 Vgl Juvenalis *Saturae* 6 26. Domitianus het selfs 'n boekie geskryf oor die onderwerp van haarversorging: Suetonius *Domitianus* 18 2.

1058 Agv die feit dat die *tonstrina* 'n gewilde skinderplek was? Die *tonsor* weet alles: Horatius *Saturae* 1 7 1-3.

1059 Vgl Juvenalis *Saturae* 1 25, 10 226.

1060 In die Edik van Diokletianus 7 22 het die *tonsor* maar 'n skamele 2 *denarii* vir sy dienste ontvang. Hy sou dus minstens 12 kliënte se hare moes skeer om soveel te verdien as die plaaswerker (wat 25 *denarii* per dag ontvang het: 7 1).

1061 Vgl ook die geval van die *mercennarius* wat hieronder op 188 ev bespreek word.

1062 Vgl De Robertis *Forze di Lavoro* 79 ev vir 'n volledige bespreking. Hier kan ook melding gemaak word van werk wat in die myne gedoen kon word. Vgl Möller *Freiheit und Schutz* 11 ev vir meer besonderhede.

Teen die begin van die 2de eeu vC het die swak landboutoestande en beter lewensomstandighede en volop werksgeleenthede in die stede tot grootskaalse verstedeliking gelei. Die siening dat die kleinboere van hulle plase verdryf is deur byvoorbeeld die oorlog teen Hannibal en groot grondbesitters wat Italië in *latifundia* omskep het, moet dus verwerp word. Die inwoners van Rome was van werksgeleenthede voorsien deur deelname aan staatskontrakte veral vir die oprigting van geboue en die voorsiening van toerusting aan die leër. Die berig in Polybius 6 17 1 dat daar aan bykans al die inwoners van Rome op die wyse werk verskaf is, kan as geloofwaardig aanvaar word.

Soos blyk uit die handelsverdrag met Khartago in 348 vC het slawe reeds gedurende die 4de eeu 'n rol in die geskiedenis van Rome gespeel. Die slawebevolking het alreeds op die stadium 'n bedreiging vir die vry bevolking ingehou en verskeie wette word aangeneem om die getal *manumissiones* te beperk en om die werksgeleenthede van *ingenui* te beskerm.

Die slawebevolking het sy hoogtepunt bereik teen die begin van die Prinsipaat en het daarna begin afplat. In die plek van slawe is toenemend van vry persone gebruik gemaak. Teen die einde van die klassieke periode word slawe slegs in 'n beperkte aantal beroepe of aktiwiteite aangetref. Die rede vir die afname in slawe-getalle is geleë in die *pax Romana* wat die stroom van krygsgevangenis na Rome laat opdroog het en die feit dat die natuurlike aanwas van slawe in Italië onvoldoende was om in die aanvraag te voorsien.

Bogemelde was slegs een van die redes waarom vry persone mettertyd die plek van die slawe ingeneem het. Daar was bepaalde nadele verbonde aan die gebruik van slawe. Slawe was te alle tye relatief duur om aan te koop en daarna moes hulle deur die eienaar onderhou word. Slawe-arbeid was ook oneffektief en die slawe onbetroubaar. Hierbenewens het die eienaar die risiko gedra van die slaaf se dood of ongeskiktheid of dat hy noksaal gebonde gehou kon word vir delikte gepleeg deur die slaaf.

Die effektiewe aanwending van slawe-arbeid is verseker deur die streng kontrole wat die eienaar oor die slaaf uitgeoefen het en ook die moontlikheid wat daar bestaan het van *manumissio* as beloning vir goeie diens. Laasgenoemde feit het ironies die hele slawe-sisteem ondergrawe.

Slawe is oor die hele spektrum van die arbeidsmark aangewend. Pogings om presies vas te stel wat die verhouding slawe tot vrygelatenes en vrygeborenes was, is misleidend en sal moontlik nooit 'n ware weerspieëling kan verskaf van die samestelling van die arbeidsmark in Rome nie. Dit kan egter aanvaar word dat slawe op geen stadium die vry werkers verdring of vervang het nie. Vry persone het 'n groter stimulus gehad om te werk en daar was minder risiko's verbonde aan die indiensneming van 'n vry persoon as wat daar was aan die koop van 'n slaaf.

In die stede het die *liberti* die mees aktiewe ekonomiese groep gevorm en die feit dat hulle kragtens die *ius patronatus* sekere dienste aan hulle *patroni* moes lewer, het hulle nie daarvan weerhou om onafhanklik en vir eie gewin oor hulle arbeidskragte en/of vaardighede te beskik nie.

Die meeste van die *plebs urbana* het op of onder die broodlyn geleef. As gevolg van oorloë en natuurlike rampe was hulle skuldlas 'n konstante probleem. Verskeie wetgewende maatreëls wat aangeneem is in 'n poging om die situasie te verlig, het slegs tydelike uitkoms gebring. Die staat het die probleem van werkloosheid by die *plebs urbana* by wyse van openbare bouprojekte aangespreek. Die afname van die bouprojekte na 138 vC kan as die direkte oorsaak van die onluste en oproer gedurende die laaste dekades van die 2de eeu vC en die gebruik waardeur die staat aan 'n sekere hoeveelheid inwoners van die stad gratis koring verskaf het, aangewys word.

Behuising was ook 'n groot probleem en die *plebs urbana* het onder swak omstandighede in 'n groot aantal *insulae* in die stad gewoon. Daar was geen inmenging van die kant van die staat nie en as gevolg hiervan en ook die risiko's

verbonde aan die besit van woonhuise was huurgelde hoog. Hoë huurgelde gee ook aanleiding tot onluste en oproer teen die einde van die 1ste eeu vC.

Die staat het slegs in 'n beperkte mate hulp verleen aan die *plebs urbana*. Direkte hulpverlening het hoofsaaklik neergekom op die verskaffing van grond op die platteland, die verskaffing van werksgeleenthede in die stad en koringvoorsiening.

Nie al die inwoners van Rome het in die gratis koring gedeel wat deur die keisers uitgedeel is nie. Dié praktyk kan ook nie gesien word as 'n welsynsprojek nie. Slegs 150 000 van die totaal van tussen 750 000 - 800 000 inwoners van die stad het van die gratis koring ontvang. Die hoeveelheid koring wat 'n individu per maand gratis ontvang het, was slegs genoeg om in die behoeftes van een persoon te voldoen.

Die staat het wel daarvoor gesorg dat daar te alle tye 'n voldoende voorraad koring in die stad teenwoordig was. As die omvang van die stad se jaarlikse behoefte aan koring in ag geneem word, is dit duidelik dat hierdie *cura annonae* aan 'n groot aantal inwoners werk verskaf het.

Gedurende die Prinsipaat was die keisers bewus van die gevare verbonde aan werkloosheid en die berig in Suetonius (*Vespasianus* 18) bied 'n duidelike illustrasie van die keiser wat as *defensor plebis* hom bemoei het met die verskaffing van werk aan die *plebs urbana*. Die plig het op die keiser gerus om deur die skep van werksgeleenthede sy *liberalitas* te bewys.

Met inagneming van bogemelde getuienis blyk dit sonder twyfel dat die *plebs urbana* nie op die aalmoese wat deur die staat uitgedeel is, sou kon oorleef nie. Die *collegia* waaraan die werkers behoort het, het ook slegs 'n beperkte rol gespeel en het nie as doel gehad om die materiële welsyn van hulle lede te verbeter nie. Die effek wat die gratis koring en ander aalmoese van die staat wel gehad het, was dat dit tot gevolg gehad het dat die werkers teen laer lone kon werk; hierdie feit het verseker dat hulle te midde van 'n groot aantal slawe wel in staat sou wees om werk te kon vind.

Dit kan aanvaar word dat die meeste inwoners van Rome in staat gestel was om ekonomies te kon oorleef deur die groot aantal werksgeleenthede wat daar in die stad bestaan het. Lone was wel laag maar kon wissel en het waarskynlik van algemene ekonomiese faktore afgehang. Dit verklaar die feit dat daar talle voorbeelde voorkom van werkers wat groot rykdomme versamel het of groot aansien in die samelewing geniet het. Die blote feit dat die werkers in groot getalle in Rome teenwoordig was, bewys alreeds die feit dat daar voldoende getalle werksgeleenthede beskikbaar was. Daar bestaan getuienis van sosiale mobiliteit van werkers en indien daar grootskaalse werkloosheid was, kon verwag word dat hulle na stede waar daar 'n aanvraag vir hulle dienste bestaan het, sou verhuis.

Veral geskoolde arbeid is hoog geag en heelwat aandag is spandeer aan die opleiding van sowel slawe as *ingenui*.

Die argitektuur van Rome weerspieël die belangrike rol wat werkers en werk in die stad gespeel het en lewer getuienis van 'n groot aantal beroepe wat daar bestaan het. Reeds op 'n vroeë stadium in die geskiedenis van Rome is daar begin met die bou van *tabernae*, groot markte, *basilicae* en *horrea*. Werkers is meestal akkomodeer in *tabernae* wat deel uitgemaak het van *insulae*.

Die *Corpus Inscriptionum Latinorum* verskaf waardevolle inligting oor die verskillende beroepe wat daar in die stad bestaan het. Die feit dat sekere paaie of distrikte die naam van bepaalde beroepe gedra het, lewer verdere bewys van die aktiwiteite van vakmanne en werkers in die stad. Daar is soveel as 160 beroepe geïdentifiseer wat in die stad Rome deur werkers en vakmanne beoefen is. Die meeste ongeskoolde werkers in Rome was waarskynlik betrokke by die vervoer van goedere en by die boubedryf.

3 DIE REGSPOSISIE VAN WERKERS IN DIE KLASSIEKE ROMEINSE REG

3.1 INLEIDING

Die studie tot op hierdie stadium het ten doel gehad om die noodwendigheid van die bestaan van arbeidsverhoudings tydens die klassieke periode van die Romeinse reg aan te toon. Die ondersoek het aangetoon dat daar reeds sedert die vroegste tye 'n behoefte bestaan het aan arbeidsverhoudings. Deels as gevolg van die feit dat daar nie aan alle behoeftes tuis voldoen kon word nie, en deels omdat daar aanvanklik nie op groot skaal van slawe gebruik gemaak is nie, was arbeidsverhoudings (weliswaar op 'n beskeie skaal) reeds op daardie stadium in Rome 'n integrale deel van die samelewing.

Vandat die eerste nedersetters hulle op die *Palatium* gevestig het, tot aan die einde van die klassieke periode was die enigste waarborg vir die meerderheid van die bevolking om ekonomies te kon oorleef, die feit dat hulle hulle arbeidskragte en of vaardighede, teen vergoeding, tot beskikking van 'n ander kon stel.

In die argaïese periode sou dit waarskynlik selde nodig gewees het vir die reg om regulerend in te gryp insoverre dit arbeidsverhoudings betref. Dit volg uit die relatiewe ongekompliseerde aard van die primitiewe samelewing. Die tipe werk wat oorwegend gedoen is, of deskundige dienste wat verskaf is, sou oor die algemeen binne die vermoëns van die individuele vakman of werker geval het. Hierby kom ook die verdere oorweging dat die werk waarskynlik binne die sfeer van die *familia* verrig is en konflik ook daar, intern, opgelos is.[1063] Die feit dat daar in die *Lex Duodecim Tabularum* geen bepaling wat handel oor arbeidsverhoudings oorgelewer is nie, ondersteun bogemelde teorie.

Sedert die Khartaagse oorloë het die handel gebloei en verstedeliking versnel. Arbeidsverhoudings het dienooreenkomstig beide in belangrikheid en ook in kompleksiteit toegeneem. Die Romeinse reg het hiermee tred gehou en die nodige

---

1063 Vgl De Robertis *Rapporti di Lavoro* 4.

beskerming aan beide werkers en werkgewers gebied. Die skepping van die *iudicia bonae fidei* gedurende die loop van die 2de eeu vC het die geleentheid gebied om regskrag te verleen aan 'n aantal elastiese regsverhoudings waarvan die grondslag van aanspreeklikheid die *bona fides* van die partye was.[1064]

Aangesien die juridiese beskerming van die werker van sy privaatregtelike status sou afhang, sal die regstatus van werkers vervolgens ondersoek word. Daarna sal sekere aspekte van *locatio conductio* wat moontlik ook 'n invloed kon hê op die bestaan van arbeidsverhoudings, belig word.

3.2 DIE REGSTATUS VAN WERKERS

3.2.1 Inleiding

In die eerste plek is dit nodig om te verduidelik wat hier met die begrip 'status' bedoel word. In die Romeinse reg het dit meerdere betekenisse gedra. As juridiese konsep kon hier twee aspekte ter sprake kom. Die eerste is die posisie van die werker in die reg in die breë, dit wil sê die vraag of hy 'n regsubjek, 'n *persona iuris*, was waarop die *ius quod ad personas pertinet*[1065] van toepassing was. In die tweede plek is sy *status familiae* ter sprake wat bepaal word deur die vraag of die individu *in potestate* was of nie.[1066] Die woord status kon ook bloot slaan op sosiale status, dit wil sê die posisie van die individu in die samelewing; sy sosio-ekonomiese posisie of selfs bloot sy geestestoestand.[1067]

3.2.2 P Sent 2 18 1

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof daar geen onsekerheid oor bogemelde

---

1064 Vgl hieroor Kaser *Römisches Privatrecht* 1 177 ev; Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 441 ev. Wat *locatio conductio* betref vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 325 ev; Mayer-Maly *Locatio Conductio* 15 ev; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 193 ev.

1065 Vgl G 1 8: *omne ... ius quo utimur, vel ad personas pertinet, vel ad res vel ad actiones.*

1066 Wat die Romeinse begrip *status* betref, vgl Guarino *Diritto Privato Romano* Napoli 1992 288 ev wat ook uitgebreide literatuur verskaf; vgl ook Kaser *Römisches Privatrecht* 1 270 ev.

1067 Lewis-Short *Latin Dictionary* sv "Status" II A 3-4.

aspekte, wat betref die status van die werker kon bestaan nie. Daar bestaan immers geen twyfel oor die feit dat status deur 'n vaste aantal faktore soos vryheid,[1068] burgerskap,[1069] *ingenuitas*,[1070] geslag[1071] en posisie in die *familia*[1072] bepaal word nie.[1073] Op geen stadium word daar genoem dat die werker 'n statusveranderig ondergaan nie en so ook nie dat die sluiting van die een of ander vorm van kontrak tot *capitis deminutio* sou lei nie.[1074]

'n Aantal tekste het egter tot twyfel en verwarring aanleiding gegee. In die eerste plek wil dit voorkom asof Paulus wel 'n verandering van status voorsien in die geval van 'n werker wat 'n kontrak van *locatio conductio operarum* aangaan:

> Homo liber qui statum suum in potestate habet et peiorem et meliorem facere potest; atque ideo operas suas diurnas nocturnasque locat.[1075]

Paulus noem dat 'n vry persoon sy status kan verbeter en versleg. Daarom verhuur hy sy dienste dag en nag. 'n Aantal vrae ontstaan nou. In die eerste plek, wat bedoel Paulus met *status*? Soos reeds opgemerk het die woord *status* 'n wye semantiese veld. Afgesien van die tegniese betekenis wat die woord kon hê (waarna hierbo verwys is), kan dit ook eenvoudig beteken "posisie" in die sin van voorspoed, materiële welvaart, posisie in die samelewing ensovoorts.[1076]

1068 Vgl Papinianus D 36 1 55; G 1 89; Kaser *Römisches Privatrecht* I 272.

1069 Ulpianus D 49 7 1 3; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 297 ev; Guarino *Diritto Privato Romano* 289.

1070 Marcianus D 1 5 5 1; Modestinus D 1 5 21; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 298 ev.

1071 Vgl Papinianus D 1 5 9; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 275 ev.

1072 G 1 162; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 341 ev.

1073 Vgl bloot Kaser *Römisches Privatrecht* 1 270 ev; Guarino *Diritto Privato Romano* 288 ev; Talamanca *Istituzioni di Diritto Romano* 76 ev.

1074 Hier word slegs verwys na die posisie in die klassieke reg. Die hoogs omstrede kwessies van persone *in mancipio*, die *nexi*, *obaerati* en *auctorati* wat in die tye daarvoor en daarna voorgekom het, het waarskynlik as status-verhoudings nie 'n beduidende rol in die kontraktereg gespeel nie en kan vir die doeleindes van die ondersoek bulte rekening gelaat word. Vgl hieroor Nörr D "Zur sozialen und rechtlichen Bewertung der freien Arbeit in Rom" 1965 *ZSS* 67 89 ev; De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 143; in die algemeen Guarino *Diritto Privato Romano* 317, 549.

1075 P Sent 2 18 1: 'n Vry man wat in staat is om sy status te verander, kan dit beide versleg en verbeter; daarom verhuur hy sy dienste dag en nag.

1076 Vgl ook De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 143 ev.

Voorts noem Paulus dit dat die *liber homo* sy status kan verbeter en versleg. Sou die verhuur van sy dienste sy privaatregtelike status kon versleg en verbeter? In die tweede plek, indien Paulus daarteenoor status in die sin van sosiale posisie of materiële welvaart gebruik, is dit ewe moeilik te begryp hoe die verhuur van dienste die werker kan benadeel en kan bevoordeel.

Voorts is dit moontlik om uit die sinskonstruksie (... *et peiorem et meliorem facere potest; atque ideo* ....) af te lei dat Paulus die gedeelte vanaf *ideo* ... aan dit wat onmiddellik voorafgaan koppel (dit wil sê *meliorem facere potest*). So beskou kon Paulus dan bedoel het dat dit moontlik was vir 'n *liber homo* om sy status te versleg. Hy kan dit egter ook verbeter, en daarom verhuur hy sy dienste dag en nag.

Ten opsigte van elk van bogemelde vertolkings bly dit egter van wesenlike belang om eers vas te stel presies wat Paulus met die begrip *status* kon bedoel.[1077]

Daar bestaan algemene konsensus onder Romaniste dat Paulus *status* hier in die regstegniese betekenis van *caput* gebruik.[1078] Tesame hiermee word beklemtoon dat die teks van Paulus deur 'n na-klassieke juris verander is en nie die posisie soos dit tydens die klassieke periode gegeld het, weergee nie.[1079]

De Robertis het 'n groot deel van sy lewe spandeer aan navorsing oor die posisie van werk en werkers in die Romeinse reg.[1080] In sy ondersoek na die regstatus van die werker kom hy tot die konklusie dat die *locator operarum* tydens die klassieke periode

---

1077 So ook Möller *Freiheit und Schutz* 23.

1078 De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 173; Mayer-Maly *Locatio Conductio* 10; Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 103; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 197. Contra: Martini R *"Mercennarius." Contributo allo studio dei rapporti di lavoro in diritto romano* Milano 1958 71. Möller *Freiheit und Schutz* 24 se standpunt is onduidelik: "Der Arbeitsvertrag brachte vielmehr für den Lohnarbeiter eine Abhängigkeit mit sich, die auch rechtliche Konsequenzen hatte." Aangesien die "rechtliche Konsequenzen" bloot die onderdanigheid is wat daar aan die kant van die werker bestaan het (24 n 143), kan moeilik gesien word hoe sy dit tot 'n "status" begrip verhef.

1079 Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 103; Mayer-Maly *Locatio Conductio* 10; Mayer-Maly "Römische Grundlage des modernen Arbeitsrechts" 285; Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 197; Möller *Freiheit und Schutz* 23; Waldstein *Operae Libertorum* 90 ev.

1080 Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 67.

'n statusverandering ondergaan het.[1081] In die eerste plek argumenteer hy dat die *mercennarius*, as *locator operarum* deel geword het van die *familia* van die werkgewer / *conductor*. Ter motivering word die volgende tekste aangevoer:[1082]

> Furta domestica si viliora sunt publice vindicanda non sunt, nec admittenda est huiusmodi accusatio, cum servus a domino, vel libertus a patrono, in cuius domo moratur, vel mercennarius ab eo, cui operas suas locaverat, offeratur quaestioni; nam domestica furta vocantur quae servi dominis, vel liberti patronis, vel mercennarii apud quos degunt, surripiunt.[1083]

Volgens Marcianus kan daar nie 'n aksie op grond van *furtum* ingestel word nie in die geval waar 'n slaaf van sy meester, 'n *libertus* van sy *patronus* waarby hy inwoon of 'n *mercennarius* van sy werkgewer, iets kleins[1084] gesteel het. Marcianus vrywaar (in die geval van *furta domestica vilioraque*) die slaaf en die *mercennarius* onder alle omstandighede van 'n vervolging; die *libertus* kon 'n vervolging slegs vryspring indien hy ten tye van die diefstal by die huis van die *patronus* ingewoon het.

Marcianus se standpunt in D 48 19 11 1 word ook deur Paulus herhaal:[1085]

1081 De Robertis het die ondersoek wat hy reeds in 1946 gedoen het (*Rapporti di Lavoro* 130 ev) verder verdiep in *Lavoro e Lavoratori* 117 ev. Die konklusie waartoe hy geraak het was in beide gevalle identies.

1082 Vgl De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 117 ev.

1083 Marcianus D 48 19 11 1: Indien diefstal van 'n geringe aard gepleeg word deur lede van die huishouding moet hulle nie in die openbaar vervolg word nie. Ook moet 'n aanklag van hierdie aard nie toegelaat word nie indien 'n slaaf deur sy eienaar, of 'n *libertus* deur sy *patronus* in wie se huis hy woon, of die *mercennarius* deur hom aan wie hy sy dienste verhuur het, oorhandig word vir ondervraging. En onder diefstal gepleeg deur lede van die huishouding word verstaan dit wat slawe van hulle eienaars, of *liberti* van hulle *patroni*, of *mercennarii* van diegene waar hulle woon, wegdra.

1084 Vgl *furta domestica si viliora sunt* ...

1085 Vgl ook Ulpianus D 47 2 17 pr: *Servi et filii nostri furtum quidem nobis faciunt, ipsi autem furti non tenentur: neque enim qui potest in furem statuere, necesse habet adversus furem litigare: idcirco nec actio ei a veteribus prodita est.* 'n Soortgelyke bepaling geld ten opsigte van diefstal deur die *uxor* en *filia familias*: Paulus D 25 2 1; Paulus D 25 2 3 4.

> Si libertus patrono vel cliens, vel mercennarius ei qui eum conduxit, furtum fecerit, furti actio non nascitur.[1086]

Op grond van bogemelde tekste kom De Robertis tot die slotsom dat *mercennarii* deel van die *familia* van die werkgewer geword het.[1087] Hy bereik die resultaat deur te wys op die feit dat daar aan die *magister* in die geval van 'n *locatio pueri docendi* 'n *ius castigationis* toegestaan word.[1088] In die geval van 'n leerkontrak is die werk wat die leerling doen van sekondêre belang; die feit dat die *magister* leiding verskaf is eintlik die belangrike komponent van die verhouding. *A fortiori*, beweer De Robertis, behoort daar 'n tugbevoegdheid aan die *conductor operarum* toegestaan te word in 'n verhouding waar die werk uitsluitlik in die belang van die werkgewer gedoen word.[1089]

Die enigste wyse waarop De Robertis vervolgens die feit kan verklaar dat die *conductor operarum* nie 'n aksie op grond van *furtum* teen die *mercennarius* kan instel nie, is dat hy oor die *potestas in locatorem statuendi* beskik. Volgens De Robertis verkry die *conductor operarum* die *ius in mercennarios statuendi* aangesien die *mercennarius* gedurende die loop van die dienskontrak deel van sy *familia* word. Die finale bewys hiervoor is volgens hom die feit dat die toepassingsgebied van die *interdictum unde vi* uitgebrei is om ook *filii familias* en *mercennarii* in te sluit.[1090]

Ulpianus noem dat die *interdictum unde vi*, wat aanvanklik slegs toegestaan is teen die persoon self of sy slawe wat geweld gebruik het, uitgebrei is om ook geweld deur 'n *filius familias* en *mercennarius* te dek:

1086 Paulus D 47 2 90 (89): Indien 'n *libertus* of *cliens* iets van die *patronus* steel, of die *mercennarius* van hom wat sy dienste huur, pleeg hy diefstal maar die *actio furti* is nie beskikbaar nie.

1087 Vgl De Robertis *Rapporti di Lavoro* 132 ev, *Lavoro e Lavoratori* 147 ev. De Robertis word op hierdie punt gevolg deur Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 196; Möller C "Die mercenarii in der römischen Arbeitswelt" 1993 *ZSS* 296 329.

1088 Soos blyk uit Ulpianus D 9 2 5 3 en Ulpianus D 19 2 13 4.

1089 *Lavoro e Lavoratori* 164.

1090 *Lavoro e Lavoratori* 117 ev.

> Familiae autem appellatione servos continet: 17 Sed quaeritur, quem numerum servorum contineat, utrum plurium an vero et duum vel trium. Sed verius est in hoc interdicto, etiamsi unus servus vi deiecerit, familiam videri deiecisse. 18 Familiae appellatione et eos, quos loco servorum habemus contineri oportere dicendum est. .... 20 Si filius familias vel mercennarius vi deiecerit, utile interdictum competit.[1091]

Ten opsigte van die *interdictum quod vi aut clam* geld 'n soortgelyke bepaling:

> Prohibere autem non utique per semet ipsum necesse est, sed et si quis per servum suum, vel procuratorem prohibuerit recte videtur prohibuisse; idem etiam si mercennarius meus prohibuerit.[1092]

Die laaste gedeelte van Ulpianus D 43 16 1 20 (*Si filius familias vel mercennarius vi deiecerit, utile interdictum competit*) lewer vir De Robertis probleme op. Die *interdictum unde vi* kan ingestel word op grond van *vis* deur die *pater familias* of lede van sy *familia*.[1093] Waar geweld gebruik is deur 'n *filius familias* of 'n *mercennarius* is 'n *interdictum utile* aangewese. Hieruit volg dit dus logies dat die *mercennarius* nie as lid van die *familia*, of as een van die persone *loco servorum* gereken kan word nie.

1091 Ulpianus D 43 16 1 16-20: Slawe word ook inbegrepe onder die term *familia*. 17. Die vraag ontstaan hoeveel slawe hieronder ingesluit word - 'n aantal of selfs net twee of drie? Die korrekte mening is dat, ten opsigte van hierdie interdik, selfs indien een slaaf iemand met geweld verdryf het, dit geag word dat die *familia* die persoon verdryf het. 18. Dit moet genoem word dat onder die benaming *familia* selfs diegene wat ons soos slawe aanhou, ingesluit moet word. ... 20 Indien 'n *filius familias* of 'n *mercennarius* iemand met geweld verdryf het, is 'n *interdictum utilis* beskikbaar.

1092 Ulpianus D 43 24 3 pr: Dit is ook sekerlik nie nodig dat iemand persoonlik die ander belet nie; ook as iemand deur middel van sy slaaf of *procurator* 'n ander belet het, word dit geag dat die verbod regskrag het; die posisie is identies selfs indien 'n *mercennarius* in my diens die ander persoon belet het.

1093 Vgl Ulpianus D 43 16 1 pr: *Praetor ait: 'Unde tu illum vi dejecisti aut familia tua dejecit, de eo quaeque ille tunc ibi habuit .... quod ad eum qui vi dejecit, pervenerit, judicium dabo.* Die verwysing in die teks is na die *familia servorum* en nie na die familie van die *pater familias* (in die sin van die *agnati* of *cognati*: Kaser *Römisches Privatrecht* 1 50) nie. Dit blyk uit die feit dat daar ook in die geval van die *filius familias* tot die *interdictum utilis* die toevlug geneem moes word en word gesteun deur Ulpianus D 50 16 195 3: ... *Servitutum quoque solemus appellare familias, ut in edicto praetore ostendimus sub titulo de furtis ... et interdicto unde vi familiae appellatio omnes servos comprehendit.* Vgl ook Martini *Mercennarius* 69.

Anders sou dit nie sin maak dat Ulpianus in die geval van die *mercennarius* 'n *interdictum utile* toestaan nie.

Juis dié feit, naamlik dat Ulpianus blykbaar die *mercennarius* nie as een van die *personae loco servorum* beskou nie, lei De Robertis daartoe om D 43 16 1 20 as 'n interpolasie te beskou. Hy wys daarop dat daar 'n lang tradisie bestaan (wat terugdateer na Cujacius en strek tot en met Solazzi)[1094] om die *mercennarius* as deel van die kategorie van *personae loco servorum* te beskou. Dit sou volgens hom ook foutief wees om dit anders te sien in die lig van die feit dat die Romeine die loon van die *mercennarius* as *auctoramentum servitutis*[1095] en omgekeerd die slaaf as 'n *perpetuus mercennarius*[1096] bestempel het.

De Robertis motiveer sy standpunt verder deur daarop te wys dat die Bisantynse juriste die *mercennarius* nie meer as 'n slaaf, en dus as 'n *persona loco servorum*, beskou het nie.[1097]

De Robertis gaan egter verder en is van mening dat iedere werker *mercede conductus* (en dus nie slegs die sogenaamde *mercennarii* nie) tydelik deel word van die *familia* en dat hulle *status* dienooreenkomstig verander.[1098] As finale bewys maak hy dan staat op P Sent 2 18 1.[1099]

Myns insiens gaan De Robertis se argumente nie op nie. In die eerste plek is dit duidelik dat sy argument op 'n aantal veronderstellings berus wat nie sondermeer aanvaar kan word nie. In die eerste plek steun hy swaar op die feit dat die rede vir die

---

1094 Vgl De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 118.
1095 Cicero *De Officiis* 1 42 150. Vgl die bespreking op 220 ev hieronder.
1096 Seneca *De Beneficiis* 3 22.
1097 De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 140 ev.
1098 Vgl De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 177: "Bisogna quindi ..... ritenere che la messa a disposizione di altri delle proprie energie lavorative sulla base della *locatio operarum* importasse per il lavoratore libero uno stato di dipendenza assai esteso .... come una *mutatio status*, anzi come una *mutatio in peius* del proprio *status* tecnicamente inteso." De Robertis word op dié punt nagevolg deur Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 196 en sy leerling Möller *Freiheit und Schutz* 20 ev wat dit as geldend vir die posisie gedurende die voor- en na-klassieke periode beskou. Vgl ook Nörr " Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 86.
1099 *Lavoro e Lavoratori* 172 ev.

weiering van die *actio furti* (volgens hom) geleë is in die *potestas in mercennarios statuendi* wat aan die *conductor operarum* toegestaan is. Hiervoor kan geen konkrete bewys aangevoer word nie. In die tweede plek aanvaar hy dat P Sent 2 18 1 as bewys kan dien van die feit dat die werker 'n vorm van *capitis deminutio* ondergaan het. Tog is dit nie 'n uitgemaakte saak dat Paulus in hierdie teks die privaatregtelike status (in die sin van *caput*) in gedagte gehad het nie.

Ulpianus D 43 16 1 steun De Robertis ook slegs indien aanvaar word dat die gedeelte vanaf *Si filius familias* as 'n interpolasie verwerp kan word.[1100]

Dit is dus nodig om die posisie *de novo* te ondersoek. In P Sent 2 18 1 verkondig Paulus die siening dat die *liber homo* sy status kan verbeter en versleg. Indien van die standpunt uitgegaan word dat Paulus status hier in die regstegniese sin van die woord gebruik, moet eerstens vasgestel word hoe 'n *liber homo* gedurende die klassieke periode sy privaatregtelike status eerstens kon versleg en tweedens kon verbeter.

Soos reeds aangedui, word 'n vry persoon se privaatregtelike status deur 'n beperkte aantal faktore bepaal soos burgerskap, geslag, ouderdom en sy posisie in die familie.[1101] Dit is dus moeilik om in te sien wat Paulus kon bedoel waar hy die moontlikheid noem dat die *liber homo ... statum suum ... et peiorem et meliorem facere potest*. Die persoon is reeds vry (dit is immers implisiet in die woorde *liber homo qui....*) en gedurende die tyd waarin Paulus skryf word alle inwoners van die ryk ingevolge die *Constitutio Antoniniana*[1102] in ieder geval *cives romani*. Die moontlike verbetering van die *liber homo* se status sou dus slegs betrekking kon hê op sy posisie in die familie: *capitis deminutio minima*.[1103] In die tyd waarbinne Paulus geskryf het sou *capitis deminutio minima* plaasvind as gevolg van *adoptio*, *adrogatio* of *emancipatio*.[1104]

1100 Vgl hieroor Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit im Rom" 91 asook Martini *Mercennarius* 63 ev, wat beide hierdie tese van De Robertis verwerp.

1101 Vgl 171 hierbo.

1102 Vgl Ulpianus D 1 5 17: *In orbe Romano qui sunt ex constitutione imperatoris Antonini cives Romani effecti sunt.*

1103 Vgl Guarino *Diritto Privato Romano* 291; Kaser *Römisches Privatrecht* I 272.

1104 Vgl Guarino *Diritto Privato Romano* 291.

Van gemelde drie moontlikhede kon slegs *emancipatio* as 'n verbetering in die status van die *liber homo* aangemerk word. *Adoptio* behels die oorgang van 'n *alieni iuris* van die een familie na 'n ander.[1105] Die geadopteerde kind verlaat die *potestas* van die een *pater familias* en kom onder die *potestas* van 'n ander. Waar hy voor *adoptio* die status van *alieni iuris* gehad het, behou hy dieselfde status as *alieni iuris*. Hoewel daar dus in die geval van *adoptio* gepraat kan word van *capitis deminutio minima*,[1106] is daar nie sprake van 'n verslegting of verbetering in die privaatregtelike status van die *liber homo* nie.

Adrogatio sou wel as 'n verslegting van die status aangedui kon word.[1107] In die geval van *adrogatio* word 'n *sui iuris* onder die *potestas* van 'n derde geplaas waarna hy *alieni iuris* geword het.[1108] In die lig van die ingrypende implikasies wat *adrogatio* op privaatregtelike gebied vir die individu meegebring het, kan begryp word dat die handeling aanvanklik deur die *Comitia Curiata* goedgekeur moes word. Dié *adrogatio per populum* wat gedurende die klassieke periode steeds in Rome gegeld het, is eers in die na-klassieke periode vervang deur *adrogatio per rescriptum principis*.[1109]

Die een geval waar daar ongetwyfeld sprake was van 'n verbetering insoverre dit die privaatregtelike status van die *liber homo* betref, is *emancipatio*. Waar hy aanvanklik *alieni iuris* was, sou die *emancipatus* voortaan *sui iuris* wees.[1110] *Emancipatio* het tot gevolg dat die geëmansipeerde onafhanklik aan die regsverkeer kon deelneem en 'n selfstandige boedel kon opbou.[1111]

1105 Kaser *Römisches Privatrecht* 1 348 ev.
1106 Kaser *Römisches Privatrecht* 1 349.
1107 Guarino *Diritto Privato Romano* 291.
1108 Kaser *Römisches Privatrecht* 1 347.
1109 Vgl in die algemeen Kaser *Römisches Privatrecht* 1 347 ev. Op die vraag wat bedoel word met *adrogatio per populum* gedurende die klassieke periode, hoef nie hier ingegaan te word nie. Vgl bloot Kaser *Römisches Privatrecht* 1 347 n 27.
1110 Vgl Guarino *Diritto Privato Romano* 557 ev; Kaser *Römisches Privatrecht* I 349 ev.
1111 *Emancipatio* het tot gevolg dat die *emancipatus* die *gens* van sy *pater familias* verlaat en dus ook sy aanspraak om *ab intestato* in die erfenis te deel. Teen die klassieke periode het die *praetor* hierdie nadeel uitgeskakel deur aan die *emancipatus* die moontlikheid van *bonorum possessio* aan te bied. Vgl Kaser *Römisches Privatrecht* 1 70 ev; 697 ev.

Dit was dus teoreties moontlik vir die *liber homo* om sy privaatregtelike status te verbeter of te versleg. Uit die teks van Paulus wil dit egter voorkom asof die *liber homo* die bevoegdheid het om self daaroor te besluit: *liber homo qui statum suum in potestate habet, et peiorem et meliorem facere potest. Emancipatio* was egter afhanklik van die toestemming van die *pater familias*.[1112] Ook *adrogatio* (hetsy argumenteer word dat dit 'n verbetering van die status sou meebring al dan nie) kon nie deur die *adrogans* alleen uitgevoer word nie; die toestemming van die *pater adrogans* sowel as die *populus* of *princeps* moes verkry word. Dit is dus nie moontlik dat Paulus kon suggereer dat die *liber homo* wat *in potestate* was, self in staat sou kon wees om sy *status* te verbeter of te versleg nie. Dié besluit het in die finale instansie nie by hom berus nie.

Die konklusie volg dus noodwendig uit bogemelde dat, indien Paulus wel die privaatregtelike status van die *liber homo* in gedagte gehad het, hy nie sou kon sê dat die *liber homo* in staat was om dit te verbeter of te versleg nie. Paulus kon dus eenvoudig nie die begrip status in die regstegniese sin van die woord bedoel het nie. Status word hier deur Paulus gebruik om bloot te dui op die sosiale en materiële posisie van die *liber homo*.[1113] Dit maak ook die laaste gedeelte vanaf *ideo operas suas diurnas nocturnasque locat* verstaanbaar. Indien 'n persoon vry is,[1114] kon hy sy dienste deurlopend (dag en nag) verhuur en sodoende sy status (in die woorde van Paulus) verbeter sowel as versleg.

Die alternatiewe argument bestaan natuurlik steeds, naamlik dat Paulus se teks deur 'n na-klassieke bewerker verander is en in ooreenstemming gebring is met die posisie gedurende daardie periode. Afgesien van die feit dat dit dan onseker is wat Paulus (of die na-klassieke bewerker) bedoel met die moontlike verbetering van die *liber homo*

1112 Marcianus D 1 7 31 *Ne potest filius, qui est in potestate patris, ullo modo compellere eum, ne sit in potestate, sive naturalis sive adoptivus.* Marcianus D 30 114 8 *Sed si liberos suos emancipare rogatus fuerit, non cogitur hoc facere: potestas enim patria inaestimabilis est.* Vgl Kaser *Römisches Privatrecht* I 350.

1113 So ook Martini *Mercennarius* 71 wat egter geen oortuigende argumente vir sy standpunt aanvoer nie.

1114 Slawe sou logies slegs die bevoegdheid kon uitoefen indien hulle die toestemming van hulle eienaars gehad het!

se *status*, sal so 'n siening noodwendig ook impliseer dat die hele P Sent 2 18 1 as geïnterpoleer beskou moet word. Hierdie moontlikheid kan as onwaarskynlik beskou word, veral in die lig van die feit dat sodanige vertolking in ieder geval ook sou meebring dat P Sent 2 18 1 ook nie die posisie soos dit tydens die na-klassieke periode bestaan het, weergee nie.[1115]

Hieronder sal ook aangetoon word wat Paulus moontlik kon bedoel waar hy opmerk dat die *liber homo* sy status kon verbeter sowel as versleg.[1116] Eers moet daar uitsluitsel gekry word oor wie in die kategorieë van die *mercennarius* en die *liber homo qui bona fide servit* ingereken moet word.

3.2.3 *Mercennarius* en die *liber homo qui bona fide servit*

Oor die algemeen word aanvaar die *liber homo bona fide serviens* is "eines Freien, der Sklav zu sein glaubt und gleichfalls von jemanden für einen Sklaven gehalten und als solcher besessen wird".[1117]

'n Groot aantal tekste waar die *liber homo qui bona fide servit* ter sprake kom, dek wel die geval waar 'n *liber homo* onbewus van sy *status libertatis* glo dat hy 'n slaaf is en ook aldus *bona fide* sy vermeende eienaar dien.[1118] In die regsbronne kom daar ook gevalle voor waar 'n persoon 'n werkgewer *quasi servus* dien sonder dat daar genoem word of die partye bewus was van die werker se *status libertatis* of nie. Die volgende tekste dien as illustrasie:

1115 Vgl Diokletianus en Maximianus C 7 14 11 (294 nC) op 194 hieronder.

1116 Vgl 193 ev hieronder.

1117 Cannata CA "Das Faktische Vertragsverhältnis oder die ewige Wiederkunft des Gleichen" 1987 *SDHI* 297 303; vgl ook Wacke A "Faktische Arbeitsverhältnisse im Römischen Recht? Zur sogenannten "notwendigen Entgeltlichkeit" besonders bei Arbeitsleistungen vermeintlicher Sklaven" 1991 *ZSS* 123; Guarino *Diritto Privato Romano* 681; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 241; Bürge "Mercennarius" 86. Daar is weinig literatuur beskikbaar oor die *liber homo bona fide serviens*. Die monografieë van beide Cuigi *Liber homo bona fide serviens* 1941, en Reggi *Liber homo bona fide serviens* 1958, was ongelukkig nie tot my beskikking nie. Die resensies van Kreller 1942 *ZSS* 453 en Medicus 1960 *ZSS* 451 kon my nie veel verder bring nie.

1118 Vgl bv Ulpianus D 12 4 3 5; Ulpianus D 17 1 8 5; Papinianus D 17 1 54 1; Pomponius D 18 1 5; Scaevola D 21 2 69; Celsus D 28 5 60; Julianus D 29 2 45 4; Pomponius D 41 1 19; Africanus D 41 1 40; Julianus D 41 4 7 8; Papinianus D 45 1 118; Paulus D 45 3 20.

> Si libero homini, qui mihi bona fide serviebat, quasi servo rem commodavero, videamus, an habeam commodati actionem. Nam et Celsus filius aiebat, si iussissem eum aliquid facere, vel mandati cum eo vel praescriptis verbis experiri me posse: idem ergo et in commodato erit dicendum. nec obstat, quod non hac mente cum eo, qui liber bona fide nobis serviret, contrahemus quasi eum obligatum habituri: plerumque enim id accidit, ut extra id quod ageretur tacita obligatio nascatur, veluti cum per errorem indebitum solvendi causa datur.[1119]

'n Eienaar het aan 'n vry persoon wat *de facto* soos 'n slaaf by hom gewerk het 'n saak geleen. Die werker het klaarblyklik die saak beskadig of verloor, wat afgelei kan word uit die feit dat die werkgewer hom met die *actio commodati* aanspreeklik wou hou. Die probleem is egter geleë in die feit dat die *dominus* die saak aan 'n werker *quasi servo* geleen het. Waar 'n *dominus* sy saak aan sy eie slaaf gee om te gebruik sou daar geen kontrak tot stand kom nie. Sou daar in dié geval, waar die *dominus* 'n saak aan 'n vry persoon oorhandig wat vir alle praktiese doeleindes as sy slaaf beskou kon word, gesê kan word dat die partye die nodige *consensus* gehad het om die kontrak te sluit?

Hieroor het Celsus nie twyfel nie. Ten spyte van die feit dat die *dominus / conductor operarum* nie die bedoeling gehad het om met die werker / *locator operarum* 'n kontrak te sluit nie,[1120] kom daar 'n *obligatio* tot stand. Indien die *dominus* in die geval aan die werker 'n bepaalde opdrag gegee het, sou dit boonop afgedwing kon word met die *actio mandati* of *actio praescriptis verbis*. Dieselfde geld ten opsigte van die saak wat geleen is: die *dominus* sou wel die *actio commodati* of *actio praescriptis verbis* kon instel.

1119 Pomponius D 13 6 13 2: Laat ons vasstel of ek die aksie op grond van *commodatum* tot my beskikking sal hê indien ek vir 'n vry man wat *bona fide* soos 'n slaaf by my gewerk het, 'n saak geleen het asof hy (inderdaad) 'n slaaf is. Ja, ook Celsus die jongere was van mening dat, indien ek hom sou beveel het om iets te doen, dat ek of 'n aksie op grond van *mandatum*, of die *actio praescriptis verbis* teen hom kon instel: die posisie moet dus identies wees in die geval van *commodatum*. Dit maak nie saak dat ek nie met hom wat as vry man my *bona fide* gedien het, op die grondslag kontrakteer het asof ek hom aan die verbintenis gebonde sal hou nie. Dit gebeur immers dikwels dat buite om dit wat gedoen is, stilswyend 'n verbintenis tot stand kom, soos byvoorbeeld waar iemand foutiewelik 'n bedrag ter betaling aanbied wat hy nie verskuldig is nie.

1120 Vgl die woorde ... *nec obstat, quod non hac mente cum eo, qui liber bona fide nobis serviret, contrahemus quasi eum obligatum habituri* ...

By wyse van analogie wys Celsus op die feit dat dit in meer gevalle voorkom dat daar, teen die bedoeling van die partye, 'n *obligatio* tot stand kom soos die geval is waar *per errorem indebitum solvendi causa datur*.

Celsus was lid van die *consilium* van Hadrianus en konsul in 129 nC.[1121] As lid van die *Proculiani*[1122] verwys hy in die teks na 'n geval wat ruim 100 jaar voor hom deur Labeo, stigter van die *Proculianl*, aangespreek is:

> Si libero homini, qui bona fide mihi serviebat, mandem, ut aliud agat, non fore cum eo mandati actionem Labeo ait, quia non libera voluntate exsequitur rem sibi mandatam, sed quasi ex necessitate servili: erit igitur negotiorum gestorum actio, quia et gerendi negotii mei habuerit affectionem et is fuit, quem obligare possem.[1123]

Iemand het aan sy werker *qui bona fide servit* 'n bepaalde opdrag gegee. Uit die feitestel moet afgelei word dat die opdrag nie uitgevoer is nie of dat die werker bepaalde voordele uit die transaksie bekom het wat hy nie aan die werkgewer wou oorhandig nie. Die vraag is weereens of die werkgewer 'n kontraktuele aksie (*actio mandati*) teen die werker kon instel.

Labeo was van mening dat die aksie nie kon slaag nie, aangesien die werker onder die omstandighede nie in staat was om uit vrye wil te handel nie (*non libera voluntate*) en daar dus geen sprake kon wees van *consensus* nie.[1124] Aangesien die werker wel die bedoeling gehad het om die werkgewer se saak te behartig, is Labeo bereid om die *actio negotiorum gestorum* toe te staan.

1121 Kunkel *Geschichte* 123.

1122 Vgl Pomponius D 1 2 2 47-53.

1123 Paulus D 3 5 18(19) 2: Indien ek 'n mandaat verskaf aan 'n vry persoon wat my *bona fide* dien sodat hy die een of ander handeling verrig, is Labeo van mening dat ek nie teen hom die *actio mandati* sal kan instel nie, aangesien hy die taak wat aan hom opgedra is, nie uit vrye wil uitvoer nie maar noodwendig soos 'n slaaf. Gevolglik sal die *actio negotiorum gestorum* beskikbaar wees, aangesien hy sowel die bedoeling gehad het om my saak te behartig, asook iemand was met wie ek 'n verbintenis sou kon aangaan.

1124 Vgl die woorde "quia non libera voluntate exsequitur rem sibi mandatam, sed quasi ex necessitate servili".

Word die teks van Celsus met dié van Labeo vergelyk, is dit duidelik dat beide juriste die onderliggende probleem in elke geval identies vasgestel het: is daar sprake van 'n kontrak waar 'n werkgewer 'n saak leen, of 'n opdrag gee aan 'n *liber homo qui bona fide servit*?

Labeo sluit die moontlikheid van *consensus* uit aangesien hy van mening is dat die werker noodwendig verplig sou wees om die opdrag te aanvaar. Die motivering blyk uit die woorde ...*quasi ex necessitate servili*. Daar kan dus geen sprake wees van *consensus* tussen die partye nie. Aangesien daar egter aan die vereistes vir *negotiorum gestio* voldoen word, is Labeo bereid om in die geval aan die werkgewer die *actio negotiorum gestorum* toe te staan.[1125]

Op sy beurt was Celsus duidelik bewus van die uitspraak van Labeo. Dit is die rede daarvoor dat hy ook in sy *responsum* (skynbaar sonder rede) na *mandatum* verwys - wat deur Labeo in Paulus D 3 5 18(19) 2 aangespreek is. Celsus wyk tot 'n mate af van Labeo deurdat hy duidelik minder klem plaas op die feit dat die *liber homo qui bona fide servit* in 'n besondere verhouding jeens sy werkgewer staan. Volgens Celsus sal hierdie besondere verhouding nie noodwendig daartoe lei dat die element van *consensus* nie teenwoordig sou wees nie. Hy huiwer dus nie om wel die aksie op grond van kontrak toe te staan nie.

Celsus staar hom egter nie blind teen die realiteite van die ongelyke vlak waarop die partye verkeer het nie. Daarom kon daar, in bepaalde omstandighede, 'n *actio praescriptis verbis* toegestaan word. Celsus noem nie die maatstaf waarvolgens daar bepaal sou kon word wanneer die kontraktuele aksie of die *actio praescriptis verbis* toegestaan sou word nie. Indien Celsus se uitspraak in die lig van dié van Labeo gelees word, sou die logiese kriterium wees, wanneer die feitelike verhouding tussen die partye sodanig was dat die lener sou handel "*non libera voluntate sed quasi ex*

1125 Met die uitsondering van *consensus* stem die vereistes vir *negotiorum gestio* en *mandatum* tot 'n groot mate ooreen. Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 433 ev. Vir Labeo sou dit dus die logiese keuse in die geval gewees het.

necessitate servili". In daardie geval sou die *actio praescriptis verbis*, en nie die *actio ex contractu* nie toegestaan moes word.

Die rede waarom Celsus nie ook soos Labeo die *actio negotiorum gestorum* kon toestaan nie, is voor die hand liggend. In die geval van *commodatum* word normaalweg slegs die lener deur die transaksie bevoordeel.[1126] Daar kan in daardie geval geen sprake wees van die behartiging van 'n *negotium alienum* of enige *utilitas gestionis* wat beide onontbeerlike voorvereistes is vir die toestaan van die *actio negotiorum gestorum* nie.[1127] Celsus was daarom bereid om die *actio praescriptis verbis* toe te staan.[1128]

Beide Pomponius D 13 6 13 2 en Paulus D 3 5 18(19) 2 word beskou as voorbeelde van gevalle waar een of beide partye *bona fide* geglo het dat daar 'n *dominus / servus* verhouding bestaan het, maar die partye toe plotseling daarna agtergekom het dat die vermeende slaaf inderdaad 'n *liber homo* was.[1129]

Bogemelde siening kom vreemd voor. Nóg uit die teks van Pomponius D 13 6 13 2, nóg uit Paulus D 3 5 18(19) 2 kan die gevolgtrekking gemaak word dat die partye ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms nie bewus was van die vry status van die werker nie. Trouens, indien dit aanvaar word dat Labeo en Celsus beide die geval van 'n vermeende slaaf in gedagte gehad het, moet daar aan Labeo 'n afwykende standpunt toegeskryf word: waar Celsus onder die omstandighede bereid sou wees om 'n *actio* op grond van kontrak toe te staan aangesien *plerumque enim id accidit, ut extra id quod ageretur tacita obligatio nascatur*, was Labeo slegs bereid om 'n kwasi-kontraktuele *actio negotiorum gestorum* toe te staan.

1126 Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 189 ev.

1127 Vgl Ulpianus D 3 5 9 1: *...is enim negotiorum gestorum, inquit [Celsus], habet actionem, qui utiliter negotia gessit.* Dit is wel moontlik dat *commodatum* tot beide partye se voordeel kon wees of selfs slegs tot voordeel van die uitlener (werkgewer in die geval): Zimmerman *Law of Obligations* 198 ev. Onder sulke omstandighede sou daar in beginsel geen beswaar kon wees teen die toestaan van die *actio negotiorum gestorum*, selfs in die geval van *commodatum* nie.

1128 Celsus plaas die transaksie in daardie geval in die sfeer van die *contractus innominati*. 'n Geval van *do ut facias*? Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 534 ev; Kaser *Römisches Privatrecht* 1 582-3.

1129 Vgl Wacke "Faktische Arbeitsverhältnisse im römischen Recht" 128.

Dit is egter ook moontlik dat Celsus en Labeo hier die geval in gedagte gehad het waar 'n *liber homo* eenvoudig *de facto* soos 'n slaaf 'n ander persoon gedien het. In sodanige geval sou die *liber homo* soos 'n slaaf deur die werkgewer behandel word en as gevolg van die absolute onderhorigheid wat daar noodwendig aan die kant van die werker sou moes wees, het Labeo die moontlikheid van 'n vrye wilsuiting aan die kant van die *liber homo* bevraagteken en daarmee ook die basis van aanspreeklikheid *ex contractu*.[1130]

Indien die gebrek al dan nie aan *consensus*[1131] in beide gevalle as rede vir die beslissings van Labeo en Celsus geneem word, kan die tekste wel met mekaar versoen word soos hierbo aangetoon.

Daar bestaan wel tekste wat daarop dui dat sowel 'n vry man sowel as 'n *servus alienus* 'n ander kan dien (*servire*). Paulus D 40 7 4 4:

> Nam et alienus servus servire nobis potest, sicuti liber, et multo magis operas dare.[1132]

Ulpianus D 41 1 23 pr noem ook die moontlikheid dat die *homo qui bona fide alicui servit* beide vry en 'n slaaf kon wees:

> Qui bona fide alicui servit, sive servus alienus sive homo liber est...[1133]

1130 Vgl die bekende teks van Ulpianus D 2 14 1 3 ... *nullum esse contractum, nullam obligationem, quae non habet in se conventionem, sive re sive verbis fiat: nam et stipulatio quae verbis fit, nisi habeat consensum, nulla est.* Vgl Kaser *Römisches Privatrecht* 1 239; Zimmerman *Law of Obligations* 565.

1131 Cannata "Faktische Vertragsverhältnis" 303 stem op hierdie punt met my ooreen maar sien ook in beide die tekste 'n geval van 'n vermeende slaaf wat later 'n *liber homo* blyk te wees. Die juriste staan nogtans volgens hom die kontraktuele aksies toe aangesien hulle daaraan erkenning verleen as 'n "faktische Vertragsverhältnis". Vgl ook Wacke "Faktische Arbeitsverhältnisse im römische Recht" 129 wat in die geval wel *consensus* tussen die partye postuleer maar dan die teenstrydigheid wat ontstaan tussen Labeo en Celsus nie bevredigend verklaar nie.

1132 Paulus D 40 7 4 4: ... want selfs 'n ander se slaaf kan ons soos 'n vry persoon dien; des te meer kan 'n slaaf per dag werk.

1133 Ulpianus D 41 1 23 pr: Hetsy die persoon wat ons *bona fide* dien 'n vry man is, hetsy 'n slaaf...

Ook Modestinus D 41 1 54 4 laat blyk dat sowel 'n vry man as enige iemand anders *bona fide* kan dien:

> Quidquid tamen liber homo vel alienus quive bona fide nobis servit non adquirit nobis, id vel sibi liber vel alienus servus domino suo adquiret ...[1134]

Die Romeinse juriste sou dus deurgaans bedag gewees het op die feit dat die persoon wat *bona fide servit* óf vry óf 'n *servus* kon wees. Hulle sou dit dus nie as vanselfsprekend aanvaar dat die *liber homo qui bona fide servit* onbewus van sy *status libertatis* was nie. Om die rede vind Ulpianus dit nodig om laasgenoemde feit uitdruklik te meld:

> Si liber homo, dum servus existimatur, tortus sit, quia et ipse condicionem suam ignorat ...[1135]

Dit kan dus as 'n moontlikheid aanvaar word dat daar wel gevalle kon voorkom waar 'n *liber homo* homself vrywillig aan 'n ander persoon onderwerp het en hom *quasi servus*[1136] gedien het. Laasgenoemde praktyk het blykbaar algemeen voorgekom.[1137] 'n Voorbeeld van 'n geval waar die partye beoog het om sodanige verhouding in die lewe te roep, is moontlik die volgende episode in Petronius se *Satyricon*:

> "Quid ergo" inquit Eumolpus "cessamus nimum componere? Facite ergo me dominum, si negotiatio placet." ... Itaque ut duraret inter omnes tutum

---

1134 Pomponius D 41 1 54 4: Wat ookal 'n vry man, of die slaaf van 'n ander, of iemand wat ons *bona fide* dien, verkry, verkry hy nie vir ons nie. As hy 'n vry man is verkry hy dit vir homself, of as hy 'n slaaf is, vir sy eienaar... Vgl ook Paulus D 45 3 33 waar ook die geval genoem word van die *liber homo vel alienus qui bona fide servit.*

1135 Ulpianus D 48 5 28(27) 5: As 'n vry man gemartel is terwyl hy van mening was dat hy 'n slaaf is, aangesien hyself ook nie bewus was van sy status nie...

1136 Vgl die glos *loco servorum* op D 43 16 1 18: *ut libertos vel liberos homines vel servos alienos quos pro nostris tenemus, vel etiam liberos quos tenemus ut liberos, sed velut servis utimur.*

1137 Vgl Cicero *de Officiis* 2 6 22: *Atque etiam subiciunt se homines imperio alterius et potestati de causis pluribus. Ducuntur enim aut benevolentia aut beneficiorum magnitudine aut dignitatis praestantia aut spe sibi id utile futurum aut metu ne vi parere cogantur aut spe largitionis promissisque capti, postremo, ut saepe in nostra re publica videmus, mercede conducti.*

> mendacium, in verba Eumolpi sacramentum iuravimus: uri, vinciri, verberari ferroque necari, et quicquid aliud Eumolpus iussisset. Tanquam legitimi gladiatores domino corpora animasque religiosissime addicimus. Post peractum sacramentum serviliter ficti dominum consalutamus ... viam ingredimur. Sed neque Giton sub insolito fasce durabat, et mercennarius Corax, detrectator ministerii, posita frequentius sarcina male dicebat properantibus affirmabatque se aut proiecturum sarcinas aut cum onere fugiturum. "Quid vos" inquit "iumentum me putatis esse aut lapidariam navem? Hominis operas locavi non caballi. Nec minus liber sum quam vos, etiam si pauperem pater me reliquit."[1138]

Eumolpus het voorgestel dat Encolpius, Giton en Corax hom soos slawe dien. Om die ooreenkoms tussen hulle bindend te maak, gaan hulle 'n vorm van *stipulatio* aan waardeur hulle onderneem om alle bevele van Eumolpus te gehoorsaam, tot die mate dat hulle ook deur hom getug kan word (*uri, vinciri, verberari ferroque necari, et quicquid aliud Eumolpus iussisset*).

Hier is geen sprake daarvan dat Encolpius, Giton en Corax hulle as slawe aan Eumolpus verkoop het nie. Die afwesigheid van enige verwysing na die *pretium* skakel sodanige moontlikheid uit.[1139] Boonop is dit uit die mond van Corax duidelik dat hulle steeds hulle status as vry persone behou het: *Nec minus liber sum quam vos...*

1138 Petronius *Satyricon* 117: "...'Well then,' said Eumolpus, 'Why shouldn't we make up a farce? Now appoint me your master, if you like the business.' ... So to keep the lie safe among us all, we took an oath to obey Eumolpus; to endure burning, bondage, flogging, death by the sword, or anything else that Eumolpus ordered. We pledged our bodies and souls to our master most solemnly, like regular gladiators. When our oath was over, we posed like slaves and saluted our master ... and started on our journey. But Giton was not used to a burden and could not bear it, and the [*mercennarius*] Corax, a shirker of work, kept putting down his bundle and cursing our hurry, and declaring that he would either throw the baggage away or run off with his load. 'You seem to think I am a beast of burden or a ship for carrying stones,' he cried. 'You paid for the services of a man, not a horse. I am just as free as you are, although my father did leave me a poor man'." (Loeb-vertaling.)

1139 Vir 'n voorbeeld van so 'n verkoping (mvn die *pretium*) vgl Marcianus D 1 5 5 1.

In die breëre konteks van die verhaal,[1140] kan hierdie episode gesien word as 'n skelmstreek deur die karakters Encolpius (die verteller), Giton, Corax en Eumolpus om die inwoners van die dorp Croton te mislei. Die wyse waarop hulle dit gedoen het, is deur voor te gee dat Eumolpus 'n tyd gelede sy seun aan die dood afgestaan het en boonop pas die slagoffer van 'n skipbreuk was; dit is die rede waarom hy geen slawe gehad het wat hom vergesel het en sy status as ryk man kon aandui nie.[1141]

Petronius skryf tydens die heerskappy van Nero.[1142] Dit is logies dat hy begrippe en gebruike sou weergee wat deur sy leser begryp kon word. Dit is voorts insiggewend dat Corax, wat ook deel is van die sameswering, as 'n *mercennarius* beskryf word. Dit is heel waarskynlik ook die wyse waarop die leser van Petronius die feite sou vertolk: Encolpius, Giton en Corax is nou al drie *mercennarii* in diens van Eumolpus; verplig om al sy bevele uit te voer; onderhewig aan sy tugbevoegdheid - maar nogtans vry.

'n Vry persoon wat as huiswerker of bediende werksaam was, word as *mercennarius* beskryf. "Huiswerker of bediende" word hier gebruik in die moderne sin van die woord en dus iemand wat direk onder die beheer en toesig van die werkgewer geval het en nie vir 'n spesifieke taak in diens geneem is nie, maar "per fare tutto ció di cui ci sia bisogno e di cui egli sia capace normalmente nell'ambito della domus".[1143]

1140 Vgl *Satyricon* 116 ev.

1141 *Satyricon* 118: *Accessisse huic tristitiae proximum naufragium, quo amplius vicies sestertium amiserit; nec illum iactura moveri, sed destitutum ministerio non agnoscere dignitatem suam.*

1142 Hy sterf in 66 nC nadat hy deur Nero van 'n sameswering verdink is: Hanslik *Kleine Pauly* sv "Petronius".

1143 Martini *Mercennarius* 81. Hierdie standpunt is omstrede maar word ondersteun deur die nuutste navorsing op die punt: Möller "Mercennarii in der römische Arbeitswelt" 296 ev. Möller se standpunt stem grootliks ooreen met dié van Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 99 ev asook Martini *Mercennarius* (sonder dat sy egter na hom, of na Martini se felste kritikus, De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 102 ev verwys), maar is in direkte teëspraak met die tese van Bürge A "Der *mercennarius* und die Lohnarbeit" 1990 *ZSS* 80 ev wat *mercennarii* beperk tot die *servus alienus* wat teen vergoeding in die huishouding van die *conductor* werksaam is. Vir 'n uiteensetting van die eweneens afwykende standpunte van Kaser, Mrozek, Macqueron, Backhaus en Nörr vgl Möller "*Mercenarii* in der römischen Arbeitswelt" 297 ev. Vgl ook Behrends "Rechtsformen des römishen Handwerks" 196 ev.

Daar kan weinig twyfel bestaan dat die onderwerping van 'n persoon aan die gesag van die ander met die medewete en samewerking van beide partye geskied het. Dit kan ook aanvaar word dat persone wat uit vrye wil hulle dienste op so 'n wyse sou aanbied, geen ander heenkome of manier van voortbestaan sou kon vind nie.[1144] So desperaat was hulle posisie dat hulle byvoorbeeld sou inwillig om werk te doen op plekke wat so gevaarlik was dat die eienaar selfs nie die risiko wou loop om sy eie slawe daar te laat werk nie.[1145] Op sosiale vlak het dit tot gevolg gehad dat *mercennarii* op die laagste sport van die sosiale leer gestaan het en met slawe gelyk gestel is.[1146]

As *mercennarius* sou die *liber homo qui bona fide servit* waarskynlik ook heenkome by die werkgewer bekom het en sodoende ook saam met hom gewoon het. Vandaar is dit logies dat hy ook deur die juriste onder bepaalde omstandighede as deel van die *familia* van die werkgewer beskou sou word soos blyk uit die tekste wat hierbo aangehaal is.[1147]

Die posisie van die *mercennarius* was onbenydenswaardig, hy was geheel en al aan die genade van die werkgewer oorgelewer en aangesien hy ook dikwels self toegang tot die huis en ander eiendom van die werkgewer gehad het, sou dit logies wees dat die vermoede, in die geval van diefstal, eerste op hom sou rus. Om die *mercennarius* teen ongegronde en moontlik beuselagtige klagtes te beskerm, het die juriste nie die instel van die *actio furti* in gevalle van *furta domestica* toegelaat nie. Dit is goed denkbaar dat 'n bepaalde saak bloot weg kon wees en dat die werkgewer, sonder 'n behoorlike soektog, onmiddellik die *mercennarius* van diefstal daarvan sou kon verdink en ook aankla. 'n Eenvoudige soektog sou eerder daartoe kon lei dat die saak gevind kon word.

1144 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 193; Möller *Freiheit und Schutz* 14 ev.

1145 Vgl Varro *Res Rustica* 1 17 wat die gebruik van *mercennarii* aanbeveel op plekke waar dit ongesond is. As vry persoon sou die *mercennarius* sekerlik nie verplig kon word om die werk te doen nie. Die feit dat Varro eenvoudig aanvaar dat 'n *mercennarius* sou instem, dui op die totale mate van onderhorigheid wat daar aan hulle kant moes bestaan het.

1146 Vgl Möller "Mercennarii in der römischen Arbeitswelt" 299.

1147 Vgl veral Ulpianus D 43 16 1 16-20 op 174 hierbo.

Die Romeinse juriste het tot 'n mate erkenning gegee aan die feit dat die *mercennarius qui bona fide servit* by die werkgewer gewoon het en ook so te sê aan die genade van die werkgewer uitgelewer was. Dit verklaar die feit waarom hulle in die eerste plek *mercennarii* in dieselfde kategorie plaas as lede van die *familia*. Dit maak dit ook verstaanbaar dat Marcianus in D 48 19 11 1, in die geval van *furta domestica*, slegs die *libertus* vrywaar teen die instel van die *actio furti* indien hy in die huis van die *patronus* gewoon het.[1148] In die geval van *mercennarii* kom daar nie 'n soortgelyke kwalifikasie voor nie. Om welke rede? Indien die *mercennarius* bloot 'n huurling was, *mercede conducta*, kan kwalik ingesien word om welke rede hy ook, soos die *libertus qui in domo patroni moratur*, beskerm sou word. Die rede hiervoor kan slegs geleë wees in die feit dat daar in die geval dieselfde tipe verhouding tussen die *mercennarius* en sy werkgewer as tussen die *libertus* en *patronus* postuleer word. Dit is inderdaad die geval. Aangesien, soos hierbo genoem, die *mercennarius* as (huis)bediende normaalweg by die werkgewer ingewoon het, vind Marcianus dit nie nodig om die feit van inwoning uitdruklik as 'n vereiste te noem nie. Dit volg eenvoudig vir hom logies uit die begrip *mercennarius*.

Ten slotte kan daar nou gekyk word na die slot-gedeelte van P Sent 2 18 1. Wat het Paulus bedoel met die stelling dat die vry persoon sy status (dit wil sê sy sosiale of materiële posisie) kon versleg en verbeter?

Die laaste gedeelte van die teks (P Sent 2 18 1) is veelseggend: *atque ideo operas suas **diurnas nocturnasque** locat* (eie kursivering). Paulus het hier die geval in gedagte waar 'n persoon sy dienste (*operae*) dag en nag tot beskikking van iemand stel. Die verskil met die gewone arbeidsverhouding waar die werker slegs gedurende die dag sy dienste beskikbaar gestel het, is voor die hand liggend. Werk word, volgens Paulus D 40 7 20 5, normaalweg in die dag gedoen: *operae per dies dantur*.[1149]

1148 Vgl 173 hierbo.
1149 Paulus D 40 7 20 5. Vgl ook Paulus D 38 1 1 *Operae sunt diurnum officium*.

Alhoewel bogemelde teks betrekking het op die *operae libertorum* en dus weinig bewyskrag het insoverre dit die normale dienskontrak aangaan,[1150] kan aanvaar word dat die normale werker geregtig was op 'n werksdag van hoogstens 12 ure (insluitend tyd wat ingeruim moet word vir ete, rus en die versorging van die werker se liggaam):

> Non solum autem libertum, sed etiam alium quemlibet operas edentem, alendum aut satis temporis ad quaestum alimentorum relinquendum et in omnibus tempora ad curam corporis necessariam relinquenda.[1151]

Neratius stel dit uitdruklik dat, nie alleen die *libertus* nie, maar iedere werker[1152] voldoende tyd gegun moet word vir die vervulling van sy fisiese behoeftes en die nodige versorging van sy liggaam. Hierdeur word voorsiening gemaak vir rus gedurende die middag-ete en 'n tyd om die baddens te besoek.[1153] Die normale werksdag het sodoende slegs 7-8 ure bevat waartydens die werker fisies sou moes werk.

Alfenus Varus kritiseer die *patronus* wat van sy *libertus* verwag het om hom te vergesel en geen ander werk te doen nie en verwys in dié verband moontlik na die toestande waaronder vry persone in terme van 'n dienskontrak werk:

> Medicus libertus ..... postulabat, ut [liberti sui] sequerentur se neque opus facerent: id ius est nec ne? Respondit ius esse, dummodo liberas operas ab eis

---

1150 Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 102. De Robertis *Rapporti di Lavoro* 7 argumenteer egter dat die gebrek aan tekste op die gebied van *locatio conductio operarum* verklaar kan word deur die feit dat die beginsels van toepassing op die *operae libertorum* ook op die gebied van die verbintenisreg toegepas is.

1151 Neratius D 38 1 50 1: Nie alleen die *libertus* nie, maar enige persoon wat daagliks diens lewer, moet van voedsel voorsien word of voldoende tyd gegun word om in sy daaglikse brood te voorsien en oor die algemeen die nodige geleentheid gegun word vir die versorging van sy liggaam. Vgl ook De Robertis *Rapporti di Lavoro* 143 ev.

1152 Waarop die woorde ... *sed etiam alium quemlibet operas edentem* ... onteenseglik dui.

1153 De Robertis *Rapporti di Lavoro* 144.

exigeret, hoc est ut adquiescere eos meridiano tempore et valetudinis et honestatis suae rationem habere sineret.[1154]

Die woorde *operas liberas* beteken "werk wat deur 'n vry persoon gedoen word".[1155] Alfenus stel dit duidelik dat dit impliseer dat daar nie van 'n werker verwag kan word om die hele dag sonder verposing te werk nie: hy moet tyd kry om in die middag te rus en om aandag te gee aan sy gesondheid en higiëne. *A fortiori* sou dit onmoontlik wees om van die werker te verwag om ook gedurende die nag beskikbaar te wees.

In die lig hiervan kry die teks in P Sent 2 18 1 meer betekenis. Paulus het hier die geval in gedagte waar die werker so te sê *loco servorum* dag en nag in diens van die werkgewer is. Normale werkers (*conductores operarum*) werk slegs gedurende die dag. Paulus moet dus hier 'n ander tipe verhouding in gedagte gehad het. Waarna Paulus hier kon verwys, is die *mercennarius* wat normaalweg sy dienste dag en nag aan die werkgewer beskikbaar gestel het. Dit is op hierdie kategorie van werkers wat die tekste (wat verwys na die persone *in loco servorum*) betrekking het.[1156] As *mercennarius* wat *loco servorum* gewerk het, is dit 'n voorbeeld van 'n *liber homo qui bona fide servit*.

Laasgenoemde moontlikheid word wel deur die juriste voorsien en die literêre bronne[1157] bevestig die bestaan van 'n praktyk ingevolge waarvan 'n *liber homo bona fide alicui servit*, ten volle bewus van sy *status libertatis*.

1154 Alfenus Varus D 38 1 26 pr: 'n Dokter, self 'n *libertus*, het versoek dat sy *liberti* hom volg en geen dienste lewer nie. Is die versoek geldig of nie? [Alfenus Varus] was van mening dat dit geldig is, op voorwaarde dat die dokter nie van hulle verwag om soos slawe te werk nie; dit wil sê dat hy hulle toelaat om die middag te rus en aandag te gee aan hulle gesondheid en persoonlike higiëne.

1155 Macqueron *Travail des hommes libres* 185.

1156 De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 118 ev; Möller "*Mercennarii* in der römischen Arbeitswelt" 301; Bürge "*Mercennarius* und die Lohnarbeit" 84.

1157 Vgl Cicero *De Oficils* 2 6 22 en Petronius *Satyricon* 117 waarna hierbo verwys is.

3.2.4 Konklusie

Om dus weer tot die teks van Paulus[1158] terug te keer: daar bestaan geen rede om te aanvaar dat die teks nie die klassieke reg weergee nie; Paulus het bloot die sosiale status van die werker in gedagte. Maar hier is dit ook belangrik dat die teks nie lui dat die die werker sy posisie kon verbeter of versleg nie. Paulus stel dit anders: *Homo liber qui statum suum in potestate habet, et peiorem et meliorem facere potest.* Dit lui dus vry vertaal soos volg: 'n Vry persoon wat nie onder die gesag van 'n ander is nie kan sy posisie *sowel verbeter as versleg*.

Hoe sou dit moontlik wees? Hoe maak dit sin dat die *liber homo* sy posisie tegelykertyd kan verbeter en ook versleg? Die antwoord kan myns insiens gevind word in die praktyk wat hierbo genoem is en wat moontlik teen die tyd van Paulus meer algemeen voorgekom het: dié van 'n *liber homo* wat uit desperaatheid sy dienste (letterlik) dag en nag te verhuur. Met ander woorde, 'n vry man wat *bona fide*, *loco servorum* as *mercennarius* by die werkgewer werk. Dit is ook die rede waarom Paulus verwys na 'n werker wat *operas suas diurnas nocturnasque locat.*

As *liber homo bona fide serviens* sou die *mercennarius* weliswaar nou sy materiële posisie verbeter, maar as *mercennarius* staan hy op die onderste sport van die sosiale leer en boet op die wyse in sover dit sy aansien in die gemeenskap betref. Op hierdie wyse is die interessante paradoks in die Paulus-teks te verklaar.

Ten slotte kan daarop gewys word dat daar geen sprake was dat die aangaan van arbeidsverhoudings gedurende die klassieke periode die status van die werker affekteer het nie. Selfs tydens die na-klassieke reg, toe daar 'n stelsel van gebondenheid aan die *collegia* bestaan het en die staat tot in die fynste besonderhede die lewens van die werkers gereguleer het,[1159] het *locatio conductio operarum* nie die status van die werker beïnvloed nie:

1158 P Sent 2 18 1; vgl 171 ev hierbo.

1159 De Robertis *Lavoro e Lavoratori* hfst 5 noem die periode "Il regime vincolistico del lavoro e della produzione nel basso impero"; vgl veral sy bespreking op 255 ev.

> Si vestram possessionem nullus praecessit titulus, sed ingenui constituti operas mercede placita locastis, nec statui quicquam vestro derogatum est nec ad conventionis implendam fidem sollemniter agere prohibemini.[1160]

Diokletianus stel dus uitdruklik vas dat die status van die werker nie geraak word deur die aangaan van 'n dienskontrak nie.[1161]

Ten slotte, die feit dat die *mercennarii* as deel van die *familia* van die werkgewer beskou word, kan bloot as die erkenning van 'n feitelike situasie deur die juriste beskou word. Niks meer nie.[1162] Die toestaan van 'n *interdictum* in die geval van geweld deur die *mercennarius*[1163] bewys slegs dat die werker *de facto* deel van die *familia* was; dit kan nie daaruit afgelei word dat die werker 'n vorm van *capitis deminutio* ondergaan het nie.

Die enigste gevalle waar daar sprake is van 'n verandering van die status van die werker, betref die *mercennarius (qui bona fide servit)*. Hier gaan dit egter duidelik oor

---

1160 Diocletianus et Maximianus C 7 14 11 (294 nC): "As niemand die reg het om julle [as slawe] te besit nie en dit is seker dat julle vrygebore is en julle dienste teen vergoeding verhuur, affekteer laasgenoemde feit julle status op geen wyse nie en julle sal ook nie verhinder word om die ooreenkoms af te dwing nie."

1161 Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 103 is van mening dat P Sent 2 18 1 die posisie tydens die na-klassieke reg weergee en dat werkers in die na-klassieke periode 'n statusverandering ondergaan het in die lig van die feit dat hulle aan die *collegia* gebind was. Laasgenoemde stelling kan wel as korrek beskou word maar in die lig van C 7 14 11 kan daar ernstige twyfel uitgespreek word oor die vraag of die privaatregtelike status van die werkers sonder meer en in alle gevalle daardeur geraak is, soos Nörr 104 klaarblyklik aanvaar.

1162 Indien die *mercennarius* wel deel van die *familia* uitgemaak het, sou dit tog verreikende privaatregtelike implikasies gehad het - bv op erfregtelike en vermoënsregtelike gebied. Die stilswye van die juriste in die verband is 'n erkenning van die feit dat dit nie hier gegaan het om 'n juridiese onderwerping nie maar eerder 'n *de facto* situasie. *Mercennarii* was dus die persone waarna Ulpianus D 43 16 1 18 verwys: *Familiae appellatione et eos, quos loco servorum habemus contineri oportere dicendum est.* Ek vereenselwig my met die siening van De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 124 ev dat die frase *vel mercennarius* in Ulpianus D 43 16 1 20 as 'n interpolasie beskou moet word. Aangesien die *mercennarius* alreeds onder die kategorie van *personae loco servorum* geval het, bestaan daar logies geen rede om in die geval waar hulle geweld gebruik, 'n *interdictum utile* toe te staan nie. Vgl ook De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 124 ev wat verdere motivering aanvoer vir die standpunt dat die gedeelte *vel mercennarius* 'n interpolasie moet wees.

1163 Ulpianus D 43 16 1 16-20. Vgl 170 ev hierbo.

die sosiale status van sodanige werker[1164] en in die gevalle waar die juriste die bestaan van 'n *obligatio* tussen die werker en werkgewer ontken het,[1165] is dit gemotiveer deur 'n besef aan die kant van die juriste van die buitengewone verhouding wat tussen die *mercennarius* en sy werkgewer bestaan het. Dit kan nie gesien word as bewys van die feit dat die werker *capitis deminutio* ondergaan het en gevolglik nie handelingsbevoeg was nie.

3.3 REGSBRONNE VIR DIE ONTSTAAN VAN ARBEIDSVERHOUDINGS

Gedurende die klassieke reg was die verpligting om werk te doen sonder uitsondering gegrond op een van die regshandelinge wat onder die begrip *contractus* tuisgebring kon word.[1166] Die kontrakte wat die doen van werk as voorwerp kon hê, was *locatio conductio*, *stipulatio*, *promissio iurata liberti*, *mandatum* en *societas*. Ook op die gebied buite die sfeer van die *contractus*, kon die verpligting om werk te doen ontstaan het op grond van een van die *contractus innominati*, *pollicitatio* en ten slotte selfs ook op grond van 'n legaat. *Locatio conductio* was by verre die belangrikste bron van die ontstaan van arbeidsverhoudings[1167] en daar sal dus nie by die ander voormelde bronne stilgestaan word nie.

Vakmanne wat in staat was om self oor die grondstowwe te beskik wat nodig was vir die vervaardiging van goedere, sou die voltooide produkte verkoop het.[1168] Die

---

1164 Vgl bv Cicero *De Officiis* 1 42 150: *Illiberales autem et sordidi quaestus mercennariorum omnium, quorum operae, non quorum artes emuntur; est enim in illis merces ipsa auctoramentum servitutis.* Seneca *De Beneficiis* 3 22: *Servus, ut placet Chrysippo, perpetuus mercennarius est.* Brunt "Free Labour and Public Works at Rome" 99 het reeds daarop gewys dat Seneca hier na die sosiale status van beide slaaf en *mercennarius* verwys.

1165 Vgl Paulus D 3 5 18(19) 2 (tov die *actio mandati*); Paulus D 47 2 90; Marcianus D 48 19 11 1 (beide tov die *actio furti*).

1166 De Robertis *Rapporti di Lavoro* 119. Oor die begrippe *obligatio* en *contractus* vgl in die algemeen Zimmerman *Law of Obligations* 1 ev.

1167 De Robertis *Rapporti di Lavoro* 119.

1168 Vgl G 3 147 *Item quaeritur, si cum aurifice mihi convenerit, ut is ex auro suo certi ponderis certaeque formae anulos mihi faceret et acciperet verbi gratia denarios CC, utrum emptio et venditio an locatio conductio contrahatur. Cassius ait materiae quidem emptionem venditionemque contrahi, operarum autem locationem et conductionem; sed plerisque placuit emptionem et venditionem contrahi. Atque si meum aurum quorum ei dedero mercede pro opera constituta, convenit, locationem conductionem contrahi.* Vgl ook Gaius D 19 2 2 1: ... *quod si ego aurum dedero mercede pro opera constituta, dubium non est, quin locatio*

meerderheid werkers sou egter nie in staat wees om self die grondstowwe te verskaf nie. Hulle sou aan die een kant moeilik die grondstowwe in die *tabernae* kon stoor, en aan die ander kant nie oor voldoende kapitaal beskik het om dit te kon aankoop nie. Die meeste werkers het die grondstowwe of materiaal wat deur 'n kliënt verskaf is, in terme van *locatio conductio* bewerk.[1169]

3.4 DIE ONTSTAAN VAN *LOCATIO CONDUCTIO*

Die ontstaansgeskiedenis van *locatio conductio* het tot wye meningsverskil aanleiding gegee.[1170] Die probleem kan deels herlei word tot die feit dat *locatio conductio* in die vorms van *locatio conductio rei*, *locatio conductio operarum* en *locatio conductio operis* duidelik 'n wye aanwendingsgebied gehad het. In 'n primitiewe samelewing sou daar logies 'n groter behoefte bestaan het aan die huur van sake en arbeid as aan die verskaffing van daardie dienste waarvoor opleiding en 'n spesiale vaardigheid nodig was.

Dit kan aanvaar word dat *locatio conductio*, weliswaar in 'n ander vorm,[1171] alreeds in die tyd voor die ontstaan van die *iudicia bonae fidei* teenwoordig was.[1172] In die lig van die feit dat daar alreeds in die vroeë geskiedenis van Rome sprake was van spesialisasie op verskeie gebiede en daar 'n behoefte aan arbeid bestaan het, kan die bestaan van minstens twee van die verskyningsvorms van *locatio conductio* (*operis* en *operarum*) op daardie vroeë stadium nie uitgesluit word nie.[1173]

---

conductio sit.

1169 Vgl Behrends "Rechtsformen des römischen Handwerks" 193.

1170 Vgl hieroor Kaufmann *Altrömische Miete* 11 ev; Möller *Freiheit und Schutz* 26 ev.

1171 Daar bestaan nie sekerheid oor die vraag hoe arbeidsverhoudings voor die ontstaan van die *iudicia bonae fidei* afgedwing is nie; vgl Kaser *Römisches Privatrecht* 1 564; Kaufmann *Altrömische Miete* 27; Mayer-Maly "Römische Grundlagen der moderne Arbeitsrechts" 283.

1172 Hieroor bestaan daar geen eenstemmigheid nie. Vgl die bespreking van die verskillende teorieë wat daar bestaan in Kaufmann *Altrömische Miete* 11 ev. Wat die bestaan van die *iudicia bonae fidei* betref vgl Wieacker F "Zum Ursprung der bonae fidei iudicia 1963 *ZSS* 1; Kaser M "'*Ius honorarium*' und '*ius civile*'" 1984 *ZSS* 1.

1173 Vgl oor die algemeen die bespreking in hfst I (op 18-37 hierbo).

Na die ontstaan van die *iudicia bonae fidei* het die juriste die gemeenskaplike kenmerke in elk van die drie verskyningsvorms van *locatio conductio* geïdentifiseer en dit onder die gemeenskaplike *iudicium locationis conductionis* tuisgebring.[1174]

Teenstrydige menings bestaan daar ook. 'n Teorie wat redelik aanhang geniet het is dat *locatio conductio operarum* ontstaan het uit die sfeer van kontrakte gesluit deur die staat.[1175] Hierbenewens is daar ook aangevoer dat *locatio conductio operarum* na analogie van die verhuring van slawe,[1176] of na die afname van die belang van die *patronus-cliens* verhouding[1177] ontstaan het.

Möller[1178] toon aan dat die vroeë geskiedenis van *locatio conductio* weinig bydra tot 'n begrip van die instelling soos dit gedurende die klassieke periode tot ongeveer 250 nC toegepas is. Daar kan dus oorgegaan word tot die bespreking van *locatio conductio* as bron vir arbeidsverhoudings gedurende die klassieke periode.

3.5 *LOCATIO CONDUCTIO* GEDURENDE DIE KLASSIEKE PERIODE: EEN- OF DRIELEDIGHEID VAN DIE KONTRAK

As *terminus a quo*, wat betref die insluiting van *locatio conductio* as een van die *iudicia bonae fidei*, dien die volgende opmerking in Cicero *De Officiis*:

> Q quidem Scaevola, pontifex maximus, ... fideique bonae nomen existimabat manare latissime, idque versari in tutelis, societatibus, fiduciis, mandatis, rebus emptis, venditis, conductis, locatis, quibus vitae societas contineretur ....[1179]

1174 Vgl Kaser M 1960 *IURA* 227.

1175 Mommsen Th "Die römische Anfänge von Kauf und Miete" 1885 *ZS* 266; Von Lübtow "Catos Leges Venditioni et Locationi Dictae" 232 ev. Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 268 ev.

1176 Pernice A *Labeo. Römisches Privatrecht im 1 Jahrhundert der Kaiserzeit* 3 vols Halle 1873 1 468 ev.

1177 Mayer-Maly *Locatio Conductio* 15.

1178 Möller *Freiheit und Schutz* 27; vgl ook Mayer-Maly "Römische Grundlagen des modernen Arbeitsrechts" 823.

1179 Cicero *De Officiis* 3 17 70: "It was Quintus Scaevola, the *pontifex maximus*, to which the formula was appended "as good faith requires" and he held that the expression "good faith" had a very extensive application, for it was employed in [*tutela*, *societas*, *mandatum*, *emptio venditio*, *locatio conductio*], in a word, in all transactions on which the social relations of daily life

Hiervolgens dien die *bona fides* as basis vir aanspreeklikheid in die geval van *locatio conductio*. In ooreenstemming het Lenel die *formula* in die geval van die *iudicium locati conducti* soos volg rekonstrueer:

> Quod Aulus Agerius Numerio Negidio fundum (opus faciendum, operas) ...., locavit

en

> Quod Aulus Agerius Numerio Negidio fundum (opus faciendum, operas) ...., conduxit ....[1180]

Lenel gaan van die standpunt uit dat die Romeinse juriste reeds in die *formula* onderskei het tussen die drie tipes huurkontrakte, naamlik *locatio conductio rei*, *operis* en *operarum*.

Hierdie is egter een van die omstrede vrae wat die klassieke *locatio conductio* aanbetref: het die klassieke juriste 'n onderskeid getref tussen die drie vorms *locatio conductio rei*, *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum*, of was daar twee vorms met as voorwerp *res* of *operas*, of slegs een vorm met *res* as voorwerp?[1181]

Tot aan die begin van die 20ste eeu het Romaniste eenvoudig aanvaar dat daar dogmaties tussen die drie vorme van *locatio conductio* onderskei kan word. Olivier-Martin[1182] het die ontwikkeling van dié leer ondersoek en beskou Johannes Voet as die eerste juris wat dogmaties onderskei het tussen *usus rerum*, *...liberorum hominum ....et etiam op[eris]*.[1183] Die pandektiste het dié onderskeid gekanoniseer.[1184]

---

depends." (Loeb-vertaling.)

1180 Lenel O *Das Edictum Perpetuum* Leipzig 1927 herdruk Aalen 1956 299 ev.

1181 Vgl Kaufmann *Altrömische Miete* 4 ev.

1182 Olivier-Martin F *Des Divisions du Louage en Droit Romain* 1936 *RHDFE* 419.

1183 Voet J *Commentarius ad Pandectas* op D 19 2, soos aangehaal deur Olivier-Martin *Des Divisions du Louage* 467.

1184 Amirante *Ricerche in tema di locazione* 1959 *BIDR* 9; Zimmerman *Law of Obligations* 338.

Die eerste twyfel oor die korrektheid van die leer is in 1921 deur Arangio-Ruiz uitgespreek.[1185] Hy het intuïtief[1186] aangevoel dat die drieledige onderskeid vreemd is aan die bronne en dat daar telkens slegs sprake is van een vorm van *locatio conductio* met 'n *res* as voorwerp,[1187] maar dit aan sy leerling Brasiello oorgelaat om 'n diepgaande studie daarvan te maak.[1188] Die resultate van Brasiello se navorsing het dit wat Arangio-Ruiz bloot as 'n moontlikheid geopper het, bevestig: Sowel in die geval van *locatio conductio rei* as *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* is daar slegs sprake van 'n *res* wat verhuur word.[1189]

Die *via media* word vandag gevolg. Brasiello se standpunt word steeds algemeen aanvaar: Die klassieke Romeinse reg het nie 'n duidelike lyn getrek tussen die drie vorms van *locatio conductio* nie en terminologies en formeel-struktureel vorm *locatio conductio* 'n eenheid.[1190] Tog moet daar nie om hierdie rede van die drieledige indeling afgesien word nie. Na gelang van die voorwerp van die kontrak, kan daar tussen die drie vorms onderskei word en sodoende 'n sisteem daargestel word wat die oorspronklike bronne nie geweld aandoen nie en wat moontlik deur die Romeine self ook aanvaar sou kon word.[1191]

'n Ondersoek van die bronne toon aan dat daar tog, aan die hand van dié indeling, breë beginsels afgelei kan word wat in elke geval, verskillend van die ander, toegepas

---

1185 Arangio-Ruiz V *Istituzioni di diritto romano* Napoli 1921 235 ev.

1186 Brasiello U "L'Unitarietà del concetto di Locazione in Diritto Romano" 1927 *Rivista Italiana per le Scienze Giuridiche* 529 535.

1187 Arangio-Ruiz *Istituzioni di diritto romano*[2] Napoli 1927 317 ev.

1188 Brasiello "L'Unitarietà del concetto di Locazione in Diritto Romano" 1927 *Rivista Italiana per le Scienze Giuridiche* 529 ev; 1928 *Rivista Italiana per le Scienze Giuridiche* 3 ev.

1189 Brasiello "L'Unitarietà" (1927) 535 en *passim*; vgl ook Amirante *Ricerche in Tema di Locazione* 19.

1190 Kaser M 1960 *IURA* 229 (resensie van Amirante *Ricerche in Tema di Locazione*).

1191 Kaser 1960 *IURA* 234; Molnár "Subjekte der *locatio conductio*" in *Studi in onore di Cesare Sanfilippo* Milano 1982 411 op 414. Vgl ook Robaye R *L'obligation de garde. Essai sur la responsabilité contractuelle en droit romain* Bruxelles 1987 159 ev. Vgl egter Vigneron R "La conception originaire de la *locatio conductio* romaine" Ankum JA *et al* (red) *Mélanges Felix Wubbe* Fribourg 1993 509 wat 'n pleidooi vir die eenheid van *locatio conductio* lewer. Dié eenheid is volgens hom geleë in die ekonomiese motiewe wat aan alle vorme van *locatio conductio* gemeenskaplik is en waaarvan die belangrikste element is " l'exploitation de l'homme libre par l'homme libre." Vigneron se standpunt kom tot 'n mate ooreen met dié van Pinna Parpaglia *Vitia ex ipsa re. Aspetti della locazione in diritto romano* Milano 1983.

is.[1192] Om die rede moet die belang van 'n onderskeid tussen elk van die drie vorms van *locatio conductio* nie onderskat word nie. Die volgende teks is 'n ongemaklike vingerwysing vir diegene wat alle pogings tot 'n onderskeid oorboord wil gooi:

> Domino mercium in magistrum navis, si sit incertum utrum navem conduxerit an merces vehendas locaverit, civilem actionem in factum dandam Labeo scribit.[1193]

Iemand het aan 'n skipper opdrag gegee om vrag in sy skip te vervoer. Om die een of ander rede kon nie vasgestel word welke vorm van huur hulle op ooreengekom het nie: *locatio conductio rei* of *locatio conductio operis*. Die vrag is moontlik vernietig of beskadig en die vraag is welke aksie tot beskikking van die *dominus* was.

Indien hier sprake was van *locatio conductio rei*, sou die *actio conducti* tot beskikking van die *dominus* gewees het. In dié geval sou die aanspreeklikheid van die *magister navis* afhang van faktore soos die seewaardigheid van die skip[1194] en in die laaste instansie bepaal word deur die vraag of daar *culpa*[1195] by hom teenwoordig was wat

---

1192 Kaser M 1960 *IURA* 234; Zimmerman *Law of Obligations* 339; Mayer-Maly "Römischen Grundlage des modernen Arbeitsrechts" 284. Vgl ook Lewis ADE "The Trichotomy in *Locatio Conductio*" 1973 *Irish Jurist* 164 wat aantoon dat die juriste moontlik wel die drieledige indeling in gedagte gehad het by hulle behandeling van *locatio conductio*.

1193 Papinianus D 19 5 1 1: Labeo het geskryf dat 'n *actio civilis in factum* vir die eienaar van die vrag toegestaan moet word teen die skipper indien daar onsekerheid sou bestaan of die skip gehuur is en of die vrag wat vervoer moet word verhuur is.

1194 Oor die verpligtinge wat op die *locator rei* gerus het, vgl Zimmerman *Law of Obligations* 360 ev. Op die vraagstuk word nie verder ingegaan nie.

1195 Die graad van skuld wat daar in die geval van *iudicia bonae fidei* tydens die klassieke reg vir aanspreeklikheid vereis is, is *dolus* en *culpa*. Laasgenoemde vereis van die debiteur 'n bepaalde graad van *diligentia* wat afgehang het van die tipe kontrak wat aangegaan is: Vocl P "'*Diligentia*', '*Custodia*', '*Culpa*'. I Dati Fondamentali" 1990 *SDHI* 29 142; Molnár "System der Verantwortung" 612. Die kwessie van kontraktuele aanspreeklikheid is een van die mees omstrede en moontlik ook moeilikste vrae in die Romeinse reg. Dit is dus verstaanbaar dat daar 'n enorme massa literatuur oor die onderwerp die lig gesien het. 'n Handige oorsig oor die verskillende standpunte wat daar bestaan, kan gevind word in die volgende reeks artikels deur Geoffrey MacCormack: "Factum Debitoris and Culpa Debitoris" 1972 *TvR* 59 ev; "Culpa" 1972 *SDHI* 123 ev; "Custodia and Culpa" 1979 *ZSS* 149 ev; "*Culpa in eligendo*" 1971 *RIDA* 524 ev. Die korrekte siening mbt die betekenis van die begrippe *diligentia*, *culpa* en *custodia* is myns insiens die van Vocl in sy artikel waarna hierbo verwys is. Dit sal buite die bestek van hierdie studie val om verder op die omstrede vraagstuk in te gaan. Vgl die bespreking mvn die belangrikste literatuur in Kaser *Römisches Privatrecht* 1 504 ev; Zimmerman *Law of Obligations* 365 ev 397 ev (tov *locatio conductio*); Guarino *Diritto Privato Romano* 1009 ev; Robaye *Obligation de Garde* 13 ev met

betref die gemelde verpligting.

Indien die partye ooreengekom het op *merces vehendas* kon dit as *locatio conductio operis*[1196] kwalifiseer. In daardie geval het die inhoud van die kontrak, en dus die plig wat daar op die *magister navis* gerus het radikaal verskil. Hy was dan verplig om toe te sien dat die goedere veilig by die bestemming waarop ooreengekom is, aankom en sou aanspreeklik wees vir skade of verlies wat as gevolg van sy onkunde (*imperitia*) ontstaan het.[1197]

Dit was dus van kardinale belang om uit te maak welke vorm van *locatio conductio* die partye beoog het. Deur die toestaan van 'n *actio in factum* illustreer Labeo die feit dat die Romeinse juriste nie alleen bewus was van die onderskeid tussen *locatio conductio rei* en ander variante van *locatio conductio* (soos in die geval van *locatio conductio operis*) nie, maar dat hulle ook effek gegee het aan die bedoeling van die partye wat in elke geval eiesoortige kontraktuele verpligtinge sou omvat het.[1198]

Uit 'n prosesregtelike oogpunt is dit ten slotte ook belangrik om tussen *locatio conductio rei* en *locatio conductio operis* te onderskei aangesien die *dominus* in die geval van *locatio conductio rei* die *actio conducti* tot sy beskikking gehad het, en in die geval van *locatio conductio operis* die *actio locati*.[1199]

---

bibliografie op 434 ev.

1196 Of selfs *operarum*. Vgl die bespreking onmiddellik hierna.

1197 Vgl die bekende reël *imperitia culpae adnumeratur* in Gaius D 50 17 23. Wat betref die aanspreeklikheid van die partye tot *locatio conductio* vgl oor die algemeen Zimmerman *Law of Obligations* 360 ev.

1198 Lewis "The Trichotomy in *Locatio Conductio*" 177 meen dus foutiewelik dat dit nie belangrik sou wees om vas te stel welke vorm van *locatio conductio* ter sprake is nie. Robye *Obligation de Garde* 172 maak 'n sinvolle voorstel oor hoe die *praetor* moontlik gevalle soos die wat in Papinianus D 19 5 1 1 voorgekom het, hanteer het: "Somme toute, la *locatio conductio* est une commode à trois tiroirs: il n'est pas interdit aux parties de se servir dans plusiers tiroirs, mais le préteur doit regarder dans quel tiroir on a le plus puisé, tandis que le juge se contente de considérer la commode dans son ensemble."

1199 Zimmerman *Law of Obligations* 339.

3.6 DIE ONDERSKEID TUSSEN *LOCATIO CONDUCTIO OPERARUM* EN ANDER VORMS VAN *LOCATIO CONDUCTIO* IN DIE KLASSIEKE ROMEINSE REG

Die omvang van *locatio conductio operarum* sal duideliker blyk indien daar eers vasgestel word wat, tipies, onder elk van die oorblywende twee kontrakte tuisgebring kon word. Die ondersoek sal begin met die meer algemene *locatio conductio rei*.

3.6.1 *Locatio conductio rei*

Locatio conductio rei behels die huur en verhuur van 'n *res*.[1200] In die lig van die wye omvang wat hierdie vorm van huurkontrak kon aanneem (wat betref die voorwerp oftewel die *res locata*),[1201] kan daar ten aanvang eerder gekyk word na die vraag, wat nie gehuur of verhuur kon word nie.

Die vernaamste reël is dat niemand 'n saak wat aan homself behoort, kon huur nie:

> Ulpianus D 50 17 45 pr: Neque pignus neque depositum neque precarium neque emptio neque locatio rei suae consistere potest.[1202]

Afgesien van *pignus* (waarby *fiducia cum creditore contracta* ook inbegryp moet word)[1203] kan geen persoon sy eie saak by wyse van *depositum* bewaar nie, nog ter bede besit, koop of huur.[1204] Aangesien die geval waar die eienaar *rem suam* (wetend of onwetend) probeer huur het, 'n paar keer die aandag van die juriste geniet

---

1200 Kaser *Römisches Privatrecht* I 565; Zimmerman *Law of Obligations* 351 ev; Robaye *Obligation de Garde* 161 ev.

1201 Vgl hier bv Molnár I "Object of *Locatio Conductio*" 1982 *BIDR* 127 ev.

1202 Ulpianus D 50 17 45 pr: Nóg 'n *pignus*, nóg *depositum*, nóg *precarium*, nóg *emptio venditio*, nóg *locatio conductio* met jou eiendom as voorwerp is geldig.

1203 Agv die feit dat *dominium* in die geval van *fiducia* aan die krediteur oorgedra word: Kaser *Römisches Privatrecht* 1 460. Tsv radikale tekskritiek, kan daar oor die egtheid van Ulpianus D 50 17 45 pr weinig twyfel bestaan: Mayer-Maly *Locatio Conductio* 115.

1204 Reeds Javolenus D 41 3 21 spreek hom uit teen die moontlikheid dat 'n *res sua* gehuur kon word. Julianus D 16 3 15 bevestig die verbod. Indien die huurder gedurende die loop van die huurtermyn eienaar van die *res locata* word, kom die huurkontrak tot 'n einde: Ulpianus D 19 2 9 6. Laasgenoemde teks is moontlik ook van Julianus afkomstig: Mayer-Maly *Locatio Conductio* 116.

het, kan aanvaar word dat dit dikwels voorgekom het.[1205] Uitsonderings op die reël het daar ook bestaan. So was dit byvoorbeeld moontlik dat die *dominus* 'n *rem suam* waaroor die *locator* 'n *ius in rem* gehad het (soos byvoorbeeld *ususfructus* of *pignus*) geldig kon huur.[1206]

Met inagneming van die reël *fundus fundo servit*, was dit ook nie moontlik om 'n serwituut te huur nie:

> Ulpianus D 19 2 44 Locare servitutem nemo potest.[1207]

As *res illocabiles* het ook die verlening van *manumissio* gegeld.[1208]

Afgesien van bogemelde gevalle, kon alle sake wat vatbaar was vir gebruik, verhuur word.[1209] Die volgende kan as voorbeelde dien: die huur van landbougrond,[1210] 'n *villa*,[1211] *insula*,[1212] *domus*,[1213] *cenaculum*,[1214] *horrea*,[1215] vate,[1216] toerusting nodig vir die produksie van olyfolie (vate, pars, katrolle, koperketel, oliekanne ensovoorts),[1217] 'n voertuig om bagasie in te vervoer,[1218] 'n vragskip,[1219] slawe[1220] en diere.[1221]

1205 Vgl ook Diocletianus in C 4 65 20 (293 nC) en C 4 65 23 (293 nC). Mayer-Maly *Locatio Conductio* 115, 118 sien as rede daarvoor die ontstaan van onderhorigheid in die na-klassieke reg wat later uitgeloop het op die feodale stelsel.

1206 Vgl Thomas JAC "Conductio rei suae" 1971 *Index* 283 ev.

1207 Ulpianus D 19 2 44: Niemand kan 'n serwituut verhuur nie.

1208 D 19 5 5 2. Vgl verder Mayer-Maly *Locatio Conductio* 119 ev.

1209 Molnár "Object of *locatio conductio*" 128; Mayer-Maly *Locatio Conductio* 113 ev.

1210 Vgl Pomponius D 19 2 3; C 65 8 *passim*.

1211 Paulus D 19 2 25 3.

1212 Alfenus D 19 2 30 pr; Labeo D 19 2 58.

1213 Paulus D 19 2 45.

1214 Alfenus D 19 2 27 pr; Alfenus D 19 2 30.

1215 Paulus D 19 2 55 pr. Vgl hieroor in die algemeen Alzon C *Problèmes relatifs à la location des entrepôts en droit romain* Paris 1965 9 ev.

1216 Ulpianus D 19 2 19 1. Vgl hieroor Zuimmerman *Law of Obligations* 367 ev.

1217 Ulpianus D 19 2 19 2.

1218 Labeo D 19 2 60 8.

1219 Scaevola D 19 2 61 1.

1220 Paulus D 19 2 42-43; Paulus D 19 2 45 1.

1221 Veral muile: vgl bv Alfenus D 19 2 30 2. Vgl ook Von Bolla S *Untersuchungen zur Tiermiete und Viehpacht im Altertum* Göttingen 1951 80 ev.

3.6.2 *Locatio conductio operis*

(i) Inleiding

'n Begrip van *locatio conductio operis* kan ook slegs verkry word as die objek van die kontrak, oftewel die *res locata*, ondersoek word. In hierdie geval is daar sprake van 'n *opus locatum*.[1222] Die betekenis van laasgenoemde het ook al tot uiteenlopende vertolkings aanleiding gegee. In die eerste plek is dit gesien as die materiaal (goud, kledingstukke ensovoorts) wat aan die *conductor* oorhandig is.[1223] Hierbenewens word genoem dat dit die *res futura* is (die huis wat gebou moet word, die kledingstuk wat skoongemaak moet word).[1224] Ten slotte is dit ook breedweg gesien as die bereiking van 'n bepaalde resultaat, die doen van 'n stuk werk.[1225]

Om te bepaal wat die Romeinse juriste moontlik self as maatstaf toegepas het, kan gekyk word na die volgende teks wat in die *Digesta*-titel *De Verborum Significatione* opgeneem is:

1222 Die begrip *opus locatum* is waarskynlik afkomstig vanaf Labeo. Van die 14 tekste waarin dit voorkom, is hy die outeur van 7: Labeo D 19 2 62, D 19 2 58 1; D 19 2 58 2; D 19 2 60 3; D 19 2 60 4; D 19 2 59 en Paulus / Labeo D 50 16 5 1. Die oorblywende 7 is afkomstig van Javolenus D 19 2 37; Javolenus D 19 2 51 1; Florentinus D 19 2 36; Pomponius D 18 1 20; Paulus D 19 2 24 pr; Paulus D 19 2 22 2; Ulpianus D 19 2 13 10; Ulpianus D 7 8 12 6. Vgl Amirante *Ricerche in tema di Locazione* 79.

1223 Vgl Arangio-Ruiz V *Istituzioni di diritto romano* Napoli 1952 346: "...oggetto del contratto non è l'attività dell'artifice, ma il materiale che gli vien dato dal locatore."; Kunkel W *Römisches Privatrecht auf Grund des Werkes von Paul Jörs* Berlin 1935 239: "War dem Werkschuldner vom Besteller zwecks Ausführung des Werks eine Sache übergeben worden."

1224 Monier R *Manuel de droit romain. Les obligations* Paris 1954: "... d'exécuter un ouvrage déterminé sur une chose qui lui est remise"; Villers R *Rome et le droit privé* Paris 1977 386: "... une personne confie à une autre une mattière pour la transformer"; Amirante "Ricerche in tema di Locazione" 86: " ..loca l'*opus*, cioé proprio quel *corpus* che ancora non esiste materialmente, ma che risulterà *perfectum* <<*ex opere facto*>>, e, come tale, verrà rimesso al locatore"; Robaye *Obligation de Garde* 165: "C'est le résultat, l'objet futur, qui est déterminant dans la *locatio operis*." Vgl ook Pinna Parpaglia *Vitia ex ipsa re* 146 ev.

1225 Kaser *Römisches Privatrecht* I 570: " ... an einer Person oder Sache, die ihm vom *locator* überlassen wird, durch seine Tätigkeit einen bestimmten Erfolg zu verwirklichen"; Zimmerman *Law of Obligations* 393: "What was owed was *opus faciendum*, a particular job to be done as a whole"; Molnár "Object of *locatio conductio*" 134: " ... where the parties of (*sic*) a contract agreed on producing some result"; Schulz *Classical Roman Law* 542: " ... one party promised to produce a certain effect or result by his work."

> Paulus D 50 16 5 1 'Opere locato conducto': his verbis Labeo significari ait id opus, quod graeci ἀποτέλεσμα vocant, non ἔργον, id est opere facto corpus aliquod perfectum.[1226]

Die eerste vraag wat nou gevra kan word, is wat die bindende krag van Labeo se uitspraak was. Met ander woorde, sou definisies soos hierdie as bindende reëls beskou word waaraan die juriste hulle uitsprake getoets het, of is dit slegs, soos die res van die tekste in die *Digesta*, deel van die kasuïstiek van die regsgeleerdes? Moet die volgende uitspraak van Javolenus as verteenwoordigend van die werkswyse van die juriste beskou word:

> Javolenus D 50 17 202 Omnis definitio in iure civili periculosa est: parum est enim, ut non subverti posset.[1227]

Die uitspraak van Javolenus het ongekende populariteit in latere eeue geniet.[1228] Sy siening in die verband is as voldoende bewys beskou dat die Romeinse juriste hulle van definisies en *regulae* gedistansieer het.[1229] Die rede hiervoor soek Biondi in die aard en metodes van die *ius civile* wat byvoorbeeld nie 'n algemene en abstrakte begrip van *servitus*, *obligatio* en *actio* kon vorm nie. Die juriste het hulle volgens hom daarvan weerhou om definisies te formuleer, nie omdat hulle nie daartoe in staat was nie, maar omdat die reg daardie algemene beginsels ontbeer het wat essensieel was vir die formulering van definisies.[1230]

1226 Paulus D 50 16 5 1: "'Opere locato conducto': Labeo is van mening dat daarmee die soort werk bedoel word wat die Grieke ἀποτέλεσμα en nie ἔργον noem nie, dit wil sê die een of ander saak wat as gevolg van die werk tot stand gekom het."

1227 Javolenus D 50 17 202: "Iedere definisie op die gebied van die *ius civile* is gevaarlik: daar is immers kwalik een wat nie omvergewerp kan word nie."

1228 Carcaterra A *Le definizioni dei giuristi romani. Metodo mezzi e fini* Napoli 1966 1.

1229 Vgl Martini R *Le definizioni dei giuristi romani* Milano 1966 4 waar die standpunte van Romaniste soos Jörs, Wenger en Bettl (wat almal die stelling van Javolenus aanvaar) vermeld word. Vgl ook Schulz *Principles* 40 ev. Let ook op dat *definitio* sinoniem met *regula* is: Stolte BH "Omnis definitio in iure civile periculosa est" in Spruit JE, M van de Vrugt *Brocardica In honorem GCJJ van den Bergh. 22 Studies over oude rechtsspreuken* Deventer 1987 103 104; Martini (*Definizioni* 82 wat ook daarop wys dat dit so deur die Glossatore ingesien en vertolk is). Wat *regulae iuris* betref, vgl ook Tafaro S *Regula e ius antiquum in D 50 17 23. Ricerche sulla responsabilità contrattuale* Bari 1984 30 ev.

1230 Biondi B *Prospettive Romanistiche* Milano 1933 28-29.

Die eerste sterk stem wat teen bogemelde siening opgegaan het, is dié van die Franse geleerde Villey.[1231] Villey het aangetoon dat die juriste wel in staat was om definisies daar te stel en dit inderdaad ook dikwels gedoen het (waarvan die *Digesta*-rubriek *de significatione verborum* getuig). Sy konklusie is dat Javolenus slegs van mening was dat definisies gevaarlik is in die regspraktyk en die positiewe reg, en nie op die gebied van die regswetenskap nie.[1232] Villey se siening word ook gedeel deur Carcaterra.[1233]

In 'n aparte ondersoek kom Dietrich Behrends tot die slotsom dat Javolenus se uitspraak slegs begryp kan word as dit sou verwys na die aktiwiteite van die *orator*: laasgenoemde loop die gevaar dat sy definisie deur die teenparty aangeval kan word:[1234] "Diese Stelle [Javolenus D 50 17 202] wird seit langem als Bestätigung der Aufassung angesehen, dass sich die Klassiker von einer abstrakt-logischen Behandlungsweise juristischer Probleme bewusst abwenden. Hierbei ist aber in Betracht zu ziehen, dass die Stelle, ... eher in den Denkbereich der Rhetorik passt. Die Warnung vor dem *subverti posse* lässt sich am ehesten als an einen Gerichtsredner gerichtet verstehen, für den eine begriffliche Festlegung gefährlich ist, weil sie vom Gegner allzuleicht problematisiert werden kann. Dafür spricht nicht nur, dass das *definire* ein τοπος der Rhetorik war. Es ist eine verwandte Betrachtung über die Opportunität zwar nicht des Definierens, wohl aber der Definitionsweise im rhetorischen Schrifttum überliefert."

Steun vir die standpunt van Behrends is die noue verwantskap wat daar tussen Javolenus se uitspraak en die volgende teks van Quintilianus bestaan:[1235]

1231 Villey *Recherches su la littérature didactique du droit romain (à propos d'un texte de Cicéron "De Oratore" 1 188 à 190)* Paris 1945. Villey was nie die eerste om die tradisionele siening te bevraagteken nie, Pringsheim F "Beryt und Bologna" *Festschrift Lenel* Leipzig 1921 251 het reeds verklaar dat definisies wel deel was van die Romeinse regstradisie en volgens hom was daar "im Anfange der Rechtswissenschaft eine Neigung zu festen Definitionen, die auf ihrem Höhepunkte schwindet, um beim Verfall mit grosser Stärke wieder einzusetzen". Vir kritiek op dié siening van Pringsheim, vgl Martini *Definizioni* 6 ev.

1232 Villey *Recherches sur la littérature* 66 ev. Vgl Carcaterra 38.

1233 Carcaterra *Definizioni* 38.

1234 Behrends D "Begriff und Definition in den Quellen" 1957 *ZSS* 352.

1235 Die feit is alreeds deur Gothofredus uitgewys: Martini *Definizioni* 14 n 40.

> Nam est etiam periculosum, cum, si uno verbo sit erratum, tota causa cecidisse videamur; optimaque est media illa via, qua utitur Cicero pro Caecina, ut res proponatur, verba non periclitentur.[1236]

Dit kan dus aanvaar word dat Javolenus hom nie uitspreek teen die gebruik van definisies insoverre dit die regswetenskap betref nie.[1237] Ook is daar nie sprake daarvan dat hy 'n algemene opvatting wat onder die juriste van die klassieke periode geheers het, verwoord het nie. Die juriste gedurende die klassieke periode het wel voortgebou op die proses van veralgemening en die bepaling van *species* en *genera* soos die neiging was teen die einde van die Republiek.[1238]

Hoeseer die juriste hulle gebonde geag het aan die definisies wat in baie gevalle deur juriste, etlike eeue voor hulle neergelê is,[1239] kan egter moeilik vasgestel word. Dit kan egter aanvaar word dat die talle definisies wat in die *Digesta* opgeneem is, nie sonder rede geformuleer is of as blote spekulatiewe retoriek bedoel is nie. Die juriste sou dit ongetwyfeld geskryf het vir toepassing in die regspraktyk en daar bestaan genoeg gronde om te aanvaar dat dit ook so aangewend is.[1240] Veral die definisie

---

1236 *Institutio Oratoria* 7 3 17: "For it is a most dangerous practice, since, if we make a mistake in a single word we are like to lose our whole case, and consequently the compromise adopted by Cicero in the *pro Caecina* [2 25 108 ff] is the safest course to follow; this consists in setting forth the facts without running any risks over the exactness of our terminology." (Loeb-vertaling.)

1237 Hier is dus ongetwyfeld sprake van 'n *duplex interpretatio* in die sin van dit wat deur Javolenus verstaan is, en die vertolking van die teks deur die Bisantynse kompilatore: Carcaterra *Definizioni* 5 ev. Contra: Stolte "*Omnis definitio in iure civili periculosa est*" 104 wat Javolenus se uitspraak letterlik vertolk en meen dat hy met die woorde *in iure civili* eenvoudig bedoel het "het Recht van Rome". Indien Stolte korrek is, sou die stelling van Pomponius vreemd opval in die lig van die algemene gebruik van *regulae*, *definitiones* ens deur die juriste. In daardie geval sou Plinius dalk met goeie rede oor Javolenus se intelligensie getwyfel het. (Vgl *Epistulae* 6 15: *Est omnino [Javolenus] Priscus dubiae sanitatis, ... tamen ... adhibetur consiliis atque etiam ius civile publice respondit.*)

1238 Vgl Tafaro *Regula Iuris* 32 en die gesag aldaar. Dit is juis ook die invloed van die retoriek op die regswetenskap wat gelei het tot die formulering van definisies, die trek van onderskeidings ens. Vgl Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 662 ev met literatuur op 662-3.

1239 Vgl bv in die geval die ongeveer 200 jaar wat Labeo van Paulus skei.

1240 Martini *Definizioni* 381; vgl ook Tafaro *Regula Iuris* 33 n 15. Carcaterra *Definizioni* 117 ev noem egter dat die definisies van die juriste veral op twee areas aanwending gevind het: regsonderrig en wetenskaplike navorsing. Daar hoef nie noodwendig met hom saamgestem te word nie, maar indirek sou die definisies ook op hierdie wyse met verloop van tyd 'n rol in die regspraktyk begin speel het.

of *regula* afkomstig van een van die groot juriste (waarvan Labeo sonder twyfel een was)[1241] sou met groot ontsag deur praktisyns bejeën word.[1242]

Auctoritas, in die sin van die ervaring, prestige, en gesag van bewese persone, was een van die mees fundamentele nie-juridiese bindings in die Romeinse samelewing.[1243] Ook vir die Romeinse juriste was die steun op die gesag van ander juriste belangrik.[1244] *Regulae*, *definitiones*, *constitutiones*, *traditio* en *vulgo dictum* kan beskou word as juristereg wat tot objektiewe *auctoritas* geraak het.[1245] Die klassieke juriste het daarom die *definitiones* aanvaar maar gepoog om op die uitsonderings daarop te wys, of die swak punte daarvan uit te lig.[1246] Nou val dit op dat daar blykbaar niks tot die definisie van Labeo toegevoeg of 'n aspek daarvan gekritiseer is nie. Sou dit gevolglik 'n redelike afleiding gewees het dat die definisie wel deur Labeo en sy lesers, asook deur Paulus (wat hom aanhaal) as korrek en volledig beskou is? Myns insiens moet die antwoord hierop positief wees.

Wat sou die gesag van die definisie van Labeo dan gewees het? Die Romeinse juriste het, ten spyte van hulle ontsag vir die *responsa veterum* steeds probleme opgelos *ratione et auctoritate*. Wieacker[1247] stel dit soos volg: "Eine solche Regel ist kein allgemeiner Obersatz, wie die Lehrsätze der europäischen Jurisprudenz, sondern ... Richtschnur künftiger Praxis ..." Die juriste sou waarskynlik die definisie aanvaar het, maar oor die toepassing daarvan in individuele gevalle met mekaar gekibbel het.[1248]

1241 Vgl die lof wat Pomponius hom toeswaai in D 1 2 2 47: *Labeo ingenii qualitate et fiducia doctrinae, qui et ceteris operis sapientiae operam dederat, plurima innovare instituit.*

1242 Vgl Horak F *Rationes Decidendi. Entscheidungsbegründungen bei den ältern römischen Juristen bis Labeo* Aalen 1969 118. Oor die Romeine se respek vir *auctoritas* vgl Cicero *Topica* 4 24: *Quae autem assumuntur extrinsecus, ea maxime ex auctoritate ducuntur. Itaque Graeci talis argumentationes ἀτέχνους vocant, id est artis expertis, ut si ita respondeas: Quoniam P. Scaevola id solum esse ambitus aedium dixerit, quod parietis communis tegendi causa tectum proliceretur, ex quo tecto in tectum eius, aedis qui protexisset, aqua deflueret, id tibi ius videri.* Oor Labeo se voorliefde vir die skryf van *definitiones* vgl Pernice *Labeo* I 25 ev.

1243 Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 374 ev.

1244 Horak *Rationes Decidendi* 72; Schulz *Principles* 184.

1245 Horak *Rationes Decidendi* 116 ev.

1246 Horak *Rationes Decidendi* 117.

1247 Soos aangehaal deur Horak *Rationes Decidendi* 128.

1248 Horak *Rationes Decidendi* 118.

(ii) *Labeo plurima innovare instituit*: Die betekenis van *opere locato conducto* in Paulus D 50 16 5 1

Normaalweg is dit nie moeilik om tussen *locatio conductio rei* en die ander vorms van *locatio conductio (operis* en *operarum)* te onderskei nie. Die maak van 'n onderskeid tussen *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* is aansienlik meer problematies.[1249] Die belang van sodanige onderskeid kan nie misken word nie. In beide gevalle word daar deur een van die partye die een of ander vorm van werk (fisies of intellektueel) tot die beskikking van die ander gestel wat op sy beurt 'n bedrag geld daarvoor betaal. Die inhoud van die kontrak, die pligte wat op elke party geplaas word, kortom, die kontraktuele aanspreeklikheid van die partye, sou telkens radikaal van mekaar verskil afhangende van die vraag of daar sprake was van *locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum*.[1250]

Die feit dat die persoon wat die werk doen in die geval van *locatio conductio operarum* as *locator* beskryf word en in die geval van *locatio conductio operis* as *conductor*, bevestig die belang van die maak van 'n onderskeid tussen die twee kontrakte verder.[1251]

Hierbo is gewys op die verskillende sienings wat daar bestaan oor die betekenis van die begrip *opus locatum*. Volgens die meeste Romaniste sou daar sprake wees van *locatio conductio operis* waar daar byvoorbeeld aan 'n juwelier opdrag gegee word om 'n ring te maak, of aan 'n bouer om 'n huis te bou. In die lig hiervan is dit moeilik om te verstaan waarom daar in die volgende tekste klaarblyklik sprake was van *locatio conductio operarum*:

1249 Zimmerman *Law of Obligations* 394 ev.

1250 Dit kan aanvaar word dat die *locator operarum* minder sorg aan die dag sou moes lê as die *conductor operis*. Die *conductor operis* is aanspreeklik op grond van *imperitia* aangesien hy *ut artifex* gekontrakteer het: Celsus D 19 2 9 5; Ulpianus D 19 2 13 5. Die *locator operarum* sal normaalweg aanspreeklik wees vir *culpa*. Vgl Möller *Freiheit und Schutz* 38 ev; Martin "*Probatio Operis*" 1986 *ZSS* 321 332.

1251 Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 339.

G 3 147 Item quaeritur, si cum aurifice mihi convenerit, ut is ex auro suo certi ponderis certaeque formae anulos mihi faceret, et acciperet verbi gratia denarios CC, utrum emptio et venditio an locatio et conductio contrahatur. Cassius ait materiae quidem emptionem venditionemque contrahi, operarum autem locationem et conductionem. sed plerisque placuit emptionem et venditionem contrahi. atqui si meum aurum ei dedero mercede pro opera constituta, convenit locationem conductionem contrahi.[1252]

Gaius wys hier op 'n geval waaroor daar onder die juriste in sy tyd nie eenstemmigheid bestaan het nie. Waar iemand met 'n vakman ooreenkom dat laasgenoemde uit sy eie materiaal 'n ring vervaardig is daar 'n meningsverskil tussen die *Sabiniani* en die *Proculiani*.[1253] Cassius was van mening dat hier sprake is van beide *locatio conductio* en ook *emptio venditio*: *locatio conductio* ten opsigte van die dienste van die juwelier en *emptio et venditio* ten opsigte van die goud. Die meerderheid juriste was egter van mening dat daar slegs een kontrak tot stand kom, naamlik *emptio et venditio*.[1254]

Afgesien van die afwykende standpunt wat hier deur Cassius ingeneem word, val dit op dat hy in die geval van die vakman wat opdrag gegee is om 'n ring uit goud te vervaardig, praat van *locatio conductio operarum*; 'n siening wat blykbaar ook deur Gaius gedeel word. Volgens die meerderheid Romaniste sou daar egter in dié geval sonder twyfel gepraat word van *locatio conductio operis*.[1255]

1252 G 3 147: Insgelyks word getwyfel of daar 'n koop- of huurkontrak tot stand sou kom as ek met 'n juwelier ooreengekom het dat hy uit sy eie goud vir my ringe van 'n bepaalde gewig en ontwerp vervaardig, en hy 200 *denarii* daarvoor sou ontvang. Cassius sê dat daar 'n koopkontrak tot stand kom tov die materiaal, en *locatio conductio* tov die arbeid. Tog beskou die meerderheid juriste dit as 'n koopkontrak. Maar as ek my eie goud aan hom oorhandig het en 'n bedrag as vergoeding vir sy werk vasstel, is dit seker dat 'n kontrak van *locatio conductio* aangegaan word.

1253 Wat afgelei kan word uit Galus se gebruik van die woord *plerisque*; vgl Mayer-Maly *Locatio Conductio* 74.

1254 Die mening van die meerderheid het uiteindelik geseëvier; vgl Pomponius D 18 1 20.

1255 Vgl bv Robaye *Obligation de Garde* 168 n 49: "Il s'agit [G 3 147] normalmente d'une *locatio operis*, contrairment à ce que pourraient laisser croire les mots '*operarum autem locationem*'". Vgl ook Wubbe FBJ "Opus selon la définition de Labéon" 1982 *TvR* 241 243.

Anders as wat deur G 3 147 te kenne gegee word, het die feit dat die vakman ook die materiaal verskaf, nie noodwendig beteken dat daar nie 'n kontrak van *locatio conductio* tot stand sou kom nie. Waar die grondeienaar met 'n bouer ooreenkom dat die bouer die materiaal verskaf en vir hom 'n huis op sy grond bou, is dit nogtans 'n geval van *locatio conductio*:

> Paulus D 19 2 22 2: Cum insulam aedificandam loco, ut sua impensa conductor omnia faciat, proprietatem quidem eorum ad me transfert et tamen locatio est: locat enim artifex operam suam, id est faciendi necessitatem.[1256]

Die beslissing van Paulus beteken nie dat hy terugkeer tot die leer van Cassius nie.[1257] Wat vir Paulus van deurslaggewende belang kon wees, is die feit dat die belangrikste deel van die voltooide produk (die grond) deur die grondeienaar verskaf word. Wat egter ook in die geval opmerklik is, is dat Paulus klaarblyklik hier dink aan *locatio conductio operarum*: *locat enim artifex operam suam*. Ook in die geval sou die meerderheid Romaniste sekerlik verkies het om te praat van *locatio conductio operis*.

'n Verklaring van bogemelde oënskynlike teenstrydigheid, lê opgesluit in die definisie van *opus locatum* deur Labeo. Volgens Labeo beteken *opus*: *quod graeci ἀποτέλεσμα vocant, non ἔργον, id est opere facto corpus aliquod perfectum*.

Dit is duidelik dat Labeo van mening is dat *opus locatum conductum* sinoniem is met die Griekse begrip *ἀποτέλεσμα*. Hierna is die teks problematies aangesien die laaste gedeelte van Labeo se definisie vir twee vertolkings vatbaar is. Die probleem is om te bepaal of die gedeelte "*non ἔργον*" in parentese geplaas moet word en dus moet lees dat *opus locatum* beteken *quod graeci ἀποτέλεσμα vocant - id est opere facto corpus*

1256 Paulus D 19 2 22 2: Indien ek die oprigting van 'n gebou uitkontrakteer op die voorwaarde dat die bouer alles op sy eie koste doen, maak hy my eienaar van die boumateriaal en tog is dit *locatio conductio*. Hy verhuur immers sy dienste as 'n vakman, dit wil sê die plig om iets te vervaardig.

1257 Mayer-Maly *Locatio Conductio* 75.

aliquod perfectum, non ἐργον. Of het Labeo bedoel dat *opus locatum ἀποτέλεσμα* beteken en dus nie *ἐργον [quod] est opere facto corpus aliquod perfectum* nie?[1258]

In 'n poging om 'n oplossing te vind, moet die presiese betekenisse van *ἀποτέλεσμα* en *ἐργον* bepaal word. Volgens Liddell en Scott[1259] beteken *ἀποτέλεσμα* "full completion; event; result; finished product"; *Απο* op sigself kan ook beteken "waarvan, waardeur iets gedoen is, (persoon) waardeur iets gedoen is, die rede waarom iets gedoen is". In samestellings het dit die betekenis van "weg-", "klaar-". Die werkwoord *τελεόω* het verskeie betekenisse waaronder "make perfect, complete", "to execute a legal instrument, make it valid by completing it".[1260] Hierbenewens kan dit ook beteken "to bring to perfection", "to seal success", "to attain perfection". *Αποτέλεσμα*, in die sin wat dit deur Labeo gebruik word, kan dus eenvoudig weergegee word met "om die verpligting volkome na te kom".

ἐργον het 'n wye betekenisveld. Dit kan beteken: "works or deeds of war", "of peaceful contests", "works of industry" (soos byvoorbeeld "tillage", "weaving", "fishing"), "deed", "action", "thing, matter", "that which is wrought or made, work" (soos byvoorbeeld "siege-works", "a machine", "buildings"), "result of work, profit or interest".[1261]

Waar *ἀποτέλεσμα* dus eerder dui op die wyse waarop 'n taak voltooi is, dui *ἐργον* op die inspanning, die taak self of die produk daarvan (*aliquod corpus perfectum*). Eersgenoemde se betekenisveld is abstrak, laasgenoemde konkreet.[1262]

Indien die teks nou van nader bekyk word lyk dit asof daar veel spreek vir die afleiding om die laaste sinsnede (vanaf *id est*) te laat verband hou met *ἐργον*. Twee gronde kan hiervoor aangevoer word: In die eerste plek kan dit as logies beskou word dat die woorde *id est* die gedeelte wat dit onmiddellik voorafgaan, beskryf. Tweedens, indien

---

1258 Wubbe "Opus selon la définition de Labéon" 244. Vgl oor wat volg Biscardi A "Quod Graeci 'Apotelesma' Vocant" 1989 *Labeo* 163.
1259 Liddell-Scott *Greek-English Lexicon* shv.
1260 Liddell-Scott *Greek-English Lexicon* sv *τελεόω* I b.
1261 Liddell-Scott *Greek-English Lexicon* sv *ἐργον*.
1262 Biscardi "Quod Graeci 'Apotelesma' Vocant" 164; Wubbe "Opus selon la définition de Labéon" 244 ev.

dit anders gelees moet word, maak die definisie geen sin nie;[1263] dit sou beteken dat Labeo soos volg redeneer:

(a) *Opus* is identies met ἀποτέλεσμα;
(b) *Opus* beteken nie "die resultaat van werk" (oftewel ἔργον) nie;
(c) *Opus* beteken "die resultaat van werk".

Hiervolgens sou Labeo homself dus lynreg weerspreek: *opus* beteken nie "die resultaat van werk" nie (b); *opus* beteken "die resultaat van werk" (c)!

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die juriste begrippe van die gewone omgangstaal gebruik en dit ook hulle normale betekenis laat dra het. Soos in die omgangstaal, moet die betekenis van woorde in die konteks waarin dit gebruik word vasgestel word.[1264] Uit die aard van die saak sou dit egter nodig wees om tegniese begrippe te definieer om sodoende aan hulle 'n wyer of enger betekenis te gee as wat dit in die normale omgangstaal sou dra.[1265] Labeo is klaarblyklik hier van mening dat die gewone betekenis van *opus* nie voldoende is om presies weer te gee wat onder die begrip *opus locatum* tuisgebring moet word nie. Om die korrekte betekenis daarvan te verduidelik gebruik hy Griekse woorde.[1266]

Labeo aanvaar dat daar 'n verskil bestaan tussen ἀποτέλεσμα en ἔργον. Dit is duidelik uit die teks waar ἀποτέλεσμα en ἔργον uitdruklik met mekaar kontrasteer word. Die feit word ook ondersteun deur die gewone betekenis van die twee woorde soos dit hierbo uiteengesit is.[1267]

Aangesien dit duidelik is dat die betekenis van ἔργον die naaste aan *aliquod corpus perfectum* is, sou dit nie sin maak dat Labeo die gedeelte (*aliquod corpus perfectum*)

1263 Wubbe "Opus selon la définition de Labéon" 246.
1264 Carcaterra *Definizioni* 135.
1265 Carcaterra *Definizioni* 141 met voorbeelde.
1266 Biscardi "Quod Graeci 'Apotelesma' Vocant" 170.
1267 Carcaterra *Definizioni* 211 se vertolking van die passasie "*quod Graeci ἀποτέλεσμα vocant, nos ἔργον*" slaan my om hierdie redes geheel en al dronk.

op ἀποτέλεσμα wou afdwing en sodoende die verskil wat daar tussen die twee begrippe (ἀποτέλεσμα en ἔργον) bestaan, uitskakel nie.

Uit die definisie van Labeo blyk dus dat die *conductor operis* nie alleen 'n bepaalde taak of werk moet verrig nie, hy moet dit ook doen met die nodige sorg en kundigheid: "Il répond de ses fautes, de son manque de compétence, des fautes de ses employés".[1268]

Gaan dit daarteenoor slegs om die beskikbaarstelling van arbeidskrag of die lewering van 'n bepaalde resultaat (byvoorbeeld die dra van 'n *amphora* vanaf punt A na punt B of die maak van 'n ring soos in G 3 147 en in Paulus D 19 22 2 hierbo), is dit ἔργον en aangesien dit blykbaar nie as *opus locatum* deur die partye beskou is nie, moes dit 'n geval gewees het van *locatio operarum*.

Waar die *conductor operis* as deskundige normaalweg onafhanklik sou werk en die resultaat van sy arbeid aan die maatstawwe moes voldoen wat deur sy vak daargestel word, sou die *locator operarum* meestal onder die toesig van die werkgewer gewerk het of bloot laasgenoemde se bevele uitgevoer het. Dit moet egter beklemtoon word dat die onderskeid tussen *locatio operis* en *locatio operarum* nie eenvoudig gesien kan word in die mate van kontrole of beheer wat daar oor die werker bestaan het nie.[1269]

1268 Wubbe "Opus selon la définition de Labéon" 247. Vgl ook Berthelot M *Les cinquante livres du Digeste ou des Pandectes de l'empereur Justinien* Paris 1805 se vertolking van die teks: "Quand on dit que quelqu'un a loué ses services pour faire un ouvrage, Labéon dit qu'on doit entendre par ces termes ce que les Grecs appellent faire, achever, finir, et qu'on ne peut en être déchargé qu'après l'avoir rendu parfait." Hierdie is kwalik 'n vertaling, maar Berthelot het die boodskap wat Labeo wou tuisbring, korrek weergegee. Schneider R in Otto CE, B Schilling, CFF Sintenis *Das Corpus Iuris in's Deutsche übersetzt* Leipzig 1832 se vertaling van die gedeelte is problematies: "Wenn ein Werk in Verding gegeben und genommen ist (*opere locato conducto*); Labeo sagt, daß mit diesen Worten ein solches Wort bezeichnet werde, welches die Griechen ἀποτέλεσμα, - nicht ἔργον - nennen, das heißt, eine durch die Verfertigung des Werkes entstandene vollendete Sache." In 'n nota oor die betekenis van ἔργον word daar verduidelik: "D.h. ein Werk überhaupt, auch ein unvollendetes."

1269 Wat gedoen word deur Zimmerman *Law of Obligations* 394; Thomas " "*Locatio* and *operae*" 236; Molnár "Object of *locatio conductio*" 133.

Daar kan dus ook nie gesê word dat die onderskeid geleë is in die feit dat daar in die geval van *locatio operis* sprake is van 'n stuk werk wat voltooi moet word, terwyl *locatio operarum* bloot gaan oor die doen van werk nie.[1270] Ook in die geval van *locatio operarum* kan die werker die opdrag kry om 'n bepaalde stuk werk te voltooi. Neem byvoorbeeld die geval van 'n werker wat in diens geneem is met die opdrag om 5 gate in die grond te grawe; of om 'n vloer te was; of om 'n sak koring vanaf die voorkant van die *taberna* na die agterkant daarvan te dra. In al die gevalle is daar ongetwyfeld sprake van 'n stuk werk wat voltooi is: die gate is gegrawe, die vloer is skoon en die koring is nou op die regte plek. Indien die toets is of 'n stuk werk voltooi is of nie, sou die gevalle (wat normaalweg as *locatio operarum* beskryf word aangesien dit as die blote verrigting van fisiese arbeid gesien is) ook moes kwalifiseer as *locatio operis*. Daar bestaan in die gevalle prinsipieel geen verskil tussen dié aktiwiteite en die verrigting daarvan op 'n groter skaal, of ten opsigte van 'n ander voorwerp nie. So verskil die grawe van gate nie prinsipieel van die doen van bouwerk nie, die was van 'n vloer nie van die skoonmaak van 'n kledingstuk en die dra van 'n sak koring nie van die vervoer van goedere nie. In al die gevalle is daar slegs sprake van *aliquod corpus ex opere perfectum* en nogtans sou dit nie voldoende wees om dit te laat kwalifiseer as *opus conductum* nie.

Volgens Labeo was die toets duidelik of daar sprake is van *opus, quod graeci ἀποτέλεσμα vocant*. Dit moet dus werk wees wat volgens 'n bepaalde standaard of met gebruikmaking van spesiale sorg of vaardigheid verrig moet word; in kort, die *conductor operis* moet deskundige diens lewer.

Sekere take sou hiervolgens nie geskik wees om as voorwerp van *locatio conductio operis* te dien nie - bloot omdat daar in hulle geval nie sprake kon wees van 'n *ἀποτέλεσμα* nie. Voorbeelde hiervan kan die verrigting van die mees elementêre vorms van hande-arbeid wees, soos die dra van 'n sak koring. Selfs al sou die

---

1270 'n Toets wat blykbaar deur Zimmerman *Law of Obligations* 393 ev as deurslaggewend beskou word. Contra: Pinna Parpaglia *Vitia ex ipsa re* 153: "[Paulus D 50 16 5 1] voglia soprattutto chiarire il significato del risultato concreto di una fattispecie di locazione e non il suo contenuto obbligatorio."

werkgewer geen toesig oor die uitvoering van die taak hou nie en selfs al sou die karweier self besluit hoe hy die sak gaan dra, teen welke spoed, of hy links-om 'n hindernis of regs-om gaan stap ensovoorts, maak dit nie hiervan skielik 'n geval van *locatio operis* nie.

Aan die ander kant sou werk waarvoor daar meer vaardigheid geverg word, afhangende van die bedoeling van die partye of *locatio conductio operis* wees (waar die *conductor* (ondernemer) met of sonder die toesig van die *locator* (diensheer) deskundige diens lewer), of *locatio conductio operarum* (waar bloot werk, ongeag die kompleksiteit daarvan, gedoen moes word). 'n Chirurg sou dus hiervolgens in terme van *locatio conductio operarum* 'n operasie kan uitvoer indien dit die bedoeling van die partye was dat hy (die chirurg) bloot die fisiese werk moet verrig en niks meer nie.[1271]

'n Duidelike toepassing van bogemelde kom voor in Javolenus D 19 2 51 1:

> Locavi opus faciendum ita, ut pro opere redemptori certam mercedem in dies singulos darem: opus vitiosum factum est: an ex locato agere possim? respondit: si ita opus locasti, ut bonitas eius tibi a conductore adprobaretur, tametsi convenit, ut in singulas operas certa pecunia daretur, praestari tamen tibi a conductore debet, si id opus vitiosum factum est: non enim quicquam interest, utrum uno pretio opus an in singulas operas collocatur, si modo universitas consummationis ad conductorem pertinuit. poterit itaque ex locato cum eo agi, qui vitiosum opus fecerit. nisi si ideo in operas singulas merces constituta erit, ut in arbitrio domini opus efficeretur: tum enim nihil conductor praestare domino de bonitate operis videtur.[1272]

1271 Vir 'n voorbeeld vgl Ulplanus D 9 2 7 8.

1272 Javolenus D 19 2 51 1: "Ek het 'n stuk werk so uitgekontrakteer dat ek die ondernemer elke dag 'n sekere bedrag geld vir die werk betaal. Die werk word gebrekkig voltooi - sou ek 'n eis *ex locato* kon instel? Hy antwoord soos volg: as jy die werk so uitgekontrakteer het dat die ondernemer vir die behoorlike voltooiing daarvan verantwoordelik is, moet hy (die ondernemer) daarvoor instaan as die werk gebrekkig voltooi is, selfs al het hy ooreengekom dat daar daagliks betaling plaasvind vir die werk wat gedoen is. Dit maak immers geen verskil nie of werk uitgekontrakteer word teen die betaling van 'n lompsom en of betaling geskied na gelang die werk vorder, mits voltooiing daarvan in die geheel die verantwoordelikheid van die ondernemer

Iemand het werk uitgekontrakteer en ooreengekom dat betaling daagliks geskied. Die ondernemer het die werk voltooi (*opus ... factum est*) maar dit was gebrekkig (*vitiosum*). Javolenus stel dit duidelik dat die aanspreeklikheid van die ondernemer bepaal sou word deur die vraag of hy ook verantwoordelik was vir die gehalte van die werk (*si ita opus locasti, ut bonitas eius tibi a conductore adprobaretur*); indien wel, maak die wyse waarop betaling plaasvind (*in dies singulos*) geen verskil nie. Die laaste gedeelte van die teks is ewe belangrik en stel die alternatief daar: indien die eienaar / werkgewer self toegesien het na die gehalte van die werk, verval die aanspreeklikheid van die werknemer / werker.

Die teks van Javolenus is merkwaardig. Hier het 'n situasie ontstaan waar die partye 'n kontrak aangegaan het wat met die eerste oogopslag nie die kenmerke van *locatio conductio operis* vertoon het nie. In die geval van *locatio conductio operis* het betaling normaalweg geskied *per aversionem*[1273] of *in pedes mensurasve.*[1274] In dié geval het betaling *in dies singulos* geskied - 'n manier van betaling wat normaalweg met *locatio operarum* assosieer word.[1275] Dit is waarskynlik ook die basis waarop die *redemptor* in die geval aanspreeklikheid wou ontkom - deur te argumenteer dat hier 'n geval van *locatio operarum* is (soos blyk uit die wyse waarop betaling geskied het),[1276] en dat hy dus slegs verplig was tot ἔργον en nie vir ἀποτέλεσμα nie, dit wil sê slegs fisiese arbeid moes lewer en dus nie vir die gehalte van die voltooide werk in die geheel verantwoordelik was nie.[1277]

---

is. Dus kan daar 'n aksie *ex locato* ingestel word teen hom wat die werk gebrekkig voltooi het. Tensy die geld daagliks betaal word met die bedoeling dat die werk volgens die diskresie van die eienaar uitgevoer word: dan lyk dit asof die ondernemer, betreffende die gehalte van die werk, niks aan die eienaar verskuldig is nie."

1273 Vgl Florentinus D 19 2 36.

1274 Alfenus D 19 2 30 3. Vgl ook oor die algemeen Ries *Bauverträge* 110 ev.

1275 Vgl Gummerus "Industrie und Handel" *RE* 9 1481. Betaling kon ook per week of per maand geskied of kon vooraf bepaal word en aan die einde van die kontrakstermyn betaal word: De Robertis *Rapporti di Lavoro* 146.

1276 Vgl Martin "*Probatio operis*" 331.

1277 So ook Möller *Freiheit und Schutz* 38; Martin "*Probatio operis*" 332. Martin onderskei egter self nie suiwer tussen *locatio operis* en *operarum* nie waar sy meen dat dit in die geval van *locatio operis* gaan om die lewering van 'n voltooide produk en by *locatio operarum* nie. Soos hierbo aangetoon, kan dit inderdaad ook by *locatio operarum* om 'n voltooide produk gaan (*aliquod opus perfectum*). Sy kom wel naby daaraan deur die onderskeid tussen die twee vorms te sien in die *probatio* wat in die een geval (*locatio operis*) teenwoordig is en in die ander geval (*locatio operarum*) nie: "...*probatio* is the essence of the distinction between a contract for work and one

Javolenus wys daarop dat die *redemptor* vir die gebrekkige resultaat aanspreeklik sou wees indien hy vir die behoorlike voltooiing daarvan verantwoordelik was. Aangesien dit dan sou dui op iets meer as bloot die beskikbaarstelling van arbeidskragte - dit gaan dan duidelik om die lewering van ἀποτέλεσμα (deskundige diens) - het Javolenus in die eerste gedeelte van die teks die geval van *locatio conductio operis* in gedagte.

In die slotgedeelte van die teks stel Javolenus die alternatief daar: indien die werker bloot werk moet doen en die resultaat in die diskresie van die werkgewer berus, kan die werker nie aanspreeklik gehou word vir die gebrekkige voltooiing van die werk nie. Hier moet die werker bloot sy fisiese kragte aanwend - hy was slegs verplig tot ἔργον: *tum enim nihil conductore praestare domino de bonitate operis videtur.*

Die feit dat Javolenus in die laaste gedeelte van die teks steeds na die werker as *conductor* verwys (terwyl hy volgens bogemelde vertolking eerder as *locator operarum* sou moes bekendstaan) is problematies. Dit kan verklaar word aan die hand van die feit dat Javolenus, as hoof van die skool van die Sabini, op 'n lang tradisie terugval waarvolgens *locatio conductio operis* as 'n vorm van *locatio conductio operarum* gesien is.[1278] Ook moet daar in gedagte gehou word dat die juriste nie in alle gevalle dogmaties en suiwer onderskei het tussen die drie vorms van *locatio conductio* nie. Dit is dus moontlik dat Javolenus in 'n geval soos hierdie eerder sou wou hou by die terminologie of rolle van die partye soos deur die werkgewer aan hom gestel is. Hy het die *responsum* begin deur na die werknemer te verwys as *conductor* en hy sou verkies om dit deurgaans so te doen ter wille van duidelikheid.[1279]

In die lig van bogemelde, is die verwysings na *locatio conductio operarum* in G 3 147 en Paulus D 19 2 22 2 duidelik. In beide daardie gevalle het die partye die bedoeling

---

for day labour" (Martin "*Probatio operis*" 333). Die probleem met Martin se tese is dat *probatio* aangewend is in die geval van boukontrakte. Die sfeer van *locatio operis faciendi* strek veel verder as dit en maak dit problematies om *probatio operis* as algemene maatstaf te probeer aanwend.

1278 Behrends "Rechtsformen der römische Handwerks" 197 ev; Möller *Freiheit und Schutz* 39.

1279 Martin "Probatio operis" 332.

gehad dat die vakman bloot sy arbeidskragte beskikbaar stel, moontlik onder die direkte toesig en beheer van die *conductor operarum* / werkgewer. Hulle was tot dieselfde prestasie verplig as die *redemptor* teen die einde van Javolenus D 19 2 51 1 en moes bloot ἔργον, en nie ἀποτέλεσμα nie, lewer.

Samevattend kan daar dus opgemerk word dat die voorwerp van die kontrak in die geval van *locatio conductio operis* nie gesien kan word as die materiaal (goud, kledingstukke ensovoorts) wat aan die *conductor* oorhandig is, of die *res futura* (die huis wat gebou moet word, die kledingstuk wat skoongemaak moet word) nie.[1280] Ook kan dit nie bloot gesien word as die bereiking van 'n bepaalde resultaat, die doen 'n stuk werk nie. Ten einde as *locatio conductio operis* te kon kwalifiseer, moes dit die doen van 'n bepaalde werk impliseer wat aan 'n bepaalde maatstaf voldoen wat by voltooiing as ἀποτέλεσμα sou kon geld.

Die mate van vaardigheid is ook nie deurslaggewend nie. Selfs nederige aktiwiteite soos die oppas van kuddediere kon ook as *locatio conductio operis* kwalifiseer mits die *conductor operis* verplig was om 'n deskundige diens te lewer.[1281]

Die effek van die onderskeid tussen *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* sal natuurlik tot gevolg hê dat die *locator operarum*, wat slegs verplig was om fisiese arbeid (ἔργον) te verrig, en nie ook verantwoordelik was vir die resultaat van die werk nie, in min gevalle op grond van wanprestasie deur die *conductor* (werkgewer) aangespreek sou word. Die probleme ten opsigte van *locatio conductio operarum* sou waarskynlik eerder sentreer rondom die dra van risiko (*periculum*).[1282]

1280 Vgl hier ook die kritiek uitgespreek deur Molnár "Object of *locatio conductio*" 132 ev. In talle gevalle waar daar wel *locatio conductio operis* tot stand gekom het, is daar geen sprake van 'n *res futura* nie: *vinum de Campania conduxisset* (Ulpianus D 19 2 11 3); *columnam transportandam conduxit* (Gaius D 19 2 25 7); *mercedem recipit pro custodia aliculus rei* (Gaius D 19 2 40).

1281 Vgl Ulpianus D 19 2 9 5: *Si quis vitulos pascendos conduxit ... quippe ut artifex, inquit, conduxit.* Die bedoeling van die partye is deurslaggewend. Vgl ook Vigneron "La conception originaire de la *locatio conductio* romaine" 523 wat tereg die kontrakteervryheid van die partye tot *locatio conductio* beklemtoon.

1282 Hier geld die reël *periculum conductoris* moontlik: Paulus D 19 2 38 pr *Qui operas suas locavit, totius temporis mercedem accipere debet, si per eum non stetit, quo minus operas praestet.* Vgl hieroor Kaser *Römisches Privatrecht* 1 570; Zimmerman *Law of Obligations* 385; Mayer-Maly

Labeo plurima innovare instituit deel Pomponius ons mee in D 1 2 2 47. Wat dié gebied van die kontraktereg betref, kan Pomponius se stelling sonder twyfel ook van toepassing gemaak word op Labeo se definisie van *locatio conductio operis*.[1283]

(iii) Die *artes liberales*

Met uitsondering van enkele aktiwiteite wat slegs as *locatio conductio operarum* sou kon geld,[1284] kon alle ander dus, afhangende van die bedoeling van die partye, onder enige van die twee kontrakte (*locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum*) tuisgebring word. Daar het egter 'n verdere belangrike kwalifikasie bestaan, naamlik dat die aktiwiteit die voorwerp van *locatio conductio* moes kon wees (quod locari solet).[1285] Oor die inhoud van die kategorie van *facta quae locari non possint* het daar 'n hewige meningsverskil ontstaan. Die kontrovers is veroorsaak deur enkele tekste. Die belangrikste is:

> Cicero *De Officiis* 1 42 150 Jam de artificiis et quaestibus, qui liberales habendi, qui sordidi sint haec fere accipimus ... illiberales autem et sordidi quaestus mercennariorum, omniumque, quorum operae, non artes emuntur: est enim illis ipsa merces auctoramentum servitutis, quod statim vendant: ..... opificesque omnes in sordida arte versantur; minimaeque artes hae probandae, quae ministrae sunt voluptatum, cetarii, lani, coqui, sartores, piscatores, ut ait Terentius. Adde huc, si placet, unguentarios, saltatores, totumque ludum telarium.
>
> Quibus autem artibus aut prudentia maior inest aut non mediocris utilitas quaeritur, ut medicina, ut architectura, ut doctrina rerum honestarum, eae sunt iis, quorum ordini conveniunt honestae. Mercatura autem, si tenuis est, sordida

---

Locatio Conductio 181 ev; De Robertis *Rapporti di Lavoro* 148. Die partye kon natuurlik ook anders ooreenkom soos blyk uit die Daciese mynkontrak (vgl Bruns *Fontes* 370) waar die werker die risiko in bepaalde gevalle van *vis maior* gedra het. Die probleem van die dra van die risiko in die geval van *locatio conductio operarum* is egter hoogs omstrede. Vgl Zimmerman *Law of Obligations* 385 ev en die literatuur daar aangehaal.

1283 Vgl Biscardi "Quod Graeci 'Apotelesma' Vocant" 171.

1284 Vgl 215 hierbo.

1285 Paulus D 19 5 5 2. In die teks kontrasteer Paulus handelinge wat verhuur kon word met dié waarmee dit nie die geval was nie: *quod locari non possit.*

putanda est; sin magna et copiosa, multa undique apportans multisque sine vanitate impertiens, non est admodum vituperanda, atque etiam, si satiata quaestu vel contenta potius, ut saepe ex alto in portum, ex ipso portu se in agros possessionesque contulit, videtur iure optimo posse laudari.
Omnium autem rerum ex quibus aliquid adquiritur, nihil est agricultura melius, nihil uberius, nihil dulcius, nihil homine libero dignius.[1286]

Volgens Cicero is werk gedoen deur handwerkers (*opifices*), insoverre dit ten doel het om as lewensonderhoud te dien, 'n vernederende en vuil besigheid (*artes minimae, sordidae, illiberales*) - iets wat onwaardig is van 'n vry persoon. Om werk teen vergoeding te doen, is prakties identies met slawerny (*est enim illis ipsa merces auctoramentum servitutis*). Wat wel deur die vry persoon van 'n lae stand (*quorum ordini conveniunt*) beoefen kan word, is medisyne, argitektuur, filosofie en handeldryf op groot skaal. Die enigste beroep wat wel 'n vry persoon waardig is, is die landbou.[1287]

1286 Cicero *De Officiis* 1 42 150: "Now in regard to trades and other means of livelihood, which ones are to be considered becoming to a gentleman and which ones are vulgar, we have been taught, in general, as follows. ... Unbecoming to a gentleman, too, and vulgar are the means of livelihood of all hired workmen whom we pay for mere manual labour, not for artistic skill; for in their case the very wage they receive is a pledge of their slavery. Vulgar we must consider those also who buy from wholesale merchants to retail immediately ... And all mechanics are engaged in vulgar trades; for no workshop can have anything liberal about it. Least respectable of all are those trades which cater for sensual pleasures: "Fishmongers, butchers, cooks, and poulterers. And fishermen," as Terence says. Add to these, if you please, the perfumers, dancers, and the whole *corps de ballet*. But the professions in which either a higher degree of intelligence is required or from which no small benefit to society is derived - medicine and architecture, for example, and teaching - these are proper for those whose social position they become. Trade, if it is on a small scale, is to be considered mean; but if it is large-scale and extensive, importing large quantities from all parts of the world and distributing to many without misrepresentation, it is not to be greatly disparaged. Nay, it even seems to deserve the highest respect, if those who are engaged in it, satiated, or rather I should say, satisfied with the fortunes they have made, make their way from the port to a country estate, as they have often made it from the sea into port. But of all the occupations by which gain is secured, none is better than agriculture, none more profitable, none more delightful, none more becoming to a freeman." (Loeb-vertaling.)

1287 Vgl die bespreking van die teks in De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 53 ev.

Ongeveer 100 jaar later skryf Seneca:

> Quare liberalia studia dicta sunt, vides; quia homine libero digna sunt.[1288]

Volgens Seneca is slegs die *studia liberalia* 'n vry persoon waardig. Vir hom word die *studia liberalia* beperk tot filosofie, grammatika en wiskunde.[1289]

Cicero, Quintilianus[1290] en Seneca was deel van die intelligentsia van die Romeinse samelewing. As deel van die "*ambiente aulico*"[1291] het hulle min belangstelling getoon in die nederige en die konkrete realiteite van die daaglikse lewe.[1292]

Voorts moet in gedagte gehou word dat, in die oë van dié Romeine, die individu geevalueer word *vis-à-vis* sy rol in die staat. Elke burger se hoogste ideaal was 'n suksesvolle loopbaan as politikus. Hiervoor, vir die *cursus honorum*, was *dignitas* gekoppel met *decorum* 'n vereiste. Die burger kon die grootste diens lewer deur homself as politikus in diens te plaas van die staat. Hiervoor was 'n goeie verstandelike vermoë essensieel aangesien primêr met die gesproke woord in die belang van die staat opgetree word. Dit verklaar die feit dat die retoriek, grammatika, filosofie, musiek, letterkunde, poësie en dialektiek[1293] as aktiwiteite beskou word wat 'n vry man waardig is - dit maak van hom 'n "beter burger".[1294]

Vir Cicero is landbou toelaatbaar - groothandel word verdra slegs aangesien dit die handelaar in staat kan stel om grond aan te skaf en hom op die landbou te kan toespits.[1295] Landbou skep geen band van afhanklikheid tussen die boer en 'n ander

---

1288 Seneca *Epistulae Morales* 88 1-2: "Jy sien, die professies word vry genoem omdat hulle 'n vry persoon waardig is."

1289 Visky K *Geistige Arbeit und die "Artes Liberales" in den Quellen des römischen Rechts* Budapest 1977 11; Calabi-Limentani I *Il Lavoro Artistico* Milano 1958 63 ev.

1290 Quintilianus *Institutio Oratoria* 12 11 20 ev wat ook die gedagte van Seneca opneem maar die retoriek en grammatika uitdruklik byvoeg.

1291 De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 49 ev.

1292 Lana I *Sapere Lavoro e Potere in Roma Antica* Napoli 1990 395.

1293 Vgl Visky *Geistige Arbeit* 10 ev.

1294 Vgl hieroor Wieacker *Römische Rechtsgeschichte* 353 met literatuur; De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 51.

1295 Vgl Cicero *De Officiis* 1 42 151 *....ut ... ex ipso portu se in agros possessionesque contulit ...*

persoon nie; dit weerhou hom nie van die lewering van diens aan die staat nie en dit bevorder die deugde wat nodig is vir 'n nuttige burger.[1296]

Dit verklaar ook waarom alle aktiwiteite wat 'n burger daarvan sou weerhou om homself in diens van die staat te plaas, geminag word. Veral as dit daarop gemik was om sy oorlewing te verseker - met ander woorde as dit teen vergoeding uitgeoefen word - is dit iets wat hom sy vryheid ontneem om homself in diens van die staat te plaas. Dan is die vergoeding wat hy daarvoor ontvang die *auctoramentum servitutis*.[1297]

In die lig hiervan is dit ook duidelik waarom Cicero dit wel as toelaatbaar beskou vir die *humiliores*, diegene wat tot die laer klasse van die samelewing behoort, om beroepe teen vergoeding te beoefen. Buite die dampkring van die aristokrasie het hulle as sodanig alreeds weinig potensiële nut vir die *civitas Romana*.[1298]

'n Bewys van die feit dat bogemelde uitsprake as deel van 'n bepaalde filosofiese en ideologiese lewensbeskouing gesien moet word, kom van die einste Cicero self. Hy is deeglik bewus van die feit dat 'n mens se bestaan afhang van arbeid en vaardighede; dit is *partim ad usum vitae, partim ad oblectationem necessaria*.[1299] Hy stel dit male sonder tal dat alles wat die mens op aarde geniet, te danke is aan die *manus* en *ars*, dat niks gedoen sou kon word *sine hominum labore et manu, sine hominum manu et opera*.[1300] Daarsonder is alles verlore.[1301]

1296 Lana *Sapere Lavoro e Potere* 406 ev; De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 88.

1297 Lana *Sapere Lavoro e Potere* 404.

1298 Lana *Sapere Lavoro e Potere* 404 415 ev.

1299 Cicero *Natura Deorum* 2 148. In die *De Officiis* het Cicero swaar op die werk van die Griekse filosoof Panaitios gesteun; ook om die rede moet sy uitsprake met omsigtigheid bejeën word en nie sonder meer as van toepassing op die Romeinse milieu beskou word nie: Nörr "Zur Bewertung der freien Arbeit in Rom" 72.

1300 Vgl Cicero *Natura Deorum* 2 151-152 *Iam vero operibus hominum, id est manibus, cibi etiam varietas invenitur et copia ... nostris denique manibus in rerum natura quasi alteram naturam efficere conamur.*

1301 Cicero *De Officiis* 2 4 15: ... *quid enumerem artium multitudinem, sine quibus vita omnino nulla esse potuisset*? Vgl Lana *Sapere Lavoro e Potere* 405; Calabi-Limentani *Lavoro Artistico* 64.

Indien die uitsprake van skrywers soos Cicero en Seneca globaal beoordeel word, blyk dit sonder twyfel dat hulle die waarde en nut van werk en werkers positief waardeer; slegs indien hulle die verhouding van die burger ten opsigte van die staat onder die loep neem, word hierdie persone en aktiwiteite met afkeur bejeën.[1302] Ten slotte, die groot aantal dokumente en inskripsies waarin werkers geadverteer en / of verheerlik word, bewys die feit dat laasgenoemde siening van die heersende klasse weinig invloed op die daaglikse lewe gehad het.[1303]

Die regsbronne reflekteer laasgenoemde feit. Intellektuele werk, die werk van die kunstenaar of professionele persoon is eenvoudig beskou as *operae* en as sodanig nie juridies onderskei van ander vorms van werk nie.[1304] Die begrip *operae liberales* of, soos dit ook bekend staan, *artes liberales* wat so prominent in die werke van die filosowe figureer, kom hier glad nie voor nie.[1305] Die naaste wat daaraan gekom word, is een teks van Ulpianus waarin hy in sy kommentaar op die pligte van die provinsiale goewerneur soos volg verwys na die onderwysers wat in die *studia liberalia* onderrig verskaf:

> Ulpianus D 50 13 1 pr-1 Praeses provinciae de mercedibus ius dicere solet, sed praeceptoribus tantum studiorum liberalium, liberalia autem studia accipimus, quae Graeci ἐλευθέρια appellant: rhetores continebatur, grammatici, geometrae. medicorum quoque eadem causa est quae professorum, nisi quod

---

1302 Lana *Sapere Lavoro e Potere* 411.

1303 Vgl De Robertis *Lavoro e Lavoratori* 21 ev. Die feit dat Purcell *Cambridge Ancient History*^{2} 9 665 bogemelde ontken, verduidelik sy verbasing waar hy opmerk: "The behaviour of the freedmen themselves was ambiguous; they can be found taking a perverse pride in the shamefulness of their activities, advertising them vividly .... clearly without shame." Purcell is wel korrek waar hy opmerk dat die werkers "without shame" gehandel het. Die rede daarvoor is nie 'n "perverse pride" nie - dit is eenvoudig so dat die siening soos verkondig deur Cicero en Seneca geen of weinig invloed op die normale daaglikse lewe gehad het nie.

1304 Calabi-Limentani *Lavoro Artistico* 61.

1305 Vgl Macqueron *Travail des hommes libres* 185. In die Florentinus-teks van Alfenus D 38 1 26 pr kom die begrip *liberales operas* voor. Dit is egter 'n fout van die kopieerder en daar word gelees *liberas operas*: Macqueron *Travail des hommes libres* 186. Die lesing in die *editio stereotypa* is *operas liberas*.

iustior, cum hi salutis hominum, illi studiorum curam agant; et ideo his quoque extra ordinem ius dici debet.[1306]

Die teks[1307] gee nie 'n volledige uiteensetting van wat met die begrip *liberalia studia* bedoel word nie. 'n Groot aantal beroepe word wel genoem in paragrawe 2-13.[1308]

Die gebruik van die woord ἐλευθέρια oftewel vryheid[1309] is veelseggend. Hierin kan moontlik 'n verwysing gesien word na die tradisionele opvatting (soos verwoord deur Cicero, Seneca en Quintilianus) dat die aktiwiteite wat deur Ulpianus genoem word, dié is wat as *artes liberales* 'n vry persoon waardig is.[1310] Op grond hiervan is daar (veral sedert die 18de eeu)[1311] sonder meer aangevoer dat hierdie *artes liberales* nie die voorwerp van *locatio conductio* kon wees nie; hoe anders (word geredeneer) kan die feit verklaar word dat die goewerneur verplig was om dit by wyse van die *cognitio extraordinem* aan te hoor en die partye nie gewoon ex *locato* of ex *conducto* kon ageer nie?[1312]

Selfs al sou Ulpianus bedoel het dat die beoefenaars van bogemelde beroepe in terme van die *cognitio extraordinem* aangehoor moet word, moet nogtans in gedagte gehou word dat dit nie daaruit volg dat Ulpianus ook sonder meer die mening huldig dat dié *artes liberales* nie die voorwerp van *locatio conductio* kon wees nie.[1313] Trouens, in die regsbronne kom daar geen uitdruklike verbod voor teen die insluiting van die *artes*

1306 Ulpianus D 50 13 1 pr - 1: Die goewerneur van die provinsie bereg gewoonlik slegs geskille rakende salarisse van diegene wat die *artes liberales* beoefen. Onder die *artes liberales* begryp ons dit wat die Grieke ἐλευθέρια noem. Hieronder word oratore, grammatici en opmeters ingesluit. 1. Medici is in dieselfde posisie as professore, en is moontlik effe beter, aangesien eersgenoemde aandag gee aan die gesondheid van mense, laasgenoemde slegs aan hulle professies. En gevolglik moet geskille rakende hierdie persone ook *extra ordinem* aangehoor word.

1307 Vgl hieroor Mayer-Maly *Locatio Conductio* 127; Visky *Geistige Arbeid* 21; De Robertis *Rapporti di Lavoro* 188.

1308 Vgl hieroor Macqueron *Travail des hommes libres* 187.

1309 Vgl Liddel-Scott *Greek-English Lexicon* sv ἐλευθέρια.

1310 Visky *Geistige Arbeit* 21.

1311 Macqueron *Travail des hommes libres* 182.

1312 Vgl Bernard A *La rémunération des professions liberales en droit romain* Paris 1935 10 en die outeurs daar aangehaal.

1313 Wat Visky *Geistige Arbeid* 22, in navolging van die heersende leer eenvoudig doen.

waartoe geraak word as toegegee word dat daar juridies geen verskil tussen *operae liberales* en *operae illiberales* bestaan nie.[1315]

Dit wil voorts voorkom asof die enigste twee aktiwiteite wat wel uit die sfeer van *locatio conductio* uitgesluit is,[1316] dié van die advokaat[1317] en die *agrimensores*[1318] was. Maar selfs hieroor bestaan daar onsekerheid. Die enigste feit wat waarskynlik met sekerheid gekonstateer kan word, is "daß die bislang herrschenden Ansichten ebenfalls nur unzureichend in den Quellen begründet sind. Das einzig sichere Ergebnis ist, daß eine unbezweifelbar klassische und einheitliche Lösung der Subsumption von *operae liberales* derzeit nicht aufgezeicht werden kann".[1319]

Tog is die situasie nie so desperaat nie. Dit wil voorkom asof die houding van die Romeine jeens bepaalde beroepe nie staties was nie.[1320] So was dit aanvanklik hoofsaaklik slawe en *liberti* wat as *medici* opgetree het. Die slaaf of *libertus* wat sy dienste as medikus sou verhuur, kon eenvoudig *ex locato vel conducto* 'n aksie instel.[1321] Met verloop van tyd, en namate die professie meer winsgewend raak, tree meer en meer *ingenui* tot die beroep toe. Die *medici* ontvang *immunitates* en 'n mate van staatsgesondheidsdiens ontstaan - met dié word hulle ook verhef bo die vlak van diegene wat in terme van *locatio conductio* kon kontrakteer. Dit is na hierdie professionele dokters wat die *praeses provinciae* moes omsien by wyse van die *cognitio extra ordinem*.[1322]

1315 Macqueron *Travail des hommes libres* 186. Visky *Geistige Arbeit* 10 aanvaar sonder enige gronde dat die *artes liberales* op grond van Paulus D 19 5 5 2 as *facta quae locari non possint* beskou word. Paulus noem in die teks egter slegs die *manumissio* van 'n slaaf as *factum quod locari non possit*.

1316 Altans gedurende die een of ander stadium van die Romeinse regsgeskiedenis.

1317 Wat in terme van die *Lex Cincia de muneribus et de donis* (204 vC) verbied was om vergoeding te vra vir hul dienste as regsgeleerdes (*Ne quis ob causam orandam pecuniam donumve acciplat*): Rotondi *Leges Publicae* 261.

1318 Vgl Ulpianus D 2 6 1 pr *Adversus mensorem agrorum praetor in factum actionem proposuit: ... ideo autem hanc actionem proposuit quia non crediderunt veteres inter talem personam locationem et conductionem esse, sed magis operam beneficii loco praeberi.*

1319 Mayer-Maly *Locatio Conductio* 127.

1320 Thomas "*Locatio* and *operae*" 1961 *BIDR* 232 242; Calabi-Limentani *Lavoro Artistico* 62.

1321 'n Voorbeeld is Proculus D 9 2 7 8.

1322 Thomas "*Locatio* and *operae*" 242.

Die omgekeerde proses is sigbaar ten opsigte van die *agrimensores*. Die vroeë geskiedenis van die *agrimensores* het nou saamgehang met dié van die *augures*. Hulle aktiwiteite is gesien as deel van die godsdienstige rituele. Teen die einde van die Republiek het daardie band vervaag en is die taak van die *mensor* toenemend beskou as 'n sekulêre handeling wat die voorwerp kon wees van 'n mandaat[1323] en selfs van *locatio conductio*.[1324] As gevolg van die professionalisering van die leër, het daar 'n korps van ingenieurs ontstaan en hierin sou *liberti* of selfs *servi* kon dien en in terme van *locatio conductio* hulle dienste as *mensores* beskikbaar stel.[1325] Die verandering op juridiese gebied volg die veranderinge wat daar op sosiale vlak ingetree het ten opsigte van die *mensores*.

Dit wil dus voorkom asof daar nie 'n vaste kategorie *artes liberales* bestaan het nie, en dat die vraag of die individu in terme van *locatio conductio* sou kon kontrakteer sou afhang van die sosiale stand van die beoefenaar van die beroep. As sodanig kan aanvaar word dat die *plebs romana*, selfs al sou hulle van die sogenaamde *artes liberales* beoefen het, steeds by wyse van *locatio conductio* gekontrakteer het.[1326]

Aangesien hierdie vorms van werk per definisie van 'n intellektuele aard was, sou dit waarskynlik as 'n reël by wyse van *locatio conductio operis* plaasgevind het. Dit was egter nie noodwendig altyd die geval nie. Paulus noem 'n *agrimensor* wat in terme van *locatio conductio operarum* gekontrakteer het.[1327] Die arts wat in terme van *locatio conductio operarum* 'n operasie op 'n pasiënt uitgevoer het, is welbekend.[1328]

1323 Paulus D 11 6 2.
1324 Paulus D 10 1 4 1.
1325 Thomas "Locatio and operae" 244.
1326 So ook De Robertis *Rapporti di Lavoro* 196.
1327 Paulus D 10 1 4 1 ... *sed et si mensor ab altero solo conductus sit* ... Vgl hieroor Visky *Geistige Arbeit* 41.
1328 Ulpianus D 9 2 7 8 *Proculus ait, si medicus servum imperite secuerit vel ex locato vel ex lege Aquilia competere actionem.*

3.7 SAMEVATTING

Die ondersoek na die regstatus van die werkers het aangetoon dat die siening waarvolgens 'n werker wat *operas suas locat* vir die duur van die kontrak 'n vorm van *capitis deminutio* ondergaan, vals is. Paulus (in P Sent 2 18 1) het nie die privaatregtelike status van die *locator operarum* in gedagte gehad nie maar sy materiële welvaart en sosiale aansien. Hierdie konklusie volg noodwendig uit die feit dat 'n vry persoon gedurende die klassieke periode nie in staat was om op sy eie sy *status familiae* te verander nie.

Paulus se teks is ook nie deur 'n na-klassieke bewerker verander nie en dit wil voorkom asof hy, met sy verwysing na die werker wat sy materiële en sosiale posisie kan verbeter en versleg, die geval van die *mercennarius* wat *in loco servorum* was, in gedagte gehad het. *Mercennarii* was eenvoudig *locatores operarum* wat *loco servorum* by 'n werkgewer in diens was en hulle dienste ongekwalifiseerd tot sy beskikking gestel het. *Mercennarii* het normaalweg by die werkgewer ingewoon.

In teenstelling met die *communis opinio* wil dit ook voorkom asof die *liber homo qui bona fide servit* ook betrekking kon hê op 'n vry man wat bewus is van sy *status libertatis* en sy dienste deurlopend (dag en nag) *loco servorum* aan die werknemer beskikbaar stel. Dit wil ook voorkom asof 'n *liber homo bona fide serviens* in sodanige gevalle gelyk gestel kan word aan 'n *mercennarius*.

Ten einde *mercennarii* teen uitbuiting te beskerm het die juriste die *conductor operarum* nie toegelaat om in geval van *furta domestica* 'n aksie teen die *locator* in te stel nie. Die juriste het ook erkenning gegee aan die feit dat die *mercennarius* wat op die laagste sport van die sosiale leer gestaan het, *de facto* in die posisie van 'n slaaf was; om daardie rede weier Labeo die toestaan van 'n aksie op grond van *mandatum* en motiveer dit deur daarop te wys dat die verhouding tussen die twee partye 'n vrye wilsuiting aan die kant van die werker onmoontlik maak.

Alhoewel die Romeinse juriste self nie dogmaties onderskei het tussen *locatio conductio rei, locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* nie kan daar nogtans van die drie-ledige indeling gebruik gemaak word aangesien dit nie die oorspronklike bronne geweld aandoen nie en dit wel nodig was om vas te stel welke vorm van *locatio conductio* moontlik ter sprake kon kom. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die inhoud van die kontrak, die verpligtinge wat op elk van die kontrakspartye gerus het en gevolglik ook die kontraktuele aanspreeklikheid sowel as die reëlings met betrekking tot *periculum* van geval tot geval verskil het. 'n Goeie voorbeeld hiervan word verskaf deur Papinianus in D 19 5 1 1.

'n Ondersoek van die definisie van *opus locatum* in Labeo D 50 16 5 1 het aangetoon dat die voorwerp van *locatio conductio operis* die lewering van ἀποτέλεσμα oftewel deskundige diens was. In hierdie sin word *locatio conductio operis* onderskei van *locatio conductio operarum* deurdat daar in die geval van laasgenoemde slegs sprake was van die verrig van fisiese arbeid (ἔργον). Hieruit volg dit logies dat daar bepaalde aktiwiteite was wat nie geskik sou wees om in terme van *locatio conductio operis* uitgevoer te word nie. 'n Voorbeeld hiervan sou die eenvoudigste vorm van handearbeid wees aangesien daar in die geval nie sprake kon wees van 'n ἀποτέλεσμα oftewel deskundige diens wat gelewer kan word nie.

Dit wil ook voorkom asof die Romeine nie aan die hand van starre beginsels bepaalde aktiwiteite onder die kader van *locatio conductio operis* of *operarum* ingedwing het nie. Afhangende van die bedoeling van die partye kon 'n aktiwiteit óf ingevolge *locatio conductio operarum*, óf *locatio conductio operis* uitgeoefen word.

Aangesien die *locator operarum* slegs verplig was tot ἔργον, sou daar waarskynlik min gevalle van wanprestasie voorgekom het. In die lig hiervan kan die stilswye van die juriste insoverre dit *locatio conductio operarum* betref, verklaar word.

Cicero *De Officiis* 1 42 150 asook ander soortgelyke uitsprake van die filosowe moet nie gesien word as 'n vertolking van sosiale of maatskaplike werklikhede gedurende die klassieke periode nie. Die uitsprake is filosofies van aard en het betrekking op die

burger en sy posisie *vis-à-vis* die staat. Waar Cicero wel in 'n ander verband van werk en werkers praat, toon hy 'n diepe waardering en begrip van die waarde van werk en die noodsaaklikheid van werkers vir almal se welstand en oorlewing.

Die *plebs urbana* het nie werk met afkeur bejeën nie en die begrip *artes liberales* is aan die regsbronne vreemd. Daar bestaan ook geen prinsipiële onderskeid tussen intellektuele en fisiese arbeid nie. Met die uitsondering van die beroep van die regsgeleerde en die landmeter, word die beoefening van geen van die *artes liberales* in terme van *locatio conductio* op enige stadium kategories verbied nie.

Dit wil ten slotte voorkom asof daar geen vaste kategorie *artes liberales* bestaan het nie en dat die vraag of 'n bepaalde aktiwiteit wat deel daarvan uitgemaak het wel in terme van *locatio conductio* beoefen sou kon word, van die sosiale stand van die beoefenaar van die beroep afgehang het. Die aktiwiteite van die *medici* en *agrimensores* dien as voorbeelde van die veranderde houding wat met die verloop van tyd dit óf binne óf buite die sfeer van die *artes liberales* geplaas het. Ook wat die *artes liberales* betref, sou die bedoeling van die partye bepalend gewees het by die vraag of dit in terme van *locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum* sou geskied.

4 KONKLUSIE

Sedert die tydperk van die Etruskiese oorheersing in Rome (en selfs ook daarvoor) is daar aanduidings dat werkers en werk 'n belangrike rol in die Romeinse samelewing gespeel het. In die latere geskiedenis van Rome, ten spyte van die teenwoordigheid van groot getalle slawe, was daar deurgaans tot aan die einde van die klassieke periode, 'n bewustheid aan die kant van die heersende klasse van die belang van werk en werkers. Daar steek geen waarheid in die siening dat die *plebs urbana* as 'n parasitiese element slegs van aalmoese deur die staat geleef het en werk verag het nie.

Reeds in argaïese Rome was daar 'n behoefte aan arbeid en die verskaffing van goedere wat nie tuis vervaardig kon word nie. So vroeg as die 8ste eeu vC was daar vakmanne teenwoordig wat oor hoogs gespesialiseerde vaardighede beskik het wat nodig was om byvoorbeeld die *Fibula* met die woorde *Manios med fhe fhaked Numasio* te vervaardig. Die *Fibula*, die *Duenos*-kruik (eerste helfte van die 6de eeu vC) en die *Fikoroniese Cista* met die woorde *Novios Plautios med Romai fecid* (315 vC) kan as voorbeelde dien van goedere wat op bestelling, in terme van 'n arbeidsverhouding vervaardig is.

Daar bestaan goeie gronde waarop die bestaan van 'n aantal beroepe teen die tyd van die Etruskiese oorheersing aanvaar kan word. Die vakmanne en werkers te Rome was vir hulle voortbestaan afhanklik van die verskaffing van hulle arbeid of vaardighede teen vergoeding. 'n Bewys van die feit is die eerste *secessio plebis* wat in 494 vC plaasgevind het en wat direk herlei kan word na die swak ekonomiese toestande wat gevolg het op die verdrywing van die Etruskiese heersers. Verdere bevestiging vir die bestaan van huurverhoudings op daardie stadium is die naam *Mercedinus* wat aan die maand November gegee is.

Die *Lex Duodecim Tabularum* lewer 'n bewys van die bestaan van huurverhoudings teen 450 vC. In teenstelling met die algemene opvatting, spreek *Tabula* 4.2 van die *Lex* nie die geval aan waar die *pater familias* die *filius familias* verkoop of sy arbeidskrag

teen vergoeding tot die beskikking van 'n derde stel nie. Dié bepaling in die *Lex* is eerder gemik teen die prostituering van die *filius* deur sy *pater familias*. Daar bestaan dus in die *Lex Duodecim Tabularum* geen verwysing na arbeidsverhoudings nie.

Na Rome se verowering van Khartago het die belang van arbeidsverhoudings toegeneem en as gevolg van swak landboutoestande in Italië en die volop werksgeleenthede wat daar in Rome bestaan het, het grootskaalse immigrasie daarheen plaasgevind. Die *plebs urbana* is werk verskaf deur die moontlikheid van deelname aan kontrakte wat deur die *censores* of ander *magistratus* met die *publicani* gesluit was. Die *plebs urbana* se afhanklikheid van werksgeleenthede word geïllustreer deur die feit dat 'n afname in staatskontrakte gevolg is deur onluste. Behuising in die stad was duur en aangesien basiese lewensmiddele ook self aangekoop moes word, kon die *plebs urbana* nie staat maak op die *frumentationes*, *congiaria* of die *collegia* om in al hulle behoeftes te voorsien nie. Die enigste manier waarop die stedelike massas kon oorleef was deur te werk.

Die groot getalle slawe wat teen die einde van die Republiek in Rome werksaam was, het nie tot gevolg gehad dat die *plebs urbana* geen werksgeleenthede meer gehad het nie. Die argitektuur van Rome bewys die belangrike rol wat werkers in die stad gespeel het. Epigrafiese getuienis bevestig hierdie feit en toon onteenseglik aan dat die *plebs urbana* in verskeidenheid beroepe beoefen het. Die grootste gedeelte van die *plebs urbana* was waarskynlik werksaam in die boubedryf of was gemoeid met die vervoer van goedere. Die mate van spesialisasie wat daar bestaan het, word reflekteer in die belang wat daar geheg is aan die opleiding van werkers.

Die *locator operarum* het nie vir die duur van die kontrak 'n vorm van *capitis deminutio* ondergaan nie. Die sluiting van 'n kontrak van *locatio conductio operarum* kon wel die sosiale status van die werker affekteer.

In teenstelling met die *communis opinio* wil dit voorkom asof die *liber homo qui bona fide servit* ook betrekking kon hê op 'n vry man wat bewus is van sy *status libertatis* en sy dienste deurlopend (dag en nag) *loco servorum* aan die werknemer beskikbaar

stel. So 'n *liber homo bona fide serviens* kan gelykgestel word aan 'n *mercennarius*.

Mercennarii was *locatores operarum* wat *loco servorum* by 'n werkgewer in diens was en hulle dienste ongekwalifiseerd tot sy beskikking gestel het. *Mercennarii* het normaalweg by die werkgewer ingewoon. Ten einde *mercennarii* teen uitbuiting te beskerm, het die juriste die *conductor operarum* nie toegelaat om in die geval van *furta domestica* 'n aksie teen die *locator* in te stel nie. *De facto* was die *mercennarius* in die posisie van 'n slaaf en die regsgeldigheid van kontrakte wat tussen hom en sy werkgewer aangegaan is, sou afhang van die vraag of daar wel *consensus* tussen die *mercennarius* en sy werkgewer bestaan het.

Alhoewel die Romeinse juriste self nie dogmaties onderskei het tussen *locatio conductio rei, locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* nie, is dit wel nodig om vas te stel welke vorm van *locatio conductio* ter sprake was. Die inhoud van die kontrak, die verpligtinge wat op elk van die kontrakspartye gerus het en gevolglik ook die kontraktuele aanspreeklikheid sowel as die reëlings met betrekking tot *periculum* het van geval tot geval verskil.

Die voorwerp van *locatio conductio operis* was die lewering van ἀποτέλεσμα oftewel deskundige diens. In hierdie sin word *locatio conductio operis* onderskei van *locatio conductio operarum* deurdat daar in die geval van laasgenoemde slegs sprake was van die verrig van fisiese arbeid (ἔργον). Aangesien die *locator operarum* slegs verplig was tot ἔργον sou daar waarskynlik min gevalle van wanprestasie voorgekom het. In die lig hiervan kan die stilswye van die juriste insoverre dit *locatio conductio operarum* betref, verklaar word.

Dit wil ook voorkom asof die Romeine nie aan die hand van starre beginsels bepaalde aktiwiteite onder die kader van *locatio conductio operis* of *operarum* ingedwing het nie. Afhangende van die bedoeling van die partye kon 'n aktiwiteit óf ingevolge *locatio conductio operarum*, óf *locatio conductio operis* uitgeoefen word.

Cicero *De Officiis* 1 42 150 asook ander soortgelyke uitsprake van die filosowe moet nie gesien word as 'n vertolking van sosiale of maatskaplike werklikhede gedurende die klassieke periode nie. Die uitsprake is filosofies van aard en het betrekking op die burger en sy posisie *vis-à-vis* die staat. Waar Cicero wel in 'n ander verband van werk en werkers praat, toon hy 'n diepe waardering en begrip van die waarde van laasgenoemde vir almal se welstand en oorlewing. Op hulle beurt het die *plebs urbana* nie werk met afkeur bejeën nie.

Daar het geen vaste kategorie *artes liberales* bestaan nie. Of 'n bepaalde aktiwiteit wat wel in dié kategorie geval het, in terme van *locatio conductio* beoefen sou kon word, het van die sosiale stand van die beoefenaar van die beroep afgehang. Ook wat die *artes liberales* betref, sou die bedoeling van die partye bepalend gewees het by die vraag of dit in terme van *locatio conductio operis* of *locatio conductio operarum* sou geskied.

BRONNELYS

LYS VAN BELANGRIKSTE AFKORTINGS

ANRW	Temporini H, W Haase (reds) *Aufstieg und Niedergang der römischen Welt, Geschichte und Kultur Roms im Spiegel der neueren Forschung* Berlin 1972 -
BIDR	*Bulletino dell'Istituto di Diritto Romano*
C	*Codex Justinianus*
CIL	*Corpus Inscriptionum Latinarum*
Cambridge Ancient History	Cook SA *et al* (reds) *The Cambridge Ancient History* vol 7 Cambridge 1954 vol 9 Cambridge 1932
Cambridge Ancient History^2	*The Cambridge Ancient History* vol 7/2 Walbank FW *et al* (reds) Cambridge 1989 vol 9 Crook JA *et al* (reds) Cambridge 1993
CQ	*Classical Quarterly*
D	*Digesta*. Latynse teks in Watson A (red) *The Digest of Justinian. Latin Text edited by Theodor Mommsen with the Aid of Paulus Krueger* (4 vols) Pennsylvania 1985
G	*Institutiones. Gai*
JRS	*Journal of Roman Studies*
Kleine Pauly	*Der Kleine Pauly. Lexicon der Antike. Auf der Grundlage von Pauly's Realencyclopädie der classischen Altertumswissenschaft* München 1979
Loeb	*Loeb Classical Library: Translations of Greek and Latin Texts*
PBSR	*Papers of the British School at Rome*
P Sent	*Sententiae Pauli*
RHDFE	*Revue historique de droit français et étranger*
RIDA	*Revue internationale des droits de l'antiquité*
SDHI	*Studia et documenta iuris et historiae*
TvR	*Tijdschrift voor Rechtsgeschiedenis - Revue d'histoire du droit*

ZSS *Zeitschrift der Savigny-Stiftung für Rechtsgeschichte. Romanistische Abteilung*

PRIMÊRE BRONNE

Regsbronne

Iurisprudentia antehadrianae quae supersunt (2 vols) (Bremer FP (red)) Leipzig 1896 - 1901 herdruk Leipzig 1985

Fontes Iuris Romani Antiqui. Pars prima Leges et Negotia; Pars Posterior Scriptores (Bruns CG (red)) Tübingen 1909 herdruk Aalen 1958

Codex Iustinianus (= *Corpus Iuris Civilis* vol 2) (Krüger P (red)) Zürich 1970

Digesta Iustiniani (=*Corpus Iuris Civilis* vol 1) (Mommsen Th (red)) Berlin 1868

Fontes iuris Romani anteiustiniani (3 vols) (Riccobono S, I Baviera, Furlani, V Arangio-Ruiz (reds)) Firenze 1941 - 1943

Leges Publicae Populi Romani. Elenco cronologico con una introduzione sull'attivitá legislativa dei comizi romani (Rotondi G (red)) Milano 1922 herdruk Hildesheim 1962

Nie-regsbronne

Aelianus	*De Natura Animalium*
Apicius	*De re Coquinaria*
Appianus	*Bella Civilia*
Apuleius	*Apologia*
	Metamorphoses
Asconius	*Commentarius*

Ausonius	*Parentalia*
Augustus	*Monumentum Ancyranum*
Caesar	*Bellum Civlle*
Cato	*De Agricultura*
Cicero	*Actlo In Verrem*
	Brutus sive de Claris Oratoribus
	De Legibus
	De Republica
	De Officiis
	De Oratore
	De Senectute
	Epistulae ad Atticum
	Epistulae ad Quintum Fratrem
	Natura Deorum
	Oratio de domo sua
	Orationes in Catilinam
	Oratlones Philippicae in M Antinium
	Oratio pro Caecina
	Oratio Pro C Rabirio Perduellionis Reo
	Oratio pro L Cornelio Balbo
	Oratio pro L Flacco
	Oratio pro M Fonteio
	Oratio pro Publio Quinctio
	Oratio Pro Sexto Roscio Comoedo
	Paradoxa Stoicorum
	Topica
	Tusculanae Disputationes
Columella	*De Re Rustica*
Dio Cassius	*Roman History*
Dio Chrysostomus	*Orationes*
Diodorus Siculus	*Library of History*
Dionysius van Halicarnassus	*Antiquitates*
Donatus	*Vita Vergilii*
Epictetus	*Discourses*
Festus	*De Significatu Verborum*
Flavius Josephus	*Jewish Antiquities*
Florus	*Epitome*
Frontinus	*De Aquaeductibus Urbis Romae*
	Strategematica
Fronto	*Principia Hlstoriae*
Gellius	*Noctes Atticae*
Horatius	*Carmina*
	Epistulae
	Saturae
Isidorus	*Origines*
Juvenalis	*Saturae*
Livius	*Ab Urbe Condita*
Lucianus	*Dream*

Macrobius	*Saturnalia*
Martialis	*Epigrammae*
Nonius Marcellus	*De Compendiosa Doctrina*
Orosius	*Historiae*
Ovidius	*Ars Amatoria*
	Metamorphoses
Petronius	*Satyricon*
Plautus	*Aulularia*
	Captivi
	Casina
	Curculio
	Epidicus
	Mercator
	Mostellaria
	Persa
	Poenulus
	Pseudolus
	Rudens
	Trinummus
Plinius	*Naturalis Historia*
Plinius Secundus	*Panegyricus*
	Epistulae
Plutarchus	*Aemilius Paulus*
	Caesar
	Gaius Gracchus
	Moralia
	Marcus
	Numa
	Tiberius Gracchus
Polybius	*Histories*
Propertius	*Elegiae*
Quintilianus	*Institutio Oratoria*
Sallustius	*Catilina*
	Jugurtha
	Scriptores Historiae Augustae
Seneca	*Ad Helviam Matrem de Consolatione*
	De Beneficiis
	De Clementia
	De Ira
	De Tranquillitate Animi
	De Viris Illustribus
	De Vita Beata
	Epistulae
	Epistulae Morales
	Naturales Quaestiones
Strabo	*Geographica*
Suetonius	*De Grammaticis*
	De Vita Caesarum

Tacitus	*Historiae*
Tacitus	*Annales*
Terentius	*Adelphoe*
	Andria
	Phormio
Tibullus	*Elegiae*
Valerius Maximus	*Memorabilia*
Varro	*De Lingua Latina*
	Libri Rerum Rusticarum
Velleius Paterculus	*Historiae Romanae*
Vitruvius	*De Architectura*

SEKONDÊRE BRONNE

Alföldy G "Freilassung von Sklaven" in Schneider H (red) *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte der römischen Kaiserzeit* Darmstadt 1981 367

Alföldy G "Soziale Konflikte im römischen Kaiserreich" in Schneider H (red) *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte der römischen Kaiserzeit* Darmstadt 1981 372

Alföldy G *The Social History of Rome* (vertaling van *Römische Sozialgeschichte*) London 1985

Alzon C *Problèmes relatifs à la location des entrepôts en droit romain* Paris 1965

Arangio-Ruiz V *La Compravendita in diritto romano* Napoli 1961

Badian E *Publicans and Sinners. Private Enterprise in the Service of the Roman Republic* New York 1972

Badian E "Tiberius Gracchus and the Beginning of the Roman Revolution" *ANRW* 1/1 668

Banti L *Die Welt der Etrusker* Stuttgart 1963

Barrow RH *Slavery in the Roman Empire* London 1928 herdruk 1968

Behrends D "Begriff und Definition in den Quellen" 1957 *ZSS* 352

Behrends O *Der Zwölftafelprozess. Zur Geschichte des römischen Obligationenrechts* Göttingen 1974

Behrends O "Die Rechtsformen des römischen Handwerks" *Das Handwerk in vor- und frühgeschichtlicher Zeit* (Teil I) *Abhandlungen der Akademie der Wissenschaften Göttingen* Göttingen 1981 141

Beloch KJ *Die Bevölkerung der griechisch-römischen Welt* Leipzig 1886

Bergman CG *Beiträge zum römischen Adoptionsrecht* Lund 1912 herdruk Rome 1972

Bernard A *La Rémunération des professions liberales en droit romain* Paris 1935

Biscardi A "Quod Graeci 'Apotelesma' Vocant" 1989 *Labeo* 163

Blümner H *Der Maximaltarif des Diocletian* Berlin 1958

Bolkestein H *Wohltätigkeit und Armpflege im vorchristlichen Altertum* Utrecht 1939

Bonfante L *Etruscan Life and Afterlife. A Handbook of Etruscan Studies* Detroit 1986

Boren HC "The Urban Side of the Gracchan Economic Crisis" 1957/58 *American Historical Review* 890

Brasiello U "L'Unitarietà del concetto di Locazione in Diritto Romano" 1927 *Rivista Italiana per le Scienze Giuridiche* 529

Brassloff S *Sozialpolitische Motive in der römischen Rechtsentwicklung* Wien 1933 77

Brewster EH *Roman Craftsmen and Tradesmen of the Early Empire* 1917 herdruk New York 1972

Brunt PA *Social Conflicts in the Later Roman Republic* London 1971

Brunt PA *Italian Manpower 225 B.C.- A.D.14* Oxford 1971

Brunt PA (red) Jones AHM *The Roman Economy. Studies in Ancient Economy and Administrative History* Oxford 1974

Brunt PA "The Roman Mob" in Finley MI *Studies in Ancient Society* London 1974 74

Brunt PA "Free Labour and Public Works at Rome" 1980 *JRS* 81

Bücher K *Die Entstehung der Volkswirtschaft. Vortrage und Versuche* Tübingen 1901

Bullough V, B Bullough *Women and Prostitution: A Social History* 1978 New York

Burford A *Craftsmen in Greek and Roman Society* London 1972

Bürge A "Der Mercennarius und die Lohnarbeit" 1990 *ZSS* 80

Calabi-Limentani I *Il Lavoro Artistico* Milano 1958

Cannata CA "Das Faktische Vertragsverhältnis oder die ewige Wiederkunft des Gleichen" 1987 *SDHI* 297

Carcaterra A *Le definizioni dei giuristi romani. Metodo mezzi e fini* Napoli 1966

Casson L *Ships and Seamanship in the Ancient World* Princeton 1971

Casson L "The Role of the State in Rome's Grain Trade" in D'Arms JH, EC Kopff *The Seaborne Commerce of Ancient Rome: Studies in Archaeology and History* Rome 1980

Castagnoli F "Installazioni Portuali a Roma" in D'Arms JH, EC Kopff *The Seaborne Commerce of Ancient Rome: Studies in Archaeology and History* Rome 1980 35

Ciccotti E *Il tramonto della schiavitù nel mondo antico* 1940 herdruk Roma 1971

Coarelli F "Public Building in Rome between the Second Punic War and Sulla" 1977 *PBSR* 1

Crifo G "La Legge delle XII Tavole" *ANRW* 1/2 115

Crook JA *Law and Life of Rome* London 1967

Crook JA "*Patria Potestas*" 1967 *Classical Quarterly* 113

Cugia G *Profili del Tirocinio Industriale. Diritto romano; papiri graeco-egizi* Napoli 1922

D'Arms JH, EC Kopff *The Seaborne Commerce of Ancient Rome: Studies in Archaeology and History* Rome 1980

D'Arms JH *Commerce and Social Standing in Ancient Rome* Harvard 1981

Degrassi A *Inscriptiones Latinae Liberae Rei Publicae* 2 vols Firenze 1963-1965

De Martino FM "Riforme del IV Secolo" 1975 *BIDR* 39

De Martino FM *Storia economica di Roma antica* Firenze 1980

De Martino FM "Certezza del Diritto in Roma antica" 1987 *Fondamenti* 6

De Martino FM "Motivi economici nelle lotte dei 'populares'" in D'Ippolito F (red) *Nuovi studi di economia e diritto romano* Roma 1988 92

De Neeve PW *Colonus* Amsterdam 1984

De Robertis FM *Il Diritto Associativo Romano dai Collegi della Repubblica alle Corporazioni del Basso Impero* Bari 1938

De Robertis FM *I rapporti di lavoro nel diritto romano* Milano 1946

De Robertis FM *La organizzazione e la tecnica proddutiva. Le forze di lavoro e i salari nel mondo romano* Bari 1946

De Robertis FM *Lavoro e lavoratori nel mondo romano* Bari 1963

De Robertis FM *Storia delle corporazioni e del regime associativo nel mondo romano* (2 vols) Bari 1971

De Ruggiero E *Lo stato e le opere pubbliche in Roma antica* Torino (sd)

De Sanctis G *Storia dei Romani* 4 vols Firenze 1960

Dessau H *Inscriptiones Latinae Selectae* 3 vols Berlin 1892-1916

Drumann W *Die Arbeiter und Communisten in Griechenland und Rom. Nach den Quellen* Königsberg 1860 herdruk Amsterdam 1968.

Duff AM *Freedmen in the Early Roman Empire* Cambridge 1958

Durant W *The Life of Greece* New York 1939

Evans JK "Wheat Production and its Social Consequences in the Roman World" 1981 *Classical Quarterly* 428

Eyben E *De Jonge Romeln volgens de literaire bronnen der periode ca. 200 v.Chr tot ca. 500 n.Chr* Brussel 1977

Finley MI *Slavery in Classical Antiquity* Cambridge 1968

Finley MI *The Ancient Economy* London 1980

Finley MI "The ancient city: From Fustel de Coulanges to Max Weber and Beyond" 1977 *Comparative Studies in Society and History* 305

Finley MI *Ancient Slavery and Modern Ideology* London 1980

Forbes RJ *Studies in Ancient Technology* (9 vols) Leiden 1955-1958

Franciosi G *Famiglia e Persone in Roma Antica. Dall'eta Arcaica al Principato* Torino 1989

Frank T *An Economic History of Rome* New York 1927

Frank T *An Economic Survey of Ancient Rome* (5 vols) New Jersey 1959

Frederiksen MW "Republican Capua: A Social and Economic Study" 1959 *Papers of the British School at Rome* 80

Frederiksen MW "Caesar, Cicero and the Problem of Debt" 1966 *JRS* 128

Frederiksen MW "Theory, Evidence and the Ancient Economy" 1975 *JRS* 164

Frier BW *Landlords and Tenants in Imperial Rome* Princeton 1980

Fustel de Coulanges ND *The Ancient City. A Study on the Religion, Laws, and Institutions of Greece and Rome* 1956 herdruk Baltimore 1980

Gabba E 1968 *Revista di Filologia e di Istruzione Classica* 68

Garnsey P *Famine and Food Supply in the Graeco-Roman World* Cambridge 1988

Garnsey P, D Rathbone "The Background to the Grain Law of Gaius Gracchus" 1985 *JRS* 20

Garnsey P, R Saller *The Roman Empire. Economy, Society and Culture* Berkeley 1987

Garnsey P "Non-Slave Labour in the Roman World" in Garnsey P (red) *Non-Slave Labour in the Greco-Roman World* Cambridge 1980 34

Gjerstad ER *Early Rome* Lund 1953-1973

Gjerstad ER *Legends and Facts of Early Roman History* Lund 1962

Gordon AE *The Inscribed Fibula Praenestina: Problems of Authenticity* Berkley 1975

Guarino A *Storia del Diritto Romano* Milano 1969

Guarino A *Diritto Privato Romano* Napoli 1922

Gummerus H *Der römische Gutsbetrieb als Wirtschaftlicher Organismus nach den Werken des Cato, Varro und Columella* 1906 herdruk Aalen 1963

Hands AR *Charities and Social Aid in Greece and Rome* London 1968

Harris WV "Roman Terracotta Lamps: The Organization of an Industry" 1980 *JRS* 127

Harris WV "Towards a Study of the Roman Slave Trade" in D'Arms JH, EC Kopff *Seaborne Commerce of Ancient Rome: Studies in Archaeology and History* Rome 1980 117

Heitland WE *Agricola. A Study of Agriculture and Rustic Life in the Greco-Roman World from the Point of View of Labour* Cambridge 1921

Herz P *Studien zur römischen Wirtschaftsgesetzgebung. Die Lebensmittelversorgung* Stuttgart 1988

Heurgon J *Die Etrusker* (vertaling van *La vie quotidienne chez les Etrusques* Parys 1961) Stuttgart 1977

Hopkins K "Economic Growth and towns in Classical Antiquity" in Abrams P, EA Wrigley (reds) *Towns and Societies* Cambridge 1978 35

Horak F *Rationes Decidendi. Entscheidungsbegründungen bei den ältern römischen Juristen bis Labeo* Aalen 1969

Horak F "Kreditvertrag in den Zwölftafeln" 1976 *ZSS* 261

Jolowicz HF *Historical Introduction to the Study of Roman Law* Cambridge 1972

Jones AHM "Slavery in the Ancient World" 1956 *Economic History Review* 185

Jones AHM *The Later Roman Empire 284-602: A Social, Economic and Administrative Survey* Oxford 1973

Kaser M *Das altrömische Ius* Göttingen 1949

Kaser M "Zur altrömische Hausgewalt" 1950 *ZSS* 477

Kaser M *Das römische Zivilprozeßrecht* München 1966

Kaser M *Das römische Privatrecht. Erster Abschnitt. Das Altrömische, Das Vorklassische und Klassische Recht* München 1971

Kaser M "Die Beziehung von Lex und Ius und die XII Tafeln" *Studi in Memoria di Guido Donatuti* (3 vols) Milano 1973 2 523

Kaufmann H *Die Altrömische Miete. Ihre Zussamenhänge mit Gesellschaft, Wirtschaft und staatlicher Vermögensverwaltung* Köln 1964

Kelly JM "A Note on 'Threefold Mancipation'" in Watson A (red) *Daube Noster. Essays in Legal History for David Daube* London 1974 183

Kloft H *Liberalitas Principis. Herkunft und Bedeutung. Studien zur Prinzipatsideologie* Köln 1970

Kocka J (red) *Max Weber der Historiker* Göttingen 1986

Kühn G *De opificum romanorum condicione privata quaestiones* Halle 1910

Kunkel W "Das Konsilium im Hausgericht" 1966 *ZSS* 219

Kunkel W *Herkunft und soziale Stellung der römischen Juristen* Graz 1967

Lana I *Sapere Lavoro e Potere In Roma Antica* Napoli 1990

Lehmann GA *Untersuchungen zur historischen Glaubwürdigkeit des Polybios* Münster 1967

Lévy-Bruhl H *Nouvelles études sur les trés anclen droit romain* Paris 1947

Lewis ADE "The Trichotomy in *Locatio Conductio*" 1973 *Irish Jurist* 164

Lewis CT, C Short *A Latin Dictionary. Founded on Andrew's Edition of Freund's Latin Dictionary* Oxford 1879 herdruk 1969

Liddell HG, R Scott *A Greek - English Lexicon* Oxford 1940 herdruk met supplement Oxford 1968

Loane HF *Industry and Commerce of the City of Rome 50 BC - 200 AD* Baltimore 1938 herdruk New York 1979

Louis P *Ancient Rome at Work* (vertaling van *Le Travail dans le Monde Romain* Paris 1912) London 1927

MacCormack G "*Culpa in eligendo*" 1971 *RIDA* 524

MacCormack G "Culpa" 1972 *SDHI* 123

MacCormack G "Factum Debitoris and Culpa Debitoris" 1972 *TvR* 59

MacCormack G "Custodia and Culpa" 1979 *ZSS* 149

Martin SD "*Probatio Operis*" 1986 *ZSS* 321

Martini R *"Mercennarius." Contributo allo studio dei rapporti di lavoro in diritto romano* Milano 1958

Martini R *Le definizioni dei giuristi romani* Milano 1966

Mayer-Maly T *Locatio conductio. Eine Untersuchung zum klassischen römischen Recht* Wien 1956

Mayer-Maly T 1965 *ZSS* 407

Mayer-Maly T "Römische Grundlagen des modernen Arbeitsrechts" 1967 *Recht der Arbeit* 285

MacMullen R *Roman Social Relations 50 BC to AD 284* London 1976

Macqueron J *Le travail des hommes libres dans l'antiquite romaine* Aix-en-Provence 1955

Maxey M *Occupations of the Lower Classes in Roman Society* Chicago 1938 herdruk New York 1975

Meiggs R *Roman Ostia* Oxford 1973

Meyer E "Die wirtschaftliche Entwicklung des Altertums" *Kleine Schriften* Halle 1924 1 79

Mitteis L "Über das Nexum" 1901 *ZSS* 96 ev

Möller C *Freiheit und Schutz im Arbeitsrecht. Das Fortwirken des römischen Rechts in der Rechtsprechung des Reichsgerichts* Göttingen 1990

Möller C "Die *Mercennarii* in der römischen Arbeitswelt" 1993 *ZSS* 296

Molnár I "Object of *Locatio Conductio*" 1982 *BIDR* 127

Molnár I "System der Verantwortung im römischen Recht der späten Republik" 1989-1990 *BIDR* 545

Mommsen Th *Römische Geschichte* (4 vols) Berlin 1888-1894

Mommsen Th *History of Rome* (vertaling van *Römische Geschichte*) (5 vols) London 1894

Mossé C *The Ancient World at Work* (vertaling van *Le Travail en Grèce et à Rome*) London 1969

Nicolet C "Polybius VI,7,4 and the Composition of the *Societates Publicanorum*" 1971 *Irish Jurist* 163

Nicolet C *The World of the Citizen in Republican Rome* London 1980

Nörr D "Zur sozialen und rechtlichen Bewertung der freien Arbeit in Rom" 1965 *ZSS* 67

Olivier-Martin F *Des Divisions du Louage en Droit Romain* 1936 *RHDFE* 419

Packer JE "Housing and Population in Imperial Ostia and Rome" 1967 *JRS* 80

Pallottino M *Etruscologia* Milano 1972

Panitschek P "Der spätantike Kolonat: Ein Substitut für die "Halbfreiheit" peregriner Rechtssetzungen?" 1990 *ZSS* 137

Paoli UE *Vita Romana. Het Leven in het Oude Rome* Amsterdam 1944

Park ME *The Plebs in Cicero's Day: A Study of their Provenance and of their Employment* Massachusetts 1918 herdruk New York 1975

Perelli L *Il movimento popolare nell'ottimo secolo della repubblica* Roma 1982

Pinna Parpaglia P *Vitia ex ipsa re. Aspetti della locazione in diritto romano* Milano 1983

Platner SB, T Ashby *A Topographical Dictionary of Ancient Rome* 1929 herdruk Rome 1965

Pugliese G, F Sitzia, L Vacca *Istituzioni di diritto romano* Torino 1991

Ries P *Bauverträge im römischen Recht* München 1989

Rainer JM "Superficies und die Stockwerkseigentum" 1989 *ZSS* 327

Rainer JM "Bauen und Arbeit im klassischen römischen Recht" 1992 *ZSS* 376

Rickman G *Roman Granaries and Store Buildings* Cambridge 1971

Rickman G *The Corn Supply of Ancient Rome* Oxford 1980

Robaye R *L'obligation de garde. Essai sur la responsabilité contractuelle en droit romain* Bruxelles 1987

Rostovtzeff M *The Social and Economic History of the Roman Empire* Oxford 1957

Schneider H (red) *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte der römischen Kaiserzeit* Darmstadt 1981

Schulz F *Principles of Roman Law* Oxford 1936

Schulz F *Classical Roman Law* Oxford 1951

Schulz F *Geschichte der römischen Rechtswissenschaft* Weimar 1961

Scobie A "Slums, Sanitation and Mortality in the Roman World" 1986 *Klio* 399

Servais J, J Laurend *Histoire et Dossier de la Prostitution* Paris 1965

Sicari A *Prostituzione e Tutela Giuridica della Schiava. Un Problema di politica legislativa nell'Impero Romano* Bari 1991

Skydsgaard JE "Non-Slave Labour in Rural Italy during the Late Republic" in Garnsey P (red) *Non-Slave Labour in the Greco-Roman World* Cambridge 1980 65

Solazzi S "Il lavoro libero nel mondo romano" in *Scritti di diritto romano* 1 Napoli 1955 141

Stein P *Regulae Iuris* Edinburgh 1966

Stolte BH "Omnis definitio in iure civile periculosa est" in Spruit JE, M van de Vrugt (reds) *Brocardica in honorem GCJJ van den Bergh. 22 Studies over oude rechtsspreuken* Deventer 1987 103

Strack ML "Die Freigelassenen in ihrer Bedeutung für die Gesellschaft der Alten" 1914 *Historische Zeitschrift* 1

Tafaro S *Regula e ius antiquum in D 50 17 23. Ricerche sulla responsabilità contrattuale* Bari 1984

Talamanca M *Istituzioni di diritto romano* Milano 1990

Thomas JAC "*Locatio* and *operae*" 1961 *BIDR* 232

Thomas JAC "*Conductio rei suae*" 1971 *Index* 283

Thomas Ph J "Monopolies and Cartels in Roman Law" 1992 *De Jure* 340

Timpe D "Alte Geschichte und die Fragestellung der Soziologie" 1971 *Historische Zeitschrift* 1

Toynbee AJ *Hannibal's Legacy* (2 vols) Oxford 1965

Treggiari S *Roman Freedmen during the Late Republic* Oxford 1969

Treggiari SM "Urban Labour in Rome: *Mercennarii* and *Tabernarii*" in Garnsey P (red) *Non-Slave Labour in the Greco-Roman World* Cambridge 1980 55

Typaldo-Bassia A *Des classes ouvrières a Rome* Paris 1892

Van Berchem D *Les distributions de blé et d'argent à la plèbe romaine sous l'Empire* Geneve 1939

Van Zyl DH *History and Principles of Roman Private Law* Pretoria 1983

Veyne P *Bread and Circuses. Historical Sociology and Political Pluralism* (vertaling van *Le pain et le cirque*) London 1992

Vigneron R "La conception originaire de la *locatio conductio* romaine" Ankum JA *et al* (red) *Mélanges Felix Wubbe* Fribourg 1993 509

Vishnia R "Caius Flaminius and the *Lex Metilla de Fullonibus*" 1987 *Athenaeum* 527

Visky K *Geistige Arbeit und die "Artes Liberales" in den Quellen des römischen Rechts* Budapest 1977

Voci P "'*Diligentia*', '*Custodia*', '*Culpa*'. I Dati Fondamentali" 1990 *SDHI* 29

Von Bolla S *Untersuchungen zur Tiermiete und Viehpacht im Altertum* Göttingen 1951

Von Lübtow U "Catos Leges Venditioni et Locationi Dictae" 1956 *EOS* 1 (= *Symbolae Raphaeli Taubenschlag Dedicatae* Warschau 1956) 227

Wacke A "Wettbewerbsfreiheit und Konkurrenzverbotsklauseln im antiken und modernen Recht" 1982 *ZSS* 198

Wacke A "Faktische Arbeitsverhältnisse im römischen Recht? Zur sogenannte "notwendigen Entgeltlichkeit" besonders bei Arbeitsleistungen vermeintlicher Sklaven" 1991 *ZSS* 123

Walbank FW *Historical Commentary on Polybius* 3 vols Oxford 1957-1979

Waldstein W *Operae Libertorum. Untersuchungen zur Dienstpflicht freigelassener Sklaven* Stuttgart 1986

Wallon H *Histoire de l'esclave dans l'antiquité* Paris 1879 herdruk 1974

Waltzing JP *Étude historique sur les corporations professionelles chez les romains depuis les origines jusqu'à la chuite de l'Empire d'Occident* (4 vols) Louvain 1895-1900

Watson A 1966 *TvR* 110

Watson A *Rome of the XII Tables. Persons and Property* London 1975

Weber M (Martindale D, G Neuwirth (reds)) *The City* Glencoe 1958

Weber M *Wirtschaft und Gesellschaft. Grundriss der verstehenden Soziologie* (herdruk) Tübingen 1972

Weber M *The Agrarian Sociology of Ancient Civilisations* (vertaling van *Agrarverhältnisse im Altertum*) London 1976

Wehler H-U *Historische Sozialwissenschaft und Geschichtsschreibung* Göttingen 1980.

Westbrook R "Nature and Origins of the Twelve Tables" 1988 *ZSS* 74

Westermann WL *The Slave Systems of Greek and Roman Antiquity* Philadelphia 1955

White KD "Technik und Gewerbe" in Schneider H *Sozial- und Wirtschaftsgeschichte der römischen Kaiserzeit* Darmstadt 1981 109

White KD *Greek and Roman Technology* London 1984

Wieacker F 1956 *RIDA* 474

Wieacker F *Römische Rechtsgeschichte. Quellenkunde, Rechtsbildung, Jurisprudenz und Rechtsliteratur* (Erster Abschnitt) München 1988

Will W *Der römische Mob. Soziale Konflikte in der späten Republik* Darmstadt 1992

Wubbe FBJ "Opus selon la définition de Labéon" 1982 *TvR* 241

Yaron R "Vitae Necisque Potestas" 1962 *TvR* 243

Yaron R "Si pater filium ter venum duit" 1968 *TvR* 57

Yavetz Z "The Living Conditions of the Urban Plebs in Republican Rome" 1971 *Latomus* 505

Zimmerman R *The Law of Obligations. Roman Foundations of the Civilian Tradition* Cape Town 1990

Zlinsky J "Arbeit im archaischen Rom" 1989 *RIDA* 421

WOORDREGISTER

Actio commodati 181
Actio conducti 200
Actio mandati 181
Actio negotiorum gestorum 182
    vereistes 183
Actio praescriptis verbis 181
Actiones adiecticiae qualitatis 5, 90
Addictio 60
Addictus 50
Adoptio 178
Adrogatio 178
Aerarius 29
Ambiente aulico 222
Amphorae 155
Antieke ekonomie
    geslote tuisekonomie 10
    idealtypus 11
    kenmerke 9
    landbou 11
    rol van handel en nywerheid 13
    vervoer 11, 12
Arbeidsverhouding
    sakraal-regtelike basis 24
    vergoeding 24
Arbeidsverhoudings
    bronne 195
Armoede
    bekamping van 108
    siening in antieke van 99
Artes liberales 220
    Cicero 220
    Quintilianus 222
    regsbronne 224
    Seneca 222
Assiduus 24, 29
Auctoritas
    belang van 208
    et ratio 208
Auxilia 73
Basilicae 67, 136
Behuising
    huurgeld 106

Beroepe 135, 137
800 vC 25
6de eeu vC 26
ontstaan van 20
rol in ekonomie 131
spesialisering 25, 133
Boubedryf 35, 159
2de eeu vC 78, 101
6de eeu vC 26, 35
boukoste 104
4de eeu vC 36
belang vir plebs urbana 162
fabri 159
seisoenaal 160
Capitis deminutio minima
oorsake van 177
Capua
bronsbedryf 73
industrieë te 73
Censores 29
kontrakte met 76
Centonarii 152
Cicero
artes liberales 220
waardering vir werk en werkers 223
Clientes 2, 23
herkoms 17
Collegia 16, 121, 193
bydrae deur lede 122
arbeidsverhoudings 29
middeleeuse gildes 27
funksies 121
indeling deur Numa Pompilius 27
lidmaatskap van 29
oplê van munera 121
politieke rol 29
raison d'être 27
te Capua 73
Conductor operis
aanspreeklikheid 209
Congiaria 118
Constitutio Antoniniana 177
Consules
kontrakte met 76
Contractus
essentialia 6
grondslag vir gebondenheid 185

kontraktuele aanspreeklikheid 6, 200
periculum 6, 219
Coquus 145
Culpa 200
imperitia 201
Definitio 205
sinoniem met regula 205
auctoritas 208
Duplex interpretatio 207
Edictum de pretiis rerum venalium
huurgeld 106
inhoud 83
lone 128
Eiendomsreg
in argaïese Rome 21
Emancipatio 177
Equites
aktiwiteite 67
Etrurië
handel met Rome 17
Etruskers
belang 16
en homoseksualisme 53
losbandigheid 53
teenwoordigheid in Vicus Tuscus 57
verdrywing uit Rome 17
Fabri
aktiwiteite 159
omskrywing 159
spesialisasie 159
Fabri ferrarii 34
Familia
mercennarii 173
omskrywing 175
Fibula Praenestina 32
Fikoroniese Cista 33
Filius familias
as bron van arbeid 50
noxa deditio van 48
Flaminius 108
ekonomiese program 109
Fluitspelers
belang van vir Etruskers 37
Forum Boarium
uitbreiding in 193 - 174 vC 79
Fregellae
immigrasie na 74
militêre hulp aan Rome 74

Frumentationes 117
Fullones 151
Furtum
    furta domestica 173
Gallia Transalpina
    onderwerping van 64
Geld
    krisis van 214 vC 77
    waardes 116
Goudsmede 34
    tandheelkunde 34
Graan 20
Gracchi 108
    Ekonomiese program 110
Gracchus Tiberius Sempronius
    oor die lot van die kleinboere 68
Hannibal 70
    oorlog teen 70
    verwoesting van platteland 70
Heredium 21
Homoseksualisme
    algemeenheid na 168 vC 57
    in Rome 55
    Klein-Asië 53
    negatiewe houding jeens 57
    Plato 53
    tydens Etruskiese oorheersing 53
    verbied in die Bybel 53
Horrea 136
Indië
    ontdekking van roete na 64
Ingenui
    rol in handel en nywerheid 93
Insulae 103
    hoogte van 105
Interdictum quod vi aut clam 175
Interdictum unde vi
    uitbreiding van 174
Italii
    verhuising na Rome 73
Iudicatus 50, 60
Iudicia bonae fidei 170, 196
Ius civile
    aard van 205
Ius migrationis
    inhoud van 74
Ius patronatus 97

Ius vitae necisque
beperkings op 48
inhoud 47
Keiser
defensor plebis 110
liberalitas principis 111
skep van werksgeleenthede 111
Keramiek
vervaardiging van produkte 153
Khartago
handel met Rome 17
Khartaagse oorloë 66
Kind
verkoping van 24
Kinderarbeid
beperking op 50
Kinders
verbod op prostitusie van 58
Klassieke periode
omskrywing 14
regswetenskap 14
Kleding
aktiwiteite gemoeid met 149
Kleinboere 70
Kolonaat 82
Koningstydperk
indeling van bevolking 27
Koring
effek van verstedeliking 71
tekort aan 17
voorsiening deur Staat 114
en sien, landbou, Rome, graan, frumentationis
Kultuur
Europese 25
Griekse invloed 52
Landbou 138
afname in koringproduksie 71
arbeidskoste 140
belang van vry werkers 141
bestaan van arbeidsverhoudings 22
intensiewe bewerking van grond 71
saaiboere 21
slawe 91
spesialisasie 139
veeboere 21
Werkers 138
Lanii 145

Latifundia 67
omskrywing 110
ontstaan van 69
Latini 2, 15, 19
verhuising na Rome (187 vC) 73
Latynse konfederasie 17
Leer
aanvraag teen 4de eeu vC 39
leerprodukte 39

Leër
skep van werksgeleenthede 113
uitrusting van 77
Leges agrariae 18
Leges Liciniae Sextiae 81, 96
Lex Aelia Sentia de manumissionibus 96
Lex Cincia de muneribus et de donis 226
Lex Cornelia unciaria 100
Lex Duodecim Tabularum 34
as kodifikasie van die reg 47
beperking op aantal fluitspelers 37
bestraffing van pater familias 45
en arbeidsverhoudings 60
en begrafnisse 18
en clientes 23
en die huur van vee 44
en huurverhoudings 45
kenmerke 43
sosio-ekonomiese agtergrond 52
Lex Fabia de Plagiariis 49, 84
Lex Fufia Caninia de manumissionibus 96
Lex Hieronica 71
Lex Julia de pecuniis mutuis 101
Lex Julia Municipalis 157
Lex Junia (Norbana) de manumissionibus 96
Lex Licinia Sextia de modo agrorum 81, 141
Lex Manlia de vicesima manumissione 81, 96
Lex Metilia de fullonibus 151
Lex parieti faciundo Puteolana 160
Lex Poetelia Papiria de nexis 55
Lex Publilia Voleronis 27
Lex Ursonensis 160
Lex Valeria de aere alieno 100
Liber homo qui bona fide servit
communis opinio 180
Liberti 95
beperkings op sosiale gebied 97
deelname aan regsverkeer 5

getalle 81
onderskei van slawe 97
operae libertorum 98
status-verhouding 5
verhuur van dienste deur patronus 98
Libertus
furta domestica 172
Libitina 40
Libitinarii 40
Locatio concuctio rei
res illocabiles 202
Locatio conductio
advokate 226
agrimensores 226
as iudicium bonae fidei 197
belang van onderskeid tussen vorms van 200
drieledigheid 198
facta quae locari non possint 220
formula 198
objek van die kontrak 198
ontstaan 196
periculum 219
Locatio conductio operarum 208
betaling in dies singulos 216
ontstaan 197
periculum conductoris 219
Locatio conductio operis 203
betaling in pedes mensurasve 216
betaling per aversionem 216
deskundige diens 218
probatio operis 217
res locata 204
Locatio conductio rei 202
res locata 202
res sua 202
Locator operarum
aanspreeklikheid 209
Lone 129
Manumissiones
beperkings op 96
Mercati 136
Mercedinus 41
Mercennarius 68, 188
auctoramentum servitutis 176
beskerming van 189
furta domestica 173
loco servorum 176, 186

omskrywing 188
sosiale posisie 189
Merces
betekenis van teen 450 vC 44
Metaalwerk 32, 147
Militêre leier
belang van 21
Munera 29, 112, 120
verpligting tot lewering van 29
Murus Servii Tullii 37
Nexum 50, 60
algemene voorkoms van 51
as bron van arbeid 60
impak op plebs 60
Olie
belang van 118
Olywe
belang van 72
sedert 7de eeu vC in Italië 72
Operae
aard van 191
Operae libertorum 94, 191
sosiale sekerheid 91
Opus locatum
betekenis van 204
definisie van Labeo 205
herkoms van begrip 204
Pater familias 23
bestraffing van 45
rol in tuisekonomie 10
Patria potestas
beëindiging 49
verlies ogv prostitusie van filii 58
Patricii 2
en boukontrakte 36
Patronus
furta domestica 173
onderhoud van libertus 123
Pecunia
betekenis van teen 450 vC 44
sien ook geld
Periculum conductoris 219
Persona iuris 170
Pignoris capio
in die Lex Duodecim Tabularum 44
Pistores 143

Plebs
geen bande met patricii 28
herkoms 17, 28
politieke deelname 2
Plebs frumentaria 117
Plebs urbana
behuising 103, 104
deelname aan staatskontrakte 79
panem et circenses 70
rol in politiek en ekonomie 65
skuldlas 98
Polybius 74
geloofwaardigheid 76
staatskontrakte 76
Pottebakkery
Duenos-kruik 31
ontstaan 30
Veii 31
Praecones 163
Praeficiae 40
Proletarii
omskrywing 23
Prostitusie 54
van filius familias 56
van slawe 58
verbod in 428 nC 58
Prostitute
gedurende die 4de eeu vC 54
Publicani 77, 112
aktiwiteite 77
Regsgeskiedenis
gebruik van etimologie 21, 41
metodologie 7
periodes 14
prosopografiese studies 65
Responsa veterum 208
Retoriek
invloed van op regswetenskap 207
Rome
argitektuur 103, 135
as verbruikerstad 12
basilicae 136
behuising 103
bevolking 6de tot 4de eeu vC 39
bevolkingsamestelling 7, 92
ekonomie 64
ekonomie gedurende 5de eeu vC 17
epidemies 18

Etruskiese invloed 26
grondgebied 23
grootte van bevolking 119
hongersnood 17
houding jeens armes 123
immigrasie vanuit Italië na 73
indeling van bevolking 126
koring verbruik 115
koringvoorsiening 114
kwalifiseer as antieke stad 1
moontlike beroepe 135
natuurlike rampe 103
ontstaan 19
oorlogsbuit 66, 78
probleme met vervoer 153
prostitusie 54
stadsbeplanning 103
verdrywing van Etruskers 17
Romeinse regswetenskap 207
kenmerke gedurende klassieke periode 59
Scriptores rei rusticae 65, 139
gebruik van vry werkers 140
Secessio plebis
van 287/6 vC 42
van 494 vC 42
Skeepvaart
belang van 154
skep van werksgeleenthede 158
Skuld
gevolge van 99
oorsake van 99, 101
Slawe 80
afname in getalle 83
belangstelling in studie van 80
deelname aan regsverkeer 5, 90
effektiwiteit 88
getalle 81
groei in getalle 80
na-klassieke periode 83
nadele verbonde aan 89
oorsprong 23
pryse 86
rol in landbou 92
Slawerny
verkoping in 84
Soldaat
jaarlikse soldy 82

Sosiologie
omskrywing 7
sosiologiese ondersoek 7
Stad
kenmerke van antieke 1
Status 170
faktore wat beïnvloed 171
juridiese 170
sosiale 170
Status familiae 170
Status-verhoudings 171
Stipulatio incerti 61
Sutores 152
Tabernae 135
deel van insulae 136
Terra-cotta
vervaardiging van produkte 153
Tiber
bevaarbaarheid 155
Tinctores
aktiwiteite 38
belang in antieke 38
Tonsores 163
Tribus
uitsetting as straf 29
Tuisbedrywe
belang van 12
Vakleerlingskap 133
aard van kontrak 134
duur van opleiding 135
ius castigationis 174
mishandeling van vakleerlinge 135
Vakmanne
opleiding van 133
sedert 10 de eeu vC 25
Vectura 39
Verbruikerstad
omskrywing 12
Verstedeliking
oorsake gedurende 2de eeu vC 70
Vervoer 153
2de eeu vC 39
in Rome 153
koste van 13
omvang van behoefte 153
werksgeleenthede 156
Vestiarii 150
Vicus Tuscus 57

Vindex 24
Werkers
    gebruik deur Cicero 94
    houding jeens werk 224
    landbou 83
    lone 125, 128
    mercennarius 179
    rondreisende 142
    sosiale mobiliteit 130
    status van 193
    tekort aan 132
    vervoer 156
    waarde van geskoolde arbeid 128
    werksdag 191
    werksomstandighede 191
    werksplekke 136
Wyn
    beroepe gemoeid met 145
Ystertydperk
    Italiaanse 34
ἀποτέλεσμα
    betekenis 212
ἔργον
    betekenis 212